# DIE TOERUSTING VAN KERKLIKE AMPSDRAERS MET BETREKKING TOT KRISISBERADING – 'N VERKENNENDE PASTORALE STUDIE

**GERRIT SNYMAN**

(Dip. Sacra Theologia; Honneurs-Baccalaureus Teologie)

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereiste van die graad
Magister Artium in Pastoraal
(Fakulteit Teologie)
aan die
Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. dr. W. C. Coetzer

November 2008

Potchefstroomkampus

# ABSTRACT

**THE EQUIPPING OF CHURCH OFFICE-BEARERS WITH REGARD TO CRISIS COUNSELING – AN EXPLORATORY PASTORAL STUDY**

There are many people in South Afrika that yearly get affected by crisis and trauma for example rape, murder, child molestation, divorce, loss of work, floods, fire, gang violence and critical motor, aircraft or industrial accidents. When we also take into account all the people that are dying due to HIV/AIDS and the children that are being left behind, it seems very characteristic of a tidal wave of people in misery. Christians are in no way exempt from all the heartache and pain in this present evil and broken world. The after-effects of crises and trauma effect them as well and they also struggle to fight through the emotional pain – therefore the necessity of the essential assistance and guidance from the church.

From the exegetical research it became clear that guidance and teaching be deemed as an essential element to a crisis counselling equipping program of church office-bearers regarding the effective pastoral guidance of believers during or after crisis experiences. Within such a teaching program the *charismata* - that is essentially gifts given through the Holy Spirit for the equiping of believers within the body of Christ – must recieve central focus. In this regard the office-bearers fulfill a special function because part of their task is especially to guide traumatized believers to the truth of who God actually is – this can assist in creating an environment in which it will be more easy to abolish certain disbeliefs and negative feelings regarding their relationship to God.

From the theological basistheory it became evident that office-bearers have an ideal position to assist believers in times of crisis, largely due to the unique position that spiritual leaders have in general within the congregation and community. Basic knowledgeable regarding effective crisis counselling is not necessarily acquired over years of training. It is therefore practically possible for office-bearers to be trained and equipped in basic counselling to assist the body of believers after a crisis or trauma.

Within the chapter that dealt with pastoral guidance regarding complicated trauma, it became clear that it is important for church office-bearers to have extensive knowledge of the typical symptoms and causes of complicated trauma. This is specifically related to situations where the symptoms on average take more than six weeks to be resolved.

With regard to the metatheoretical perspectives special focus was placed on possible insights from the neighouring sciences regarding the counselling of people after trauma and crises. The various phases of a traumatic experience seemed to be of special importance in this regard. Assistance in every specific phase will result in various levels of assistance and much focus is placed on this.

From the results of the empirical research the interviews emphasized very clearly that where pastors are equipped, members of the congregation would prefer to be counseled by them. It also became quite clear that the pastoral guidance of church members can largely contribute to reducing post-traumatic stress.

In the practical-theoretical part of this study an equipping program is proposed that will enable church office-bearers for meaningful pastoral assistance of people during and after times of crisis and complicated traumatic events. This equipping program can effectively be utilised by congregations and will largely contribute to the prevention of negative post-traumatic effects.

# UITTREKSEL

**DIE TOERUSTING VAN KERKLIKE AMPSDRAERS MET BETREKKING TOT KRISISBERADING – 'N VERKENNENDE PASTORALE STUDIE**

Daar is talle mense wat jaarliks in Suid-Afrika geraak word deur krisisse en trauma soos byvoorbeeld verkragting, moord, kindermishandeling, egskeiding, werkloosheid, vloede, brande, bendegeweld en erge motor-, vliegtuig-, of industriële ongelukke. As die getal persone bygereken word wat aan HIV/ VIGS sterf asook die duisende kinders wat wees gelaat word, dan verkry dit alles die karakter van 'n vloedgolf van menslike swaarkry. Christene is inderdaad nie gevrywaar van al die hartseer en pyn in hierdie teenswoordige bose en gebroke wêreld nie. Die nagevolge van krisisse en trauma tref hulle ook en hulle worstel ook om deur die emosionele pyn te werk - daarom dan ook die noodsaaklikheid van die nodige en kundige ondersteuning en begeleiding van die kerk se kant af.

Vanuit die eksegetiese ondersoek het dit geblyk dat lering en onderrig beskou kan word as 'n noodsaaklike deel van 'n krisis berading toerustings program vir kerklike ampsdraers tot effektiewe pastorale begeleiding van gelowiges tydens of na krisis ervarings. Binne so 'n onderrig program moet die *charismata* - wat by uitstek daardie gawes is, wat deur die Heilige Gees gegee word tot toerusting van die gelowiges binne die liggaam van Christus - sentraal staan. In hierdie opsig vervul die ampsdraers 'n besondere rol aangesien deel van hul taak juis dan is om getraumatiseerde gelowiges te begelei tot die lewende besef van wie God werklik is – dit kan grootliks daartoe bydra dat 'n klimaat geskep word wat kan help om sekere wanpersepsies en negatiewe gevoelens met betrekking tot God te verander.

Vanuit die teologiese basisteorie het geblyk dat die ampsdraers in die beste moontlike posisie verkeer om gelowiges tydens krisisse by te staan, juis as gevolg van die unieke posisie wat geestelike leiers oor die algemeen binne die gemeente en gemeenskap het. Basiese kundigheid betrefffende krisis berading verg nie noodwendig jare van opleiding nie en daarom is dit prakties haalbaar om aan ampsdraers die nodige toerusting te gee ten einde in staat te wees om basiese begeleiding aan lidmate te bied na krisisse en trauma.

Vanuit die hoofstuk wat gehandel het oor die pastorale hantering van gekompliseerde trauma het geblyk dat dit belangrik is vir kerklike ampsdraers om ook deeglik kennis te neem van die tipiese kenmerke en verloop van gekompliseerde trauma. Hier gaan dit tipies om situasies waar die simptome oor die algemeen langer as ses weke neem om op te klaar.

Wat betref die meta-teoretiese perspektiewe is daar veral gefokus op verhelderende insigte vanuit die grens-wetenskappe met betrekking tot die begeleiding van persone na krisisse en trauma. Hier het geblyk veral belangrik te wees die onderskeie fases van 'n traumatiese ervaring. Hulpverlening tydens elkeen van die betrokke fases sal verskillende tipes hulp benodig en daar is dan ook in besonder hierop gefokus.

Vanuit die resultate van 'n empiriese ondersoek het die onderhoude uitgewys dat waar leraars toegerus is, gemeentelede verkies om na hulle te gaan vir beradingshulp. Dit het ook duidelik geblyk dat die pastorale begeleiding van gemeentelede grootliks kan bydra tot die afplatting van post-traumatiese stres.

Met betrekking tot die praktyk-teoretiese afdeling is daar ten slotte 'n toerustingsprogram voorgestel wat kerklike ampsdraers kan bemagtig tot sinvolle pastorale hulpverlening aan persone tydens en na krisis en gekompliseerde trauma ervarings. Die toerustingsprogram wat saamgestel is, sal effektief deur gemeentes gebruik kan word en sal ook grootliks kan bydra tot die voorkoming van negatiewe posttraumatiese gevolge.

# DANKBETUIGINGS

Dankie aan:

- Die Here, vir sy genade en liefde wat my inderdaad deurgedra het ten tye van hierdie studie. Aan Hom al die eer "Sola deo gloria".

- Ds Johnny Grundling, my mentor, wat by my 'n liefde gekweek het vir die terapeutiese bediening .

- My vrou, Karien, vir haar ondersteuning, proeflees en aanmoediging deur dik en dun.

- My kinders, Arno, Zander en Ruan vir hulle geduld en bereidwilligheid om hulle Pappa vir so baie ure af te gestaan het om hierdie studie te kon voltooi.

- My studieleier, Prof. dr. Wentzel Coetzer, vir sy professionele leiding. Dit was vir my 'n besondere voorreg om onder so 'n bekwame studieleier te werk. Hy het my bygestaan en aangemoedig in die tye wanneer ek wou tou opgee. Ek is dankbaar vir alles wat u vir my beteken het.

PRETORIA

November 2008

# INHOUDSOPGAWE

BLADSY

## AFDELING 1: ORIËNTERING

### HOOFSTUK 1 - INLEIDING


1.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING ..... 1
1.1.1 Suid-Afrikaanse statistiek ..... 4

1.2 DIE BEHOEFTE AAN NAVORSING OOR TOERUSTING VAN KERKLIKE AMPSDRAERS ..... 4

1.3 DIE NAVORSINGSVRAAG ..... 6
1.3.1 Verdere vrae ..... 6

1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE ..... 6
1.4.1 Doelstelling ..... 6
1.4.2 Doelwitte ..... 6

1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ..... 7

1.6 METODOLOGIE ..... 7
1.6.1 Basis-teoretiese perspektiewe ..... 7
1.6.2 Meta-teoretiese perspektiewe ..... 7
1.6.3 Empiriese navorsing ..... 7
1.6.4 Praktyk-teoretiese perspektiewe ..... 8
1.6.5 Ander tegniese aspekte ..... 8

1.7 HOOFSTUK INDELING ..... 8

# AFDELING 2: BASIS-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

## HOOFSTUK 2 - EKSEGETIESE INSIGTE


2.1 BASISTEORIE ........ 9

2.2 BASIS -TEORETIESE DOELWITTE ........ 9

2.3 PASTORALE DOELWITTE ........ 10

2.4 VERKLARING VAN SKRIFGEDEELTES ........ 10

2.4.1 Toerusting binne die Nuwe-Testamentiese konteks ........ 10

2.4.1.1 Toerusting deur onderrig in die bediening van Jesus ........ 10

- Keuse van spesifieke tekste ........ 10
- Plek van die tekste binne die Matteus en Johannes-evangelies ........ 11
- Probleemstelling ........ 12
- Woordstudie ........ 12
  - *Didasko* ........ 12
  - *Didaskalos* ........ 13
  - *Didaskalia* ........ 14
  - *Didaktikos* ........ 14
- Skrif met Skrif vergelyk ........ 14
- Raadpleeg van eksegetiese bronne ........ 15
  - Matt 4:24 ........ 15
  - Joh 13:13 ........ 16
- Gevolgtrekking ........ 16

2.4.1.2 Die '*charismata*' in diens van die gemeente is die basis vir toerusting binne die Nuwe-Testamentiese gemeentes ..... 17

- Keuse van spesifieke teks ..... 17
- Plek van die teks binne die Efesiërs-brief ..... 17
- Probleemstelling ..... 18
- Woordstudie ..... 18
  - *Charisma* ..... 19
  - *Katartismos* ..... 19
  - *Diakonia* ..... 19
- Skrif met Skrif vergelyk ..... 20
- Raadpleeg van eksegetiese bronne ..... 20
  - Efe 4:12 ..... 20
- Gevolgtrekking ..... 21

2.4.2 Pastorale versorging binne die Nuwe-Testamentiese konteks ..... 21

2.4.2.1 Die pastoraat moet dien as troos, sorg en hulp vir die mens in krisis ..... 21

- Keuse van spesifieke teks ..... 21
- Plek van die teks binne die Handelinge-boek ..... 22
- Probleemstelling ..... 22
- Woordstudie ..... 23
  - *Poimen* ..... 23
  - *Episkopos* ..... 23
  - *Parakaleo* ..... 23
- Skrif met Skrif vergelyk ..... 24
- Raadpleeg van eksegetiese bronne ..... 25
  - Hand 20:28 ..... 25
- Gevolgtrekking ..... 25

2.4.3 Die lydensvraagstuk ..... 26

2.4.3.1 'n Lewende besef van wie God werklik is, kan help om 'n klimaat te skep waarbinne krisisse en trauma deurgewerk kan word ..... 26

- Keuse van spesifieke teks ..... 26
- Plek van die teks binne die Psalm bundel ..... 27
- Probleemstelling ..... 27
- Skrif met Skrif vergelyk ..... 28
- Raadpleeg van eksegetiese bronne ..... 29
  - Ps 73 ..... 29
- Gevolgtrekking ..... 30

2.4.4. Die alreeds-maar-nog-nie eskatologiese spanning in die Nuwe Testament ..... 30

2.4.4.1 'n Duidelike insig in die aard en karakter van die teenswoordige wêreld is belangrik in die pastorale begeleiding van trauma slagoffers ..... 30

- Keuse van spesifieke teks ..... 30
- Plek van die teks binne die Galasiër-brief ..... 31
- Probleemstelling ..... 31
- Woordstudie ..... 32
  - *Kosmos* ..... 32
  - *Eschatos* ..... 32
  - *Kairos* ..... 32
- Skrif met Skrif vergelyk ..... 33
- Raadpleeg van eksegetiese bronne ..... 33
  - Gal 1:4 ..... 33
- Gevolgtrekking ..... 35

2.4.5 Heling of genesing in die Nuwe Testament ..... 35

2.4.5.1 Trauma - genesing deur vergifnis en die bystand van die Heilige Gees ..... 35

- Keuse van spesifieke tekste ..... 35
- Plek van die tekste binne die Hebreër-brief en die Matteus-evangelie ..... 36
- Probleemstelling ..... 37

- Woordstudie ..... 37
  - *Astheneia* ..... 37
  - *Aphiemi* ..... 38
- Skrif met Skrif vergelyk ..... 38
- Raadpleeg van eksegetiese bronne ..... 38
  - Heb 4:15 ..... 38
  - Mat 18:21-35 ..... 40
- Gevolgtrekking ..... 41

2.5 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING ..... 41


## HOOFSTUK 3 - BASISTEORIESE PERSPEKTIEWE OP KRISISINTERVENSIE


3.1 INLEIDING ..... 44

3.1.1 Doelstellings ..... 44

3.1.2 Unieke posisie van die ampsdraers tot krisishantering ..... 44

3.1.3 Noodsaaklike toerusting van lidmate tot krisishantering ..... 45

3.1.3.1 Daarstelling van 'n effektiewe krisisberadingsbediening ..... 46

3.1.3.2 Die bemagtiging en opleiding van lekeberaders ..... 46

- Die ontwikkeling van 'n lekeberadingsprogram vir die plaaslike gemeente ..... 46

3.2 DEFINISIES VAN 'N KRISIS ..... 48

3.2.1 L. A. Hoff ..... 48

3.2.2 D.K. Switzer ..... 48

3.2.3 J.T. De Jongh van Arkel ..... 48

3.2.4 C V Gerkin ..... 48

3.2.5 H.J. Parad en L.G. Parad ..... 49

3.2.6 H.W. Stone ..... 49

3.2.7 B.E. Gilliland en.K. James ........ 49

3.2.8 A.R. Roberts ........ 49

3.2.9 N. Wright ........ 49

3.2.10 F. Meulenbeld ........ 49

3.2.11 D.J. Louw ........ 49

3.3 ALGEMENE KENMERKE VAN 'N KRISIS ........ 50

3.4 KRISIS EN GELOOF ........ 51

3.4.1 Krisis van godsdienstige waardes ........ 51

3.4.2 Persoonlike teologie oortuigings en 'n krisis ........ 51

3.5 AANLEIDENDE OORSAKE TOT 'N KRISIS ........ 51

3.5.1 Bedreigend omstandighede/presipiteerder ........ 51

3.5.2 Persoonlike belewenis ........ 52

3.5.3 Hantering en persoonlike bronne ........ 52

3.5.4 Predisponerende faktore ........ 52

3.5.5 Aktiewe krisis/disoriëntering ........ 53

3.6 VERSKILLENDE TIPES KRISISSE ........ 53

3.6.1 Ontwikkelings–en onverwagse krisisse ........ 54

3.6.2 Eksistensiële krisisse ........ 54

3.6.3 Baldwin se ses krisis kategorieë ........ 54

3.7 DIE FASES IN 'N KRISIS ........ 55

3.8 KRISISBERAAD ........ 57

3.8.1 Die krisisdiagnose ........ 57

3.8.2 Doelwitte van krisisintervensie ........ 57

3.8.3 Korttermyn en langtermyn krisisintervensie ........ 59

3.8.4 Verskillende vlakke van intervensie ........ 61

- Algemene ondersteuning . ..... 61
- Omgewingsmanipulasie/-verandering ..... 61
- Generiese benadering ..... 61
- Individuele aanpassingsbenadering ..... 61

3.8.5 Noodsaaklike voorwaardes tot krisisintervensie ..... 61

- Plasing ..... 61
- Beskikbaarheid ..... 62
- Beweeglikheid ..... 62
- Soepelheid en prosedure ..... 62

3.9 VERSKILLENDE KRISISINTERVENSIE BENADERINGS/METODES ..... 62

3.9.1 Een tot een benadering ..... 62

3.9.1.1 Jay E. Adams ..... 62

- Analise ..... 63
- Inventaris ..... 63
- Rigting ..... 65

3.9.1.2 H.J. Clinebell ..... 66

- TA - Benadering tot krisisberaad ..... 66
- ABCD-opleidingsmodel ..... 67
    - A - "[A]chieving a relationship" ..... 67
    - B - "[B]oiling down the problem" ..... 67
    - C - "[C]hallenge the individual to take constructive action" ..... 67
    - D - "[D]evelope an ongoing growth-action plan" ..... 67

3.9.1.3 H. Stone en D.K. Switzer ..... 67

- A - [A]*chieving contact with the client* ..... 67
- B - [B]*oiling down the problem to its essentials* ..... 67
- C - [C]*oping activly with the problem* ..... 68

3.9.1.4 N. Wright ..... 68

- Implementeer onmiddellike ingrepe ..... 68
- Neem aksie ..... 69
- Herstel balans ..... 69
- Bewerk hoop en positiewe verwagting ..... 69
- Gee ondersteuning ..... 69
- Fokus op probleemoplossing ..... 69

- Verstaan en beoordeel selfbeeld ..... 69
- Bring selfstandigheid ..... 69

3.9.2 Ander benaderings ..... 69

- Huisbesoeke ..... 70
- Mobilisering van interpersoonlike bronne ..... 70
- Manipulasie van beradingstyd ..... 70
- Telefoon krisisintervensie ..... 70
- Opvolg ..... 70
- Krisisberading in groepe ..... 70

3.10 SAMEVATTING EN KOMMENTAAR ..... 71


## HOOFSTUK 4 - PASTORALE HANTERING VAN GEKOMPLISEERDE TRAUMA


4.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING ..... 72

4.2 DOELWITTE ..... 73

4.3 ROL VAN AMPSDRAERS MET BETREKKING TOT GEKOMPLISEERDE TRAUMA ..... 73

4.4 KRISISKATEGORIEË WAT PARALLELLE TOON MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA ..... 74

4.4.2 Onverwags/skielik krisisse ..... 74

4.4.2 Eksistensiële krisis ..... 74

4.4.3 Baldwin se ses krisiskategorieë ..... 74

4.5 GEKOMPLISEERDE TRAUMA ..... 74

4.5.1 Aspekte wat trauma kompliseer ..... 74

4.5.1.1 Ontkenning en stilte ..... 75

4.5.1.2 Blamering ..... 75

4.5.1.3 Oorbeskerming ..... 75

4.5.1.4 Vermyding ..... 75

4.5.1.5 Onaanpasbaarheid ..... 76

4.5.1.6 Weier van hulp ..... 76

4.5.1.7 Intense trauma ..... 76

4.5.2 Gevolge van gekompliseerde trauma ..... 76

4.5.2.1 Onmiddellike impak van erge trauma ..... 76

4.5 2.2 Neuro-biologiese abnormaliteite ..... 76

4.5.2.3 Verlies van menslike veronderstellings ..... 77

- Kwesbaarheid ..... 77
- Redelikheid ..... 77
- Geregtigheid ..... 77
- Identiteit ..... 78

4.5.2.4 Geestelike verliese ..... 78

- Verlies van hoop ..... 78
- Verlies van intimiteit ..... 79
- Verlies van die toekoms ..... 79
- Verlies van vrede ..... 79
- Verlies van helende herinneringe ..... 79
- Verlies van spontaneïteit ..... 80
- Verlies aan heelheid ..... 80
- Verlies van onskuld ..... 80
- Verlies van vertroue ..... 80
- Verlies van 'n besef van die grootheid van God ..... 80
- Gevolgtrekking ..... 81

4.5.3 Die Geestelike aspekte van gekompliseerde trauma ..... 81

4.5.3.1 'n Bybelse term ..... 81

4.5.3.2 'n Wesenlike geloofskrisis ..... 81

4.5.3.3 'n Lydensvraagstuk ..... 82

- Lyding/pyn en geloof ..... 82
- Lyding/pyn en God ..... 83

- o Die waarom-vraag ..... 83
- o Godsbeskouing ..... 84

4.5.4 Gekompliseerde trauma en die gesin ..... 84
4.5.5 Pastorale bediening aan die gekompliseerde getraumatiseerde ..... 85
4.5.5.1 Luister en kommunikasie ..... 85
- • Luister ..... 85
- • Kommunikasie ..... 86

4.5.5.2 Sekondêre trauma ..... 87
4.5.5.3 Lesse te leer vanuit die betrokkenheid by traumaslagoffers ..... 87
- • Belangrikheid van fisiese aanraking ..... 87
- • Verkry weer beheer ..... 87
- • Vind doel in die pyn ..... 88
- • Oorkom skuldgevoelens ..... 88
- • Help jouself deur ander te help ..... 88
- • Krag van geloof ..... 88

4.5.5.4 Genesing vir gekompliseerde trauma ..... 88
- • Verskillende vorme van gekompliseerde traumagenesing ..... 89
- • Wat behels/beteken gekompliseerde traumagenesing? ..... 90
- • Genesing impliseer 'n keuse ..... 90
  - o 'n Keuse om te rekonnekteer ..... 91
  - o 'n Keuse om jou emosionele pyn te beleef ..... 91
  - o 'n Keuse om na die waarheid in jou lewe te soek ..... 92
  - o 'n Keuse vir 'n positiewe toekoms ..... 92
  - o 'n Keuse om hulp te aanvaar ..... 92
  - o Die keuse om die lewe te omhels ..... 92
  - o Die keuse om te vergewe ..... 93
  - o Die keuse om jou lewe te waag ..... 93
  - o Die keuse om te dien ..... 93
  - o Die keuse om te volhard ..... 94
- • Veranderinge wat tot genesing lei ..... 94
  - o Genade, waarheid en tyd ..... 94
  - o Binding tussen individue (*bonding*) ..... 94
  - o Grense ..... 95
  - o Goed en kwaad ..... 95
- • Die Genesing van emosionele verwonding ..... 95
  - o Gekneusde emosies ..... 95

- Genesing van emosies en pynlike herinneringe ........ 96
- Die vergifnisproses ........ 97
- Belangrikheid van selfvergifnis ........ 97
- Onvergewensgesindheid ........ 97

4.6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING ........ 98


# AFDELING 3: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

## HOOFSTUK 5 - BYDRAENDE PERSPEKTIEWE VANUIT DIE GRENS-WETENSKAPPE


5.1 INLEIDING ........ 100

5.2 DOELSTELLING ........ 100

5.3 OPVOEDKUNDE ........ 101

5.3.1 Konstruktivisme ........ 101

5.3.1.1 Onderrig as "*negotiation of meaning*" ........ 101

5.3.1.2 Onderrig as bemiddeling ........ 101

5.3.1.3 Onderrig as dialoog ........ 102

5.3.1.4 Gee van inligting teenoor konstruksie van inligting ........ 102

5.3.1.5 Informerende onderrig (*informative)* ........ 102

5.3.1.6 Transformerende onderrig (*transformative*) ........ 102

5.3.2 Volwassene onderrig ........ 102

5.3.2.1 Ontwikkelingsprosesse by volwassenes ........ 103

- Intelligensie en kognitiewe funksie in volwassene jare ........ 103
- Geheue en veroudering ........ 103
- Leer-spoed ........ 103

5.3.2.2 Algemene eienskappe van volwassene leerder ........ 103

- Dit spreek die leerders se behoefte aan ........ 104
- Dit maak gebruik van leerders se bestaande kennis en opgeboude lewensondervinding ........ 104

- Dit spreek die behoefte van onmiddellike toepaslikheid aan ..... 105

5.4 ONDERRIGPROGRAMME ..... 105
5.4.1. Die sewe stappe ontwerp, soos voorgestel deur Gravett ..... 105
- Wie? ..... 105
- Waarom? ..... 106
- Waarvoor? ..... 106
- Wanneer? ..... 106
- Waar? ..... 106
- Wat? ..... 106
- Hoe? ..... 106

5.4.2 Uitkomsgebaseerde onderrig (OBE-*program*: *outcome based education*) ..... 106
5.4.2.1 Die gebruik van uitkomsgebaseerde onderrigprogramme ..... 106
5.4.2.2 Die seleksie van lesmateriaal ..... 107
5.4.2.3 Kies die toepaslike leerstrategie ..... 107
5.4.2.4 Basiese lesbeplanning ..... 107

5.5 PSIGOLOGIESE TRAUMA ..... 108
5.5.1 'n Definisie van psigologiese trauma ..... 108
5.5.2 Aspekte wat individuele belewenis van trauma beïnvloed ..... 109
5.5.3 Die tipiese fases van 'n traumatiese gebeure ..... 109
5.5.3.1 Die pre-impakfase ..... 109
5.5.3.2 Die impak- of skokfase ..... 109
5.5.3.3 Die reaksie fase ..... 110
5.5.3.4 Die terugtrek- of vermydingsfase ..... 110
5.5.3.5 Die integrasiefase ..... 111
5.5.4 Hulpverlening tydens die eerste 72 uur ..... 112
5.5.4.1 Ontlonting en deaktivering (*defusing* en *debriefing*) ..... 112
- Ontlonting (*defusing*) ..... 112
  - Definiëring van ontlonting ..... 112
  - Kenmerke van ontlonting ..... 112
  - Die oogmerke van ontlonting ..... 113

- De-aktivering (*debriefing*) ..... 113
  - Kenmerke van trauma de-aktivering ..... 113
  - Oogmerke van trauma de-aktivering ..... 114

5.5.5 Nagevolge van 'n traumagebeurtenis ..... 114

5.5.5.1 Post-traumatiese stresversteuring ..... 115

- Simptome ..... 115
  - Hipersensitiwiteit *(hyperarousal)* ..... 115
  - Herbelewing *(intrusion)* ..... 116
  - Gevoelloosheid *(numbing)* ..... 116
- Post-traumatiese stresversteuringsdiagnose ..... 116

5.5.6 Traumageheue en storievertelling ..... 117

5.5.7 Traumasnellers (*triggers*) ..... 117

5.5.8 Enkele belangrike perspektiewe rondom die genesingsproses ..... 117

5.5.8.1 Matsakis ..... 118

- Kognitiewe fase ..... 118
- Emosionele fase ..... 118
- Bemeesteringsfase ..... 118

5.5.8.2 Herman ..... 118

- Beveiliging van die slagoffer ..... 119
- Herbelewing van herinneringe en die proses van rou ..... 119
- Die herverbintenis aan die alledaagse lewe ..... 119

5.6 STRES EN UITBRANDING ..... 119

5.6.1 Definisie van stres en stressors ..... 119

5.6.2 Gesonde stres ..... 120

5.6.3 Ongesonde stres ..... 120

5.6.4 Korttermyn stresrespons ..... 120

5.6.5 Die stres kringloop ..... 120

5.6.5.1 Akute stres ..... 120
5.6.5.2 Kroniese stres ..... 120
5.6.5.3 Uitbranding ..... 121
5.6.6 Streshantering ..... 121
- Fisiese oefening ..... 121
- Gesonde eet-en drinkgewoontes ..... 121
- Rus, ontspanning en vakansie ..... 122

5.7 REGSASPEKTE ..... 122

5.8 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING ..... 122

## HOOFSTUK 6 - RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

6.1 INLEIDING ..... 125

6.2 DOELWITTE EN METODIEK ..... 125

6.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE ..... 125
6.3.1 Soort navorsing ..... 125
6.3.1.1 Basiese navorsing ..... 125
6.3.1.2 Toegepaste navorsing ..... 125
6.3.2 Benaderingsperspektief ..... 126
6.3.2.1 Kwantitatiewe navorsing ..... 126
6.3.2.2 Kwalitatiewe navorsing ..... 126
- Paradigma ..... 126
- Eienskappe van kwalitatiewe navorsing ..... 127

6.3.2.3 Onderskeid tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing ..... 128
6.3.3 Navorsingsontwerp ..... 128
6.3.3.1 Die verkennende navorsingsontwerp ..... 128

6.3.3.2 Die beskrywende navorsingsontwerp ..... 128
6.3.3.3 Die verklarende navorsingsontwerp ..... 128
6.3.4 Navorsingsprosesdure ..... 128
6.3.4.1 Enkelstelselontwerp ..... 128
6.3.4.2 Eksperimentele navorsing ..... 129
6.3.4.3 Opnameprosedure ..... 129
6.3.4.4 Deelnemende aksienavorsing ..... 129
6.3.4.5 Intervensienavorsing ..... 129
6.3.4.6 Gevallestudie ..... 129
6.3.4.7 Deelnemende waarneming ..... 130
6.3.5 Wyses van dataversameling ..... 130
6.3.5.1 Verskillende tipe vraelyste ..... 130
- Posvraelys ..... 130
- Die persoonlike onderhoud ..... 130
  - Ongestruktureerde onderhoude ..... 130
  - Die gerigte of gefokusde onderhoude ..... 130
  - Formeel-gestruktureerde onderhoude ..... 130
- Die telefoononderhoude ..... 131
- Handafgelwerde vraelyste ..... 131
6.3.5.2 Vraagkonstruksie ..... 131
- Oopvrae ..... 131
- Geslote vrae ..... 131
- Digotome vrae ..... 131
- Meervoudige keusevrae ..... 131
- Rangordevrae ..... 131

6.4 EMPIRIESE NAVORSING ..... 132
6.4.1 Algemene benaderingswyse ..... 132
6.4.2 Dekbrief ..... 132
6.4.3 Versekering van anonimiteit ..... 132
6.4.4 Struktuur van die ondersoek ..... 133
6.4.5 Afdeling 1: Vraelyste ..... 133
6.4.5.1 Samestelling van die vraelyste ..... 133
- Voel ampsdraers genoegsaam toegerus om lidmate by te staan tydens krisisse en erge
- trauma? ..... 134
- Het ampsdraers enige trauma opleiding ontvang? ..... 134

- Watter opleidingsbehoeftes tot krisisintervensie en berading het die ampsdraers? .................... 134
- Is ampsdraers van mening dat daar behoefte is aan opleiding wat hulleself betref, sowel as
- die gemeente? .................... 134
- Watter tipe krisisse beleef gemeentelede? .................... 134
- Het die gemeentelike ampsdraers lidmate ondersteun tydens hulle trauma en hoe? .................... 135
- Is lidmate van mening dat die ampsdraers hulle kon help tydens en na die trauma? .................... 135
- Het lidmate gegaan vir berading en as hulle gegaan het, waarheen? .................... 135
- Behoort lidmate toegerus te word om ander gemeentelede by te staan tydens 'n krisis? .................... 135

6.4.6 Afdeling 2: Oop vrae .................... 136

6.4.6.1 Oop vrae aan gemeentelede .................... 136

6.4.6.2 Oop vrae aan ampsdraers .................... 138

6.4.7 Afdeling 3: Onderhoude .................... 139

6.4.7.1 Onderhoude .................... 139

- Respondent A en B .................... 139
  - Krisis/traumagebeurtenis .................... 139
  - Nagevolge .................... 140
  - Berading .................... 141
  - Die rol van ampsdraers en gemeentelede tydens en na die trauma .................... 141
- Respondent C .................... 142
  - Krisis/traumagebeurtenis .................... 142
  - Nagevolge .................... 142
  - Berading .................... 143
  - Die rol van ampsdraers en gemeentelede tydens en na die trauma .................... 143
- Respondent D .................... 144
  - Krisis/traumagebeurtenis .................... 144
  - Nagevolge .................... 144
  - Berading .................... 145
  - Die rol van ampsdraers en gemeentelede tydens en na die trauma .................... 145
- Respondente E en F .................... 145

- o Krisis/traumagebeurtenis ..... 145
- o Nagevolge ..... 146
- o Berading ..... 146
- o Die rol van ampsdraers en gemeentelede tydens en na die trauma ..... 147

• Respondent G ..... 147
- o Krisis/traumagebeurtenis ..... 147
- o Gevolge ..... 147
- o Berading ..... 148
- o Die rol van ampsdraers en gemeentelede tydens en na die trauma ..... 148

6.5. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING ..... 149


# AFDELING 4: PRAKTYK-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

## HOOFSTUK 7 - DIE FORMULERING VAN PASTORALE RIGLYNE


7.1 INLEIDING ..... 152

7.2 DOELSTELLING ..... 152

7.3 OMSKRYWING VAN PRAKTYK-TEORIE AS BEGRIP ..... 153

7.4 VOORGESTELDE RIGLYNE VIR 'N PASTORALE TOERUSTINGSPROGRAM VIR AMPSDRAER TOT EFFEKTIEWE KRISIS- EN TRAUMA-INTERVENSIE EN -BERADING ..... 153

7.4.1 Basiese oorwegings tot 'n krisis toerustings program ..... 153

7.4.1.1 Volwassene onderrig ..... 153

7.4.1.2 Die *charismata* asook *diakonia* as die belangrikste kwalifikasies vir toerusting in die gemeente ..... 153

7.4.1.3 Opleiding van leke-beraders ..... 154

7.4.2 Voorstelle vir 'n onderrigstrategie ..... 154
7.4.3 Belangrike komponente van 'n basiese lesplan ..... 154

7.5 VOORGESTELDE PASTORALE TOERUSTINGSPROGRAM ..... 155
7.5.1 Voorgestelde raamwerk ..... 155
7.5.1.1 Die vier modules van die toerustingsprogram ..... 155
- Module 1 – 'n Skriftuurlike basis vir die pastorale ondersteuning van lidmate tydens krisisse en trauma ..... 156
- Module 2 – Basiese krisis-versorgings en krisisintervensie beginsels ..... 156
- Module 3 - Kliniese aspekte van trauma en die terapeutiese behandeling daarvan ..... 156
- Module 4 – Gekompliseerde trauma en die pastorale hantering daarvan ..... 156

7.5.2 Module 1 – 'n Skriftuurlike basis vir die pastorale ondersteuning van lidmate tydens krisisse en trauma ..... 157
7.5.2.1 Les 1 - Inleidende aspekte tot 'n krisistoerustingsprogram vir kerklike ampsdraers ..... 157
- Lesuitkomste ..... 157
- Lesinleiding ..... 157
- Lesinhoud ..... 157
- Lesslot ..... 158
- Leerderassessering ..... 158
- Les evaluasie ..... 158

7.5.2.2 Les 2 - Die pastoraat bied troos, sorg en hulp vir die mens tydens en na 'n krisis ..... 158
- Lesuitkomste ..... 158
- Lesinleiding ..... 159
- Lesinhoud ..... 159
- Lesslot ..... 160
- Leerder assessering ..... 160

7.5.2.3 Les 3 - 'n Lewende besef van wie God werklik is, help om 'n klimaat te skep waar krisis en trauma deurgewerk kan word ..... 160
- Lesuitkomste ..... 160
- Lesinleiding ..... 160
- Lesinhoud ..... 161
- Lesslot ..... 161
- Leerderassessering ..... 161

7.5.2.4 Les 4 - Insig met betrekking tot die sondige aard van die teenswoordige gebroke wêreld ..... 161
- Lesuitkomste ..... 161
- Lesinleiding ..... 162

- Lesinhoud ... 162
- Lesslot ... 162
- Leerderassessering ... 163

7.5.2.5 Les 5 - Genesing van traumanagevolge deur vergifnis en die bystand van die Heilige Gees ... 163

- Lesuitkomste ... 163
- Lesinleiding ... 163
- Lesinhoud ... 164
- Lesslot ... 164
- Leerderassessering ... 164

7.5.3 Module 2 – Basiese krisisversorgings- en krisisintervensiebeginsels ... 165

7.5.3.1 Les 1 - Wat is 'n krisis? ... 165

- Lesuitkomste ... 165
- Lesinleiding ... 165
- Lesinhoud ... 165
- Lesslot ... 165
- Leerderassessering ... 165

7.5.3.2 Les 2 - Aanleidende oorsake tot 'n krisistoestand ... 166

- Lesuitkomste ... 166
- Lesinleiding ... 166
- Lesinhoud ... 166
- Lesslot ... 166
- Leerderassessering ... 166

7.5.3.3 Les 3 - Verskillende kategorieë van krisiservaringe ... 167

- Lesuitkomste ... 167
- Lesinleiding ... 167
- Lesinhoud ... 167
- Lesslot ... 167
- Leerderassessering ... 167

7.5.3.4 Les 4 - Die onderskeie fases van 'n krisis ... 167

- Lesuitkomste ... 167
- Lesinleiding ... 168
- Lesinhoud ... 168
- Lesslot ... 168
- Leerderassessering ... 168

7.5.3.5 Les 5 - Krisisintervensie ........ 168
- Lesuitkomste ........ 168
- Lesinleiding ........ 168
- Lesinhoud ........ 169
- Lesslot ........ 169
- Leerderassessering ........ 169

7.5.4 Module 3 – Kliniese aspekte van trauma en die kliniese hantering van die getraumatiseerde Mens ........ 169

7.5.4.1 Les 1 – Die onderskeie fases van 'n traumatiese ervaring en hulpverlening ........ 169
- Lesuitkomste ........ 169
- Lesinleiding ........ 170
- Lesinhoud ........ 170
- Lesslot ........ 170
- Leerderassessering ........ 170

7.5.4.2 Les 2 – Ontlonting (*defusing*) ........ 170
- Lesuitkomste ........ 170
- Lesinleiding ........ 170
- Lesinhoud ........ 171
- Lesslot ........ 171
- Leerderassessering ........ 171

7.5.4.3 Les 3 – De-aktivering (*debriefing*) ........ 171
- Lesuitkomste ........ 171
- Lesinleiding ........ 171
- Lesinhoud ........ 171
- Lesslot ........ 171
- Leerderassessering ........ 171

7.5.4.4 Les 4 - Kliniese aspekte van die nagevolge van trauma ........ 172
- Lesuitkomste ........ 172
- Lesinleiding ........ 172
- Les inhoud ........ 172
- Lesslot ........ 172
- Leerderassessering ........ 172

7.5.4.5 Les 5 - Kliniese behandeling van trauma ........ 172
- Lesuitkomste ........ 172

- Lesinleiding ... 172
- Les inhoud ... 173
- Lesslot ... 173
- Leerderassessering ... 173

7.5.4.6 Les 6 – Uitbranding en stres asook sekere regsaspekte ... 173

- Lesuitkomste ... 173
- Lesinleiding ... 173
- Lesinhoud ... 174
- Lesslot ... 174
- Leerderassessering ... 174

7.5.5 Module 4 – Gekompliseerde trauma en die pastorale hantering daarvan ... 174

7.5.5.1 Les 1 - Aspekte wat trauma-ervaring kompliseer ... 174

- Lesuitkomste ... 174
- Lesinleiding ... 175
- Lesinhoud ... 175
- Lesslot ... 175
- Leerderassessering ... 175

7.5.5.2 Les 2 - Die gevolge van gekompliseerde trauma ... 175

- Lesuitkomste ... 175
- Lesinleiding ... 175
- Lesinhoud ... 175
- Lesslot ... 176
- Leerderassessering ... 176

7.5.5.3 Les 3 - Geestelike aspekte van gekompliseerde trauma-ervaring ... 176

- Lesuitkomste ... 176
- Lesinleiding ... 176
- Lesinhoud ... 176
- Lesslot ... 177
- Leerderassessering ... 177

7.5.5.4 Les 4 - Gekompliseerde trauma binne die gesin ... 177

- Les uitkomste ... 177
- Lesinleiding ... 177
- Lesinhoud ... 177
- Lesslot ... 177

- Leerderassessering ............ 177

7.5.5.5 Les 5 - Riglyne vir pastorale begeleiding ............ 178

- Lesuitkomste ............ 178
- Lesinleiding ............ 178
- Lesinhoud ............ 178
- Lesslot ............ 178
- Leerderassessering ............ 178

7.6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING ............ 178


# AFDELING 5: FINALE GEVOLGTREKKINGS

## HOOFSTUK 8 - SAMEVATTING EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING


8.1 INLEIDING ............ 180

8.2 SAMEVATTING VAN BASISTEORIE PERSPEKTIEWE ............ 180

8.2.1 Eksegetiese perspektiewe ............ 180

8.2.1.1 Toerusting binne die Nuwe Testament ............ 180

- Toerusting deur onderrig in die bediening van Jesus (Matt 4:23; Joh 13:13) ............ 180
- Die *charismata* in diens van die gemeente is die basis vir toerusting in die Nuwe Testamentiese gemeentes (Ef 4:12) ............ 181

8.2.1.2 Pastorale versorging binne die Nuwe Testamentiese konteks (Hand 20:28) ............ 181

- Die pastoraat moet dien as *troos, sorg* en *hulp vir die mens in krisis* ............ 181

8.2.1.3 Die lydensvraagstuk (Ps. 73) ............ 181

- 'n Lewende besef van wie God werklik is, kan help om 'n klimaat te skep waarbinne krisisse deurgewerk kan word ............ 181

8.2.1.4 Die alreeds-maar-nog-nie eskatologiese spanning in die Nuwe Testament (Gal 1:4) ............ 182

- 'n Duidelike insig in die aard en karakter van die teenswoordige wêreld is belangrik in die pastorale begeleiding van trauma slagoffers ............ 182

8.2.1.5 Heling/genesing binne die Nuwe Testament (Heb 4:15; Matt 18:21-35) ............ 182

- Genesing deur vergifnis en die bystand van die Heilige Gees ............ 182

8.2.2 Teologiese basis-teorie perspektiewe ............ 182

8.2.3 Pastorale hantering van gekompliseerde trauma ............ 183

8.3 SAMEVATTING VAN METATEORIE PERSPEKTIEWE ..... 184
8.3.1 Perspektiewe vanuit die aangrensende wetenskappe ..... 184
8.3.2 Perspektiewe vanuit die empiriese navorsing ..... 186
8.3.2.1 Finale gevolgtrekking ..... 187

8.4 SAMEVATTING VAN PRAKTYKTEORIE PERSPEKTIEWE ..... 187
8.4.1 Pastorale toerustingsprogram ..... 188
8.4.1.1 Module 1: 'n Skriftuurlike basis ..... 188
8.4.1.2 Module 2 : Basiese krisisversorgings- en krisisintervensiebeginsels ..... 189
8.4.1.3 Module 3 : Kliniese aspekte van trauma en die terapeutiese behandeling daarvan..... 190
8.4.1.4 Module 4 : Gekompliseerde trauma en die pastorale hantering daarvan ..... 190

8.5 FINALE GEVOLGTREKKING ..... 191

8.6 VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING ..... 191

8.7 SLEUTELTERME ..... 191

8.8 KEYWORDS ..... 192

BYLAAG 1 : DIE HOLMES AND RAHE STRES SKAAL ..... 193
BYLAAG 2 : 'N VRAELYS OM TE BEPAAL IN WATTER MATE AMPSDRAERS VAN DIE PLAASLIKE GEMEENTE VOLDOENDE TOEGERUS IS OM MENSE IN DIE GEMEENTE TYDENS 'N KRISIS OF TRAUMA EFFEKTIEF TE KAN ONDERSTEUN EN BERAAD ..... 195
BYLAAG 3 : 'N VRAELYS OM DIE MATE EN EFFEKTIWITEIT VAN KRISIS- EN TRAUMABERADING DEUR AMPSDRAERS AAN GETRAUMATISEERDE GEMEENTELEDE TE BEPAAL ..... 201
BYLAAG 4 : DEKBRIEF VIR DIE ONDERHOUDSKEDULE OM DIE MATE EN EFFEKTIWITEIT VAN KRISIS EN TRAUMA BERADING DEUR AMPSDRAERS AAN GETRAUMATISEERDE GEMEENTELEDE TE BEPAAL ..... 207

BYLAAG 5 : ANALISERING VAN VRAELYS AAN AMPSDRAERS ........ 208
BYLAAG 6 : ANALISERING VAN VRAELYS AAN GEMEENTELEDE ........ 211
BYLAAG 7 : REAKSIE VAN DEELNEMERS BY VRAELYS AAN LIDMATE EN AMPSDRAERS - OOP VRAE ........ 221

BRONNELYS ........ 225

# AFDELING 1: ORIËNTERING

## HOOFSTUK 1 - INLEIDING

### 1.1. ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

Gedurende die afgelope aantal jare was daar 'n beduidende klemverskuiwing vanaf langtermyn individuele behandeling na korttermyn krisishantering. Die metode wat gevolglik al sterker op die voorgrond getree het, is dié van krisisberaad, wat meer op die korttermyn ingestel is en waar die historiese verloop van omstandighede in die betrokke individu se lewe as van minder belang geag word (Coetzer, 1994:4). In hierdie verband beskryf Wright (2003:130) 'n krisis soos volg:

> "Crises are turning points where counselees can possibly move towards growth, enrichment and improvement, or they can move toward dissatisfaction, pain and, in some cases, dissolution."

Wright (2003:140) voeg dan ook die volgende belangrike vermaning by:

> "The ministry of churches – if we are going to lessen some of life's crises – is to prepare our congregations in advance for the changes they will experience."

Navorsing toon dat die gemiddelde krisis na ongeveer ses weke opklaar. Binne hierdie konteks word die terme 'krisis' en 'trauma' dan ook heel dikwels afwisselend gebruik (Wright, 2003:217). Waar die klem egter op 'n meer uitgerekte proses is wat oor 'n tydperk van heelwat meer as ses weke strek, sal daar eerder verwys word na 'gekompliseerde trauma' (vgl. Lindeque, 2006:2). Alhoewel die term *'trauma'* deesdae algemeen aangetref word in psigologiese, mediese en kriminologiese literatuur, is dit van oorsprong egter 'n Bybelse term. In die Nuwe Testament figureer die Griekse woord *'trauma'* (of 'n verbuiging daarvan) spesifiek in die volgende drie Skrifgedeeltes (Coetzer, 2007:24):

- In Luk 10:34, waar dit gaan oor die Barmhartige Samaritaan: *"Hy het die man se wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind."* Die term 'wonde' hier is 'n vertaling van die woord *'traumata'*. Louw en Nida (1988:231) definieer die woord se betekenis soos volg: "The condition resulting from being severely hurt or wounded."
- In Luk 20:12, waar dit gaan oor die gelykenis van die boere en die wingerd: *"Hulle het hom* (die eienaar se slaaf) *geslaan dat die bloed loop..."* Laasgenoemde frase is 'n vertaling van die werkwoord *'traumatizo*, wat vertaal kan word: om te wond of te beseer. Louw en Nida (1988:231) definieer die woord se betekenis soos volg: "To hurt or wound, normally resulting in some mark or permanent scar on the body."
- In Hand 19:16, waar dit gaan oor die seuns van Skeva wat in die Naam van Jesus probeer geeste besweer het: *"... sodat hulle kaal en stukkend geslaan uit daardie huis gevlug het."* Die Griekse woord hier is *'tetraumatismenous'* – hulle is stukkend geslaan.

Wanneer daar vervolgens in hierdie studie verwys word na 'trauma', is dit in die eerste plek vanuit 'n Bybelse vertrekpunt (teen die agtergrond van bovermelde drie Skrifgedeeltes), asook vanuit die subkategorie van krisispastoraat in die algemeen.

Charles Gerkin het in sy werk, *Crisis experience in modern life* (1979), 'n aantal insiggewende insette gemaak wat besonder verhelderend is ten opsigte van Bybelse vertrekpunte betreffende krisisse en trauma. In sy studie poog hy om antwoorde te vind op vrae soos die volgende: Wat gebeur, vanuit teologiese perspektief beskou, tydens en selfs ook ná 'n krisis? Watter implikasies het dit ten opsigte van die pastorale verantwoordelikheid, soos begrond vanuit Bybelse perspektief?

Hy (Gerkin, 1979:28) wys op die feit dat dit ongetwyfeld so is dat die kerk en die pastor in 'n besondere posisie verkeer om mense in krisissituasies by te staan en te help. 'n Basiese vertrekpunt in hierdie opsig sou wees om die betrokke individu te begelei om uiteindelik God as die sekuriteit en steun in sy lewe te vind. In hierdie verband verduidelik Gerkin dat die moderne mens al minder duidelikheid het oor God se voorsienigheid en gevolglik meer kwesbaar is vir die vakuum wat 'n krisis veroorsaak. Mense het hulle visie van God verloor en veral wanneer 'n krisis hulle tref, het hulle geen antwoord daarop nie. Wanhoop en gebrek aan rigting en sekuriteit tree dan sterk na vore. Daar is geen toekomsblik nie en 'n gevoel van persoonlike onvermoë oorheers die situasie - hierdie persoon word dus 'n mens sonder hoop. Gerkin vra tereg of ons teologiese beoefening werklik 'n antwoord op hierdie problematiek het. Dit het inderdaad 'n geweldige uitdaging geword om 'n pastorale bediening in die Naam van God deur te voer te midde van 'n wêreld waar 'n visie van God se krag en Sy beheer oor gebeure, besig is om te vervaag.

> "Can our openness to that situation, our vulnerability in the concrete experiences of crisis ministry offer any possibility of opening up new avenues for theological inquiry into the meaning of God's consolation and providential care?" (Gerkin, 1979:28).

Die vraag is dus of die moderne mens te midde van sy krisissituasie begelei kan word tot hernude geloof in die voorsienende God.

Norman Wright het 'n besondere bydrae tot die krisispastoraat gelewer met sy boek: *The new guide to crisis and trauma counselling. A practical guide for ministers, counselors and lay counselors* (2003). Hy is van die min outeurs wat navorsing gedoen het met betrekking tot krisisse en trauma vanuit 'n Bybelse vertrekpunt. Inleidend tot sy boek wy hy dan ook drie hoofstukke aan die tema van krisisberading vanuit 'n Bybelse perspektief. As basiese uitgangspunt fokus hy gevolglik op die lewe van Jesus Christus en sy verhoudings met ander.

> "The way he ministered to others is a model for all of us who seek to help others" (Wright, 2003:17).

Vervolgens neem hy 'n aantal tipiese karakteristieke uit Jesus se hantering van andere en pas dit toe op hedendaagse situasies waarbinne die pastorale berader homself mag bevind. Teen hierdie agtergrond is die uiteindelike doel van krisisberading dan ook: "... to help the person in need accept and take responsibility" (Wright, 2003:21).

Robert Hicks is 'n kapelaan in die Amerikaanse weermag wat deur sy boeke ook 'n besondere bydrae gelewer het tot die terrein van krisispastoraat. In sy boek, *Trauma, the pain that stays* (1996), gee hy 'n treffende uiteensetting van krisisse en trauma asook van die stappe onderweg na heling en genesing vanuit 'n Bybelse vertrekpunt. 'n Belangrike tema wat aan die orde kom, is die vraag na waar God in krisisse inpas. Nadat hy oor verskillende aspekte van die helingsproses gepraat het, vat hy dit soos volg treffend saam:

> "Healing is more than the healing of memories or the healing of the inner child. It has to do with becoming a whole person. Being a whole person involves having a purpose for living and how one views life" (Hicks, 1996:163).

'n Verdere treffende bydrae tot die terrein van die krisispastoraat is die boek van Duncan Sinclair, *Horrific traumata. A pastoral response to the post traumatic stress disorder* (1993). Hy kom uiteindelik tot die konklusie dat die sogenaamde post-traumatiese stresversteuring ten diepste 'n geestelike disfunksie is – 'n feit wat deur algemene gesondheidsorg misgekyk word.

> "Horrific traumata destroy spiritual well-being. The most corrosive impact of horrific emotional trauma is to be found in the spiritual fabric of persons. This is where the prolonged damage is created. This is the facet of the illness so often overlooked by the mental-health systems of our country. This is where medicine and the normally established practises of insight, behaviour and cognitive therapies have less efficacy. The condition of PTSD is spiritual at the deepest levels. This is where spiritual insight and community and relational-based approaches are most efficacious" (Sinclair, 1993:65).

Hy bespreek vervolgens elk van die volgende geestelike attribute wat heel dikwels in die slag bly as gevolg van die belewenis van 'n krisis of trauma: verlies aan hoop, verlies aan intimiteit, verlies van die toekoms, verlies van vrede, verlies van helende herinneringe, verlies van spontaneïteit, verlies van heelheid, verlies van onskuld, verlies van vertroue asook 'n verlies van 'n besef van die grootheid van God.

Herman (2001:133) wys op die feit dat die herstel/genesing van intense krisiservarings normaalweg nie in isolasie kan plaasvind nie, maar eerder binne die wisselwerking van verhoudinge met ander. Hier kan die kerk dus 'n besonder rol vervul. Hicks (1996:85) wys ook op die kritiese belangrikheid van die rol van ondersteuningsgroepe (soos byvoorbeeld in 'n gemeente) met betrekking tot die afplatting van die stresvlakke ná krisisse.

Wright (2003:9) is van mening dat die doel van die bediening van die Kerk daarop gerig moet wees om sy lede te help om enersyds hul eie krisisse beter te hanteer, en andersyds andere te help om ook hul krisisse te hanteer. 'n Traumatiese ervaring kan volgens hom gesien word as 'n ernstige krisis en hy is van mening dat gemeentelede deur middel van preke en toerustingsgeleenthede onderlê kan word ten opsigte van die nodige beginsels vir die hantering van sodanige verliese en krisisse. Volgens Wright is vrese, wat voortspruit uit gevoelens van onbekwaamheid, heel dikwels die rede waarom mense nie betrokke raak om te help nie.

Uit die bostaande blyk dus duidelik die noodsaaklikheid van 'n gemeentelike trauma-toerustingsprogram. Om egter leiding te kan neem in die aanbied van so 'n program, is dit uiters noodsaaklik dat die betrokke gemeente se ampsdraers self deeglik toegerus en onderlê sal wees met betrekking tot die pastorale begeleiding van lidmate wat deur krisiservarings geraak is.

### 1.1.1 Suid-Afrikaanse statistiek

Volgens die Suid-Afrikaanse Polisiedienste se statistiek (SAPS 2005) vir 2004/2005 is daar in Suid- Afrika 18793 persone in die land vermoor en was daar 24516 pogings tot moord - dit impliseer 51.48 moorde per dag. Volgens hierdie selfde statistiek word daar jaarliks gemiddeld 55114 vroue in Suid-Afrika verkrag en 12434 persone was die slagoffers van motorkaping. Die aanrandingstatistiek is skokkend: 249369 aanrandings met die doel om ernstig te beseer en 'n verdere 267857 "gewone" aanrandings. By albei hierdie kategorieë moet huishoudelike geweld (*domestic violence*) ingereken word. Daar is by 276164 huise ingebreek waar persoonlike besittings gesteel is, 126789 gevalle van roof met ernstige gevolge en 5568 kinders wat mishandel of verwaarloos is. Volgens Statistiek-Suid-Afrika se webwerf (2005) is daar jaarliks 31 000 egskeidingsgevalle. Die baie duisende wat in Suid-Afrika aan HIV/ VIGS sterf en die duisende kinders wat wees gelaat word, laat dit alles lyk na 'n getygolf van menslike swaarkry. Statistiek soos hierdie beklemtoon op 'n oorweldigende wyse die nood binne die sekulêre samelewing, sowel as binne die kerk, aan berading en begeleiding en toerusting.

Yancey (1990:19) verwys na die Duitse teoloog Helmut Thielicke wat ná 'n uitgebreide toer deur die VSA 'n baie belangrike opmerking gemaak het, naamlik dat die Amerikaanse kerk 'n ontoereikende siening oor lyding het. Navorser se mening as predikant, wat meer as veertien jaar in gemeentelike bediening staan, is dat dieselfde ook waar is van die Kerk in Suid Afrika. Hierdie probleem kan egter hanteer word deur beter toerusting van leraars en ampsdraers (en uiteindelik dan ook lidmate) met betrekking tot die terrein van krisispastoraat.

## 1. 2 DIE BEHOEFTE AAN NAVORSING OOR TOERUSTING VAN KERKLIKE AMPSDRAERS

Hierdie kwessie het verder ook baie sterk na vore gekom in 'n aantal ongestruktureerde voorlopige onderhoude wat in Nelspruit gevoer is met predikante, kapelane en ander verteenwoordigers van die volgende kerke en instansies: Evangelies Gereformeerde Kerk, Nederduits Gereformeerde Kerk, Metodiste Kerk, Volle Evangelie Kerk, Apostoliese

Geloofsending, New Covenant Church, Oase Herlewingsentrum, Lutherse Kerk, Church of Revival, Fountain of Life Church, Lowveld Christian Family Church, Calvary Assembly, Jesus Christ Worship Centre, Herlewingsgemeente, S.A.P. Kapelaansdiens, Harvest International en Judea Harvest. Die deelnemers waarmee die onderhoud gevoer is, was verteenwoordigend van verskillende bevolkingsgroepe en geslagte. Slegs twee van die respondente het 'n beperkte mate van toerusting met betrekking tot krisispastoraat tydens hul teologiese opleiding ontvang. Geeneen van die respondente het enige soortgelyke toerustingsprogram in hulle gemeente nie. Daar is slegs by één gemeente 'n trauma-beradingshulpverleningdiens wat gelewer word. Nie een van die verteenwoordigers van die onderskeie kerke was enigsins bewus van enige program wat verband hou met krisis-pastoraat wat tans in enige van hulle ander gemeentes bestuur word nie.

Ter ondersteuning van die bostaande is daar ook telefoniese onderhoude gevoer met verteenwoordigers van die volgende teologiese seminaries en kolleges op 16-17 Januarie 2007: Die Teologiese seminaries van die Evangelies-Gereformeerde Kerk in Suid Afrika, Die Afrikaanse Baptiste Kerk, die Apostoliese Geloofsending (AGS), die Volle Evangelie Kerk (VEK), asook die Teologiese Fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die Universiteit van Pretoria. In die gesprek met dr. W.J. Kotze, prinsipaal van die Evangelies-Gereformeerde Teologiese Seminarie, het hy bevestig dat daar geen opleidingsprogram betreffende krisisberading aan die seminarie gedoseer word nie. By die Baptiste kollege bestaan daar ook nie enige formele krisisberadingsopleiding of - program nie. By die AGS is daar met die prinsipaal, prof W.J. Hattingh, asook met dr. Dennis Erasmus, hoof van Praktiese Teologie, onderhoude gevoer. Uit hierdie gesprekke het geblyk dat daar geen voorgraadse trauma-opleidingsprogram bestaan nie. Uit hul prospektus word daar slegs terloops betreffende nagraadse studie na trauma verwys. In die gesprek met die prinsipaal van die VEK Teologiese kollege, dr. Irvin Chetty, het hy aangedui dat traumaberading wel in hulle opleiding aangeraak word, maar betreffende die omvang daarvan was hy vaag. Verder is 'n gesprek gevoer met dr.Flip du Toit, as verteenwoordiger van die Teologiese Fakulteit van die NG Kerk aan die Universiteit van Pretoria. Volgens hom is daar 'n jaar gelede met 'n program begin waar studente in hul vierde jaar 'n trauma kursus by die Pretoria Akademiese hospitaal deurloop onder leiding van dr. Andre de la Porte, 'n pastorale berader. Hierdie gegewens bevestig maar net die geweldige behoefte aan formele toerustings- en opleidingsprogramme vir ampsdraers en gemeentelede in kerke oor die algemeen binne die Suid-Afrikaanse konteks.

`n Uitgebreide biografiese soektog is vervolgens gedoen met behulp van die Ferdinand Postma biblioteek, deur die gebruikmaking van die volgende databasisse: ATLA Religion Database, NEXUS Database, proefskrifte en verhandelinge. Hierdie soektog het getoon dat daar tot op hede nie op die terrein van die Pastoraat enige akademiese bydraes rondom die volgende aspekte verskyn het nie:

- Opleiding en toerusting van ampsdraers rondom krisisberading.
- Toerustings van ampsdraers om 'n effektiewe gemeentelike krisisberadingsprogram te behartig

Vanuit die bovermelde soektog het verder geblyk dat daar reeds besondere aandag in die navorsing gegee is aan die pastorale implikasies van trauma asook die nagevolge daarvan. Daar is egter nog nie veel gedoen om die inligting uit die bestaande navorsing te gebruik vir die daarstelling van 'n toerustings- en opleidingsprogram vir kerklike

ampsdraers nie. Sodanige toerusting sal ampsdraers uiteraard dan weer in staat stel om kerklike lidmate toe te rus. In die lig van hierdie leemte kan die navorsingsvraag dan soos volg geformuleer word:

## 1.3 DIE NAVORSINGSVRAAG

Op watter wyse kan die leemte aangespreek word betreffende die toerusting van kerklike ampsdraers met betrekking tot pastorale hulpverlening aan persone wat krisiservarings beleef?

### 1.3.1 Verdere vrae

- Watter perspektiewe bied die Skrif ten opsigte van die toerusting van kerklike ampsdraers met die oog op die pastorale begeleiding van persone wat krisiservarings beleef?
- Watter perspektiewe bied die ander hulpwetenskappe met betrekking tot toerustingsprogramme met die oog op krisishantering?
- Watter insigte betreffende hierdie aangeleentheid kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom?
- Watter praktykteoretiese riglyne kan geformuleer word vir die toerusting van kerklike ampsdraers met die oog op pastorale hulpverlening aan persone tydens krisisse?

## 1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 1.4.1 Doelstelling

Om vas te stel op watter wyse die leemte aangespreek kan word betreffende die toerusting van kerklike ampsdraers met betrekking tot pastorale hulpverlening aan persone wat krisiservarings beleef.

### 1.4.2 Doelwitte

- Om Skriftuurlike beginsels te identifiseer wat van toepassing is op die toerusting van kerklike ampsdraers met die oog op die pastorale begeleiding van persone tydens krisisse.
- Om vas te stel watter verhelderende perspektiewe die hulpwetenskappe bied met betrekking tot toerustingsprogramme vir die begeleiding van persone tydens krisisse.
- Om vas te stel of daar enige deurslaggewende insigte betreffende hierdie aangeleentheid is, wat deur 'n empiriese ondersoek na vore kom.
- Om praktykteoretiese riglyne te bied vir die toerusting van kerklike ampsdraers met die oog op pastorale hulpverlening aan persone tydens krisisse.

## 1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Met behulp van 'n effektiewe toerustingsprogram kan kerklike ampsdraers in staat gestel word om sinvolle pastorale hulpverlening te bied aan persone tydens krisisse.

## 1.6 METODOLOGIE

In die metodologie van hierdie studie word aansluiting gevind by Zerfass se model (Heyns & Pieterse, 1998:39) waarvolgens 'n bepaalde praksis tot 'n nuwe teorievorming lei en wat dan weer op sy beurt tot 'n nuwe praksis lei (Zerfass, 1974:164).

### 1.6.1 Basis-teoretiese perspektiewe

Aan die volgende teologiese temas sal op 'n openbaringshistoriese wyse aandag gegee word (Van der Walt, 2006):

- Gemeentelike toerusting soos gevind binne Nuwe-Testamentiese konteks
- Pastorale versorging soos gevind binne Nuwe-Testamentiese konteks
- Die lydingsvraagstuk binne die Ou - en Nuwe Testament
- Die alreeds-en-nog-nie vraagstuk binne die eskatologie
- Heling/genesing in die Nuwe Testament

In so 'n openbaringshistoriese aanpak sal vrae soos die volgende van besondere belang wees (De Klerk & Van Rensburg, 2005:77):

- Wat is die belangrikste tersaaklike openbaringstema(s)?
- Watter addisionele lig werp ander tersaaklike Skrifgedeeltes op die betrokke tema?
- Waar pas hierdie betrokke tema in in die geheel van God se skrifopenbaring oor die betrokke tema?
- Wat is die openbaringshistoriese betekenis van die betrokke tema?

Waar daar met betrekking tot sekere individuele aspekte eksegese gedoen sal word, sal dit volgens die grammaties-historiese metode wees (De Klerk & Van Rensburg, 2005) terwyl die Gereformeerde tradisie as vertrekpunt sal dien (Coetzee, 1990:17).

### 1.6.2 Meta-teoretiese perspektiewe

In die meta-teoretiese navorsing word gefokus op relevante sekulêre of nie-religieuse studievelde wat met betrekking tot krisispastoraat betrek kan word. Heyns en Pieterse (1990:36) stel dit duidelik dat die Praktiese Teologie ook uit ander wetenskappe put om 'n beeld van die werklikheid te verkry (vgl ook Louw, 1993:211). 'n Toepaslike literatuurstudie sal in hierdie verband gedoen word onder andere aan die hand van artikels, boeke en internetsoektogte betreffende mediese, psigologiese, sosiologiese en aanverwante vakgebiede.

### 1.6.3 Empiriese navorsing

Die metateoretiese afdeling sluit noodsaaklikerwys 'n kwalitatiewe empiriese studie in wat gedoen word deur middel van persoonlike onderhoude aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys (vgl. De Vos, 2002: 298). Onderhoude sal

gevoer word met drie kategorieë van persone naamlik leraars, kerkraadslede en lidmate. Op hierdie wyse kan die onderskeie behoeftes met betrekking tot krisisberading geïdentifiseer word.

### 1.6.4 Praktyk-teoretiese perspektiewe

Deur middel van 'n hermeneutiese wisselwerking tussen basis-teoretiese riglyne en metateoretiese perspektiewe sal 'n verstelde praktykteorie geformuleer word met betrekking tot die samestelling van 'n effektiewe toerustingsprogram vir kerklike ampsdraers met die oog op krisisberading.

### 1.6.5 Ander tegniese aspekte

- Vir die afkorting van Bybelboekname is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos voorgestel deur die Taalkommissie in die negende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (sien *AWS* in bibliografie).
- Waar die geslagsvorm *hy/hom* in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy/haar.*
- Die terme *kliënt, beradene* en *individu* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie ontvang.
- Die terme *terapeut* en *berader* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie aanbied.
- Die inhoud van hierdie verhandeling voldoen aan al die etiese vereistes soos neergelê deur die Noordwes-Universiteit.

## 1.7 HOOFSTUK INDELING.

**Afdeling 1: Oriëntering**

Hoofstuk 1: Inleiding

**Afdeling 2: Basis - teoretiese perspektiewe**

Hoofstuk 2: Skriftuurlike perspektiewe op die toerusting van kerklike ampsdraers met die oog op pastorale begeleiding van persone tydens 'n krisis

Hoofstuk 3 Teologiese Basisteorie

Hoofstuk 4 Pastorale hantering van gekompliseerde trauma

**Afdeling 3: Meta-teoretiese perspektiewe**

Hoofstuk 5: Bydraende perspektiewe vanuit die grens-wetenskappe

Hoofstuk 6: Resultate van 'n empiriese ondersoek

**Afdeling 4: Praktyk-teoretiese perspektiewe**

Hoofstuk 7: Die formulering van pastorale riglyne

**Afdeling 5: Finale gevolgtrekking**

Hoofstuk 8: Gevolgtrekkings en voorgestelde areas vir verdere navorsing

# AFDELING 2: BASIS-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

## HOOFSTUK 2 - SKRIFTUURLIKE PERSPEKTIEWE OP DIE TOERUSTING VAN KERKLIKE AMPSDRAERS MET DIE OOG OP PASTORALE BEGELEIDING VAN PERSONE TYDENS 'N KRISIS

### 2.1 BASISTEORIE

Louw (1993:ix) wys daarop dat teologiese refleksie beteken dat die navorser besig is met die ontwerp van 'n teologiese basisteorie. Hy toon ook aan dat hoe meer die pastoraat in die praktyk betrokke is, des te meer word die pastoraat blootgestel aan die hele veld van empiriese navorsing op die gebied van hulpverlening. Hierdie blootstelling vra op sy beurt weer om teologiese refleksie, asook die formulering van 'n basisteorie waardeur empiriese materiaal georden kan word met die oog op die verhoging van kerklike ampsdraers se eie *bedieningseffektiwiteit.*

### 2.2 BASISTEORETIESE DOELWITTE

Soos reeds gekonstateer in die inleidende hoofstuk, bestaan daar 'n leemte betreffende toerusting by kerklike ampsdraers met betrekking tot pastorale hulpverlening aan persone wat krisiservaringe beleef. Om vas te stel op watter wyse die leemte aangespreek kan word, is die doelwit van hierdie hoofstuk eerstens om *Skriftuurlike beginsels* te identifiseer wat van toepassing is op die *toerusting van kerklike ampsdraers* met die oog op die *pastorale begeleiding* van persone tydens krisisse/trauma.

Daar word vervolgens op die volgende oorkoepelende temas gefokus:

- Toerusting binne die Nuwe Testamentiese konteks
- Pastorale versorging binne die Nuwe Testamentiese konteks
- Die Lydensvraagstuk
- Die alreeds-maar-nog-nie spanning in die Nuwe Testament
- Heling/genesing in die Nuwe Testament

Skrifgedeeltes wat ge-eksegetiseer sal word, is die volgende: Matt 4:23; Joh 13:13; Ef 4:12; Hand 20:28; Ps 73; Gal 1:4; Heb 4:12 en Matt 18:21-35. Die eksegetiese benadering van De Klerk en Van Rensburg (2005) bied waardevolle hermeneutiese insigte en dit dien dan ook as algemene riglyn vir die bespreking in hierdie hoofstuk.

## 2.3 PASTORALE DOELWITTE

Volgens Louw(1993:47) is, teologies gesproke, die pastoraat/sielesorg 'n teosentriese gebeurtenis/ontmoeting, en pastoraal gesproke, is die pastoraat wesenlik 'n antropologiese gebeurtenis wat fokus op die mens. Die pastoraat moet die mens in al sy strukture en kontekste bedien. Louw(1993:ix) wys ook verder dat die pastoraat/sielesorg 'n paar belangrike doelwitte het, naamlik: om eiesoortigheid te bepaal – dit is daarin gesetel dat dit die verlossingswerk van Christus wil belig vanuit 'n eiesoortige perspektief naamlik: *troos*, *sorg* en *hulp*; dit wil die mens self verstaan; dit wil die teologie verstaanbaar maak vir mense in sy eiesoortige konteks; en dit beoog 'n ingrype wat verandering bewerk. Met hierdie basisteoretiese doelwitte asook die bostaande pastorale doelwitte as vertrekpunt, gaan daar vervolgens teologies gereflekteer word met betrekking tot die perspektiewe wat die Skrif bied ten opsigte van die toerusting van kerklike ampsdraers met die oog op die pastorale begeleiding van persone wat krisiservarings beleef.

## 2.4 VERKLARING VAN SKRIFGEDEELTES

### 2.4.1 Toerusting binne die Nuwe Testamentiese konteks

#### 2.4.1.1 Toerusting deur onderrig in die bediening van Jesus

- **Keuse van spesifieke tekste**

  **Matt 4:23 " *Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak*".**
  **Joh.13:13 " *Julle noem My julle leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit* ".**

  Norman Wright (2003) fokus in die inleidende drie hoofstukke van sy boek *The new guide to crisis and trauma counselling,* op die tema van krisisberading vanuit 'n Bybelse perspektief. As basiese uitgangspunt neem hy die lewe van Jesus Christus en Sy verhouding met mense. Met betrekking hiertoe maak Wright (2003:17) dié treffende stelling: "[T]he way Jesus ministered to others is a *model* for all of us who seek to help others." Joh 13:13 bevestig hierdie waarheid. Die eienskappe in Jesus se benadering tot berading wys dat tegniek alleen nie effektief is nie. Jesus se verhouding met die mense wat hy bedien het, was die basis van sy benadering.(Wright, 2003:17). 'n Verdere observasie wat gemaak kan word met betrekking tot Jesus se benadering tot berading is dat berading, vir Hom 'n proses was. Hy het nie net mense vir 'n paar minute gesien tydens 'n afspraak en dan van hulle vergeet nie. Jesus het tyd met hulle spandeer deur hulle in diepte te help deur die moeilike tye van die lewe (Wright, 2003:18).

  Wright (2003:22) wys op 'n verdere belangrike feit, naamlik dat: Jesus as leermeester in sy bediening mense hoofsaaklik toegerus het deur hulle te leer/onderrig – met ander woorde *toerusting deur onderrig* (vgl.:

Verwysingsbybel 1983-vertaling, 1998:1720, Keller, 1998:450). Matt 4:23 bevestig dat onderrig een van die belangrikste funksies in die bediening van Jesus was. Wright (2003:22) wys ook daarop dat lering/onderrig 'n noodsaaklike deel van 'n krisis beradingtoerustingsprogram moet wees (vgl. De Jong van Arkel, 1986:40, 65).

- **Plek van die tekste binne die Matteus en Johannes-evangelies**

Vosloo en Van Rensburg (1993:1369) deel die Matteus-evangelie in drie hoofgedeeltes in naamlik:

**A. Die persoon van Jesus die Messias (1:1- 4:16)**

1. **Geslagsregister van Jesus (1:1-17)**
2. **Geboorte van Jesus (1:18-2:23)**
3. **Johannes die doper se prediking (3:1-12)**
4. **Doop en versoeking van Jesus (3:13-4:11)**
5. **Die eerste optrede van Jesus (4:12-16)**

**B. Die verkondiging van Jesus die Messias (4:17 – 16:20)**

1. **Jesus begin met sy openbare bediening (4:17 –25)**
2. **Jesus lewer die bergrede (5:1-7:29)**
3. **Jesus doen baie wonderwerke (8:1-10:42)**
4. **Jesus leer mense meer oor die koninkryk (11:1-13:52)**
5. **Jesus kom te staan voor verskillende reaksies op sy bediening (13:53-16:20)**

**C. Die lyding, dood, en opstanding van Jesus die Messias (16:21 – 28:20)**

Matt 4:23 staan binne die hoof gedeelte wat handel oor die verkondiging van Jesus as die Messias. Die teksvers staan verder tussen twee perikope, naamlik die eerste optrede van Jesus en die bergrede. Dit is deel van 'n perikoop wat reeds in vers 17 begin en handel oor die openbare bediening van Jesus. Dit is dus duidelik dat Jesus in sy openbare bediening, lering een van die belangrikste dele van sy bediening op aarde gemaak het tesame met prediking en genesing.

Vosloo en Van Rensburg (1993:1583) deel die Johannes Evangelie in die volgende drie hoofgedeeltes in naamlik:

**A. Bekendstelling van die hooffiguur Jesus (1:1-51)**

**B. Jesus maak sy heerlikheid in die openbaar bekend deur tekens (2:1-12:50)**

1. **Jesus kom geloof sowel as ongeloof tee by mense as antwoord op sy wondertekens (2:1-4:54)**
2. **Konflik met die geestelike leiers bou op (5:1-10:42)**
3. **Jesus openbaar sy heerlikheid om lewe te skenk(11:1-12:50)**

**C. Lyding, dood en opstanding van Jesus (13:1-21:25)**

1. **Jesus se afskeidsrede aan sy dissipels (13:1-17:26)**
2. **Die hoogtepunt van Jesus se taak van verheerliking lê juis in sy sterwe en opstanding (18:1-21:25)**

Die teksvers staan binne die hoofgedeelte wat handel oor die lyding, dood en opstanding van Jesus. Die onmiddellike konteks van die teks handel oor Jesus se afskeidsrede. Dit is dan juis hier waar Jesus aan sy dissipels bevestig dat hy hulle Leermeester is en aan hulle 'n voorbeeld gee om mekaar in liefde te dien. As Jesus hulle groot Leermeester hulle dien deur hulle voete te was, behoort hulle dit ook vir mekaar te doen. In hierdie gedeelte word Jesus voorgehou as die model Leermeester wat deur sy eie voorbeeld sy dissipels onderrig.

- **Probleemstelling**

Wright (2003:9) is van mening dat die bediening van die ampsdraers aan hul lede daarop gefokus moet wees om hulle geestelik te bedien sodat hulle in staat sal wees om hul eie krisisse beter te kan hanteer. Verder moet die gemeente geleer en toegerus word om ander mense te help, binne en buite die geloofsgemeenskap, om krisisse te hanteer. Wright (2003:9) wys daarop dat die beginsels van hoe om verliese te hanteer, krisisse te beredder en mense te help, geleer kan word tydens *preke* en *spesiale klasse* vir hierdie spesifieke doel. Die probleem is egter dat selfs geordende leraars soms ontoereikend voel en aarsel om by sekere krisisse betrokke te raak juis omdat hulle nie genoegsaam opgelei is om sekere menslike krisisse te hanteer nie (Wright, 2003:10). Wright (2003:10) maak vervolgens 'n belangrike stelling dat leraars voortdurend daarop gefokus moet wees om steeds meer te leer asook hul krisisberadingsvaardighede deurlopend te verskerp. De Jongh van Arkel (1986:40,65) beklemtoon ook hierdie selfde aspek as hy daarop wys dat krisistoerusting uiters belangrik is omdat verkeerde krisisdiagnose die beplande hulp vir persone tydens 'n krisis kan laat misluk en destruktiewe gevolge kan hê. Hy (1986:65) is van mening dat krisisvaardigheid nie noodwendig baie jare van opleiding en ontwikkelling hoef te impliseer nie. Switzer (1986:54) is in hierdie verband van mening dat die opleiding van ampsdraers as krisisberaders nie effektief is wanneer dit slegs gaan om die aanleer van *teorie en tegniek* vanuit handboeke nie. Die krisisberader moet egter groei as 'n mens wat vir ander 'n model of voorbeeld is van iemand wat 'n doel het in die lewe, wat bevredigende interpersoonlike verhoudings het en iemand wat sy lewensinsigte op 'n gepaste wyse kan toepas.

- **Woordstudie**

In die bediening van Jesus staan onderrig voorop (Verwysingsbybel 1983-vertaling, 1998:1720). Jesus onderrig sy dissipels en die skare met die doel dat hulle ware volgelinge sal wees. Hy is ook die groot leermeester van sy dissipels wat, deur sy voorbeeld, leerstyl en leerinhoud aan hulle die nodige vaardighede en kennis deurgee. Hy is in Sy bediening 'n voorbeeld vir elkeen wat ander wil onderrig. In die lig hiervan is die volgende Bybelse terme van besondere belang: didasko, didaskalos, didaskalia en didaktikos.

  - ***Didasko*** (Matt 4:23, 9:25) - Die aksie wat hier beklemtoon word, is om te leer. Hierdie werkwoord beteken verder *om te ken/weet* of te leer deur *mondelingse instruksie in 'n formele of informele omgewing* (Louw & Nida, 1989:413). Die werkwoord kom 97 keer in die Nuwe Testament voor en verwys *59 keer na Jesus* wat mense *geleer* het (Zodiates, 1991:1027). Louw en Nida (1989:413) wys verder daarop dat die betekenis van die sub-domein 'onderrig' verwys na 'n proses van 'om te veroorsaak' dat iemand leer of weet. Die

klem hier is veral dan ook op die gedagte van 'n voortgaande proses van formele en informele instruksie. Die omskrywing van 'didasko' in E-Sword, International Standaard Bible Encyclopedia [CD] bevestig die bostaande:

> "The usual word for "teach" (didasko) in the New Testament signifies either to hold a discourse with others in order to instruct them, or to deliver a didactic discourse where there may not be direct personal and verbal participation. In the former sense it describes the interlocutory method, the interplay of ideas and words between pupils and teachers, and in the latter use it refers to the more formal monologues designed especially to give information".

Saucy (1994: 81) is verder van mening dat die betekenis van die woordjie 'onderrig' in die Nuwe Testament afgelei is vanuit ouer betekenisse wat voortspruit vanuit die Ou Testament. *Didasko* word in die Septuagint (LXX) gebruik om die Hebreeuse woord '*Lmd*' te vertaal. Saucy (1994:81) wys dat Joodse onderrig kennis gekommunikeer het en dit was gerig op die verandering van die totale lewe van die leerling. Saucy (1994:146) verwys na Wergenast wat aantoon dat die betekenis van '*didasko*' in die LXX nie primêr beteken om kennis en vaardigheid te kommunikeer nie, maar eerder onderrig oor hoe om te lewe met die hoofsaaklike inhoud, naamlik die wil van God. Die bediening van onderrig wat oorgedra is vanuit die Ou Testament na die vroeë Christelike kerk was primêr gemoeid met die hele mens en onderrig tot op die diepste vlak. Met ander woorde, onderrig was nie net gerig op die verstand nie, maar op die hele persoon - dit wou uiteindelik die wil van die leerling vorm (Saucy, 1994:82).

- ***Didaskalos*** - Leermeester (Luk 5:17; Joh 3:10) - Die naamwoord 'didaskalos' is afgelei van die werkwoord *didasko* (Louw & Nida, 1989:416). Die woord dui op die één wat ander leer/onderrig: *leermeester, leraar, instrukteur* of *meester* (Zodiates, 1992:449; Louw & Nida, 1989:416). Volgens Mare (1960 :146) verwys '*didaskolos*' in die Nuwe Testament na dié persone wat die wil en Woord van God op sistematiese wyse onderrig en uitgelê het. Keller (1998:455) wys op die feit dat daar binne hierdie verband ook 'n hele aantal woorde is wat na Jesus verwys het as Leermeester, naamlik didaskalos, rabbi, rabboni, epistatã en epistates. Die mees algemene woord was egter '*didaskalos*'. Dit kom 58 keer in die Nuwe Testament voor en verwys *41 keer na Jesus as leermeester* (Keller, 1998:451; Zodiates, 1992: 449; Zodiates, 1991:1027). Volgens Keller (1998:452) het Jesus ook soos die rabbi's geleer, maar daar was tog ook noemenswaardige verskille tussen Jesus en die Joodse rabbi's. Een van hierdie verskille was dat Jesus se leringe nie informasie was nie, maar transformasie (Keller, 1998:455). Jesus se leerlinge word geroep om saam met hom die ware weg te bewandel, om na sy woorde te luister, om sy voorbeeld te volg en om verander en getransformeer te word.

- ***Didaskalia*** - is afgelei van *didasko* (Louw & Nida, 1989:415). *Didaskalia* kom 21 keer in die Nuwe Testament voor en volgens Louw en Nida (1989:15) verwys die woord na die inhoud van wat geleer word ("doctrine", "teachings"). In 2 Tim 3:16 dra *didaskalia* volgens Zuck en Getz (1980:23) die gedagte van Bybelonderrig, met ander woorde die onderrig van die waarheid.

- ***Didaktikos*** - Die woord het die betekenis van "om bekwaam te wees om te onderrig", iemand wat kan onderrig (Louw & Nida, 1989:415). Didaktikos kom twee keer in die Nuwe Testament voor en verwys na die ouderlinge. In 1 Tim 3:2 sê Paulus: "'n Ouderling moet onberispelik wees, .....bekwaam om te onderrig." Vines (1996) vertaal die woord *didaktikos* soos volg: "skilled in teaching". *Didaktikos* kom ook in 2 Tim 2:24 voor en verwys na die dienskneg van die Here wat bekwaam moet wees om ander te leer.

- **Skrif met Skrif vergelyk**

Talle verdere Skrifvoorbeelde wys na die belangrikheid van onderrig in die bediening van Jesus (Keller 1998:450) Keller (1998:450) wys ook nog op die volgende Skrifvoorbeelde waardeur die belangrikheid van onderrig in die bediening van Jesus beklemtoon word: Jesus het die skares geleer (Matt 5-7); individuele onderrig (Joh 3–4); onderrig van Sy teenstanders (Luk 15) en Sy dissipels (Mark 4:10-20, 33-34; 7:17-23). Jesus het in die tempel geleer (Matt 26:55); in die sinagoge (Matt 4:23); in huise (Mark 7:17-18;9:28); van 'n boot af (Luk 5:3); op die hewels (Matt 5:1-2); by die put (Joh 4:7-30); aan tafel (Luk 7:36-50); op pad (Luk 24:13-32) en langs die kus (Mark 2:13; 4:1).

Saucy (1994:82/3) wys daarop dat onderrig ook op ander plekke in die Nuwe Testament gebruik word, byvoorbeeld:

> Matt 28:19-20: *"Gaan dan na al die nasies toe en maak al die mense my dissipels......en leer (didaskō) hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het..."*

> 2 Tim 3:16,17 : *"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig (didaskalia)" .....sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk".*

Laasvermelde gedeelte wys op die belangrikheid van die Woord van God in die onderrigproses om hulle wat in diens van God staan, volkome toe te rus. Met betrekking tot die proses van onderrig, skryf Paulus aan Timoteus in 2 Tim 2:2:

> *"Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit aan ander te leer (didaskō)".*

Saucy (1994:82/3) wys op die feit dat in die Evangelies daar primêr na Jesus verwys word as dié groot '*didaskolos*' – so byvoorbeeld Joh 13:13: " *Julle noem my Leermeester (didaskalos) en Here, en julle is reg, want Ek is dit.* " Al het Jesus se dissipels ook andere geleer, word nie na hulle verwys as leraars nie. In die res van die Nuwe Testament is dit interessant om te let op die feit dat beide die funksie van 'om te onderrig' en die titel 'Leraar' gebruik word om dié "teaching ministry" in die kerk te beskryf. Die onderrigbediening het in die Nuwe Testamentiese gemeentes op verskillende maniere en deur verskillende persone plaasgevind. In dié eerste plek was daar die wat Leraars genoem is.

Ef 4:11: "*En dit is die gawes wat Hy gegee het: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars (didaskalos)* ".

En 1Kor 12 28:

> " *En in die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars(didaskalos)....*"

Hier was die leraars daardie persone wat erken was as dié wat die onderrigbediening in die kerk gehad het. Dit is egter nie duidelik of almal wat erken was as leraars die posisie van ouderling beklee het nie en of dit ook 'n selfstandige amp in die kerk was nie (Vgl. ook 1Tim 3:2; 5:17; Tit 1:9). Die meeste verklaarders van die Nuwe Testament is dit eens dat daar ook 'n meer algemene betekenis in die Nuwe Testament aan onderrig gegee is. Kol 3:16 "*Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer (didaskõ) en onderrig mekaar met alle wysheid* ". Hier gaan dit eerder oor die meer informele onderrig en vermaning in die Nuwe Testamentiese gemeente.

- **Raadpleeg van eksegetiese bronne**

  - **Matt 4:24**

**"Hy het toe deur die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer..."**

Blomberg (1992:91) wys daarop dat dié gedeelte die openbare bediening van Jesus in lei. MacArthur (1985:123) vestig die aandag daarop dat dit nie die doel van Matteus is om te wys dat Jesus noodwendig elke dorpie in Galilea besoek het nie, maar eerder dat Jesus in daardie hele streek bedien het. Dit blyk dat Jesus hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, in die Joodse sinagoge onderrig het. MacArthur (1985:123/4) toon aan dat die sinagoge juis die plek was waar die Joodse mans aanbid het en gestudeer het. Dit het ook gedien as die plek van openbare onderrig waar jong seuns die Talmut bestudeer het en geleer skryf het. Volwasse mans het dan ook gevorderde teologiese studie daar beoefen. Die woordjie 'onderrig' beteken volgens MacArthur (1985:124) die oordra van informasie wat gewoonlik, maar nie noodwendig nie, in 'n formele situasie plaasgevind het. Hy wys dat sinagoge- onderrig basies die uitleg van die Skrif behels het - 'n gedeelte van die Tora is gelees en dan verklaar.

Volgens Vosloo en Van Rensburg (1999:1122) is die sleutelwoorde in dié teks: geleer, gepreek en gesondgemaak - dit is dan ook presies hierdie drie aktiwiteite wat Jesus se bediening gekenmerk het. Kreener (1997:100) noem dat Jesus se leringe handel oor die goeie nuus van die Koninkryk van God en dat onderrig in die Nuwe Testament oor die algemeen etiese en apologetiese instruksies behels het.

- **Joh 13:13**

**"Julle noem my Leermeester en Here en julle is reg, want Ek is dit".**

In die breë konteks van Joh 13 wys Zuck en Getz (1980:27) daarop dat Jesus sy dissipels se voete was om hulle te leer om nie mag te begeer nie, maar eerder 'n bediening om diensbaar te wees (diakonos). Hulle (1980:27) wys verder daarop dat in dié nederige diens van Jesus aan Sy dissipels die woord "doulos"(dienskneg) geïmpliseer word. Lincoln (2005:371) vestig die aandag ook op die feit dat Jesus verskeie kere in die Johannes-evangelie "leermeester" genoem word, (1:38; 3:2; 4:31; 6:25; 11:8,28) maar volgens Kruse (2003:283) is Jesus 'n ander tipe leermeester as wat die dissipels in hulle kultuur geken het (vgl. ook Whitacre 1999:332). Die feit dat Jesus hom verneder deur hulle voete te was, maak hom nie minder hulle leermeester nie, maar hierdie leermeester was sy dissipels se voete en demonstreer daardeur aan hulle deur Sy voorbeeld dat selfs die grootste onder hulle die ander moet dien (Whitacre 1999:332). Borchert (2002:85) maak die interessante observasie in hierdie verband, naamlik dat 'leermeester' hier nie slegs na 'n gewone rabbi of instrukteur verwys nie, maar eerder na Jesus as *goddelike* en *menslike* "revealer/interpreter." Borchert (2002:85) sê dat dit wat Jesus doen en ook deur sy dubbele vraag, Hy Sy dissipels op 'n plek wil bring waar hulle die spesifieke waarheid oor nederige liefdesdiens verstaan en dit dan ook toepas in hul verhouding tot mekaar – in hierdie opsig vergestalt Jesus sy lering en vra Hy nie van sy dissipels dit wat Hy nie self bereid is om te doen nie. Dit bevestig dan ook die uitspraak van Wright (2003:17) as hy konstateer dat die wyse waarop Jesus ander geleer en bedien het 'n model is vir almal wat graag ander wil help.

- **Gevolgtrekking**

  - Die leraar moet "practice what he preaches' – hy moet uitlewe dit wat hy leer en ook betrokke wees by hulle wie hy leer en onderrig.
  - Die leraar het 'n invloed op die leerling en is verantwoordelik vir onderrig.
  - Die sentrale gedagte in onderrig is *om te veroorsaak dat iemand leer/weet.* Om onderrig te gee en te leer, is nie net skolasties – net die oordra van inligting – nie maar dinamies. Dit veronderstel 'n *persoonlike verhouding* en bestaan uit leeraktiwiteite om kennis te verwerf.
  - Die krisisberadings onderrigproses is gefokus op die hele persoon en dit gaan nie soseer om teorieë of tegnieke wat uit handboeke aangeleer is nie. In hierdie verband moet die krisisberader groei as 'n mens wat vir ander 'n model of voorbeeld is van iemand wat 'n doel het in die lewe, wat bevredigende interpersoonlike verhoudings het en een wat sy lewensinsigte op 'n gepaste wyse kan toepas.

### 2.4.1.2 Die '*Charismata*' in diens van die gemeente is die basis vir toerusting in die Nuwe-Testamentiese gemeentes

- **Keuse van spesifieke teks**

***Ef 4:12: "Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus".***

Bock (1994:316) wys daarop dat die Here gawes aan die gemeente gee op grond van Christus se oorwinning en opstanding uit die dood. Hierdie gawes is mense wat die gemeente moet toerus, sodat die toegeruste lede mekaar deur hul geestelike gawes kan dien en die liggaam opgebou en versorg kan word (Bock, 1994:316). Tan (1991:72) sê die volgende in verband met die geestelike gawes van gemeentelede:

> " [I]t should be noted that the Bible also teaches that some Christians may be specially gifted with appropriated spiritually gifts like exhortation, or paraklesis, and therefore called to spend much of their time and service in counseling"

Liefeld (1997:103) wys ook uit dat dit nie in Ef 4:11 gaan oor sekere vermoëns wat aan mense gegee word nie, maar eerder mense wat God aan die Kerk gegee het. Ridderbos (1997: 442) stel dit in hierdie verband dat alles wat die Here aan sy Kerk gee vir sy versorging en opbouing, gesien kan word as 'n gawe van God aan die gemeente. Hierdié gawes van God moet hulle pligte met ywer en nederigheid uitvoer, diep bewus dat hulle 'n *gawe* van die *Heilige Gees* aan die kerk *is* (Louw 1993:35). God se plan is om mense as gawes aan die gemeente te gee sodat die gemeentelede toegerus sal word om mekaar onderling te versorg. Die doel hiervan is dat gelowiges as individue opgebou sal word en die gemeente van die Here uitgebou kan word. Die rede waarom mense egter heel dikwels nie betrokke raak by die lewens van ander mense nie, is omdat hulle onbekwaam of ontoereikend voel (Wright, 2004:10). Crews (2002:1) is van mening dat dié probleem opgelos kan word deur die waarde van gemeentelede as krisisberaders te erken en hulle dienooreenkomstig te bemagtig en toe te rus (vgl. Ef 4:12).

- **Plek van die teks binne die Efesiër- brief**

Vosloo en Van Rensburg (1993:1822) deel die Efesiër-brief in die volgende vier hoofgedeeltes in:

A. Briefaanhef (1:1-2)

B. God se verlossingswerk (1:3-3:21)

   1. Lofroep aan God en die rede daarvoor (1:3-14)
   2. Paulus se danksegging (1:15-23)
   3. Die gevolge van God se handelinge vir die gelowige (2:1-22)
   4. Die gevolge van God se handelinge vir Paulus (3:1-21)

C. Oproep op grond van god se verlossingswerk (4:1- 6:20)

1. Handhaaf eenheid onder gelowiges ( 4:1-16)
2. Breek met die ou mens en lewe as nuwe mense ( 4:17-5:5)
3. Lewe as mense van die lig (5:6-20)
4. Riglyne vir gedrag binne verhoudings ( 5:21-6:9)
5. Oproep om tot die einde toe op die pos te bly ( 6:10-20)

D. Briefslot (6:21-24)

Ef 4:12 staan binne die gedeelte waar die fokus sterk val op die dag-tot-dag praktiese inrigting van die lewe. Dit gaan verder hier ook oor die eenheid wat gehandhaaf moet word onder gelowiges. Die verheerlikte Christus gee aan die gemeente verskillende begaafde bedienaars, wat gebruik moet word om die gelowiges toe te rus vir hulle diens aan mekaar sodat die liggaam opgebou kan word tot geestelike volwassenheid. Hierdie volwassenheid bring standvastigheid en eenheid in die gemeente.

- **Probleemstelling**

Crews (2002:1)wys op die groot nood wat daar bestaan om hulpverlening te bied aan mense wat deur pyn en lyding gaan. In hierdie verband maak sy die belangrike stelling:

> "[T]here is enough pain and suffering around us to keep both professional and lay counselors busily engaged in their particular ministry."

Die probleem is egter dat die leke-beraders in die kerk oor die algemeen nie goed toegerus is nie. Mumbower (2002:1) is van mening dat 'n beradingsbediening wat deeglik is in aanbieding en plaasvind binne die grense van die plaaslike gemeente, 'n dinamiese ondersteunende bydrae kan lewer in die gemeente sowel as in die gemeenskap. Hy wys ook op die noodsaaklikheid dat ampsdraers lidmate sal kan help tydens 'n krisis sowel as om self deeglik toegerus te wees. Tan (2002:3) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat opgeleide leraars wat geskool is in hulpverlening gebruik moet word in die opleiding en supervisie van leke-beraders. Uitsprake soos hierdie bevestig die noodsaaklikheid van die toerusting van die leraar asook leke-beraders. 'n Kardinale probleem in hierdie verband is egter die feit dat toegeruste ampsdraers wat primêr verantwoordelik is vir gemeentelike versorging, onmoontlik nie alleen die geweldige vloedgolf van pyn en lyding in die gemeente en samelewing kan bedien nie - daarom die belangrikheid van die verdere toerusting van leke-beraders (Crews, 2002:1; Mac Arthur, 1986:152).

- **Woordstudie**

Die Here gee mense as gawes aan die gemeente om die gemeente toe te rus sodat die toegeruste lede weer deur hulle geestelike gawes ander gelowiges kan dien en die liggaam sodoende opgebou en versorg kan word. Met dit ingedagte is die volgende Bybelse terme van besondere belang betreffende hierdie proses: *charisma*, *katartismos* en *diakonia.*

- ***Charisma*** (Rom 12:6; 1 Kor 12:4,9,28; Ef 4:,11,12; 1Tim 4:14, 1 Pet 4:10) - Die woord kom 17 keer in die Nuwe Testament voor. Elf keer verwys dit na geestelike gawes en ses keer na saligheid (MacArthur 1983:56). Volgens Louw en Nida ( 1989:569) is charis en '*charisma*' afgelei van '*charizomai*' wat beteken 'to give graciously and generously". Volgens Zodiates (1992:967) hou dit ook verband met '*charis*'(genade) met die agtervoegsel '*ma,*' wat na die resultate van die genade wys (vgl ook MacArthur 1984:19,290). Dit beteken dan 'n geskenk van genade, 'n onverdiende voordeel van God (Rom 1:11; 1Tim 4:14). MacArthur (1984:19) wys daarop dat die Engelse woord "Charismatic " van die meervoud '*charsimata*' kom wat beteken "[t]he endowment by God of gracious gifts to his people to minister to His church". Die Griekse woord '*charisma*' is een van die belangrikste kwalifikasies vir almal wat ander wil opbou of toerus in die gemeente (Ridderbos, 1997:442). Fee (1994:887) is van mening die woord "*charisma*" kan na die algemene bediening van gee en omgee binne 'n pastorale konteks in die gemeente verwys (Rom 12:7,8; 1Kor 12:28). Hierdie tipe gawes is meer algemeen en volgens Fee (1994:887 ) wys dit op die breër reeks van aktiwiteite van die Gees binne die geloofsgemeenskap. Ridderbos (1997:442) wys ook daarop dat '*charisma*' alles is wat die Heilige Gees wil gebruik vir die toerusting en opbouing van die Kerk. Hy maak ook die belangrike stelling dat daar in die gebruik van die woord '*charisma*' deur Paulus nie 'n onderskeid gemaak kan word tussen charismatiese en nie-charismatiese bediening in die kerk nie - die '*charismata*' is gevolglik die basis vir alle bedieninge wat in die Nuwe Testamentiese gemeentes plaasgevind het (Ridderbos, 1997:442).

- ***Katartismos*** (Ef 4:12) - Volgens Louw en Nida (1989: 680) beteken hierdie Griekse woord "to make someone completely, adequate or sufficient for something." Volgens Zodiates (1992:926) beteken die woord voltooid of perfeksie. MacArthur (1986:152) beskryf die betekenis van hierdie woord as dit wat gepas is, om te herstel tot oorspronklike kondisie en om te voltooi. Volgens Louw (1993:28) dui die woord '*katartismos*' op die aksie om iemand sodanig toe te rus dat hy bekwaam sal wees om sy werk te kan doen - letterlik om iemand volkome voor te berei. In Gal 6:1 dui hierdie toerustingswerk op die proses van reghelp, wat in die gees van sagmoedigheid moet geskied. In Ef 4:12 word hierdie woord gevind in kombinasie met die gedagte van die "opbou" van die gemeente (Louw, 1993:29).

- ***Diakonia*** - Volgens Zodiates (1991:1248) word hierdie woord afgelei van *diakanos* wat vertaal word met 'diaken' of 'diens.' Volgens Louw en Nida (1989:460) dui dit op dienswerk en om te help om sekere take te verrig. Zodiates (1992:902) beskryf dit met die terme "serviceable labor, service". Diakonia het ook te doen met versorgende liefde vir mede Christene (Zodiates, 1992:902). Elke aksie of bediening wat tot voordeel van die gemeente plaasvind, kan 'n 'diakonia' genoem word. Ridderbos (1997:440) wys dat saam met *charisma* is *diakonia* die belangrikste kwalifikasies vir almal wat ander in die gemeente wil opbou of toerus en hy beskryf die verhouding tussen hierdie twee aspekte soos volg:

"[G]enerally therefore , the charisma acts in the church as a ministry and finds its destiny and its criterion only in its character as ministry."

Wat Ridderbos dus sê, is dat die gawes tot verwesenliking kom as dit in diens (diakonia) gestel word van die gemeente of as die gemeente bedien word deur die gawes.

- **Skrif met Skrif vergelyk**

Verskeie Skrifgedeeltes ondersteun die gedagte dat die gawes wat God aan die gemeente gegee het, moet dien tot toerusting en opbouing van die gemeente. So is daar byvoorbeeld 1 Kor 12:4-7:

*"Daar is verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee, daar is "n verskeidenheid van bedienings, maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee, daar is verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring. Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal."*

So ook 1Pet 4:10 :

*"As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien."*

- **Raadpleeg van eksegetiese bronne**

  - **Ef 4:12**

**"Sy doel daarmee was...."**

Volgens Leifeld (1997:103) is die gawes wat God gegee het aan die Kerk in Ef 4:11 nie soseer spesifieke vermoëns, nie maar wel die persone as sodanig (Apostels, Profete, Evangeliste, Herders en Leraars). Met dit in gedagte beskryf Ef 4:12 die rede waarom God hierdie mense as gawes aan die gemeente gegee het (Lincoln 1990:249).

**"... om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus."**

Liefeld (1997:106) toon dat daar eksegetiese probleme met die verklaring van die drie frases "om toe te rus", "vir diens", en "vir opbou" is. Die vraag is of die drie agtereenvolgende frases verstaan moet word as parallelle of verskillende uitdrukkings. As die drie frases as parallelle uitdrukkings verstaan word, is die implikasie dat die taak van die bedienaars van die gemeente is om die heiliges te voltooi of te herstel; om die heiliges te bedien en hulle op te bou (Leifeld, 1997:106-7; Lincoln, 1990:251). Volgens hierdie verklaring is daar dan drie redes waarom die verheerlikte Christus Apostels, Profete, Evangeliste, Herders en Leraars aan die gemeente gegee het. As die drie

frases egter verstaan word as verskillende uitdrukkings, dan beteken dit dat God die begaafde bedienaars aan die gemeente gegee het om die heiliges toe te rus/voor te berei sodat die toegeruste heiliges mekaar sal dien en die liggaam van Christus opgebou kan word tot volwassenheid (Muddiman, 2001:200; Foulkes, 1989:128; Vosloo en Van Rensburg, 1999:1575; Mac Arthur 1986:152-156). Dit is duidelik dat daar nie eenstemmigheid by Bybel kommentators oor die uitleg van Ef 4:12 is nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat Ef 4:12 binne die perikoop staan wat handel oor die handhawing van eenheid onder alle gelowiges en wil wys hoe hierdie eenheid bereik kan word. In hierdie verband sê MacArthur (1986:152) dat die toegeruste ampsdraers wat primêr verantwoordelik is vir gemeentelike versorging van die gelowiges, onmoontlik alleen die geweldige vloedgolf van pyn en lyding in die gemeente en samelewing kan bedien - daarom is die verdere toerusting van gelowiges van kardinale belang.

- **Gevolgtrekking**

  - Die geroepe bedienaars, as gawes van die Heilige Gees aan die gemeente, is primêr verantwoordelik om gelowiges sodanig toe te rus dat hulle bekwaam sal wees om hulle werk te kan doen.
  - Die toegeruste gemeentelede se gawes kom tot verwesenliking wanneer hulle ander gelowiges daarmee bedien.
  - Die doel van die toerusting en diens is dat die gelowiges as geestelike liggaam opgebou kan word.
  - Die opbou van die gelowiges as liggaam is uiteindelik daarop gefokus om hulle te begelei na geestelike volwassenheid.

### 2.4.2 Pastorale versorging binne die Nuwe-Testamentiese konteks

#### 2.4.2.1 Die pastoraat moet dien as troos, sorg en hulp vir die mens in krisis

- **Keuse van spesifieke teks**

  **Hand 20:28 *"Pas julleself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun*".**

Herman (1992:133) wys op die feit dat die herstel/genesing ná intense krisiservarings normaalweg nie kan plaasvind in isolasie nie, maar eerder binne die wisselwerking van verhoudinge met ander. Hier kan die kerk dus 'n besondere rol vervul. Hicks (1996:85) wys ook op die kritiese belangrikheid van die rol van ondersteuningsgroepe (soos byvoorbeeld 'n selgroep of 'n omgeegroep) met betrekking tot die afplatting van die stresvlakke na krisisse. Binne gesonde verhoudings word die fakulteite – vertroue, outonomie, aanvoeling, bekwaamheid, identiteit en intimiteit - wat deur die trauma beskadig en vervorm is, weer herstel. Hierdie genesende verhouding kan wees met 'n berader, familielid, lewensmaat, vriend, medegelowige/s of die leraar.

Dit gaan juis in die pastoraat om 'n kommunikasiegebeurtenis waarin die sieleherders bemiddelend moet optree met behulp van die '*Parakletos*' in die naam van Jesus die Middelaar, tot troos, sorg en hulp vir die persone in 'n krisis (Louw, 1993:58). Louw (1993:27) wys verder ook op die feit dat die toesighoudende funksie van die herders/ouderlinge juis nie gerig is op *kontrole* en *inspeksie* nie, maar op *versorging, troos en hulp* (Hand 20:28). Met die voorafgaande in gedagte beteken dit dat die pastoraat wesenlik paraklese of trooshulp beoog. Louw (1993:58) se stelling in dié verband is dan spesifiek belangrik wanneer hy konstateer dat 'n *pastorale gemeente* in terme van die gawes van die Heilige Gees wesenlik 'n *charismatiese gemeente* is, wat in liefde daadwerklik betrokke raak by die nood van mense.

- **Plek van die teks binne die Handelinge-boek**

Vosloo en Van Rensburg (1993:1645) deel die Handelinge boek in die volgende twee hoofgedeeltes:

A. Petrus se bediening (1-1-12:25)

B. Paulus se bediening (13:1—28:31)

1. Eerste sendingreis (13:1-14:28)
2. Die Christelike leiers in Jerusalem byeen (15:1-35)
3. Tweede sendingreis (15:36-18:22)
4. Derde sendingreis (18:23-21:17)
5. Paulus word verhoor (21:18-28:31)

Hand 20:28 staan binne die hoof afdeling "Paulus se bediening" en is deel van 'n perikoop (18:23-21:17) wat handel oor Paulus se derde laaste sendingreis. Die teksvers staan in die onmiddellike konteks van 20:17-38 wat handel oor Paulus se afskeidsgesprek met die ouderlinge van Efese. Binne dié gesprek gee Paulus in 20:28-35 aan die ouderlinge van Efese die opdrag om die gemeente van die Here te versorg en te beskerm na sy vertrek.

- **Probleemstelling**

Trauma en krisisse het die volgende ernstige gevolge op *interpersoonlike verhouding*: Verbreking en diskonnektering van gesins-, vriendskaps- en liefdesbande; onvermoë om in 'n naby of intieme verhouding te wees; seksuele probleme; vyandigheid en argumente met familie, werkgewer en kollegas; sosiale onttrekking/isolasie; en die gevoel van konstante bedreiging (Herman, 1992:51). Herman (1992:133) wys verder daarop dat die kern van psigologiese trauma "disempowerment" is. Daarom is herstel gebaseer op die bemagtiging van die oorlewende en die skep van nuwe verbintenisse. *Verhoudingsdiskonneksies* kan behandel word deur interpersoonlike strategieë, byvoorbeeld die ontwikkeling van vertouensverhoudings; *sosiale afsondering* kan behandel word deur sosiale strategieë soos byvoorbeeld die mobilisering van natuurlike ondersteuningsnetwerke naamlik familie, lewensmaats, vriende asook die interaksie binne die konteks van die *plaaslike gemeente se lidmate en pastor.*

- **Woordstudie**

Die belangrikste Bybelse terme wat die bediening van die pastoraat tot sorg, troos en hulp aan mense tydens 'n krisis of 'n trauma beskryf, is die volgende:'*poimen*', '*episkopos*' en '*parakaleo*'

- ***Poimen*** - (Matt 9:36; Joh 10:2, 16; 1 Pet 2:25; Ef 4:11) - Die Griekse woord 'poimen' (*herder*) kom 18 keer in die Nuwe Testament voor en dui op iemand wat skape versorg (Zodiates, 1991:1148; Louw en Nida, 1989:518). Dit is ook die perfekte beeld vir iemand wat mense geestelik voed en versorg, wat waak oor hulle siele en ondersteuning gee aan dié wat aan hom toevertrou is (Louw en Nida, 1989:542; Louw, 1993:35; ) Louw (1993:27) wys ook daarop dat die verantwoordelikheid ten opsigte van die geestelike welsyn van die gemeente 'n belangrike faktor vir die herder was en steeds is. Liefde is 'n fundamentele voorvereiste ten opsigte van diegene wat geroep word om as herders op te tree (Joh 21:15-18). Die pligte van die herder moet met ywer en nederigheid uitgevoer word, diep bewus dat die gawe om die gemeente herderlik te versorg van die Heilige Gees kom (Hand 20:28). Volgens Louw (1993:35) is dit juis hierdie metafoor wat God gebruik om Sy liefde vir mense tot uitdrukking te bring - Jesus se liefde en innige meegevoel word ook daardeur gekommunikeer (Matt 9:36).

- ***Episkopos*** - Die *herder* van die gemeente is die *epískopos.* Die benaming kom 5 keer in die Nuwe Testament voor met die betekenis van opsiener of "guardian/keeper" (Mac Arthur, 1986:144; Louw & Nida, 1989:462). Die opsieners/ouderlinge moes die gemeente wat Jesus deur sy bloed gekoop het, beskerm en voed (Hand 20:28). Die deernis van die pastorale bedienaar kommunikeer nie bloot menslike sensitiwiteit nie, maar ook God die Vader se ontferming en liefde soos wat dit tot uitdrukking kom in Christus se identifikasie met sy kinders se menslike leed (Louw 1993:35). Louw (1993:27) dui verder aan dat die gedagte van omsien na en bekommerd wees oor die welsyn van die kudde van die Here, juis na vore tree in die konsep *episkopein*, om toesig te hou oor, en om te sien na. Volgens hom is die toesighoudende funksie van die ouderling in Hand 20:28 nie gerig op *kontrole* en *inspeksie* nie, maar op *versorging.* Dit geskied vanuit 'n diepe verantwoordelikheidsbesef met betrekking tot die *opbou van die gemeente tot geloofsvolwassenheid.*

- ***Parakaleo*** - Hierdie werkwoord wat ook as *bemoedig* vertaal kan word, kom 108 keer in die Nuwe Testament voor (Zodiates, 1991:1133). Louw en Nida (1989:306) is van mening dat die woord beteken om iemand te bemoedig op 'n verbale of nie-verbale wyse. Dit het verder verskeie betekenisse, byvoorbeeld: *te roep om te help, oproep, uitnooi, teregwys, vermaan, troos, bemoedig, bystaan* (Louw, 1993: 29; Louw en Nida, 1989:185 ; Mac Arthur, 1986:118,148) Die woord *parakletos* ("helper, advokaat, berader, trooster, oortuiger") wat in die Nuwe Testament in sommige tekste na die Heilige Gees as helper/vertrooster verwys (Louw 1993:30) is dan ook afgelei van *parakaleo.* Louw (1993:32) wys ook daarop dat *parakletos*, verwysende na die Heilige Gees, nie 'n passiewe benaming aandui nie, maar konkrete hulp. Die *parakletos* is die Een wat gestuur is en wat in daad en werklikheid aktiewe hulp verskaf aan die een in nood (Louw, 1993:32). *Parakaleo* beskryf ook die *trooswerk* van die Skrif met die oog op *hoop* in *lyding* (Louw, 1993:35) -

dit beskryf 'n werklike toestand van verandering by die mens. Die troos in Christus werk 'n eensgesindheid onder die gelowiges wat hulle van hulle selfsug verlos (Louw, 1993:35). Die *paraklese* stig ook 'n onderlinge verbondenheid tussen gelowiges wat hulle in staat stel om in alle opsigte na Christus toe te laat groei (Louw, 1993:35). Die vertroosting kommunikeer wesenlik die toekomsdimensie van die Christelike hoop (vgl. 1 Tess 4:18). Hier vind die onderlinge bemoediging plaas op grond van die wete (v. 14) dat Jesus opgestaan het en weer sal kom - daarom word daar 'n sterk gedagte van hoop/toekomsverwagtinge/visie in die *paraklese* gevind (Louw, 1993:35/6).

- **Skrif met Skrif vergelyk**

Matt 9:36 is 'n verdere voorbeeld waar die Herders-metafoor liefde en innige meegevoel kommunikeer:

> "*En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie.*"

Die woord wat as *innig jammer* vertaal is, '*splangnizomai*', beteken om gedryf te word deur meegevoel/om medelye te hê (Rienecker & Rogers, 1976:171), dit wil sê met intense gevoelens wat diep vanuit jou ingewande/binneste kom. Daar is destyds geglo dat die ingewande die setel van liefde is en daarom sou alle gevoelens van jammerte en empatie dan ook hier gesetel wees (Thayer, 1983:584). By hierdie geleentheid was die skare al drie dae besig om vir Jesus te volg, waarskynlik met min of geen voedselvoorsiening nie.

Verdere voorbeelde waar die Herders-metafoor medelye kommunikeer, is in die gelykenisse van die Barmhartige Samaritaan en die Verlore Seun. Albei gelykenisse bevat 'n oproep tot *liefdevolle toetrede in die lewens van mense in nood.* In die eerste (Luk 10:33-35) word empatie nie net *gevoel* nie, maar in *konkrete dade gedemonstreer* (Barclay, 1975:33). Die slotopmerking aan die wetgeleerde om ook so op te tree daag 'n blote godsdienstigheid uit tot handeling. Dit kan tot uiting kom in fisiese en psigiese aanraking, byvoorbeeld deur kommunikasie. Getraumatiseerde mense kan byvoorbeeld gehelp word om deur die pyn te werk wat hulle oorweldig het (Hicks, 1996:80). Die innige meegevoel word gekommunikeur deur woorde en dade en word dan as 'n ware ontmoeting beleef. Die tweede gelykenis is dié van die Verlore Seun (en die wagtende vader) – Luk 15:20:

> "*En hy het opgestaan en na sy vader gegaan. En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen.*"

In hierdie konteks word God se genade vir verlore mense gedemonstreer, terwyl die verhaal van die gelykenis ryk is aan kulturele nuansering wat demonstreer hoe ver God sal gaan om sy genade te betoon - dit druis in teen die Fariseërs en Skrifgeleerdes se murmurering dat Jesus hom met sondaars ophou. Die lering wat Jesus tuisbring, is dat God bo alles *barmhartig* en *genadig* is.

- **Raadpleeg van eksegetiese bronne**

  - **Hand 20:28**

**"Pas julle self op en die hele kudde..."**

Vosloo en Van Rensburg (1999:1429) wys dat die geestelike leiers ten eerste ag moet gee op hulle eie geestelike lewens, met ander woorde, hulle moet nie net vir ander die pad na die lewe aanwys nie, maar moet self daarop loop. Marshall (1989:333) toon verder dat wanneer die geestelike leiers self getrou aan God bly, hulle kan verwag dat die gemeente dit ook sal doen. Daar word hier na die gemeente verwys as die kudde van God, wat 'n bekende Ou Testamentiese metafoor is vir die volk van die Here (Marshall, 1989:333). Larkin (1995:297) maak 'n verder interessante opmerking, naamlik dat Lukas altyd na die ouderlinge in die meervoud verwys. Dit beteken dat die versorging van die Here se kudde die kollektiewe taak van al die opsigters is en uiteindelik die taak van die hele gemeente 'n *Pastorale gemeente* is in terme van die gawes van die Heilige Gees wesenlik 'n *charismatiese gemeente*, wat in die liefde daadwerklik betrokke raak by die nood van mense.

**"... wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het..."**

Vosloo en Van Rensburg (1999:1429: vgl ook Marshall, 1989:333 en Larkin, 1959:297) wys daarop dat Paulus die aanstelling en roeping van die *'episkopos'* sien as van die Heilige Gees.

**"Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg."**

Die metafoor van 'n herder wat sy kudde versorg, word hier deur Paulus gebruik om die verantwoordelikheid van die kerk se leiers te verduidelik (Vosloo en Van Rensburg, 1999:1429). Stander en Louw (1990:135/6) gee die take van die herder in die Bybelse tyd soos volg aan: Beskerming teen wilde diere, moeg en siek skape is gedra, afgedwaalde skape is gaan soek en skape word gelei na voeding (Joh 21:16). Marshall (1989:333) wys daarop dat die woord 'guardian/episkopos' die gedagte het van geestelike toesig en pastorale sorg (1Pet 5:2).

**"... wat Hy vir hom verkry het deur die bloed van Sy eie Seun."**

Die gemeente is nie die eiendom van die ouderlinge nie, maar God s'n, wat Hy gekoop het met sy bloed (Larkin, 1995:298).

- **Gevolgtrekking**

  - Die pastoraat is 'n ontmoeting en kommunikasie gebeure waarin die herders bemiddelend moet optree met behulp van die '*Parakletos*' in die naam van Jesus die Middelaar tot troos, sorg en hulp vir persone in 'n krisis.
  - Met die voorafgaande in gedagte, impliseer dit dat die pastoraat wesenlik paraklese of trooshulp beoog.
  - Die ouderlinge se taak as opsieners is om die gemeente van die Here te versorg, waaroor Hy hulle aangestel het.

- o Die versorging van diegene in nood is die kollektiewe taak van die herders en uiteindelik die taak van die hele gemeente.

### 2.4.3 Die lydensvraagstuk

#### 2.4.3.1 'n Lewende besef van wie God werklik is, kan help om 'n klimaat te skep waarbinne krisisse deurgewerk kan word

- **Keuse van spesifieke teks**

**Ps 73**

In verband met lyding en God, sê Hicks(1996:110) dat "... the alternative to disappointment with God seems to be disappointment without God," en verder (1996:114) dat tensy 'n mens met jou kop in die sand lewe, jy sal moet erken dat boosheid bestaan en dat lyding 'n werklikheid is.

Die bostaande lei onwillekeurig tot die vraag na waarom God toelaat dat die wêreld vol swaarkry en lyding is. As God liefde en daarby almagtig is, kan Hy seer sekerlik die swaarkry in hierdie wêreld laat ophou? Heyns (1978:162) toon aan dat dié vraag in wese handel oor God se bestuur van die wêreld (vgl. ook Marais, 1995:1). Die woord *teodisee* word afgelei van twee Griekse woorde, naamlik *theos* (God) en *dike* (geregtigheid of regverdigheid)(Lowery, 1994:246; Higgs, 1977:6). Die *teodisee*-vraagstuk word gevolglik gebruik vir die verdediging van die geregtigheid en regverdigheid van God in die aangesig/lig van die bestaan van boosheid in hierdie wêreld (Lowery,1994:246; Higgs,1977:6). Die worsteling met die teodisee-vraag wil dan probeer om die bestaan van Satan, sonde, boosheid en lyding in die lig van God se goedheid en almag te verstaan. Dit wil verder aantoon dat ten spyte van raaiselagtige en skokkende gebeure, God se bestuur van hierdie wêreld regverdig is en vertrou kan word (Heyns, 1978:162).

Hierdie vraag is in die konteks van hierdie studie baie belangrik juis omdat mense wat getraumatiseer is, vra na die *sin* van dit wat met hulle gebeur het. Getraumatiseerde persone vra ook na *geregtigheid,* met ander woorde: Waarom het dit met my gebeur? (Hicks, 1996:16-30) Louw (1993:290) wys ook daarop dat lyding dit is wat 'n mens se lewe *ontwrig* en sy *normale lewensritme versteur.* Tydens intense lyding is waarneming en emosies onder verdenking (Dobson 1993:41-2). Emosies en denke word 'n filter waardeur die persoon God nou beleef en daarom voel God vêr en kan die persoon nie bid en met Hom praat nie. Crabb (2002:21,29) verwys na die sogenaamde "unresponsive" God. Dit lyk en voel asof God ver en onbetrokke staan teenoor die mens in lyding. Die evaluering van die lydensfaktor sal volgens Louw(1993:291) aantoon in watter mate 'n persoon se *godsdienservaring, godsdienste konsepte en konsepte van God* verwring is. Die persone wat deur intense lyding gaan, verloor ook hul gevoel van *onaantasbaarheid.* Die wêreld is nie meer die *veilige plek* wat dit nog altyd vir

hulle was nie, maar is eerder nou 'n bose en gevaarlike omgewing om in te lewe (Coetzer, 2005:24; Herman, 2001:51). Ps. 73 handel juis oor die soeke na sin en geregtigheid. Die psalmis beleef 'n geloofsprobleem omdat wat hy sien en beleef, nie klop met dit wat hy oor God glo nie. Die digter worstel ook met die vraagstuk of God se regering van die wêreld regverdig is. Hy kry uiteindelik vrede wanneer hy in die heiligdom God ontmoet en 'n ewigheidsperspektief verkry en dan met sekerheid weet dat sy lewe in die hande van God is.

- **Plek van die teks binne die Psalm bundel**

Vosloo en Van Rensburg (1993:753) verdeel die Psalm-bundel in die volgende vyf boeke:

A. Die eerste boek van die Psalms (1:1-41:14)
B. Die tweede boek van die Psalms (42:1-72:20)
C. <u>Die derde boek van die Psalms</u> (73:1-89:53)
D. Die vierde boek van die Psalms (90:1-106:48)
E. Die vyfde boek van die Psalms (107:1-150:6)

Elf van die psalms van die derde boek van die Psalms dra die naam van Asaf , stigter van een van die tempelkore (Kidner, 1975:259; Famer, 1989:835). Ps. 73 is dan een van die psalms wat aan Asaf toegedig word. Vosloo en Van Rensburg (1999:656) is van mening dat Ps. 73 'n wysheidspsalm is, wat die belydenis dat God goed is, wil versterk (vgl. ook Lindstrom, 2003: 289).

- **Probleemstelling**

Yancey (1990:19) verwys na die Duitse teoloog, Helmut Thielicke, wat ná 'n uitgebreide toer deur die VSA 'n baie belangrike opmerking gemaak het, naamlik dat die Amerikaanse kerk 'n ontoereikende siening oor lyding het. Soos reeds vermeld in hoofstuk een, is dit die navorser se mening as predikant met meer as veertien jaar ondervinding in die bediening, dat dieselfde ontoereikende siening oor lyding ook waar is van die kerk oor die algemeen in Suid Afrika - daarom die noodsaaklikheid dat die lydensvraagstuk veel meer aandag moet geniet in die prediking en lering wat in die kerk aangebied word. Stone (1993:29) wys verder dat 'n krisis ook geloofsvrae, soos byvoorbeeld die volgende bring: Wat is die sin van die lewe? Is die lewe die moeite werd in die lig van al die pyn? Waarom het dit met my gebeur? Stone (1993:29) maak vervolgens die belangrike opmerking dat indien die leraar slegs die psigiese (emosies, gedagtes, keuses) en fisiese aspekte van die krisis hanteer sonder om ook die geestelike aspek te hanteer, die mens in krisis nie waarlik holisties hanteer word nie. Die persoon in krisis is enersyds in 'n toestand van verhoogde psigologiese toeganklikheid, en andersyds in 'n toestand van disekwilibrium, met ander woorde in gevaar (Stone, 1993:29). Omdat persone wat 'n krisis beleef het kwaad mag wees vir God en Hom verantwoordelik hou vir wat gebeur het, sal dit nodig wees om miskonsepsies oor God reg te stel. 'n Lewende besef van wie God werklik is, kan gevolglik help om 'n klimaat te skep wat kan help om sekere wanpersepsies en negatiewe gevoelens oor God te verander. Hernude vertroue in wie God is, skep hoop en berusting wat kan lei tot genesing, en dit help ook om vanuit 'n nuwe perspektief na die ramp/krisis van die verlede te kyk.

- **Skrif met Skrif vergelyk**

Die volgende Skrifgedeeltes wys na sekere aspekte van God en sy bestuur van die wêreld en staaf ook die almag van God: Gen 45:5-8,50:19; Lev 20:7; Lev 22:32; Rig 14:4; 2 Sam 24; vgl. 1 Kron 21:1-7; 1 Kon 8:57-60; Jes 10:5; Jer 29:10-14; Jer 52:3; Joël 2:32; Hag 1:1-14 (Carson, 1981:11-17).

Wat die menslike verantwoordelikheid betref, verwys Carson (1981:18-23) na die volgende Skrifgedeeltes: *die mens ontvang 'n groot hoeveelheid vermanings en opdragte* (vgl. Gen 2:16; Gen 6:13; Gen 17:1-6; Jes 55:6v; Am 5:6-9; Sef 2:3); *die mens kan glo, gehoorsaam wees en kies* (vgl.. Gen 15:4-6; Gen 22:16-18; Eks 9:8; Deut 30:5,21; Jos 24:22; Num 21:2; Rig 11:30); *mense is sondig en opstandig* (vgl. Gen 6:5, Eks 32:7-14, Num 16:3-35); *die mens se sonde word deur God veroordeel* (vgl. Gen. 6-8, Eks 23:7, 2Sam 21:1, Joël 2:13, Jona 4:2); *mense word deur God getoets* (vgl. Gen 22:12, Eks 16:4, Ps 11:50); *mense ontvang goddelike beloning vir regte keuses* (vgl. Gen 22:18, Eks 1:20, Lev 9:6, Num 11:32); *menslike verantwoordelikheid kan voortspruit uit God se inisiatief* (vgl. Am 3:2, Eks 19:4-6, Deut 4:5-8, Hos 13:4, Miga 3:2); *mense se gebed is nie net vertoon nie* (vgl. Jos 10:11-14, Gen 25:21, 1 Sam 15:35-16:1); *God roep mense tot bekering* (vgl. Jes 30:18, 65:2).

Carson (1981:35) beklemtoon die feit dat bovermelde tekste in die lig van die teodisee God voorstel as soewerein, alhoewel Sy soewereiniteit nie menslike verantwoordelikheid uitkanselleer nie. As die Bybelse skrywers sê dat God iets doen, beteken dit nie dat mense maar net marionette is nie. Carson (1981:37) meen verder dat die goddelike soewereiniteit nie as 'n rede gebruik mag word om trots of gelate te wees nie, maar eerder as 'n oproep om nederig gehoorsaam en geduldig te vertrou.

Grudem (1994:323) wys na die volgende Skrifgedeeltes wat aantoon dat God op 'n nie-direkte wyse 'betrokke' is by bose gebeurtenisse in die wêreld. Dit moet egter beklemtoon word dat God nie die outeur van hierdie boosheid is nie, maar wel mense of demone wat gekies het om dit te doen (vgl.. Gen 37:4-28, 45:5, 50:20; Eks 4:21, 7:3, 9:12, 8:15, 32, 9:34; 2 Sam 12:11-12, 15-18; 2 Sam 16:5-8; 2 Sam 24:1.10, 12-17; 1Kon 11:14, 23; Job 1:12,15,17,19; 1Kon 22:23; Jer 25:9,12; Jona 2:3; Hand 4:27; Hand 2:23; 2 Tess 2:11-12). Grudem (1994:327-331) kom vervolgens tot die gevolgtrekking dat God alle dinge gebruik om sy doelwitte te bereik. Hy maak tot van boosheid gebruik ten einde dit te omskep tot Sy glorie en tot voordeel van die gelowige (Rom 8:28). Wanneer God bose mense straf, is dit om Sy geregtigheid, heiligheid en krag te demonstreer (Rom 9:14-24). Tog is God nie die bewerker/werker van boosheid/kwaad nie (Luk 22:22, Mark 14:21, Jak 1:13-14). God straf mense regverdig vir die bose dade wat hulle doen - boosheid is 'n werklikheid en daarom moet gelowiges nooit deelneem of deel hê aan bose dinge nie, want dit sal hulle en ander seermaak (Matt 6:13; Jak 5:19-20).

- **Raadpleeg van eksegetiese bronne**

  - **Ps 73**

Lindström (2003:299) kom tot die gevolgtrekking dat Ps 73 hoofsaaklik die belydenis dat God goed is, wou versterk (Ps 73:1,28) (vgl. Vosloo & Van Rensburg, 1999:656). Lindström (2003:299) wys daarop dat die psalmis op grond van die belydenis in God se goedheid die hoorders wil aanmoedig om 'n dieper verhouding met God te hê. Famer (1989:835) toon dat Ps 73 'n baie moderne en relevante vraag opper, naamlik: Wat doen jy as die waar dinge wat jy oor God vertel is, in konflik kom met jou belewenis van Hom? 'n Kognitiewe probleem - dinge wat die psalmis nie verstaan nie - word 'n geloofsprobleem (Lindström, 2003:299). Die geloofs- probleem bedreig nou die psalmis se gemeenskap met God.

Die psalm begin in vers 1 met 'n spreuk uit die volksmond, naamlik God is goed vir Israel, vir hulle wat opreg van hart is (Vosloo & Van Rensburg, 1999:656; Famer, 1989:835) Kidner (1975:259) wys daarop dat die woordjie 'hart' ses keer in die psalm voorkom. Dit is juis die toestand van die mens se hart – gedagtes en emosies wat beleef word - wat bepaal of 'n mens in die waarheid lewe, aldan nie. As die hart reg is, kan God se goedheid ondervind word. Die digter het egter 'n groot probleem met hierdie stelling dat God goed is vir Israel, want hy sê hy het begin twyfel en het byna koers verloor. Dit blyk op hierdie punt dat daar 'n teenstrydigheid is tussen die geloof van Israel en die werklikheid van die lewe (Famer, 1989:835).

In verse 3-12 gee die psalmis nou die eerste rede waarom hy getwyfel het in die goedheid van God, naamlik die voorspoed van die goddelose (Vosloo & Van Rensburg, 1999:656). Hierdie voorspoed maak die goddelose hoogmoedig en dit veroorsaak dat hulle geweld gebruik om hul sin te kry. Hulle minag selfs vir God as hulle vra hoe sal die Allerhoogste dit weet? (Famer, 1989:835).Die tweede rede waarom die psalmis getwyfel het in die goedheid van God (verse 13-17), gaan oor die teëspoed wat hy as opregte persoon self beleef het. Alhoewel hy kwaad vermy het en onskuldig was aan die oortredings van die goddelose, het dinge vir hom verkeerd geloop (Vosloo & Van Rensburg, 1999:656; Famer, 1989:835). Hoe meer die psalmis die sin van dit alles probeer verstaan, hoe meer onverstaanbaar het dit vir hom geword (Vosloo & Van Rensburg, 1999:656). Daar is by hom 'n besef dat dit wat hy sê, diegene verloën wat aan God behoort. Kidner (1975:261) wys dat voor die psalmis se ontmoeting met God hy eers diep nagedink het om te probeer om alles te verstaan. Alles verander egter toe hy in die heiligdom ingegaan het (vers 17). Daar in die heiligdom ontvang hy 'n openbaring van God (Famer, 1989:835). Die verligting is nie verstandelik nie, maar moreel: die wegdraai van selfgerigtheid en self bejammering na God self (Kidner, 1975:259). Dit is juis ná die ontmoeting met God dat die psalmis 'n nuwe perspektief op die lewe en die sin daarvan kry. Dit is nie wat nou met die mens gebeur wat belangrik is nie, maar wat hulle uiteinde gaan wees (Vosloo & Van Rensburg, 1999:656). Vosloo en Van Rensburg (1999:656) wys nou dat wanneer 'n mens God ontmoet en 'n ewigheidsperspektief kry, alles verander. Die psalmis kom nou tot die gevolgtrekking (verse 18-20) dat dié wat ver van God is, geen toekoms het nie, maar hulle wat God aanneem as hulle

"inheritance" (or portion) (verse 23-26), kan met vertroue hul lewens en toekoms in Sy hande plaas. Die sin van die lewe vir die psalmis lê nie daarin dat jy goed besit of dat dit met jou goed gaan nie, maar eerder dat jy aan die Here behoort (Vosloo & Van Rensburg, 1999:656).

- **Gevolgtrekking**

  - Mense wat getraumatiseer is, vra na die *sin* van dit wat met hulle gebeur het. Getraumatiseerde persone vra ook na *geregtigheid,* met ander woorde: Waarom het dit met my gebeur; ek verdien dit nie?
  - Traumaslagoffers beleef God dikwels as onbetrokke wanneer daar slegte dinge met hulle gebeur - die sogenaamde "unresponsive" God. Dit lyk en voel asof God ver en stil is en onbetrokke staan teenoor die mens in lyding.
  - Omdat persone wat 'n krisis beleef het, kwaad mag word vir God en Hom verantwoordelik mag hou vir wat gebeur het, sal dit nodig wees om miskonsepsies oor God.reg te stel.
  - Die evaluering van die lydensfaktor sal aantoon in watter mate 'n persoon se *godsdienservaring, godsdienste konsepte* en *konsepte van God* verwring is.
  - 'n Lewende besef van wie God werklik is, kan help om 'n klimaat te skep wat bevorderlik kan wees ten einde sekere konsepsies en gevoelens oor God te verander.
  - Dit help hierdie persoon om nou terug te kan kyk en vanuit 'n nuwe vertroue en perspektief te fokus op die gruweldade/rampe van die verlede.
  - Hernude vertroue in wie God is, skep hoop en berusting wat kan lei na genesing .

### 2.4.4 Die alreeds-maar-nog-nie eskatologiese spanning in die Nuwe Testament

#### 2.4.4.1 'n Duidelike insig in die aard en karakter van die teenswoordige wêreld is belangrik in die pastorale begeleiding van traumaslagoffers

- **Keuse van spesifieke teks**

  **Gal 1:4** ***"...wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring".***

Die eskatologieseperspektief asook die spanning tussen die teenswoordige en toekomstige wêreld dien as 'n baie belangrike pastorale perspektief vir die hantering van menslike krisisse. Seamands (1985:48) wys dat die inkarnasie van Jesus – Emmanuel, God met ons - 'n teenswoordige aspek het. God het aarde toe gekom in die arena van menslike lewens en mens soos ons geword. God is saam met mense in 'n krisis, Hy identifiseer met hulle pyn en verstaan dit. Hy het medelye met hulle krisisse en is betrokke deur Sy Gees in die proses van genesing (Seamands, 1985:49-54). Ten spyte hiervan lewe die gelowige egter nog in 'n bose wêreld wat nie radikaal nuut gemaak is met die koms van Jesus nie (Coetzee, 1985:223). Jesus het gekom, maar sal weer kom

om alles nuut te maak (Coetzee, 1985:223). Gal 1:4 wys na hierdie teenswoordige/toekomstige spanning waarbinne die gelowiges hulself bevind.

- **Plek van die teks binne die Galasiër-brief.**

Vosloo en Van Rensburg (1999:1805) deel die Galasiër brief in die volgende sewe hoofgedeeltes in:

A. Briefaanhef (1:1-5)
B. Inleiding: Daar is geen ander evangelie nie (1:6-10)
C. Paulus se evangelie nie na die mens (1:11-2:21)
D. Vryspraak deur die geloof uit verskillende hoeke verdedig (3:1-4:31)
E. Die nuwe lewe deur die Gees in die praktyk ( 5:1- 6:10)
F. Laaste opmerkings en waarskuwings
G. Briefslot

Gal 1:4 is deel van die briefaanhef. Die briefaanhef het destyds gewoonlik 'n basiese patroon gevolg,naamlik: skrywer, ontvanger en groete (Vosloo & Van Rensburg, 1999:1549). As daarop gelet word dat Paulus in die brief sy evangelie verdedig, is Gal 1:4 baie treffend, want daardeur bevestig Paulus wat Christus vir die mensdom gedoen het en dan spesifiek vir die gelowiges in Galasiërs, gedoen het.

- **Probleemstelling**

Die gelowige bevind homself tans binne die oorvleueling van twee tydsfases. Dit is die fase tussen die koms van Jesus as die Messias – 'n tyd van God se barmhartigheid - en die wederkoms, die *parousia* (Coetzee, 1985:350). Die toekomstige eeu van verlossing en die ewige lewe vir dié wat in Jesus glo, het reeds aangebreek - maar hierdie eeu, of die ou eeu, is nog nie radikaal beëindig nie. Dit is nog die tyd van genade, prediking en bekering aan elke sondaar asook die tyd van *troos*, *sorg* en *hulp* aan elke gelowige. Die bedeling waarin die kind van God hom tans bevind, is dus die bedeling van 'n spanningsvolle oorvleueling tussen die ou en die nuwe eeu. Die verlossende genade het in Christus reeds werklik geword, hoewel die volmaaktheid daarvan eers in die toekoms ten volle in die lewe van die gelowige sal realiseer. Dit is dan juis hierdie oorvleueling waarin die Christen hom bevind wat hom somtyds laat worstel met sy geloof en vrae na sin en geregtheid tot gevolg het. Die gelowiges moet gevolglik tot die besef kom dat hulle nie *onaantasbaar* in hierdie teenswoordige bose wêreld leef nie. Die Gees behoort essensieel tot die *aeoon* wat nog moet kom - die nog nie, maar deur Jesus Christus se verlossingswerk is Hy reeds as die gawe van nuwe eeu (*aeoon)* aan die gemeente en elke gelowige gegee - *die nou van die Gees* (Hamilton, 1957:24-25; Coetzee, 1985:225-226). Die Gees bind die nou en die nog nie aan mekaar (Matt 12:33). Die Heilige Gees is die teken en seël dat die nuwe eskatologiese eeu aangebreek het. Hy is ook die groot waarborg dat die nuwe eeu ook eendag in sy volheid sal kom (Coetzee, 1985:225-226).

- **Woordstudie**

  Die volgende woorde dui besonder sterk op die tweeslagtige eeu waarin die gelowige homself tans bevind, naamlik kosmos, eschatos en kairos.

  - ***Kosmos*** - Louw en Nida (1989:146) toon aan dat hierdie woord in die Nuwe Testament die volgende kan beteken: heelal, aarde, wêreldsisteem, mense, skoonheid, groot hoeveelheid, bonatuurlike kragte (vgl. ook Zodiates, 1992:880/1) Dit is ook 'n feit dat die wêreld in die mag van die sonde geval het. Dit is dan juis hierdie sondeval wat die inhoud en konsep van die woord kosmos/wêreld bepaal (Ridderbos, 1997:92). Die woord *kosmos* word ook gebruik om na die geskape wêreld (Rom 1:20); menslike leefareas (Rom 4:13) en na die mensdom self te verwys (Ridderbos, 1997:92). Dit verwys egter die meeste van die tyd na die menslike situasie soos gekwalifiseer deur die sonde. Die *kosmos* is die mensdom wat sy rug op God gedraai het en nou in rebellie en vyandskap teenoor God staan. Dit is juis die gelowige wat gered word vanuit die teenswoordige bose *aeoon* (Gal 1:4) en hulle is gekruisig vir die *kosmos* en die *kosmos* vir hulle (Gal 6:14) sodat hulle algeheel anders as die gevalle kosmos kan optree: "Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie" (Rom 12:21).

  - ***Eschatos*** – Louw en Nida (1989:611) toon aan dat die woord '*eschatos*' op die laaste in 'n reeks van objekte of gebeure dui of om 'n lae status te hê. Louw (1993:48) wys verder dat die woord *eschtos* in die lig van die eindgebeure of laaste dae nie net verwys na die wederkoms van Jesus nie (die *futurum*), maar veral ook na die koms van Jesus Christus na die wêreld (Hand 2:17; 2 Tim 3:1; Heb 1:1) - die sogenaamde *adventus*. *Eschaton* het nie bloot te doen met die finale *eindgebeure* nie, maar in die eerste plek met die *eintlike* gebeure in hierdie tyd (Louw, 1993:48). *Eskatologie* is die leer oor die laaste dinge, maar laaste dinge moet nie in terme van tyd alleen beskou word nie, maar veral ook in terme van kwaliteit. Dit is juis met betrekking tot die koms van Jesus Christus waarna Louw (1993:48) hier verwys, dat in Jesus Christus 'n nuwe bestaan vir die mense moontlik gemaak word. *Eskatologie* is dus ook 'n begrip wat na die volheid van die tyd verwys en hang dus saam met die *kairos*-oomblik van God se genade (Louw, 1993:44).

  - ***Kairos*** – Volgens Louw en Nida (1989:128) kan die woord *kairos* vertaal word met: geleentheid, periode van tyd, era, voorafbepaalde tyd en dit wat nuut is. (MacArthur, 1991:322; 1989:143). Die *kairos* is die aanbreek van die nuwe eeu met die koms van Christus (Louw, 1993:48). Ten spyte van die ou eeu wat voortduur, het elke gelowige oorgegaan in 'n nuwe eeu en daardeur staan hulle in 'n totale nuwe staat en verhouding tot God. Op grond hiervan kan Paulus die gelooofsgemeenskap in Rome tereg aanmoedig om nie langer met die bestaande *aeoon* te konformeer nie, maar innerlik vernuwe te word in ooreenstemming met God se wil (Rom 12:2; Rom 8:18, 11:5, 12:2) Met die opstanding en hemelvaart van Jesus Christus word hierdie *nuwe bestaan* vir die mens wat in Jesus glo deur die koms van die Heilige Gees moontlik gemaak (Coetzee, 1985:223).

- **Skrif met Skrif vergelyk**

In I Kor 13:8-13 vgl. Paulus ook die teenswoordige eeu met die eeu wat moet kom:

> "Wanneer die volmaakte kom sal, dit wat ten dele is tot niet gaan.... daar word nou deur 'n spieël in 'n raaisel gekyk, maar eendag van aangesig tot aangesig."

In die lig van die toekomstige wêreld is hierdie teenswoordige wêreld onvolledig, gedeeltelik en onvolmaak. Dit is nie in hierdié eeu nie, maar in die toekomstige eeu wat daar volmaakte kennis sal wees. Wat dus in hierdie teenswoordige eeu nodig is, is nederigheid en liefde (Johnson, 2004:255).

Daar is ook heelwat ander gedeeltes in die Bybel wat na die boosheid van die teenswoordige wêreld verwys. Ridderbos (1997:91) wys na die volgende tekste: Kol 1:13, waar teenswoordige "*aeoon*" verwys na "die mag van die duisternis"; in Ef 2:2 beteken "om te wandel volgens die loop van hierdie aeon/wêreld" om te lewe volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk. Ridderbos (1997:91) wys na die volgende tekste wat aantoon dat die teenswoordige wêreld in sy totale eenheid en volledigheid die domein van demoniese magte is (waarna verwys word as owerhede, magte, wêreldheersers van die "*aeoon*") Ef 6:12; Rom 8:38; 1 Kor 15:24 en Kol 2:14. Die Bybel beskryf verder dat die satan die god van hierdie *aeoon*/eeu is (2 Kor. 4:4). Hierdie *aeoon* is nie net in sonde gedompel nie, maar ook aan lyding, onderdrukking, angstigheid en vyandskap onderwerp wat aan die heerskappy van satan behoort (vgl.. Rom 8:19-23, 8:38-39). Ridderbos (1997:92) toon aan dat hierdie demoniese bedreigings soos benoudheid, vervolging, honger, naaktheid, gevaar of swaard, persoonlike magte is wat probeer om die gelowige te skei van die liefde van God in Jesus Christus (vgl.. Rom 8:35). Die volgende tekste dui ook aan dat die *eskatologie* nie net bloot te doen het met die eindgebeure aan die einde van die tyd nie, maar in die eerste plek met die eintlike gebeure in hierdie tyd (vgl.. Hand 2:17; 2 Tim 3:1 en Heb 1:1).

- **Raadpleeg van eksegetiese bronne**

    - **Gal 1:4**

**"Wat homself vir ons sondes gegee het..."**

Vosloo en Van Rensburg (1999:1550) wys daarop dat die frase "homself gegee het vir ons sondes" te doen het met die hart van die probleem in Galasiërs. Wie die dwaalleraars se vals evangelie aanvaar het, het daarmee gemaak asof dít wat Christus gedoen het, nie voldoende was vir hulle volle verlossing nie. Ridderbos (1974:43) wys dat die saak tussen Paulus en die Galasiërs uiteindelik wentel om die "significance of Christ". Dit is Hy wat homself gegee het vir hulle sonde. George (1994:86) wys daarop dat die frase "Homself vir ons sondes gegee het," dui op die doel van Jesus se sending na die aarde en weerklank vind in Mark 10:45:

Die Seun van die mense het ook nie gekom om gedien te word nie , maar om te dien en om sy lewe te gee as 'n losprys....."

(vgl. Bruce, 1982:75; Longenecker, 1990:6). Dit is juis die dood van Christus wat deur Paulus beklemtoon word, want dit is Christus se dood wat nodig was omdat die mens gesondig het. Christus se gee van homself is nie net 'n historiese daad nie, maar Jesus se hele wese word daardeur gekenmerk (Ridderbos, 1974:43).

**"... om ons te verlos..."**

Longenecker (1990:6/7) wys daarop dat die funksionele Christologie frase "wat homself vir ons sondes gegee het", gevolg word met die soteriologies frase "om ons te verlos" Met ander woorde, die rede waarom Christus homself vir die sondaar gegee het, is om die mens te verlos (vgl. ook George,1994.87; Bruce, 1982:75). George (1994:87) wys dat God se verlossingswerk in Christus direk in verband staan met Sy verbondsbelofte aan Israel sowel as Sy finale verlossing van al die verlostes. Die verlossing waarvan hier gepraat word, het meer as 'n eskatologiese betekenis - dit beteken ook die losmaak van die gelowige van die wêreldse sondebande en die bevryding van goddelike vloek wat op die wêreld rus (Ridderbos, 1974:43/4).

**"... uit hierdie goddelose wêreld..."**

Ridderbos (1974:43-4) wys daarop dat "hierdie wêreld" (wat in werklikheid beteken tydsperiode of "world-period") 'n wêreld is wat gekwalifiseer word deur sonde. Die duiwel is die god daarvan (2 Kor.4:4, Ef 2:2). As gevolg van die sondigheid van hierdie eeu sal dit uiteindelik lei tot die vernietiging daarvan. George (1994:87-8) toon aan dat "teenswoordige bose wêreld" nogtans die konteks is waarbinne God se verlossingsdoel nou afspeel. Die gedagte van twee eeue is bekend in die Joodse apokaliptiek, naamlik die teenswoordige sondige eeu en die toekomstige eeu van seën en vrede. (George,1994:87-8; Longenecker, 1990:8) Vir Paulus het die dood en opstanding van Jesus die toekomstige eeu reeds teenswoordig gemaak (George, 1994:87). Die Chrsiten lewe nou in 'n tweeslagtige eeu, naamlik die spanning tussen die nie langer/nou en die nog nie (George, 1994:87) . Die verlossing van die Christen "uit die teenswoordige bose eeu" beteken nie dat die gelowige uit die materiële wêreld gehaal word nie, maar eerder die vrymaking van die greep van die bose eeu (Longenecker, 1990:8). Die Christen word op hierdie wyse gered vanuit die boosheid wat hierdie wêreld domineer en behoort daarom nie meer deel te neem aan dit wat hierdie teenswoordige wêreld kenmerk nie (George, 1994.88; Bruce, 1982:76).

**"... en so die wil van God ons Vader te volbring."**

Longenecker (1990:8) wys dat beide die gee van Christus vir mense se sondes en die verlossing van die gelowige van die bose eeu die wil van God is. Dit wat Christus gedoen het, staan in die konteks van God se wil en sy Vaderlike besorgdheid (Longenecker, 1990:8). Bruce (1974:76) is ook van mening dat die verlossing van die gelowiges van die greep van die "teenswoordige bose eeu" nie alleen die wil van God is nie, maar ook die gelowige in staat stel om verander te word om volgens God se wil te lewe.

- **Gevolgtrekking**

    - Dit is van kardinale belang dat gelowige mense die ware aard en karakter van die teenswoordige wêreld moet besef.
    - Die gelowiges moet tot die besef kom dat hulle nie *onaantasbaar* in hierdie teenswoordige bose wêreld leef nie.
    - Christus verlos gelowiges uit die greep en houvas van die bose, sondige wêreld.
    - Die teenswoordige wêreld impliseer steeds die tyd van genade, prediking en bekering aan elke sondaar asook 'n tyd van *troos*, *sorg* en *hulp* aan elke gelowige.
    - Bostaande uiteensetting bevestig die nood aan pastorale bediening aan mense wat deur krisis en trauma geraak is.

### 2.4.5 Heling/genesing binne die Nuwe Testament

#### 2.4.5.1 Genesing deur vergifnis en die bystand van die Heilige Gees

- **Keuse van spesifieke tekste**
  **Heb 4:15**
  **Matt 18:21-35**

Seamands (1985:47-54) wys op die terapeutiese waarde vir die getraumatiseerde persoon van prediking wat fokus op die menswording van God in Jesus Christus – Jesus wat God Emmanuel is, God met ons. 'n Teenwoordigheidsaspek word hier gevind. God het aarde toe gekom in die arena van menslike lewens en mens soos ons geword - Heb 4:15:

> *"Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde."*

God is saam met die gelowige in swakheid en siekte, Hy identifiseer met menslike wonde en pyn en verstaan - met die kruisiging het God in menslike pyn ingetree (Seamands, 2003:172/3). Die kruis het God 'n duur prys gekos. Jesus identifiseer met die slegste van mense tot die bitter einde deurdat Hy tussen twee geweldsmisdadigers gehang het. God het medelye met menslike krisisse en is betrokke deur Sy Gees in genesing en om 'n uitkoms te bring. Trauma of krisis het ook dikwels te doen met gruweldade wat mense aan mekaar doen of gedoen het (Herman, 1992:33). Slagoffers hiervan word in die proses verneder, ly verliese, hulle menswaardigheid word aangetas en hulle verloor hul identiteit. Sulke persone beleef gewoonlik baie negatiewe emosies soos byvoorbeeld woede, aggressie, skuldgevoelens, vrees en depressie - al hierdie emosies kan veroorsaak dat 'n lydende verbitter kan word oor wat gebeur het (Coetzer, 2005:74–80; Seamands, 2004:14-24).

Wat die pastoraat betref, is vergifnis egter nodig sodat met die gif wat die persoon verbitter gemaak het, gehandel kan word (Matt 18: 21-35).

- **Plek van die tekste binne die Hebreër-brief en die Matteus-evangelie**

Vosloo en Van Rensburg (1999: 1909) deel die Hebreër brief in die volgende ses hoofgedeeltes in:

A. Oproep om ag te slaan op die woord wat God deur Sy Seun spreek (1:1-4:13)

B. Oproep om vas te hou aan die belydenis van Jesus as Hoërpriester (4:14 -10:31)

1. Inleidende oproep: hou vas aan die belydenis (4:14-16)
2. Jesus deur God aangestel as Hoë Priester (5:1-6)
3. Jesus het geleer wat gehoorsaamheid is (5:7-10)
4. Jesus se Hoëpriesterskap is moeilik om te verduidelik (5:11-6:20)
5. Jesus is Hoëpriester vir ewig volgens die orde van Melgisedek ( 7:1-28)
6. Jesus is Hoëpriester van 'n nuwe en beter verbond ( 8:1- 10:18)
7. Gevolgtrekkende oproep: Nader tot God met vrymoedigheid (10:19-31)

C. Oproep om te volhard in die geloof en te ontvang wat god beloof het (10:31-12:27)

D. Gevolgtrekking en samevattende oproep: Dien God dankbaar met eerbied en ontsag (12:28:13:19)

E. Preekslot (13:20-21)

F. Briefbylae (13:22-25)

Heb 4:15 is deel van die hoofafdeling wat handel oor die oproep om vas te hou aan die belydenis van Jesus as Hoëpriester. Die direkte konteks, 4:14-16, maak die oproep om vas te hou aan die geloof wat bely word in die lig van Jesus, die groot Hoëpriester,wat deur die hemele gegaan het en iemand wat medelye kan hê met Sy mense, want hy het self beleef wat hulle beleef. Die gedeelte, 4:14-16, wys dat Jesus beter is as enige aardse hoëpriester.

Vosloo en Van Rensburg (1999:1369) deel die Matteus Evangelie in die volgende drie hoofgedeeltes in:

A. Die persoon van Jesus die Messias (1:1- 4:16)

B. Die verkondiging van Jesus die Messias (4:17 – 16:20)

C. Die lyding, dood, en opstanding van Jesus die Messias (16:21 – 28:20)

a. Jesus berei Sy dissipels voor vir sy lyding (16:21-28)
b. Jesus word op die berg verheerlik (17:1-18:35)
c. Jesus word deur die geestelike leiers teengestaan (19:1-23:39)
d. Jesus lewer 'n profetiese rede op die Olyfberg (24:1-25:46)
e. Komplot om Jesus dood te maak (26:1 -27:31)
f. Jesus word gekruisig (27:32-66)
g. Jesus staan uit die dood uit op (28:1-20)

Volgens Vosloo en Van Rensburg (1999:1155) bevat Matt 18 die vierde groot preek van Jesus. Hy wys verder dat hierdie gedeelte die hoofgedagte verder voortsit wat strek vanaf Matt 13:1-20:34 waar Jesus Hom toelê op die onderrig van Sy dissipels. Matt 18 koppel ook terug na hoofstuk 10 wat die versameling van die volk van God beskryf. Matt 18 wil vertel hoe die nuwe gemeenskap van gelowiges na mekaar moet omsien. Hierdie hoofstuk kan verder in twee hoofgedeeltes ingedeel word, naamlik verse 1-20 en 21-35. In die eerste gedeelte word die dissipels aangespoor om nie hul omgee vir mekaar te verwaarloos nie en in die tweede deel word beskryf hoe hierdie omgee deur onbegrensde liefde gedra moet word.

- **Probleemstelling**

Onvergewensgesindheid en bitterheid het 'n element van vergelding – om terug te kry. As die oortreder boet of gevoel het wat die slagoffer gevoel het, sal daar dalk vergifnis gegee kan word (Seamands 2004:31). Onvergewensgesindheid kan volgens Lane (2006:23) beskryf word as 'n samestelling van verskillende emosies soos afkeer, gegriefdheid, woede, vyandskap, haat, bitterheid, stres en vrees – dit is heel dikwels die onmiddellike respons by die persoon wat leed of emosionele verwonding beleef het. Die vermelde emosies sal eers deurgewerk moet word – hiermee saam ook emosies soos woede, aggressie, skuldgevoelens, vrees en depressie, voordat die verontregte persoon sal kan vergewe (Coetzer, 2005:74–80; Seamands, 2004:14-24). Die rede is voor die hand liggend, naamlik dat vergifnis nie werklik gegee kan word voordat negatiewe emosies hanteer is nie. Die sieleherder se taak is vervolgens om die verwonde mens te help om die negatiewe emosies aan die Here te gee vir genesing en vrymaking. Indien die emosionele stres nie hanteer word nie, kan dit lei tot verskillende siektes soos byvoorbeeld koronêre hartprobleme, kanker, maagsere, asma, hoë bloeddruk, artritis en tuberkulose (Coetzer, 2005:74–80).

- **Woordstudie**

Die volgende Griekse woorde is belangrik met betrekking tot die genesingsproses van persone na 'n krisisbelewenis of traumagebeurtenis.

  - ***Astheneia*** - Astheneia is afgelei van [*a*] sonder en [*sthenos*] krag - met ander woorde letterlik om sonder krag te wees (Zodiates, 1991:893). *Astheneia* is afgelei van *asthenes* en beteken swak, swakheid, gebrek of siek ( MacArthur, 1983:113). In die Nuwe Testament is *astheneia, asthenes* en *astheneo* die mees algemene uitdrukkings vir siekte en wys omvattend na die hele mens (Zodiates, 1992:271). Dit kan egter ook verwys na 'n spesifieke vorm van liggaamlike swakheid of siekte (Zodiates, 1991:893). Seamands (2004:19) wys daarop dat baie van die moderne vertalings die woord *asthenos* as swakheid, om swak te wees of "crippling" vertaal. Louw en Nida (1989:36) gee die volgende vertaling van die woord *astheneia,* naamlik: onbekwaamheid, onbevoegdheid, siekte of 'n toestand van vreesagtigheid of onsekerheid. Die kern van psigologiese trauma is "disempowerment" – hulpeloosheid en magteloosheid; herstel is gebaseer op die bemagtiging van die oorlewende en die skep van nuwe verbintenisse.

- ***Aphiemi*** - Dit is 'n saamgestelde woord uit *apo* [vanaf] en *hiemi* [om te stuur]. Die woord kom 147 keer in die Nuwe Testament voor en kom daarop neer dat iets *weggestuur* word of *los gelaat word* (Zodiates, 1992: 298). Vine *et al.* (1984) verduidelik *aphiemi* soos volg: Naas ander moontlike vertalings kan dié woord ook vertaal word "om kwyt te skel" of "om te vergewe". Skuld kan gekanselleer word (Matt 6:12; 18:27, 32); sonde kan vergewe word (Matt 9:2, 5, 6; 12:31, 32; Hand 8:2; Rom 4:7; Jak 5:15; 1 Joh 1:9; 2:12). Met betrekking tot die vergifnis van sonde, is vergifnis die kwytskelding van straf en ook die totale verwydering van *dit wat die oortreding veroorsaak* het op grond van Christus se offer aan die kruis. In die Ou Testament word die versoeningsoffer en vergifnis met mekaar in verband gebring (Lev 4:20, 26). Wat menslike vergifnis betref, is die implikasie dat mense mekaar moet vergewe op dieselfde manier as wat God mense vergewe (Matt 6:12).

- **Skrif met Skrif vergelyk**

'n Gedeelte soos Rom 8:26 wys ook op die aspek van menslike swakheid:

> *"Die Gees staan ook ons swakheid by: Ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie."*

So ook Matt.8:17 : "... *Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siekte het Hy gedra.*" (vgl. ook 1Kor 2:3; 15:53; 2 Kor 11:30; 12:5,9,10; Gal 4:13)

Matt 6:14-5 wys ook op vergifnis:

> *"As julle mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie."*

So ook Luk 23:34: " *Toe sê Jesus:" Vader vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!*".

- **Raadpleeg van eksegetiese bronne**

  - **Heb 4:15**

**"Die Hoëpiester wat ons het..."**

Wilson (1987:90/1) is van mening dat Heb 4:15 wil beklemtoon hoe genadig en vol van medelye Jesus kan wees. Jesus het self gely en was versoek en daarom kan Hy hulle help wat versoek word. Vosloo en Van Rensburg (1999:1685) toon die volgende kenmerkende eienskappe van Jesus as Hoëpriester, naamlik: Jesus was as Seun van God deur die vader tot Hoëpriester benoem. Die voordeel is dat die een wat met menslike sonde deel, self sonder sonde was; Jesus tree meer direk vir mense by God in omdat Hy self deur die hemele gegaan het. Die

beswaar kan kom dat een so verhewe soos Jesus nie werklik kan simpatiseer met menslike swakheid nie (Guthrie, 1989:122). Stedman (1991:61) is egter van mening dat die frase "deur die hemele gegaan" wys na Jesus se volkome verlossing en transendente hulp vir hulle in nood. Omdat Jesus mens geword het, kan Hy medelye hê met menslike swakheid. Jesus is gedurende Sy aardse lewe voorberei vir Hoëpriesterskap - Hy het eers gebede en smekinge geoffer met harde geroep. Jesus bring homself uiteindelik as offer - Hy is nie uit die aardse en tydelike orde van Aäron en Levi aangestel nie, maar volgens die ewige orde van Melgisedek.

**"... is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie;"**

Wilson (1987:92) toon aan dat die Griekse woord vir 'medelye' nie hier verwys slegs na emosies van simpatie of omgee deur 'n buitestaander nie, maar eerder na een wat kan medelye hê omdat hy self pyn en lyding beleef het. Guthrie (1989:122) wys verder dat die Griekse woordjie *'sumpatheo'* letterlik beteken "om saam te ly" – die implikasie hier is dat Christus saam met Sy mense ly. Die rede vir Christus se medelye hier is die menslike swakheid van die gelowige. Die woordjie *astheneia* impliseer volgens Guthrie (1989:122) 'n bewustelike behoefte - daar is simpatie vir die behoeftige maar nie vir die persoon wat selfgenoegsaam en selfvoldaan is nie. Vosloo en Van Rensburg (1999:1684) wys dat die woord *astheneia* tipies wil wys hoe die mens is, en dit vorm dan die agtergrond vir hierdie gedeelte. Stedman (1991:62) toon ten slotte aan dat dit nie nodig is vir enige gelowige om op te gee as hulle druk of lyding beleef nie omdat die hulp wat aangebied word simpatiek en effektief is. Hy (1991:62) wys daarop dat die offer van die verhewe Christus aan swak mense wat worstel met die druk en probleme van lewe, die mees verwaarloosde en onbenutte bron van hulp vir gelowiges is in tye van menslike krisisse.

**"... hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp..."**

Die frase "net soos ons" verwys na die feit dat Jesus waarlik 'n mens was net soos elke ander mens (Wilson, 1987:92; Guthrie, 1989:122). Die lyding en versoekings wat Jesus moes verduur, was werklik en nie net skyn nie. Heb 2:17 bevestig hierdie gedagte wanneer gewys word dat Jesus in elke opsig aan Sy broers gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester voor God kon wees.

**"... maar Hy het nie gesondig nie."**

Jesus was volkome mens en moes daarom net soos enige mens versoek word deur die sonde, maar Hy het nie toegegee nie (Wilson, 1987:92 ). Guthrie (1989:123) wys op die feit dat alhoewel Jesus sonder die neiging tot sonde was, Hy nogtans die stres en 'strain' van sonde deurgemaak het wat geen ander mens ooit deurgemaak het nie. Hy is telkens versoek en het nie ingegee nie. Heb 4:15 wil sê dat ons groot Hoëpriester een is wat deur ondervinding kennis dra en begrip het van die swakheid waaraan mense blootgestel word. Omdat Hyself die versoeking en swakheid kon oorkom, kan Hy hulle help wat midde in 'n krisis is (Wilson, 1987:92).

- **Mat 18:21-35**

Lowery (1994:56) toon aan dat Matt 18:21-35 die gedeelte in die Nuwe Testament is wat vergifnis en versoening die sterkste na vore bring. Vosloo en Van Rensburg (1999:1157) wys dat Matt 18:21-35 deel twee vorm van Jesus se vierde groot preek (18:1-35) en wil wys hoe kerklidmate mekaar se afdwaling en sonde in die lig van God se onbeperkte liefde vir die sondaar moet hanteer. Die Kerk is in sy optrede niks anders nie as 'n klankbord vir hierdie groot liefde nie. Hierdie tweede gedeelte bestaan uit omramende verse (18:21-22;35) en die gelykenis (18:23-34).

**Vergifnis moet onbeperk wees (Matt 18:21-22)**

In Matt 18:21 vra Petrus aan Jesus: " Hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerd teen my gedoen het? Selfs sewe keer? Blomberg (1992: 281) is van mening dat Petrus die lesse geleer het van Jesus se leringe in Matt 18:10-14 en stel goedhartig voor om sy mededissipel wat teen hom sondig, sewe maal te vergewe. Vosloo en Van Rensburg (1999:1157) wys dat Petrus nogal ruimhartig is met sy voorstel van sewe keer aangesien drie keer die aanvaarde grens vir die Jode van destyds was (vgl. ook Kreener, 1997: 290). Die antwoord van Jesus aan Petrus in Matt 18:22 naamlik 70x7 of 490 keer moes vir Petrus uitgeboul het (Vosloo & Van Rensburg, 1999:1157; Keener, 1997:290). Vosloo en Van Rensburg (1999:1157) wys verder op die feit dat 490 keer nie impliseer dat daar nou 'n nuwe grens vir die vergifnis van 'n medegelowige is nie en dat die gelykenis van Matt 18:23-34 vervolgens verduidelik wat met 70x7 bedoel word.

**God se genade is die model vir vergifnis (Matt 18:23-27)**

Lane (2006:23) is van mening dat die gelykenis handel oor 'n koning wat sy dienaar se groot skuld kwytgeskeld het. Blomberg (1992: 281) toon verder aan dat die bedrag van 10 000 talente 'n baie groot som geld in daardie tyd was – miljoene rande vandag - 'n bedrag wat die amptenaar nie in staat sou wees om terug te betaal nie (Keener, 1997: 290 ). Teen hierdie agtergrond wys Vosloo en Van Rensburg (1999:1157) vervolgens op die onbegryplike barmhartigheid van die koning (God) wat miljoene afskryf.

**Die een wat 'n medegelowige nie wil vergewe nie, is arrogant (Matt 18:28-30)**

Vosloo en Van Rensburg (1999:1157) wys daarop dat die amptenaar wie se skuld afgeskryf is en nie sy dienskneg se skuld – 'n duisendste fraksie van wat sy eie skuld was - wil afskryf nie, kleinlik en ongevoelig is. Die saak waaroor dit hier gaan, is dat God gelowiges 'n ontsaglike groot sondeskuld kwytgeskeld het en dat die dankbaarheid oor God se liefde gelowiges moet noop om medegelowiges ook te vergewe. In die gelykenis in Mat. 18:18-30 is dit die medeamptenaar wat by sy kollega in die skuld was – met ander woorde, daar is iets wat hy gedoen het en daarom die skuld en nou is die eis: "...betaal my wat jy skuld." Die persoon wat moet vergewe, is iets aangedoen (Seamands, 2004:25-27) - 'n medegelowige het iets aan hom gedoen en is in die skuld en nou moet hy boet daarvoor. Die vraag wat vervolgens gevra moet word, is wat geskuld word en wat vergewe moet word (Seamands, 2004:25-27). God verwag van die skuldeiser om genadig te wees omdat hy self in die skuld was en die koning hóm genadig was .

**Die gevolge indien daar nie vergewe word nie (Matt 18:31-35)**

In Matt 18:31 sien die medeamptenare wat gebeur en gaan vertel dit aan die koning. Die amptenaar wie se skuld vergewe is se skuld word heringestel en hy word aan pynigers oorgegee tot hy alles betaal wat hy skuld. As dit in gedagte gehou word dat die skuld so groot was dat dit nie terug betaal sou kon word nie, is dit duidelik dat die amptenaar nooit van die pynigers sou vry kom nie (Keenen, 1997: 292). Vosloo en Van Rensburg (1999:1157) wys nou verder daarop dat om 70x7 keer te vergewe, bedoel onbeperk – tot in oneindigheid toe, onophoudelik. Daarom sê Matt 18:35 dat die medegelowige van harte vergewe moet word. Keenen (1997:293) is van mening dat as gelowiges wat vergewe is, ander nie van harte vergewe nie, belowe Matt 18:35 aan sulkes helse vuur (vgl ook Blomberg, 1992: 285). Volgens Blomberg (1992:285) loop baie gelowiges vandag die gevaar om geoordeel te word omdat hulle nie medegelowiges vergewe nie. Beraders vind dikwels dat die onwilligheid om te vergewe die diep, onderliggende rede is vir krisisse in verhoudings asook persoon-like probleme (Blomberg, 1992: 285).

- **Gevolgtrekking**

  - 'n Persoon is tydens 'n krisis in 'n toestand van verhoogde psigologiese toeganklikheid.
  - Dit is juis met betrekking tot sulke situasies dat die aanbod van simpatieke en effektiewe hulp deur die verhewe Christus aan swak mense, wat worstel met die druk en probleme van die lewe gebied word.
  - Die hulp van die verhewe Christus is een van die mees verwaarloosde en onbenutte bronne van hulp vir gelowiges in tye van menslike krisisse.
  - Die onwilligheid om te vergewe is dikwels die diep, onderliggende rede vir krisisse binne verhoudings, asook persoonlike probleme.
  - Gelowiges moet bereid wees om medegelowiges van harte te vergewe vir oortredings aangesien God die gelowige van 'n ontsaglike groot sondeskuld kwytgeskeld het.
  - Die pastoraat se taak is om die verwonde mens te help om alle negatiewe emosies aan die Here te gee vir genesing en vrymaking.

## 2.5 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk het die volgende belangrike skriftuurlike perspektiewe na vore gekom wat 'n bydrae kan lewer tot die toerusting van kerklike ampsdraers met die oog op pastorale begeleiding van persone tydens 'n krisis:

Om ampsdraers toe te rus as krisisberaders is nie net 'n skolastiese en teoretiese proses nie, maar dit gaan om 'n stuk dinamika wat 'n *persoonlike verhouding* veronderstel – die fokus is dan ook sterk op leeraktiwiteite om kennis te verwerf. Die onderrigproses is verder gefokus op die hele persoon en dit gaan dus nie *net* om teorieë of tegnieke wat uit handboeke aangeleer is nie. In hierdie verband moet die krisisberader groei tot 'n persoon wat vir andere 'n model of voorbeeld is van

iemand wat 'n doel het in die lewe, wat bevredigende interpersoonlike verhoudings het en iemand wat sy lewensinsigte op 'n gepaste wyse kan toepas. Die leermeester moet ook betrokke wees by hulle wie hy onderrig. Hy het 'n invloed op die leerling en is verantwoordelik vir onderrig en lering. Die geroepe bedienaars, as gawes van die Heilige Gees aan die gemeente, is primêr verantwoordelik om gelowiges sodanig toe te rus dat hulle bekwaam sal wees om hulle werk te kan doen. Die toegeruste gemeentelede se gawes kom dan weer tot verwesenliking wanneer hulle ander gelowiges daarmee bedien. Die doel van die toerusting en diens is dat die gelowiges as geestelike liggaam opgebou kan word met die uiteindelike doelwit van geestelike volwassenheid.

Die pastoraat is 'n ontmoeting- en kommunikasiegebeure waarin die herders bemiddelend moet optree met behulp van die '*Parakletos*' in die naam van Jesus die Middelaar, tot troos, sorg en hulp vir persone in 'n krisis. Met dit in gedagte, impliseer dit dat die pastoraat wesenlik paraklese of trooshulp beoog. Die ampsdraers se taak is om die gemeente van die Here, waaroor Hy hulle aangestel het, te versorg. Die versorging van diegene in nood is die kollektiewe taak van die herders en uiteindelik die taak van die hele gemeente en binne die konteks hiervan speel krisisberading dan ook 'n belangrike rol. Met betrekking tot laasgenoemde speel die sogenaamde "human touch" - faktor dan ook 'n belangrike rol aangesien dit juis hier is waar die herder en gemeente mense weer kan help om opnuut aan andere verbind te raak, asook om weer in kontak te kom met eie emosies. Die beradingsverhouding speel gevolglik 'n belangrike rol in die hele genesingsproses van die getraumatiseerde mens, asook die mens in krisis.

Tydens 'n trauma vra die getraumatiseerde persoon oor die algmeen na *sin en geregtigheid.* Trauma- slagoffers beleef God dikwels as onbetrokke wanneer daar slegte dinge met hulle gebeur - die sogenaamde ervaring van 'n "unresponsive" God. Dit lyk en voel asof God ver en onbetrokke staan teenoor die mens in lyding. Omdat persone wat 'n krisis beleef het selfs kwaad mag wees vir God en Hom verantwoordelik mag hou vir wat gebeur het, sal dit gevolglik nodig wees om miskonsepsies oor God reg te stel Die evaluering van die lydensfaktor sal aantoon in watter mate 'n persoon se *godsdienservaring, godsdienste konsepte* en *konsepte van God* verwring is. 'n Lewende besef van wie God werklik is, kan help om 'n klimaat te skep wat bevorderlik kan wees ten einde sekere konsepsies en gevoelens oor God te verander. Daarna is hierdie persoon eers in staat om terug te kyk en vanuit 'n nuwe vertroue en perspektief te fokus op die gruweldade/rampe van die verlede. Hernude vertroue in wie God is, skep dus hoop en berusting wat kan lei na genesing .

Dit is van kardinale belang dat gelowige mense die ware aard en karakter van die teenswoordige wêreld moet besef. In die teenswoordige wêreld is daar beide goed en kwaad aanwesig en hiedie besef stimuleer gewoonlik sekere veranderinge wat weer bevorderlik is vir emosionele genesing. Gelowiges moet tot die besef kom dat hulle nie *onaantasbaar* in hierdie teenswoordige bose wêreld leef nie. Christus verlos wel gelowiges uit die greep en houvas van die mag van sonde, maar Hy verwyder nie die persoon uit hierdie wêreld nie. Die teenswoordige wêreld impliseer steeds die geleentheid tot genade, prediking en bekering van elke sondaar asook 'n tyd van *troos, sorg* en *hulp* aan elke gelowige.

Die individu is gewoonlik tydens 'n krisis in 'n toestand van verhoogde psigologiese toeganklikheid. Dit is juis met betrekking tot sulke situasies dat die offer van simpatieke en effektiewe hulp deur Jesus Christus aan swak mense gebied

word wat worstel met die druk en probleme van die lewe. Geestelike hulp in hierdie sin is een van die mees verwaarloosde en onbenutte bronne van hulp vir gelowiges in tye van menslike krisisse. Omdat mense teenoor mekaar oortree, veroorsaak dit gewoonlik emosionele pyn. Hierdie pyn veroorsaak weer op sy beurt negatiewe emosies soos woede, vrees, verwerping, vernedering, verraad ensovoorts. Hierdie negatiewe emosies kan lei tot destruktiewe resultate soos emosionele stres, bitterheid, angstigheid, depressie, ensovoorts. Die oortreder wat verantwoordelike was vir die pyn, sal telkens vrygespreek moet word sodat die bose kringloop van vergelding getermineer kan word. Die onwilligheid om te vry te spreek, is dikwels die diep onderliggende rede vir krisisse binne verhoudings, asook persoonlike probleme. Gelowiges moet gevolglik bereid wees om medegelowiges van harte te vergewe vir oortredings, aangesien God die gelowige van 'n ontsaglike groot sondeskuld kwytgeskeld het. In hierdie hele proses is 'n belangrike faset van die pastorale taak dan ook om die verwonde mens te help om alle negatiewe emosies aan die Here te gee vir genesing en vrymaking.

# HOOFSTUK 3 – BASISTEORIESE PERSPEKTIEWE OP KRISISINTERVENSIE

## 3.1 INLEIDING

In die lig van die navorsingsvraag: "Op watter wyse kan die leemte aangespreek word betreffende die toerusting van kerklike ampsdraers met betrekking tot pastorale hulpverlening aan persone wat krisiservarings beleef?" maak Switzer (1986:23) 'n belangrike opmerking met betrekking tot die al groterwordende behoefte rondom geestesgesondheid binne die huidige samelewing as hy dit duidelik uitspel dat die antwoord verband hou met toerusting van groter getalle kerklike ampsdraers in hierdie verband.

### 3.1.1 Doelstelling

De Jongh van Arkel (1986:40,65) wys op die belangrikheid van krisistoerusting omdat, volgens hom, 'n verkeerde krisis diagnose die beplande hulp vir persone tydens 'n krisis kan laat misluk en dan destruktiewe gevolge kan hê. Hy sê ook dat krisisvaardigheid nie baie jare van opleiding en ontwikkeling verg nie (De Jongh van Arkel, 1986:65). Wright (1993:20) is ook van mening dat indien daar van die kerk se kant hulp verleen word aan diegene wat 'n krisis beleef, dit van kardinale belang sal wees dat die ampsdraers wat betrokke is op hoogte sal wees met krisisberading oor die algemeen. Uit bostaande en in die lig van die navorsingsvraag soos aanvanklik geformuleer: "Op watter wyse kan die leemte aangespreek word betreffende die toerusting van kerklike ampsdraers met betrekking tot pastorale hulpverlening aan persone wat krisiservarings beleef?" is dit vervolgens belangrik dat daar in hierdie hoofstuk veral gefokus sal word op die studieveld van die krisispastoraat. Die fokus in hierdie hoofstuk sal gevolglik op krisisintervensie wees. Die insigte wat uit hiérdie hoofstuk verkry word, sal uiteindelik van besondere belang wees wanneer daar in die praktyk-teoretiese afdeling praktiese riglyne geformuleer sal word betreffende 'n effektiewe krisisberadingstoerustingsprogram vir ampsdraers.

### 3.1.2 Unieke posisie van die ampsdraers tot krisishantering

Switzer (1986:14-21) wys na die unieke rol van die ampsdraers tot krisisintervensie, naamlik die *posisie* wat die leraar in die gemeente en gemeenskap het; die *waarde* en *ontsag* wat aan hom gegee word; die *pastorale inisiatief* wat uniek is tot leraars juis omdat van hulle verwag word om te gaan waar die mense is; leraars het ook 'n *voorafgaande verhouding* met mense wat in 'n krisis beland en het gewoonlik ook 'n voortgaande verhouding met die persone wat terapeuties bedien is. As gevolg van die ampsdraers se voorafgaande verhouding met mense in krisis sal dit die moontlikheid van verplasing/oordrag verminder (Dit is wanneer die beradene sy eie gevoelens soos byvoorbeeld woede teenoor 'n ouer of 'n situasie op die berader projekteer). Die leraar het dan ook die voordeel van die *plaaslike gemeente* as 'n bron tot krisisintervensie. Stone (1993:14,15) bevestig wat Switzer reeds in (1986:14-21) geskryf het as hy op die volgende unieke posisie van die ampsdraers tot krisisintervensie wys: Hulle

het naamlik reeds 'n bestaande verhouding met die persone wat 'n krisis beleef; hulle is redelik beskikbaar om onmiddellik aandag te gee aan die persoon in krisis omdat hulle beweeglik is en nie gebind is aan 'n kantoor of spreekkamer nie; hulle het toegang tot ondersteuningsisteme van die persone wat deur 'n krisis gaan; hulle het ook 'n groot ondersteuningsbron naamlik die plaaslike gemeentelike ondersteuningsgroepe wat gemobiliseer kan word; hulle het 'n besondere posisie in die geloofsgemeenskap, wat gesag verleen aan hul optrede (vgl. ook Switzer, 1993: 133; Clinebell, 1984:183; De Jongh van Arkel, 1986:32).

Clinebell (1984:35) vestig die aandag op die feit dat meeste geleenthede vir die kerk om te versorg en te beraad juis plaasvind te midde van menslike krisisse. Deur die eeue het die herders/leraars/ouderlinge aan die gemeente versorging, ondersteuning en begeleiding gegee en in besonder aan mense wat deur krisisse gegaan het. De Jongh van Arkel (1986:32) bevestig laasgenoemde stelling wanneer hy sê dat krisisintervensie/-berading 'n onvermydelike deel van die pastor se taak is. Switzer (1993:133) is verder van mening dat tussen 80-90% van die pastorale bediening uit een of ander vorm van krisisintervensie of beraad bestaan. Minirth en Byrd (1994:22) haal navorsing aan wat aantoon dat 42% van persone wat vir berading gaan, hulle in die eerste plek wend na hul leraar of pastor. Hierdie feite beklemtoon die geweldige gunstige posisie van die ampsdraers met betrekking tot krisisberaad. Dit toon ook die noodsaaklikheid aan dat die ampsdraers enersyds deeglik toegerus sal moet wees om lidmate te help om krisisse te hanteer en andersyds self betrokke sal wees by die toerusting van lidmate om andere tydens krisisse te kan help.

### 3.1.3 Noodsaaklike toerusting van lidmate tot krisishantering

In die kerk is daar 'n slapende reus van lekeberaders wat tot dusver nog nie werklik ontgin is nie (Crews, 2002:1). Crews (2002:1) wys na die groot nood wat daar bestaan om hulpverlening te bied aan mense wat deur pyn en lyding gaan (vgl. ook Hoff, 1989:6). In hierdie verband sê sy:

> "There is enough pain and suffering around us to keep both professional and lay counselors busily engaged in their particular ministry".

Die probleem is egter dat die lekeberaders in die kerk nie toegerus is nie. Mumbower (2002:1) is van mening dat 'n beradingsbediening wat deeglik is in aanbieding en plaasvind binne die grense van die plaaslike gemeente, 'n dinamiese ondersteunende bydrae kan lewer in die gemeente sowel as in die gemeenskap met betrekking tot die hantering van menslike krisisse. Tan (2002:3) beklemtoon die feit dat opgeleide leraars wat geskool is in 'n bediening van hulpverlening gebruik moet word in die opleiding en supervisie van lekeberaders. Standpunte soos hierdie bevestig enersyds die noodsaaklikheid van die toerusting van die leraar en andersyds die noodsaaklikheid van toerusting van lekeberaders. Die toegeruste ampsdraers wat primêr verantwoordelik is vir gemeentelike versorging kan onmoontlik alleen die geweldige vloedgolf van pyn en lyding in die gemeente en samelewing

bedien. Daarom is die verdere toerusting van lekeberaders van kardinale belang (Crews,2002:1; MacArthur 1986:152).

#### 3.1.3.1 Die daarstelling van 'n effektiewe krisisberadingsbediening

Mumbower (2002:1) wys op die volgende drie stappe wat geneem behoort te word om 'n effektiewe bediening in krisisberading in die gemeente te vestig. Hy is van mening dat hierdie bediening een van die sterkste middels tot evangelisasie en dissipelskap in die gemeente kan wees:

- Die eerste stap is die opbou van gemeentelede deur berading, ondersteuningsgroepe en programme waardeur mense bedien word wat deur pyn en lyding gaan. Die opgeleide lekeberaders kan veral gebruik word as groepleiers in hierdie ondersteuningsgroepe, waar hulle hul lewensondervinding en - toerusting kan gebruik om mense te help. Dit sal ook daartoe bydra dat mense in die kerk bly en nie uit moedeloosheid buite die grense van die gemeente hulp sal gaan soek nie.
- Die tweede stap is die voorbereiding van mense sodat hulle toegerus sal wees om veral oorgangskrisisse, soos byvoorbeeld die geboorte van 'n kind, adolessensie, mid-lewenskrisis, aftrede, ensovoorts, te kan hanteer.
- Die derde stap is die verwydering van hindernisse. Hier poog die pastorale bediening in krisisberading om mense te help om hulle probleme op 'n Bybelse manier op te los.

#### 3.1.3.2 Die bemagtiging en opleiding van lekeberaders

Soos reeds na verwys is in stap een van 3.1.3.1 met betrekking tot die belangrikheid van lekeberaders, is Crews (2002:1) van mening dat lekeberaders as die slapende reus ontwaak moet word deur hulle waarde as sodanig binne die plaaslike gemeente te erken deur hulle te bemagtig en toe te rus. Tan (1991:72) huldig ongeveer dieselfde standpunt met die volgende stelling:

"It should be noted that the Bible also teaches that some Christians may be specially gifted with appropriated spiritually gifts like exhortation, or paraklesis, and therefore called to spend much of their time and service in lay counseling."

Die toerustingsfokus is om die lekeberaders bekwaam en effektief te maak terwyl professionele mentorskap en rolmodelle ook aan hierdie lekeberaders voorsien moet word sodat hulle 'n rolmodel het wat hulle ondersteun, rigting gee en aan wie hulle verantwoording kan doen (Tan, 1991:72).

- **Die ontwikkeling van 'n lekeberadingsprogram vir die plaaslike gemeente**

  Tan (2002:3) wys daarop dat soos die gemeente groei, dit vir die leraar onmoontlik word om by al die krisisse uit te kom en dáárom die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van 'n bediening van lekeberaders in die gemeente. Tan (2002:3) gee die volgende riglyne met die oog op die vestiging van so 'n bediening in die gemeente:

- Die eerste stap is die keuse van 'n toepaslike model. Sommige gemeentes verkies die informeel georganiseerde model. In hierdie model word die beraders versigtig gekies, opgelei en gemonitor in 'n goed georganiseerde bediening wat binne 'n informele konteks soos byvoorbeeld in huise, hospitale en ouetehuise bedien. Ander gemeentes verkies 'n meer formeel georganiseerde model. In hierdie model word beraders ook selektief gekies, opgelei en gemonitor. Die model vind egter in 'n formele konteks binne die gemeente, plaas waar afsprake gemaak moet word.
- In die tweede stap is dit belangrik dat die volle ondersteuning van die kerkraad verkry moet word voordat so 'n toerustingsprogram begin kan word.
- Die derde stap is die seleksie van begaafde en gekwalifiseerde leke-Christenberaders. Die kriteria wat gevolg moet word, is onder andere aspekte soos die volgende: Geestelike volwassenheid; emosionele stabiliteit; liefde en belangstelling in mense; toepaslike geestelike gawes; lewensondervinding en vorige opleiding. Al hierdie aspekte sal belangrik wees om die regte persone te kies vir die program.
- Die vierde stap is die program self. Daar is tans baie opleidingsprogramme beskikbaar wat wissel van 'n minimum van 24-50 ure opleiding in luistervaardighede en hulpverleningsvaardighede. Hierdie opleiding word oor 'n periode van etlike weke tot etlike maande versprei. Die aantal lekeberaders wissel van 25-30, met gereelde opleidingsessies. Die opleidingsprogram behoort die volgende in te sluit: Basiese Bybelkennis, kennis van luister- en beradingsvaardigheid, 'n begrip van algemene probleme soos depressie, angs, stres, en seksuele misbruik, ensovoorts. Lekeberaders behoort hulle beperkings te ken en behoort ook te weet wanneer om te verwys.
- Die vyfde stap is die ontwikkeling van 'n lekekrisisberadingsprogram waar die opgeleide leke beraders gebruik kan word. Die program sal afhang van die model wat gekies word. Voortgesette opleiding en supervisie van lekeberaders moet voorsien word en behoort weekliks of tweeweekliks plaas te vind. Wicks *et al.* (2003:366) wys daarop dat supervisie die prinsipiële wyse is om pastorale beraders op te lei. Supervisie beteken breedweg die "overseeing" van iemand anders se werk (Wicks *et al.* 2003:366). Dit is egter noodsaaklik dat daar ten minste van 'n opgeleide leraar gebruik gemaak sal word om die opleiding en supervisie te doen. Om die leraar/kerkleiers te kan gebruik, sal dit egter eers nodig wees dat hulle self toegerus sal wees om effektiewe krisis berading te doen sodat hulle in staat sal wees om gemeentelede tydens 'n krisis by te staan sowel as om lekeberaders toe te rus. Daar is nie veel van 'n keuse of die kerkleiers betrokke gaan raak by mense in krisisse, al dan nie. Nee, die vraag is eerder of die kerkleiers effektief gaan wees en of die kerkleiers se berading tot voordeel sal wees vir die persone in 'n krisis. Switzer (1986:54) raak 'n baie belangrike aspek aan met betrekking tot die toerusting/onderrig van die leraar betreffende krisisberading as hy konstateer dat die leraar nie 'n effektiewe krisisberader kan word deur slegs teorie en tegniek vanuit 'n boek aan te leer nie. Volgens Switzer (1986:54) moet die krisisberader egter as 'n mens groei wat vir ander 'n model of voorbeeld is van iemand wat 'n doel het in die lewe, wat bevredigende interpersoonlike verhoudings het en een wat hierdie insigte op 'n gepaste wyse kan toepas.

## 3.2 DEFINISIE VAN 'N KRISIS

Dit is moeilik om presies te definieer wat 'n krisis is omdat mense beheer word deur fisiese, psigiese, geestelike en sosiale funksies. Ons let vervolgens op 'n aantal navorsers se definiëring van wat 'n krisis is.

### 3.2 1 L. A. Hoff

Hoff (1989:20) gebruik 'n treffende illustrasie om vanuit die pastor se perspektief 'n basiese idee te gee van wat 'n krisis is:

" 'You know', 'he said', sometimes it feels like this. There I am standing by the shore of a swiftly flowing river and I hear the cry of a drowning man. So, I jump into the river, put my arms around him, pull him to shore and apply artificial respiration. Just when he begins to breathe, another cry for help. So back in the river again, reaching, pulling, applying, breathing and then another yell. Again and again, without end, goes the sequence. You know I am so busy jumping in, pulling them to shore, applying artificial respiration, that I have no time to see who the hell is upstream pushing them all in".

### 3.2.2 D.K. Switzer

"There is a number of physical, psychological and sociocultural needs that contributes to the fundamental ego integrity of a person ...the sudden shutting off one of these supplies, cues of a perception of threat to one's basic integrity as a person. This is a crisis, which produces a series of adaptational struggles in order to preserve one's identity" (Switzer, 1986:35).

### 3.2.3 J.T. De Jongh van Arkel

"'n Krisis is 'n interne reaksie op 'n eksterne bedreiging... 'n Enkeling of groep se interne reaksie van onvermoë om 'n toestand van ongesonde stres of bedreiging te hanteer"(De Jongh van Arkel, 1986:35).

### 3.2.4 C. V. Gerkin

" A crisis situation is for mordern persons an extreme or boundary situation in which the fundamental contradiction between human aspiration and finite possibilities becomes visible in such a way as to demand attention. In the situational crisis we are confronted with our human vulnerability, or finitude, the utter impossiblility of our deepest hopes and wishes. In that situation, a most elemental choice is forced upon persons that is at its core a religious or faith choice. Either persons must defend themself against the contradiction with whatever defense is possible, be that denial or heroic courage, or they must open themself to the vulnerability of the unknown future, trusting in the power and care of God coming out of the change and contingency of the unknown" (Gerkin, 1989:32).

### 3.2.5 H.J. Parad en L.G. Parad

"A crisis is an upset in a steady state, a turning point leading to a better or worse, state a disruption or breakdown in a person's or family's normal or usual patterns or functioning" (Parad & Parad, 1990:4).

### 3.2.6 H. W. Stone

'n Krisis kan verstaan word as 'n kritiese tyd en 'n draaipunt. Dit is 'n persoon se innerlike reaksie op 'n eksterne onaangename gebeurtenis. Dit behels die tydelike verlies van 'n persoon se hanteringsvermoë (Stone, 1993:13).

### 3.2.7 B.E. Gilliland en R.K. James

"A Crisis is a perception of an event or situation as an intolerable difficulty that exceeds the resources and coping mechanisms of the person" (Gilliland & James, 1993:3).

### 3.2.8 A.R. Roberts

"A crisis can be defined as a period of psychological disequilibrium, experienced as a result of a hazardous event or situation that constitutes a significant problem that cannot be remediet by using familiar coping strategies. A crisis occurs when a person faces an obstacle to important life goals that generally seems insurmountable through the use of customary habits and coping patterns" (Roberts, 2000:7).

### 3.2.9 N. Wright

Wright (2003:131) wys na die Chinese karakters vir 'n krisis. Dit bestaan uit twee simbole naamlik een vir wanhoop/gevaar en die ander vir geleentheid. Wanneer 'n berader van 'n huwelikskrisis praat, praat hy van 'n draaipunt, met ander woorde die huwelik is by 'n kruispad. Dit kan groei en verryk word of dit kan beweeg na pyn, ontnugtering en uiteindelik 'n egskeiding. 'n Krisis is 'n draaipunt waar die persoon kan groei en verryk word of teleurstelling kan ervaar, pyn kan beleef en in sommige gevalle ontnugter word. 'n Krisis is dus 'n kritiese tyd, 'n draaipunt in iemand se lewe. Die term word gebruik om te verwys na die innerlike reaksie op 'n uiterlike onaangename gebeurtenis (Wright,1993:20; Wright, 2003:129-130).

### 3.2.10 F. Meulenbeld

Meulenbeld (2002:6.3) beskryf 'n krisis as 'n gebeure wat plaasvind wanneer 'n persoon se normale probleemhanteringsmeganisme tydelik oorweldig word en wat dan tot disorganisasie en 'n onvermoë lei om die probleem op te los.

### 3.2.11 D.J. Louw

'n Krisis het te doen met 'n radikale wending. Dit doen 'n onmiddellike beroep op die hanteringsvermoëns, emosionele stabiliteit, volwassenheid, houding, denkpatrone en toekomsverwagting van die persoon wat die krisis beleef. Die woord 'krisis is' afkomstig van die Griekse woord '*krinein*', wat beteken om uit te sif of uit te wan, soos die kaf van die koring geskei word (Louw 2006:15).

## 3.3 ALGEMENE KENMERKE VAN 'N KRISIS

Omdat krisisintervensie 'n spesifieke soort berading is, is dit so belangrik dat die ampsdraers sal weet wanneer daar 'n aktiewe krisis is, al dan nie. De Jongh van Arkel (1986:41-49) verwys na die volgende algemene kenmerke van 'n aktiewe krisis, naamlik: *Moegheid, gevoel van hulpeloosheid, fisiese en emosionele verwarring, fisiese simptome, angs* en *disorganisasie.* 'n Krisisreaksie is nie 'n *psigiatriese siekte* nie, maar 'n normale reaksie op emosioneel bedreigende omstandighede, soos byvoorbeeld: Vrees, angs, stres of ongelukkigheid. Verlies aan dryfkrag is heel normaal in sekere omstandighede (Stone, 1993:22; Hoff, 1989:6); Daar is gewoonlik 'n buite-presipiterende of emosioneel bedreigende omstandigheid wat as sneller dien vir 'n krisis, soos byvoorbeeld 'n verlies of dreigende verlies (Stone, 1993:23). Die gebeurtenis self is nie die krisis nie, maar net die *stimulus* of *presipiteerder.* Daar is nie noodwendig 'n direkte verband tussen die presipiteerder en die uiteindelike aktiewe krisis nie. 'n Sekere krisis sal deur een persoon as emosioneel bedreigend beskou word, terwyl die ander persoon nie 'n probleem sal hê om dit te hanteer nie (vgl. Gilliland & James, 1993:3). Switzer ( 1986:65) maak egter in die verband 'n belangrike opmerking wanneer hy aantoon dat sommige gebeure in die lewe byna outomaties 'n aktiewe krisis tot gevolg sal hê. Hoe die persoon reageer op die situasie, word bepaal deur hoe die persoon die situasie verstaan en nie noodwendig deur die situasie self nie (Switser, 1993:135). Die betekenis of waarde wat die persoon aan die stressor gee, speel dus 'n geweldige belangrike rol om te bepaal of 'n krisissituasie tot 'n disoriëntasie sal lei of nie (Wright 2003:143). Die mate waartoe 'n persoon emosioneel betrokke is by die gebeurtenis sal ook 'n rol speel om te bepaal of daar 'n krisisreaksie sal wees, al dan nie. Vanuit bovermelde definisies van 'n krisis asook laasgenoemde bespreking kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- 'n Krisis self is 'n kognitiewe en persepsuele versteuring.
- Persone in krisis is gedisoriënteerd en in toestand van kognitiewe verwarring.
- 'n Krisis ontstaan slegs wanneer die persoon nie die bedreiging kan hanteer nie.
- Die onvermoë om aan te pas by veranderende omstandighede speel 'n belangrike rol.
- Hoe ernstiger 'n persoon voel dat die gebeure hom bedreig, hoe meer primitief of regressief sal die hanteringsmeganisme wees.
- 'n Krisistoestand is 'n draaipunt na geestesgesondheid aan die een kant, of geestesiekte aan die ander kant.
- Die persoon is tydens 'n krisis in 'n toestand van verhoogde psigologiese toeganklikheid en die oplossing van 'n krisis kan 'n beter of slegter toestand tot gevolg hê.
- Die krisis kan 'n geleentheid wees waar die gelowige geestelik groei en uit die ondervinding waardevolle geestelike lesse geleer het.
- Wanneer persone krisisse in die verlede suksesvol hanteer het, is hulle kanse goed om toekomstige krisis die hoof te bied, maar as dit nie suksesvol hanteer is nie, is die kanse goed dat dit weer sleg hanteer sal word.

## 3.4 KRISIS EN GELOOF

### 3.4.1 Krisis van godsdienstige waardes

Stone (1993:29) wys op die feit dat 'n krisis ook geloofsvrae na vore kan bring soos, byvoorbeeld: Wat is die sin van die lewe? Is die lewe die moeite werd in die lig van al die pyn? Waarom het dit met my gebeur? Stone (1993:29) wys in hierdie verband op 'n belangrike aspek, naamlik dat indien die leraar slegs die emosionele, fisiese en intellektuele aspekte van die krisis hanteer sonder om aandag te gee aan die geestelike aspekte, die persoon nie waarlik holisties hanteer word nie. Persone is ook geneig om tydens 'n krisis vorige geloofsaannames te bevraagteken, wat beteken dat die geestelike leiers hierdie persoon hierin moet bystaan.

### 3.4.2 Persoonlike teologiese oortuigings en 'n krisis

'n Persoon se teologie (met ander woorde wat die persoon oor God glo en hoe hy God sien) sal 'n uitwerking hê op hoe hierdie persoon tydens 'n gevaarlike of bedreigende situasie sal optree. Dit sal ook bepalend wees betreffende die vraag of hierdie persoon uiteindelik 'n aktiewe krisis sal beleef of nie. Mense wat in die soewereiniteit en versorging van God glo, het 'n beter basis van waar die lewe benader kan word (Wright, 2003:143).

## 3.5 AANLEIDENDE OORSAKE TOT 'N KRISIS

Een van die basiese stappe binne krisisberaad is om die *onaangename gebeure of situasies* te identifiseer wat aanleiding gegee het tot die betrokke persoon se dilemma. Hoe 'n persoon na die onaangename gebeurtenis *kyk*, met ander woorde: sy *persepsie* daarvan; *waarde* wat hy daaraan heg, met ander woorde hoe belangrik dit vir hom is, en hoe *intens* die persoon *emosioneel* betrokke is, sal alles bydraende faktore wees wat kan aanleiding gee tot 'n aktiewe krisis (Wright 2003:143). Daar word oor die algemeen onderskei tussen die bedreigende omstandighede en die presipiterende faktor, wat saam met die persoon se kwesbaarheid bydraende komponente is tot 'n aktiewe krisis. Die bedreigende omstandighede is gewoonlik die aanvanklike skok wat 'n reeks van reaksies inisieer en wat uiteindelik uitloop in 'n aktiewe krisis (Hoff, 1989:79). Die presipiterende faktor is dikwels 'n geringe insident, wat in die teenwoordigheid van ander stresvolle gebeure en die onvermoë van die persoon om gebruik te maak van normale hanteringsmeganismes, kan lei tot 'n aktiewe krisis. In 'n reeks van krisisse wat deur dieselfde persoon ervaar word, kan dit gebeur dat die presipiterende faktore in een krisis weer die bedreigende omstandighede in die volgende krisis kan wees. De Jong van Arkel (1986:63) tref in die lig hiervan geen onderskeid tussen die bedreigende omstandighede en presipiterende faktore nie.

### 3.5.1 Bedreigende omstandighede/presipiteerder

Volgens Wright (2003:131) kan 'n krisis deur een of meer van die volgende faktore veroorsaak word: 'n Verlies van watter aard ook al, 'n probleem wat te groot of oorweldigend is; 'n probleem wat vir meeste mense nie ernstig is nie, maar vir dié spesifieke persoon oorweldigend is; iets wat op 'n baie slegte tyd gebeur. Clinebell (1984: 35) toon ook dat krisisse veroorsaak kan word deur stresvolle lewensoorgange, soos byvoorbeeld: Die huwelik, geboorte, graduering, aftrede, ensovoorts; of deur 'n skielike onverwagte gebeurtenis, wat onbeplande en onverwagte stres en

verlies veroorsaak, byvoorbeeld: Siekte, ongeluk, operasie, verhuising, verlies van watter aard ook al of natuurrampe (vgl. ook Stone, 1993:19; Stone *et al.,* 2004:406) De Jongh van Arkel(1986:83) verwys na die volgende presipiterende/bedreigende faktore, naamlik: *Verliese,* wat heel waarskynlik bo-aan die lys sal staan en verliese in sluit van geliefdes deur die dood, verhuising, verbreekte verhoudings en objekte waaraan mense redelik geheg geraak het; *konflik* van enige aard is ook 'n bedreiging, soos byvoorbeeld tussen medemense, groepe of behoeftes, ensovoorts; *frustrasies* wat ontstaan as gevolg van die blokkering van die persoon se strewe en beplanning om een of ander doelwit te bereik; *groot aanpassings* vereis ook 'n redelike mate van energie en kreatiwiteit soos byvoorbeeld 'n nuwe skool; *rampe en katastrofes* het ook 'n uitwerking op individue en groepe. Stone (1993:22) verwys na die bedreigende omstandighede of presipiteerder ook as die stimulus.

### 3.5.2 Persoonlike belewenis

Stone (1993:19) toon aan dat die tweede element wat aanleiding gee tot 'n krisis die beoordeling is van die stimulus of die bedreigende omstandighede. Vir 'n krisis om plaas te vind, moet die stimulus gesien word as 'n *ernstige bedreiging* van die persoon of sy gesin se welsyn. Die presipiteerder word gesien as 'n gevaarlike situasie wat die persoon se hele lewe sal raak. Stone (1993:20) maak 'n belangrike observasie deur aan te toon dat sommige bedreigende omstandighede inherent ernstiger as ander is en tot 'n *onmiddellike aktiewe krisis kan lei.*

### 3.5.3 Hantering en persoonlike bronne

Volgens Stone (1993:20) is die derde element wat kan aanleiding gee tot 'n krisis die faktor van *hanteringsvermoë en persoonlike bronne* (vgl. ook Wright, 2003:135). Hanteringsvermoë het te doen met die wyse waarop 'n persoon op probleme reageer. Dit het te doen met die stappe wat 'n persoon neem om probleme op te los. Wright (2003:135) noem sommige van hierdie hanteringsmeganismes: Rasionalisering, ontkenning, nuwe kennis, gebed en die lees van die Bybel. Hoe meer, en hoe groter die verskeidenheid van hanteringsmeganismes waaroor 'n persoon beskik, hoe minder is die kans dat dié persoon 'n krisis ('n toestand van disorganisasie) sal beleef. 'n Persoon se persoonlike bronne het weer te doen met eksterne bronne soos byvoorbeeld die gesin, vriende of kerkmense; en die interne bronne soos byvoorbeeld aanpasbaarheid, probleem-oplossingsvaardigheid of kommunikasievaardighede. Stone (1993:20) beklemtoon dat indien 'n persoon se hanteringsvaardigheid nie die bedreiginge kan oorkom nie, 'n krisis vir seker sal plaasvind. 'n Krisis is dus nie slegs 'n eksterne stimulus nie, maar 'n interne reaksie in die persoon op 'n stimulus.

### 3.5.4 Predisponerende faktore

Wat verder 'n bydrae lewer tot die persoon se vermoë om 'n bedreigende situasie te hanteer, is die persoon se *predisponerende faktor.* Volgens De Jongh van Arkel (1986:59) word met *predisponering* bedoel faktore wat individue, families of groepe kwesbaar maak vir krisisse. In hierdie verband gaan dit dan om *oorerwing* van sekere aspekte in die persoonlikheid en samestelling van die betrokke persoon – dit maak sekere persone meer kwesbaar vir sielkundige probleme. Oorerwingsaspekte wat hier ter sake is, is kwessies soos spanning, hanteringsvermoë, labiliteit, selfbeheersing en aanpasbaarheid. Sommige mense is geneig om meer intens op spanning te reageer as

ander. Die labiele persoon kan nie prikkels inhibeer nie en is van nature in 'n toestand van disekwilibrium, met die gevolg dat hy op die rand van 'n krisistoestand leef. Selfbeheersing is 'n persoonlikheidseienskap wat 'n persoon in staat stel om spanning langs ander kanale te gelei. Aanpasbaarheid – die vermoë of onvermoë om aan te pas by veranderinge - het 'n uitwerking op die persoon se kwesbaarheid. Die realistiese of onrealistiese waarnemingsvermoë speel ook 'n besonder deurslaggewende rol: Sommige mense is geneig om altyd negatiwiteit in omstandighede te sien. Wright (2003:147) wys na die volgende predisponerende faktore: oorweldiging, emosionele swakheid of emosionele beskadigde persoon; swak fisiese toestand; ontkenning van die werklikheid of die vermyding van pyn; onrealistiese benadering tot tyd; onverwerkte skuld; blaamverskuiwing; persone met 'n sterk afhanklikheid of onafhanklikheidsgedrag en skeefgetrekte teologiese oortuigings.

### 3.5.5 Aktiewe krisis/disoriëntering

As die persoon nie meer dinge kan hanteer nie, ontwikkel 'n aktiewe krisis. Wright (2003:133) wys na die volgende vier indikators in hierdie verband:

- Simptome van stres – psigologies, fisiologies of beide. Dit sluit in Depressie, kopsere, angstigheid, bloeiende maagseer, ensovoorts. 'n Toestand van paniek en verslaentheid: Dié persone voel dat hulle alles probeer het en niks het gewerk nie. Daar is ook 'n gevoel van magteloosheid: Dié persone voel verslaan, oorweldig, hulpeloos en hopeloos. Dié persone kan geïrriteerd en/of aggressief optree, begin op en af loop, kan begin om alkohol en dwelms te gebruik, ry te vinnig of raak betrokke in 'n bakleiery of word heeltemal passief en/of apaties - is depressief en slaap baie.
- Die fokus is op verligting – die persone wil uit die situasie kom. Hulle voel soos die psalmis in Ps. 57:1: *"Wees my genadig, o God!... want by U soek ek skuiling. Onder U vleuels sal ek skuil tot die bedreiging verby is."* Daar is 'n soeke na verligting van die pyn en die stres. Sulke persone is irrasioneel en dink nie logies nie. Hulle word oorafhanklik van ander om hulle uit die situasie te help.
- 'n Tyd van verlaagde effektiwiteit – persone in 'n aktiewe krisis funksioneer nie normaal nie. Die persoon se ewewig is versteur en gevolglik is hul effektiwiteit verlaag.

Stone (1993:22) noem die volgende aktiewe krisissimptome: Moegheid en uitputting, disorganisasie, hulpeloosheid, hopeloosheid, immobilisering, verwarring, fisiese simptome, angstigheid en disorganisasie in sosiale situasies.

## 3.6 VERSKILLENDE TIPES KRISISSE

De Jongh van Arkel (1986:35) beklemtoon die feit dat nie elke krisis noodwendig 'n naam gegee kan word nie. Krisisse pas nie noodwendig altyd in een of ander kategorie nie. Daar is verskeie voorstelle betreffende die moontlike klassifikasie van krisisse. Ons fokus vervolgens op enkele hiervan:

### 3.6.1 Ontwikkelings–en onverwagse krisisse

Meeste navorsers met betrekking tot krisisberading maak gebruik van die twee tipe krisisindeling, naamlik ontwikkelings–en situasie krisisse (De Jongh van Arkel, 1986:40. Clinebell (1984:35) volg hierdie indeling en verwys na 'n *ontwikkelingskrisis* as 'n krisis wat gewoonlik plaasvind naby die stresvolle oorgange van die lewe, byvoorbeeld: Huwelik, geboorte, graduering, aftrede, ensovoorts; dan is daar ook die *onverwagse/skielike krisisse* wat onbepland gebeur. Dit sluit in gebeure soos byvoorbeeld: Siekte, 'n ongeluk, operasie, verhuising, verlies van watter aard ook al, natuurrampe, ensovoorts. In hul indeling van krisisse volg Stone (1993:13) sowel as De Jongh van Arkel (1986:36-38) hierdie selfde basiese tweedeling (vgl. ook Meulenbeld, 2003:6.3 en Wright, 2003:136).

### 3.6.2 Eksistensiële krisisse

De Jongh van Arkel (1986:38) voeg 'n derde kategorie by en hy verwys hierna as eksistensiële krisisse. Hierdie krisisse behels konflik en angs wat verband hou met vrae oor die doel van die lewe, verantwoordelikheid, vryheid, en verpligtinge. Alhoewel hierdie vrae gewoonlik in die normale gang van die lewe gevra word en dan nie noodwendig tot 'n krisis lei nie, word dit 'n krisis indien konflik ontstaan rondom die uitdaging tot die aktualisering van 'n persoon se potensiaal of die strewe tot groter dinge – veral indien dit nie suksesvol hanteer word nie.

### 3.6.3 Baldwin se ses krisis kategorieë

Baldwin (1978:538-551) maak 'n baie sinvolle indeling waar hy krisisse in die volgende ses kategorieë indeel:

- **Disposisionele krisis**
  Hier voel die persoon angstig as gevolg van 'n sekere *eksterne probleemsituasie.* Hierdie angstigheid kan dadelik verwyder word op 'n baie direkte wyse, soos byvoorbeeld deur vir iemand wat nie kos het nie, kos te gee.
- **Verwagte krisis**
  Dit is gewoonlik 'n normale situasie waar die persoon weet wat gaan gebeur en die persoon het daaroor beheer of geen beheer nie - byvoorbeeld verhuising of werksverandering.
- **'n Skielike traumatiese stres**
  'n Onverwagte gebeurtenis veroorsaak 'n skielike reaksie van stres, soos byvoorbeeld die skielike dood van 'n geliefde.
- **Ontwikkelingskrisis**
  Soos die lewe aangaan, moet daar aanpassings gemaak word of vind daar sekere oorgange in mense se lewens plaas wat vra vir aanpassing, byvoorbeeld: Die geboorte van 'n baba, 'n huwelik, aftrede, ensovoorts.
- **Psigopatologie**
  Dit is die gevolg van die herbelewing van onopgeloste vroeë oorgangskrisisse of skielike traumatiese stres wat nie verwerk is nie.

- **Psigiatriese ongevalle**

  Hierdie kategorie verwys na situasies waar persone psigotiese gedrag of selfmoordneigings toon of gewelddadige of ander ekstreme gedrag openbaar.

Baldwin se indeling is redelik omvattend en bruikbaar aangesien dit die eerste twee kategorieë wat algemeen aanvaar word, naamlik oorgangs-en skielike krisisse, insluit. Dit gaan egter ook verder en tref 'n onderskeid tussen ernstige krisisse (soos skielike traumatiese stres) en minder ernstige soort krisisse soos disposisionele krisisse. Dit verwys ook na onverwerkte krisisse uit die verlede sowel as die patologiese gevolge van hierdie onverwerkte krisisse. As De Jongh van Arkel (1986:75-77) se intervensievlakke, soos deur hom verduidelik in gedagte gehou word, maak die indeling van Baldwin ook soveel te meer sin. Wat die intervensievlakke betref, verwys De Jongh van Arkel (1986:77) na die individuele aangepaste benadering wat kennis van abnormale sielkunde verlang betreffende die onderskeie persoonlikheidsteorieë asook die vermoë om pastorale diagnoses te kan maak ten opsigte van die godsdienstige aspekte wat van belang is in die krisis. Die klem is dus hier op die predisponeringsaspekte asook die hantering van die gevolge van onverwerkte krisisse uit die verlede.

## 3.7 DIE FASES IN 'N KRISIS

Krisis vind gewoonlik nie onmiddellik plaas nie, maar daar is dikwels identifiseerbare fases van ontwikkeling wat lei tot 'n aktiewe krisistoestand. Die fases soos deur De Jongh van Arkel (1986:52) bespreek, het meer te doen met verwagte of oorgangskrisisse en dit sien soos volg daar uit:

- **Fase 1** – Die spanning, angs en benoudheid neem toe as gevolg van die bedreigende stimulus, met die gevolg dat die persoon sy bekende probleemhanteringstegnieke moet begin inspan.
- **Fase 2** – Die gebrek aan die suksesvolle oplossing sowel as die voortsetting van die stres word versterk deur die toename in spanning. Die persoon is ontsteld en, beleef gevoelens van ongemak, soos byvoorbeeld angs, vrees en skuld. Dit gaan saam met gevoelens van hulpeloosheid en magteloosheid. Die persoon is nou in 'n vloeibare toestand. Indien die krisis nie hier opgelos word nie, vererger die disorganisasie.
- **Fase 3** – Die toename in spanning neem verder toe en word 'n sterk interne stimulus om interne en eksterne hulpbronne te mobiliseer. Die persoon is gewillig om die krisissituasie op 'n nuwe en ongewone wyse te hanteer. Aspekte van die probleem wat nie voorheen raakgesien is nie, is nou duidelik. Dit kan daartoe lei dat die probleem opgelos word en 'n mate van stabiliteit herstel word. Die persoon groei deur die krisis en kom sterker aan die ander kant uit.
- **Fase 4** – Indien die krisis nie opgelos word nie, bou die spanning nog verder op en bereik breekpunt. Die gevolg is 'n ernstige disorganisasie en 'n toestand van aktiewe krisis. Die toestand waarin die probleem of aksie kronies is, tree hier in - met die gevolg dat ander metodes gebruik moet word om hulp in die situasie te bied.

Die krisisfases wat meer van toepassing is by skokkende gebeure soos byvoorbeeld verkragtings, skielike dood of die nuus van 'n terminale siekte, word deur Van Niekerk (1986:3) soos volg uiteengesit:

- **Eerste fase** – Pre-impakfase: Dit is waar mense voorberei word op moontlike krisisse.
- **Tweede fase** – Impakfase of skokreaksie: Gedurende hierdie fase toon oorlewendes 'n toestand van verwarring ten opsigte van werklike gebeure. Die persone openbaar hier emosionele ongevoeligheid. Dit wil voorkom asof psigiese kragte onder buitengewone druk en stres in werking gestel word om die persoon teen die onmiddellike impak van die ervaring te beskerm.
- **Derde fase** - Terugslagfase: tydens hierdie fase beweeg die persoon wat die ramp oorleef het uit die skoktoestand Die persoon ontdek dat die gevaar verby is en die lewe moet aangaan. Die persoon word dus gekonfronteer met dit wat met hom gebeur het en die verlies wat hy gelei het.
- **Vierde fase** – Post-traumafase: Gedurende hierdie fase word die oorlewende met die herinneringe van die gruweldaad gekonfronteer – stres, rusteloosheid, slaaploosheid en nagmerries word beleef. Die persone het 'n behoefte om oor die gebeure te praat en sodoende die trauma te desensitiseer.
- **Vyfde fase** – Herstelfase: Tydens hierdie fase begin die persoon weer rasioneel optree, hoewel hy steeds simptome soos angs kan toon.

Wright (2003:147 - 163) gee die volgende indeling en fokus sterk op die draaipunt wat gewoonlik na groei en genesing lei:

- **Fase 1** – Impakfase wat van korte duur is. Die persoon weet onmiddellik dat hy gekonfronteer word met 'n krisisgebeurtenis. Tydens hierdie fase word die persoon se denkvermoë beïnvloed. As daar 'n verlies was, word gesoek na dit wat verloor is.
- **Fase 2** – Onttrekkingsfase of verwarringsfase. Hierdie fase word primêr gekenmerk deur emosionele verwarring en stormagtigheid.
- **Fase 3** - Aanpassingsfase. In hierdie fase begin die persoon dit wat met hom gebeur het in 'n nuwe lig te sien. Daar kom lig in die lang donker tonnel - die persoon in die krisis kry weer hoop, maar dit fluktueer. Omdat die persoon meer insig tydens hierdie fase verkry kan hy meer objektief wees oor wat met hom gebeur het. Nuwe geestelike perspektief kom ook na vore en daar kan selfs 'n verdieping in geloof plaasvind.
- **Fase 4** – Rekonstruksiefase. Hierdie fase word gekenmerk deur 'n spontane verklaring van hoop. Twyfel en selfbejammering is verby omdat die persoon 'n logiese besluit geneem het om homself nie meer daaraan oor te gee nie. Die persoon het emosioneel en geestelik gegroei.

## 3.8 KRISISBERAAD

Wat betref die eintlike oogmerk met krisisintervensie, vat Kennedy (1981:1) dit soos volg saam:

> "Things and people break down, at least temporarily, all the time; and the whole purpose of crisis counseling, no matter who the counselor is, is to get them going again."

### 3.8.1 Die krisisdiagnose

Volgens De Jongh van Arkel (1986:65) is die onvermoë om te bepaal of 'n bepaalde toestand waarin 'n persoon verkeer 'n krisis is of nie, dikwels die oorsaak van die verkeerde toepassing of nie-toepassing van die krisismodel. Hy beklemtoon in hierdie verband dat by krisispastoraat daar nie op die gewone wyse gediagnoseer word nie (soos skisofrenie, neurose ensovoorts), maar die krisis self word gediagnoseer. Die doel is nie net om te bepaal of daar wel 'n krisis is nie, maar ook, indien daar is, hoe dit erg is sodat die regte vorm van hulp beplan en geïmplementeer kan word. Stone (1993:37) is van mening dat die doel met krisisintervensie is om die persoon in krisis ten minste te help om weer op vorige vlakke te funksioneer of om te groei na 'n hoër vlak van funksionering. Die eerste stap om bostaande te bereik, is om te bepaal of daar wel 'n krisis is, al dan nie. As hulpmiddel hiertoe stel Switzer (1986:41) die volgende drie vrae voor:

- Het die probleem, gevoelens en gedrag onlangs (met ander woorde slegs 'n paar weke vantevore) begin?
- Het dit progressief vererger?
- Kan die tyd van aanvang gekoppel word aan 'n spesifieke gebeurtenis of verandering in die persoon se lewensomstandigheid?

Met Baldwin (1978:538-551) se indeling van krisisse in gedagte, moet daar ook gelet word op die moontlikheid van vroeëre onverwerkte krisisgebeurtenisse wat juis die presipiteerder kan wees vir die huidige krisis.

### 3.8.2 Doelwitte van krisisintervensie

Een van die take van versorging en krisisintervensie is om mense te help om op die krisisgebeure te reageer as 'n geleentheid om geestelik te groei en te beweeg na heelheid (Clinebell, 1984:35,187). Hierdie doel word bereik deur die volgende korttermyn krisisintervensiedoelwitte: Versorging deur die leraar; versorging deur ondersteuningsgroepe, versorging deur lekebedienaars en groepswerk (Clinebell, 1984:35). Hierdie toetrede deur hulpverleners moet mense help om hulle gedrag, gevoel en gesindheid konstruktief te verbeter. Verandering in

houding en gedrag bring noemenswaardige gevoels- en gesindheidsveranderinge teweeg. Die pastoraat beoog gevolglik om mense te help om positief te handel met hul onmiddellike probleme; regte besluite te neem; verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle eie lewe; om geestelik te groei; gesindheid te verander en dit wat positiewe gevoelens blokkeer, uit die weg te ruim (Clinebell, 1984:35). Krisistoetrede help mense dus om te ontwikkel in hulle totale menswees - daarom sal geestelike ontwikkelingsprogramme van waarde wees vir die krisispastoraat.

Switzer (1986:45) beskryf die doelwitte met krisisintervensie soos volg: Die vinnigste moontlike verligting van die interne en eksterne simptome van die krisis en 'n terugkeer tot daardie besondere persoon se gewone vlak van funksionering. Omdat dit hier gaan oor korttermyn omstandighede, is die hulp ook net gerig op die hantering van die krisissituasie self.

Stone (1993:14) wys dat die doel van krisisintervensie is om mense by te staan tydens die emosioneel kritiese oomblikke van hulle lewens. Krisisintervensie sluit volgens Stone (1993:14) pastorale berading sowel as ander vorme van pastorale versorging in en die kerk, ampsdraers en lekebedienaars is hierby betrokke. Die doelwit van die persone betrokke by die krisisintervensie is, volgens Stone (1993:14), eerstens om die impak van die krisis gebeurtenis te verminder, en tweedens om die krisisgebeurtenis te gebruik om die persone in die krisis te help om hul krisishanteringsvaardighede te versterk ten einde toekomstige nuwe probleme meer effektief te kan hanteer. In hierdie verband stel Stone (1993:6) dit heel treffend: "*Crisis intervention is not just band-aid therapy, but growth counseling.*"

Krisispastoraat/-intervensie, volgens Wright (2003:132), is 'n proses wat gebruik word met die oog op die *ontlonting* van die persoon se onmiddellike krisisreaksie. Krisisintervensie word somtyds *emosionele eerstehulp genoem* (Wright, 2003:132). Dit behels verbale en nie-verbale kommunikasie om die persoon in die krisis te bemoedig, te bemagtig en vertroue te bou.

Clinebell (1984:196) som die basiese doelwitte van korttermyn krisisintervensie soos volg op:

- Die voorsiening van 'n korttermyn empatiese verhouding.
- Die herstel van normale funksionering deur die verwydering van emosionele blokkasies en emosionele snellers.
- Hulp aan persone om te deel met besluite wat geneem moet word.
- Hulp aan persone om beskikbare bronne te gebruik.
- Hulp om perspektief en insig te verkry.
- Hulp om met paniekaanvalle te deel deur onmiddellik die hier en nou probleme te hanteer.
- Hulp om duidelikheid te verkry oor wat die krisiskwessie impliseer, asook die bied van alternatiewe moontlikhede.

- Begeleiding in die vorm van informasie.
- Voorlopige voorstelle
- Assessering om te bepaal of die persone ander professionele hulp nodig het, al dan nie.

### 3.8.3 Korttermyn en langtermyn krisisintervensie

Volgens Clinebell (1984:184) het die bedienaar/berader se hulp aan die persoon in krisis te doen met vier aspekte, naamlik:

- Algemene pastorale bediening.
- Informele krisisberaad.
- Korttermyn krisisintervensie (een tot vyf sessies).
- Formele krisisberaad asook langtermyn berading en terapie van ernstige krisisse/trauma.

Hierdie aspekte toon dat daar plek binne krisisberaad bestaan vir korttermyn sowel as langtermyn berading. De Jongh van Arkel (1986:50) is van mening dat die metodes van krisisintervensie nie geskik en ontwerp is om langtermyn en chroniese patologie te hanteer nie. Dit beteken egter nie dat krisisintervensie nie kan oorgaan in langtermynberaad of dat 'n persoon na die hantering van 'n krisis nie vir psigopatologie verwys kan word nie. Krisisintervensie aanvaar dat daar dikwels gedurende die intervensie ook ander areas van patologie geïdentifiseer kan word, wat dan nie tydens die krisisintervensie hanteer kan word nie. Clinebell (1984:184) wys ook daarop dat daar onderskei moet word tussen *krisisversorging* en *krisisberading.* Alle mense het versorging nodig as hulle deur moeilike tye gaan - daar is egter diegene wat *formele krisisberaad* nodig het en volgens Clinebell (1984:184) uiteindelik dan 'n kleiner hoeveelheid wat *langtermyn terapie* nodig het. Die formele langtermyn terapie is nodig vir mense wat deur 'n ernstige krisis gegaan het en as gevolg hiervan nie meer normaal kan funksioneer nie – hulle kan nie oor die pyn kom nie en hul emosionele hanteringsmeganismes is geïmmobiliseer. Mense wat psigologiese en/of herhaaldelike trauma beleef, sal ook formele langtermyn terapie benodig.

Dit is vervolgens belangrik om in gedagte te hou dat die impak van opeenvolgende krisisse en verliese kulminerend van aard is [**vgl. in dié verband Holmes en Rahe (1967:213-218) se stresskaal in Bylaag 1**]. Wright (2003:135) maak 'n belangrike observasie wanneer hy konstateer dat mense nie vir 'n onbepaalde tydperk in 'n staat van aktiewe krisis kan verkeer nie - daar moet gevolglik iets aan die krisis gedoen word sodat dit opgelos kan word. Ondervinding en navorsing wys dat 'n aktiewe krisis oor die algemeen eindig binne 'n periode van nie langer as ses weke nie (vgl. ook Gilliland & James, 1993:3) Volgens Wright (2003:135) is dit dus soveel te meer noodsaaklik dat krisisintervensie juis gedurende hierdie tydsraam beskikbaar moet wees ten einde te verhoed dat die persoon 'n oplossing kies wat psigopatologies en kontra-produktief is - daar is dus net 'n kort tydperk vir krisisintervensie beskikbaar. Sodanige intervensie sluit dan aspekte soos die volgende in: *Aktiewe terapie, ondersteuning, deurwerk van dit wat gebeur het, ontbloting van die pyn, hantering van emosies, normalisering en bevestiging "validating" van die ondervinding, en ten slotte die identifisering van persoonlike ondersteuningsbronne* (Wright,2003:135). As die

persoon die gebeurtenis nie verwerk het nie of verkeerdelik verwerk het, sal die patologiese gedrag en denke eerste hanteer moet word voordat verdere berading kan plaasvind.

Met betrekking tot kort- en langtermyn krisisintervensie wys Switzer (1986:63) op die belangrike insigte van *Slaikeu.* Hy (Slaikeu) maak 'n onderskeid tussen wat hy *psigologiese eerstehulp* noem en "*multimodal*" *krisisterapie,* of andersins "first-order" en "second-order" krisisintervensie. *Psigologiese eerst hulp* word aan die persoon gegee as die krisis die eerste keer aan die lig kom en dit word dadelik gedoen. Die doel hiervan is om ondersteuning te gee, om die impak van die krisis te verminder en, om die persone in 'n krisis in aanraking te bring met ander hulpbronne. Dit gaan dus om die herstel van ewewig en dit word gewoonlik binne ses weke bereik. Swizer (1986:63) gee egter toe dat daar 'n aantal spesiale krisissituasies is waar die besondere intense gevoelens en gedrag oor die algemeen langer as ses weke neem om op te klaar, soos byvoorbeeld die dood van 'n geliefde, egskeiding, reaksie op 'n hartaanval of die diagnose van 'n terminale siekte. Dit is juis in die lig van bostaande dat Slaikeu verwys na *krisisterapie,* oftewel "*second-order*" intervensie. Dit begin waar psigologiese eerstehulp ophou en die proses is dan langer (gewoonlik weke of maande). Dit vereis assessering om te bepaal tot watter mate die krisis die vyf areas van die persoon se funksionering versteur het, naamlik; Gedrag, gevoel, fisiese gesondheid, interpersoonlike verhoudings en kognitiewe funksionering(Swizer, 1986:64). Die totale assesserings proses sluit volgens Switzer (1986:64) die volgende in:

- Presipiterende gebeurtenis
- Probleme wat lei tot aanmelding
- Konteks van die krisis
- Basiese funksionering voor die krisis
- Die basiese funksionering tydens die krisis

Die basiese doel van krisisterapie is volgens Switzer (1986:64) om die persoon te ondersteun om deur die krisisondervinding te werk langs die volgende dimensies:

- Fisiese oorlewing van die krisis en die hantering van die nagevolge
- Die uitdrukking van emosies wat ervaar word
- Die bemeestering van gedagtes met betrekking tot die ondervinding
- Gedrag en interpersoonlike aanpassings ter wille van normale funksionering

Hier word dan onderskei tussen *krisis restourasie en krisisoplossing.* Krisisrestourasie sal natuurlik plaasvind, maar die *gevolge* kan *goed* of *sleg* wees. Die krisis kan tegnies verby wees (ewewig herstel) binne ses weke, maar dit beteken nie dat die die *krisis opgelos* is nie. Die oplossing van die nagevolge van 'n traumatiese gebeurtenis kan volgens Switzer (1986:65) moontlik nie voldoende realiseer binne ses weke nie. Daar sou gevolglik behoefte wees aan 'n langer beradingsproses totdat die onderliggende konflik opgelos is en daar by die persoon noemenswaardige persoonlike groei plaasgevind het. Switzer (1993:137) wys dat in die geval van egskeiding en die dood van 'n geliefde die oplossing van die krisis van een tot twee jaar kan neem, en selfs langer.

### 3.8.4 Verskillende vlakke van intervensie

Volgens De Jongh van Arkel (1986:75) is een van die positiewe kenmerke van krisisintervensie die feit dat dit op verskillende vlakke van bekwaamheid en effektiwiteit deur mense op verskillende vlakke van opleiding uitgevoer kan word. In hierdie opsig is Morley (1970:15) se vier onderskeibare vlakke van krisisintervensie 'n goeie voorbeeld. Al die vlakke is funksioneel maar hulle word in orde van toenemende fleksietyd en potensiële impak aangebied. Elke vlak bevat benewens sy unieke kenmerke ook die kenmerke van die laer vlakke, maar nie kenmerke van die hoër vlakke nie. Met ander woorde, die persoon wat op vlak 3 berading doen, sluit dus ook vlak 1 en 2 in. Morley se vier vlakke is dan die volgende:

- **Algemene ondersteuning**
  Dit is tipiese hulp wat voorkom by mense met geen beradingsopleiding nie. Om effektief ondersteunend op te tree, is dit nodig om warm en vriendelik te wees, werklik belang te stel in mense, te luister na hul probleme, en nie bedreigend of veroordelend oor te kom nie.
- **Omgewingsmanipulasie/-verandering**
  Hierdie vorm van intervensie is nie in die eerste plek op die hantering van die krisis gerig nie, maar probeer om die oorsaak van die probleem te verwyder.
- **Generiese benadering**
  Hierdie benadering verg dat die berader deeglike kennis moet hê van krisisse in die algemeen en spesifieke krisis in die besonder. Krisisberaders op hierdie vlak sal byvoorbeeld kennis moet hê van die besondere aard van 'n krisis wat volg op die dood van 'n geliefde. Hulle sal ook moet weet hoe om sulke mense te help treur. Om byvoorbeeld iemand wat onsedelik aangerand is te kan help, sal 'n berader uiteraard weer kennis moet hê van hierdie tipe trauma.
- **Individuele aanpassings benadering**
  Krisisberaders wat op hierdie vlak werk, sal kennis moet hê van abnormale sielkunde en geskool moet wees in persoonlikheidsteorieë. As leraar moet die persoon op hierdie vlak kennis hê van beradingstegnieke en weet hoe om 'n pastorale diagnose te maak van die godsdienstige aspekte wat van belang is in die krisis. Hier word gekyk na die verskillende presipiterende en predisponerende aspekte.

### 3.8.5 Noodsaaklike voorwaardes tot krisisintervensie

Switzer (1986:50/1) en De Jongh van Arkel (1986:73/4) verwys na die volgende vier belangrike voorwaardes tot effektiewe krisisintervensie:

- **Plasing**
  Die helper moet woon in die gemeenskap waar hy krisishulp wil verleen As gevolg van die kognitiewe versteuring wat mense in 'n krisis ondervind, sal hulle nie ver gaan soek vir hulp nie.

- **Beskikbaarheid**

  Die persoon in 'n krisis moet vinnig by hulp kan uitkom. Leraars is aanpasbaar en geredelik beskikbaar met betrekking tot hulle tyd.

- **Beweeglikheid**

  'n Krisiswerker moet bereid wees om ook uit te beweeg en nie net in sy spreekkamer te sit en wag dat mense na hom toe kom nie. Die feit dat leraars gewoond is om rond te beweeg, maak dat hulle reeds daar is waar die mense is wat 'n krisis beleef, soos byvoorbeeld met huisbesoek, ensovoorts.

- **Soepelheid en prosedure**

  In krisisintervensie word daar van verskeie hulpmiddels en metodes gebruik gemaak soos byvoorbeeld: Instapklinieke, telefoonberading, huisbesoeke, kort 15 minute- ondersteuningsdiens, ensovoorts.

## 3. 9 VERSKILLENDE KRISISINTERVENSIE BENADERINGS/METODES

### 3.9.1 Een tot een benadering

Die benaderings wat hier behandel word, het te doen met krisisintervensie as 'n proses tussen twee persone in 'n een tot een situasie (Switzer, 1986:90).

#### 3.9.1.1 Jay E. Adams

Volgens Adams (1976:11) sal dit belangrik wees om 'n onderskeid te tref tussen krisisberaad en algemene noutetiese beradingshulpverlening. [Adams (1970:44-50) word beskou as die vader van die sogenaamde *noutetiese* benadering. Hierdie wyse van berading veronderstel in die eerste plek 'n probleem wat oorkom moet word, tweedens moet die probleem verbaal opgelos of reggestel word en derdens is die motief vir die regstelling altyd die voordeel van die beradene]. Alle gevalle waarmee die berader betrokke is, is nie noodwendig 'n krisissituasie nie; inteendeel, daar is in baie gevalle nie 'n onmiddellike krisis wat dreig nie en daarom moet daar voordat begin word met krisisberading, duidelik verstaan en onderskei word dat die spesifieke geval wel 'n krisis is en krisisbenadering benodig. Adams (1976:11) meen dat daar drie elemente is wat in ag geneem moet word by 'n krisis, naamlik die krisissituasie, die persoon wat in die krisis betrokke is en die respons van die persoon tot die krisis. Volgens Adams (1976:11-14) is die eerste woord wat die krisisberader moet leer die anakronisme "AID" en dit staan vir:

- Biblical *analyses*
- Personal *inventory* of attitudes, behavior, and resources
- Biblical *direction* in responding to the crisis situation

Daar word vervolgens op elk van hierdie drie aspekte gelet:

- **Analise**

  - Om die aard en die oorsprong van die krisis te bepaal, is belangrik, want die krisis moet in Bybelse terme verklaar en verstaan word aangesien dit nodig gaan wees om 'n Bybelse oplossing vir die probleem te vind. Daarom die noodsaaklikheid om te bepaal wat die probleem is volgens die Woord van God.
  - Binne die geheel van 'n krisissituasie kan daar verskillende aspekte/elemente van die krisis onderskei word. Dit is nodig dat hierdie elemente van die krisis onderskei en geïsoleer word. Adams (1976:17) is van mening dat daar vir elke aspek van die krisis 'n Bybelse plan opgestel moet word. Daar moet ook 'n bepaalde skedule opgestel word om elke individuele aspek van die krisis te hanteer sodat daar nie los punte is nie. Daar moet dadelik met die eerste aspek van die probleem begin word.
  - Die analise help sodat daar bepaal kan word waar om te begin. Dit help ook die beradene om weer 'n houvas op die werklikheid te kry omdat die beradene oorweldig is deur die geheel en hy nie lig kan sien nie. Dit bring hoop vir die beradene om te kan sien dat, ongeag hoe ernstig die probleem is, alles nie verlore is nie. Die probleem is kleiner as die Een wat dit gaan oplos. Die berader moet die beradene help om die probleem op te breek voordat die probleem die beradene opbreek.
  - Die korrekte analise van 'n krisis sal 'n groot bydrae lewer tot die oplossing daarvan. Die berader moet die feite kry en dit dan op 'n Bybelse manier evalueer. Die krisis is deel van God se bedoeling om die beradene op die plek te kry waar hy God se plan vir die oplossing sal wil volg. God is soewerein en dit maak nie saak hoe ernstig die krisis mag wees nie, dit is nie buitekant Sy vermoë om die probleem op te los nie. Adams (1979:21) wys daarop dat indien God in die prentjie gebring moet word, daar genoeg tyd in kommunikasie met Hom deurgebring sal moet word. God moet gesien word as die mees basiese, mees belangrike, mees dramatiese en die mees hoopvolle element in die situasie. Die hele krisissituasie moet só herstruktureer word dat die prentjie wat gekry word, wys dat God aan die werk is. Dit lei dan daartoe dat die betrokke persoon vir God te midde van die krisis ervaar. Wanneer God in die krisis is, gee dit betekenis aan dit alles.

- **Inventaris**

  Tydens 'n krisis loop emosies gewoonlik hoog. Die beradene kan meegesleur word as hy nie oor innerlike vastigheid beskik nie. Dit sal gevolglik belangrik wees dat die beradene kan onthou wat hy moet doen en hoe hy dit moet doen.

  - ***Toestand.***- Daar moet bepaal word of die beradene by *sy volle positiewe* is of nie. Die beradene kan dronk wees, kan aan skok ly, kan onder die invloed van dwelms wees of kan selfs hallusineer. Dit sal dus nodig wees om eers aan sodanige probleme aandag te gee voordat daar na ander minder dringende sake, wat ook belangrik is, gekyk word. Wanneer die beradene oorspanne is, kan 'n rotsvaste kalmte by

die berader, wat op God se beloftes staan, vir die beradene van groot waarde wees. Dit bring hoop vir die beradene in die middel van die chaos waarin die beradene homself bevind. Vervolgens moet duidelikheid verkry word betreffende die vraag rondom geloofsekerheid by die beradene. Indien daar geen geloofsekerheid is nie, moet daar in die begin slegs minimale hulp gegee word om spanning, verwarring, ensovoorts. uit te skakel. Nadat dit gedoen is, sal die berader die ware wese van die krisis aan die beradene moet bekend maak. Die probleem is dat die beradene waarskynlik die probleme van 'n sondige wêreld wil oplos sonder Jesus Christus. Die beradene word gevolglik op hierdie punt eers geëvangeliseer. Daar moet ook vasgestel word of die houding van die beradene reg of verkeerd is, met ander woorde, is die beradene bitter of aggressief of sarkasties of bevrees of bekommerd? As sy gesindheid nie reg is nie, sal daar eers aan hierdie saak gewerk moet word.

- ***Reaksie*** - Die verkeerde reaksie kan die probleem verder vererger, byvoorbeeld: Die vrou pak haar tasse om haar man te verlaat. Hy pleit by haar om hom nie te verlaat nie en hom nog 'n kans te gee. Hy belowe haar dat hy enigiets sal doen as sy maar net sal bly. Deur sy trane en smekery vererger hy eintlik die probleem. Die rede hiervoor is dat sy vrou dit nie kan verdra dat hy hom so onmanlik gedra nie. 'n Probleem kan van die primêre na die sekondêre verskuif, byvoorbeeld die vrou voel haar man is onsensitief vir haar probleme en dit is haar primêre kwessie – sy baklei egter met haar man omdat hy nie sy klere optel nie. Verder sal dit ook nodig wees vir die berader om verkeerde raad wat deur andere aan die beradene gegee is, reg te stel. Dus, dit is noodsaaklik om vas te stel wat sover aan die probleem gedoen is. Die beradene kan byvoorbeeld ontmoedig wees deur al sy pogings tot dusver, sonder klaarblyklike resulatate. Daar is gevolglik 'n gebrek aan hoop. Die beradene kan ook sku wees vir beraders as gevolg van vorige ervarings - of miskien is daar tot dusver nog niks gedoen nie.

- ***Motiewe*** - Om iemand se motiewe te bepaal, is moeilik en is dit altyd verkeerd om 'n oordeel te fel oor iemand se motiewe aangesien die beradene nie regtig die persoon se hart kan sien nie. Daarom sal dit belangrik wees om baie sensitief te wees vir wat die beradene sê, want uit dit wat hy sê, kan afgelei word wat sy motiewe is. Die berader kan ook vra wat die motief is maar omdat die mens se hart bedrieglik is bo alle dinge, kan die berader nie altyd seker wees van die antwoord wat hy kry nie. Daar is altyd die moontlikheid dat hy of die ander wat betrokke is, gebruik of gemanipuleer kan word deur die beradene ten einde eie doelwitte te bereik. Omdat die berader met feite werk, sal dit egter nie lank neem om uit te vind indien die beradene hom mislei nie.

- ***Hulpbronne*** - *Die eerste hulpbron is 'n persoonlike hulpbron,* soos byvoorbeeld die Woord van God en die Gees van die Here. Tydens 'n krisis word die beradene gewoonlik gedwing om te begin antwoorde soek by God. In gebed vra hy die Here vir wysheid en soek dit dan in die Woord. Hy word versterk deur die Gees wanneer hy gehoorsaam is aan die Woord. In baie gevalle sou die beradene alreeds gebid het en dan van mening wees dat gebed nie help nie en dat die probleem dus nog nie opgelos is nie.

Waarom? Omdat *gebed* alleen nie die oplossing vir die probleem is nie, want God verwag in Sy Woord ook *aksie* van die mens. Daar is baie dinge wat die beradene alreeds weet, maar die *weet* opsigself is nie genoeg nie. Byvoorbeeld, om te weet dat die Here my vergewe het van die sonde wat ek gedoen het en ek weet dat ek dit bely het, is opsigself nie genoeg nie. Die beradene moet egter die vergifnis van die Here *ontvang en sy eie maak.* 'n *Ander hulpbron is die beradene se familie en vriende.* Die man of vrou of kind speel 'n belangrike rol. As die man byvoorbeeld 'n krisis, wat dit ook al mag wees beleef, kan die vrou en die kinders 'n belangrike rol speel deur hulle samewerking te gee en nie onnodige druk op die man te plaas deur dit wat hulle doen nie. *Verder is die kerk 'n belangrike hulpbron.* Medegelowiges kan deur gebed asook praktiese ondersteuning en liefde die beradene in die krisis ondersteun. Gelowiges moet leer om mekaar se laste te dra en so die wet van Jesus vervul. Die beradene self is 'n belangrike hulpbron. Deur sy kennis van die Skrif, deur sy oortuiging dat die Woord van God die antwoorde het en deur sy ferm persoonlike strukture word hy 'n anker vir die persoon in krisis.

- ***Groei-geleentheid*** - Die beradene moet ontdek dat daar oorwinning vir hom in Jesus Christus is. Jesus het ons nie gered om 'n mislukte geestelike lewe te lei nie. Daarom kan die beradene verseker weet dat God se genade genoeg is om hom deur die krisis te dra. Die beradene moet toeneem in die genade en kennis van Jesus en hy moet vorder op die pad van heiligmaking.

- **Rigting**

Die volgende drie aspekte is hier van belang:

- ***Outoriteit van die Skrif*** - Outoriteit moet reg verstaan word. Dit beteken nie dat die berader in homself die reg het om vir die beradene rigting te gee of om vir hom te sê hoe hy moet maak of nie moet maak nie. Outoriteit lê op twee vlakke, naamlik in die boodskap en in die boodskapper. Laasgenoemde se outoriteit lê nie in homself nie, maar in die Een wat hom aangestel het om Sy Woord te bedien. Wat die Woord van God sê, is die enigste bron van waarheid. Wat die Woord sê moet duidelik aan die beradene verklaar word sodat hy dit kan verstaan. Die Woord van God moet reg verklaar word in die konteks en die verband, anders kan die berader aan die beradene sê wat die Woord van God nie sê nie. Die berader sal egter nooit volle begrip van die Woord van God hê nie – nogtans moet hy so ver moontlik die Woord bestudeer om te probeer verstaan wat die Woord beteken. Die berader is boodskapper van God en getrou aan sy aanstelling moet hy aan die beradene sê wat God sê oor die saak en wat God sê die oplossing vir die probleem is. Deur die berader moet daar onderskeid gemaak word ten opsigte van daardie aspekte waaroor hy redelik seker is dat dit die dieper betekenis van die Woord is en daardie aspekte waaroor hy meer onseker is. Daar moet egter nie onsekerheid oor die onfeilbaarheid van die Woord van God kom nie. Die berader moet ook 'n onderskeid tref tussen outoriteit en outoritêr.

- *Konkretiseer die hulp wat aangebied word* – Daar moet gewaak word teen berading wat so abstrak en filosofies is dat die beradene nie regtig verstaan wat die praktiese implikasies is. Dit is gevolglik nodig dat die berader heel dikwels direktief en spesifiek moet wees in sy benadering. Hy moet dit wat God aan die beradene sê, konkretiseer en in werklike lewensituasie toepas. Die beradene moet in sy konteks, lewe en taal verstaan wat God vir hom sê.

- *Gee tentatief rigting* - Verlig die nood of druk deur te begin met voorlopige berading en tentatiewe riglyne. As die beradene byvoorbeeld 'n oordosis pille gedrink het, moet hy hospitaal toe geneem word. Oorhaastige besluite moet nie in 'n krisis geneem word nie - dit is gewoonlik die verkeerde besluit. Dit wat nou gedoen moet word en dit wat later gedoen kan word, moet ook duidelik onderskei word. Die beradene moet nie tydens krisisomstandighede besluite neem wat hy eerder later kan neem wanneer hy kalm is nie. Die berader belowe hulp aan die beradene en daar word dus 'n plan vir verdere beradingsessies opgestel.

#### 3.9.1.2 H.J. Clinebell

Clinebell (1984:198-200) gee die volgende prosedure tot krisisintervensie:

- *Luister* aandagtig en met gevoel.
- Gee persone 'n kans om hul probleem te beskryf en dan kan versigtig van *vrae* gebruik gemaak word om leemtes in inligting aan te vul.
- Help die persone om *duidelike perspektief* te kry van hulle probleem.
- Gee aan persone *bruikbare informasie* oor die probleem waarom die krisis wentel.
- Fokus op die persone se konflikte, probleme en besluite met die doel om moontlike *alternatiewe* optrede en besluite voor te stel.
- Help die persone met die *volgende stap* wat geneem moet word in die krisis.
- Gee *praktiese/konkrete* riglyne wanneer dit nodig is.
- Gee aan die persone *emosionele ondersteuning* en *inspirasie*.

Clinebell (1984:35) wys daarop dat een van die take van versorging en beraad is om mense te help om krisisgebeure te beskou as 'n geleentheid om geestelik te groei en te beweeg na heelheid. Hy wys na die volgende twee benaderings tot krisisintervensie, naamlik:

- **TA - benadering tot krisisberaad**

Clinebell (1984:204) verwys hier na die benadering van Transaksionele Analise (TA) wat oorspronklik deur Eric Berne geformuleer is. In hierdie benadering word die vrees en skuld van die sogenaamde *'inner child'* verlaag deurdat die persoon toegelaat word om op 'n tydelike basis sy sterkte te verkry deur die versorging

van die berader wat as voog optree. Terselfdertyd word die *'volwassene'* geaktiveer en versterk deur die persoon aan te moedig om die werklikheid te hanteer. Die beradene en berader se volwassenes se spanstrategie is om die *'inner child'* onder beheer te kry en die *'adult'* vry te laat om met die werklikheid van die probleem te deel.

- **ABCD- opleidingsmodel**

Clinebell (1984:205/6) (vgl. ook De Jongh van Arkel, 1986:78-82) beskryf hierdie model soos volg:

- **A - "[A]chieving a relationship"** - Bou kontak op met die persoon tydens 'n krisis waar vertroue verkry word en sorg verleen word.
- **B - "[B]oiling down the problem"** – Fokus op die belangrikste onderdele van die probleem.
- **C - "[C]hallenge the individual to take constructive action"** – Die beradene moet begin om beheer te verkry van ten minste sekere gedeeltes van die probleem.
- **D - "[D]evelop an ongoing growth-action plan"** - Dit loop uit op groei in volwassenheid.

**3.9.1.3 H. Stone en D. K. Switzer**

Stone (1993:38-50) bespreek die ABC- metode soos volg (vgl. ook die bespreking van Switzer 1986:65-89). Switzer (1986:65) wys daarop dat die ABC- metode van krisisintervensie een van die vroegste is wat is deur die psigiater *Warren Jones ontwikkel.* Die model kan as volg beskryf word:

- **A - "[A]chieving contact with the client."** Volgens Stone (1993:38) en Switzer(1986:65) moet daar heel eerste 'n verhouding opgebou word. 'n Verhouding word opgebou deurdat die leraar in die eerste plek wys dat hy werklik omgee vir die persoon in 'n krisis; die tweede belangrike aspek is dat die gemeentelike ampsdraer sal luister. Deur te luister, kan bepaal word wat presies die presipiteerder/katalisator was wat aanleiding gegee het tot die huidige krisis. Switzer (1986:65) beklemtoon dat daar ook hoop en verwagting gebou moet word.
- **B - "[B]oiling down the problem to its essentials."** Die tweede stap is om te fokus op die teenswoordige situasie en op die aard/wese van die bedreiging. Die presipitant is meer as 'n presipiterende gebeurtenis. Dit is die gebeurtenis plus die spesiale betekenis wat die gebeurtenis vir die persoon in die krisis het. Die *presipiteerder* moet geïdentifiseer word, maar ook die *presipitant,* naamlik die gedagtes en gevoelens wat voortgevloei het as gevolg van die reaksie op die stimulus. Stone (1993:42) en Switzer (1986:76) wys dat die probleem gereduseer word tot die belangrikste aspekte - ander onbelangrike detail moet uitgefilter word. In die tweede stap is dit belangrik dat daar *opgetree* sal word. Stone(1993:43) wys daarop dat om 'n verhouding te bou met 'n persoon in 'n krisis en na hom te luister, is nie volledig as daar nie opgetree word nie. Stone (1993:43) wys vervolgens op 'n paar response wat vermy moet word omdat dit nie bevorderlik is binne 'n krisissituasie nie. Byvoorbeeld om te

vinnig raad te gee of te veel vrae te vra en dan ook nog hoofsaaklik van geslote vrae (teenoor *open-ended questions*) gebruik te maak, wat veroordelend en argumenterend van aard is.

- **C - "[C]oping actively with the problem."** Op hierdie stadium moet die beradene gehelp word om sy bronne te evalueer en te mobiliseer. 'n Aksieplan word ontwikkel en daar word spesifieke veranderinge gemaak, gerig op die oplossing van die krisis. Op hierdie stadium van krisisintervensie word daar ook gefokus op besluitneming en aksie (om iets te doen aan die situasie, is die hoofdoel van die prosedure). Daar moet as eerste stap 'n lys gemaak word van bronne wat kan bydra tot die oplossing van die probleem - dit sluit interne sowel as eksterne bronne in. Stone(1993:47) wys op die volgende vyf komponente as deel van bestuur wat probleemoplossend gerig is:
  - Bevestig die doelwitte
  - Maak 'n lys van die bronne
  - Formuleer alternatiewe moontlike oplossing
  - Gaan oor tot aksie
  - Evalueer

### 3.9.1.4 N. Wright

Wright (2003:164) is van mening dat daar verskeie stappe is wat gevolg moet word ten einde iemand deur 'n krisis te begelei en hierdie stappe word vervolgens kortliks aan die orde gestel:

- ***Implementeer onmiddellike ingrepe*** - Volgens Wright (2003:164) is daar 'n venstertyd vir ingrepe tydens krisisse. Tydens 'n krisis is daar baie skommelinge, die stresvlakke is hoog en die persone is baie kwesbaar. Die berader moet veral beskikbaar wees in sulke tye aangesien mense hom/haar dan die nodigste kan hê. Mense kan nie die stres van 'n krisis vir 'n lang tyd hanteer nie en hulle sal geneig wees om dit op een of ander manier binne ses weke op te los, op watter manier ook al-positief of negatief. In hierdie tydgleuf is mense gewoonlik ook sag soos klei, maar soos die tyd aangaan, sal hulle verhard word. Praktiese riglyne vir hierdie fase is volgens Wright (2003:168) die volgende:
  - Luister met empatie
  - Assesseer in elke sessie (die behoefte, sowel as die vordering)
  - Normaliseer (wys aan die persoon dat dit wat hy beleef natuurlik is)
  - Gee gerusstelling (verseker die persoon dat daar deur die krisisproses gewerk sal word)
  - Ondersteun
  - Beplan beradingsessies
  - Onderrig (gee aan die persoon in krisis rigting)
  - Monitor

- ***Neem Aksie*** - Die persoon wat 'n krisis beleef, moet dadelik gehelp word. Wright (2003:169) wys daarop dat dit nie nou die tyd is om vraelyste, persoonlikheidstoetse of agtergrondnavorsing te doen nie. Die persoon moet egter hier en nou eers gehelp word om die krisis te verstaan. Dit is ook volgens Wright belangrik dat krisisse uit die verlede geëksploreer moet word omdat dit 'n bydrae kan lewer tot die huidige krisis.
- ***Herstel balans*** – Tydens hierdie fase kan daar begin word om op 'n beperkte basis op sekere doelwitte te fokus. Die persoon kan gehelp word om balans te verkry. Dit kan gedoen word deur te kyk na die inligting wat die persoon oor die krisis gegee het. Belangrike vrae om te vra: Verstaan die persoon die krisis volledig en het hy al die feite? Is die persoon as gevolg van sy emosionele toestand besig om die situasie en detail te verwring en te verdraai? Verstaan die persoon dat sekere gevoelens en optredes normaal is gedurende die krisis? Die berader kan in hierdie verband die persoon help om sekere gapings in sy inligting te vul en die persoon te help om sy vrese te oorkom.
- ***Bewerk hoop en positiewe verwagting*** - Volgens Wright (2003:176) voel sommige mense tydens 'n krisis hulpeloos. Dit is belangrik om hulle weer te help om hoop te verkry.
- ***Gee ondersteuning*** - Wright (2003:177) beklemtoon dat een van die redes waarom probleme geneig is om oor te gaan in 'n krisis, verband hou met onvoldoende sosiale sisteme. Intervensie in 'n krisis hou gevolglik verband met die gee van ondersteuning en om beskikbaar te wees vir die persoon wat deur die krisis gaan - deur byvoorbeeld telefoonoproepe te maak, om vir die persoon te laat weet jy bid vir hom en ook om ander ondersteuningsisteme soos byvoorbeeld binne die gesin, kerk, familie, ensovoorts te mobiliseer.
- ***Fokus op probleemoplossing*** - In hierdie fase word die hoofrede wat aanleiding gegee het tot die krisis, bepaal. Daar word dan deur die berader en beradene planne beraam om dit op te los. Die berader en beradene kan hulself sien as 'n span wat saamwerk. Gedurende hierdie fase word daar ook al meer gefokus op die daarstelling van konkrete doelwitte – daar word gekyk na die nodige bronne wat beskikbaar is. Die beradene moet ook tydens hierdie fase gehelp word om die probleem en die meegaande emosionele pyn in die gesig te kyk.
- ***Verstaan en beoordeel selfbeeld*** – Hierdie stap is een van die belangrikstes en dit behels die assessering en verstaan van die persoon se selfbeeld. Daar word gepoog om te bepaal tot watter mate die krisis die selfbeeld geaffekteer het en wat gedoen kan word om dit te verander. Dit is belangrik om nie etikette om die persoon se nek te hang nie.
- ***Bring selfstandigheid*** - Een van die belangrikste beginsels wat gevolg moet word in krisisberaad is: "Moet niks vir die beradene doen wat hy nie vir homself suksesvol kan doen nie."

### 3.9.2 Ander benaderings

Switzer (1986:90 -114) wys ook op die volgende aantal sinvolle en praktiese alternatiewe benaderings tot krisisintervensie wat tot groot waarde aangewend kan word deur kerklike ampsdraers:

- **Huisbesoeke** – Dit is gewoonlik iets waarmee kerkleiers vertroud is en wat reeds toegepas word. Alhoewel die huisbesoeke oor die algemeen om verskillende redes gedoen word, gaan dit hier spesifiek oor krisisintervensie.
- **Mobilisering van interpersoonlike bronne** - Juis vanuit die unieke posisie van die geestelike leier, en veral dan die predikant, kan hier veel gedoen word. Hy kan 'n belangrike rol speel in die mobilisering van die belangrikste ondersteuningsbronne van persone wat in 'n aktiewe krisis verkeer. Die ampsdraers is ook in 'n gunstige posisie om te help met interpersoonlike konflik of probleme wat as gevolg van die krisis ontwikkel het.
- **Manipulasie van beradingstyd** – Veral die leraar is in die lig van sy werksure redelik aanpasbaar om persone in 'n aktiewe krisis by te staan. 'n Krisissituasie is baie vloeibaar en een sessie berading per week is nie geskik vir krisisintervensie nie. Daarom is veral die leraar in 'n unieke posisie om sporadies en soos nodig op 'n voortgaande basis die persoon in 'n krisis te ondersteun.
- **Telefoon krisisintervensie** – Persone in 'n aktiewe krisis sal gewoonlik eerste kontak maak met die leraar deur gebruik te maak van 'n telefoon. Indien die leraar nie dadelik beskikbaar is nie en die persoon in die krisis nie dadelik na die spreekkamer kan kom nie, kan die eerste sessie eintlik telefonies geskied. Sommige persone sal krisis telefoonberading verkies omdat hulle anoniem kan bly vir watter rede ook al. Al word oor die telefoon 'n krisisberadingsessie gereël, kan die telefoon volgens Switzer (1986:97) vir ten minste nog drie ander redes gebruik word, naamlik:
    - Vir opvolg en kontak om die persoon in die krisis te bemoedig en seker te maak dat die persoon se funksionering nie psigiatries is nie. In sulke gevalle sou simptome soos die volgende aanwesig kon wees: psigose, selfmoordneigings of gewelddadige gedrag.
    - Die persoon in die krisis word aangemoedig om die ampsdraers enige tyd tussen sessies te skakel as daar 'n noodgeval opduik.
    - Vir die regulering van afsprake. Indien iets voorval, kan die telefoon gebruik word om afsprake te skuif.
- **Opvolg** – Persone in 'n ernstige krisis kan maklik hopeloos voel. Hulle sien geen hoop vir die toekoms nie en hulle het hul sin en doel in die lewe verloor. Daarom is gereelde kontak tussen die helper en die persone wat gehelp word van uiterste belang. Opvolg kan in twee rigtings beweeg, naamlik:
    - Die geestelike leier kan die persoon in die krisis skakel om 'n opvolgafspaak te bevestig. As die opvolg afspraak by die huis, kantoor of hospitaal nie geleë is nie, kan die telefoon baie handig gebruik word vir die doel.
    - Tweedens kan daar opvolg of terugvoer kom vanaf die persoon in die krisis na die leraar/kerkleier. Hierdie terugvoer kan ook om meer as net die krisissituasie gaan - dit kan ook sekere take/opdragte wees wat aan die beradene gegee is en ten opsigte waarvan daar voor 'n sekere tydperk aan die berader terugvoering gegee word.
- **Krisisberading in groepe** - Krisisintervensie in groepe kan goed werk, veral in groot kerke en in 'n stadsopset. Persone in 'n aktiewe krisis kan dadelik in klein krisisgroepe geplaas word juis gedurende die aanvanklike kritiese ses weke tydperk. In die krisisondersteuningsgroepe word daar baie individuele aandag gegee aan elke groepslid deur die berader en die groep self. Hierdie aandag sluit in ondersteuning en stimulasie. Die fokus is

om die spesifieke behoeftes van die persoon in die krisis aan te spreek. Die groepsdinamiek moet fokus op deelname en persone wat te spraaksaam is, moet nie toegelaat word om die groep oor te neem nie.

## 3.10 SAMEVATTING EN KOMMENTAAR

In die voorafgaande bespreking is gewys op die unieke posisie en rol van die ampsdraers in die gemeente en in hierdie verband is aspekte soos die volgende uitgelig: Hulle verhouding met gemeentelede, vrye toegang tot gesinne en families en, vertroue wat reeds bestaan. In die lig hiervan behoort hulle aanvanklik 'n pertinente rol te vervul tydens krisisintervensie asook traumaberading. Ampsdraers van die gemeente is dus direk betrokke by die versorging, ondersteuning en begeleiding van lidmate wat deur krisisse gaan. Dit is uiters belangrik omdat dit uit die bespreking geblyk het dat dit veral die eerste ses weke na die krisis is dat mense op hul kwesbaarste is en intense behoefte het aan ondersteuning. As dit in gedagte gehou word dat 'n krisis 'n draaipunt is waar die persoon óf kan groei/verryk kan word, óf kan beweeg na teleurstelling, pyn- en in sommige gevalle na ontnugtering- kan dit nie anders dat die geleentheid tot hulpverlening nie gemis mag word nie.

Verder wou die bostaande bespreking van die krisispastoraat nie alleen 'n duidelike prentjie gee van die studieveld nie, maar ook aandui wat die nodige kennis is wat ampsdraers benodig ten einde bemagtig te word om meer effektiewe krisisberaders te wees. Dit het ook duidelik geblyk dat die leraar/ampsdraer nie 'n effektiewe krisisberader kan word deur slegs teorie en tegniek aan te leer vanuit 'n handboek nie. Die krisisberader moet groei as 'n mens wat vir andere 'n model of voorbeeld is van iemand wat 'n doel het in die lewe, wat bevredigende interpersoonlike verhoudings het en een wat hierdie insigte op 'n gepaste wyse kan toepas.

Alhoewel daar 'n verskeidenheid van krisisse in die literatuur behandel word wat gaan oor krisispastoraat, het dit uit die navorsing geblyk dat bronne wat handel oor die toerusting van ampsdraers tot effektiewe krisisberading eintlik maar skaars is. Daar is wel bronne wat handel oor die opleiding van lekeberaders, maar wanneer dit kom by ampsdraers, dan is die gegewens effens yl. Dit blyk ook uit die literatuur dat daar aanvaar word dat ampsdraers opgelei is, maar soos wat in hoofstuk 1 aangedui is, is dit nie altyd die geval nie. Norman Wright (2003:10) wys daarop dat selfs geordende leraars soms ontoereikend mag voel en aarsel om by sekere krisisse betrokke te raak - daarom die belangrikheid van toerusting en opleiding rondom krisis en traumaberading en dus ook die aktualiteit van hierdie studie.

# HOOFSTUK 4 - PASTORALE HANTERING VAN GEKOMPLISEERDE TRAUMA

## 4.1 ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

Soos reeds beredeneer in 3.8.3 is krisisintervensiemetodes volgens De Jongh van Arkel (1986:50) nie geskik en ontwerp om langtermyn en chroniese patologie te hanteer nie. Dit beteken egter nie dat krisisingryping nie kan oorgaan in langtermynberaad of dat 'n persoon na die hantering van 'n krisis nie vir psigopatologie verwys kan word nie. Krisistoetrede aanvaar dat daar dikwels gedurende die intervensie ook ander areas van patologie geïdentifiseer kan word wat dan nie tydens die krisisintervensie gehanteer word nie. Krisisintervensiemetodes is gevolglik meer gefokus op die hantering van die onmiddellike krisissituasie. Switzer (1986:65) maak in die verband 'n belangrike opmerking dat sommige gebeure in die lewe amper outomaties 'n aktiewe krisis/trauma tot gevolg sal hê. In dié verband kan verwys word na veral skielike trauma of stres (*horrific trauma*). Hoe ernstiger 'n persoon voel dat 'n spesifieke gebeurtenis hom bedreig, hoe meer primitief of regressief sal die hanteringsmeganisme wees, met ander woorde hoe minder is die persoon in staat om dit te hanteer (Stone, 1993:26).

Switzer (1986:63) verwys ook na Slaikeu wat 'n onderskeid maak tussen wat hy psigologiese eerstehulp noem en "multimodal" krisisterapie of "first-order" en "second-order" krisisintervensie. Swizer (1986:63) gee toe dat daar 'n aantal krisis situasies is waar die mees intense gevoelens en gedrag langer as ses weke neem om op te klaar, soos byvoorbeeld die dood van 'n geliefde, egskeiding, reaksie op 'n hartaanval of die diagnose van 'n terminale siekte. By hierdie lys kan bygevoeg word: *Kriminele viktimisering*: verkragting, moord, kindermishandeling; *natuurrampe*: vloede, brande, aardbewings, orkane; *mensgemaakte rampe*: oorlog, bendegeweld, terrorisme, oorlogsmisdade; *katastrofiese ongelukke*: erge motor-, vliegtuig-, of industriële ongelukke; en laastens *hoë stresvolle werke*: nooddienste, brandweer, gesondheidsorg en polisiemanne en-vroue (Weaver, 1993:387).

Dit is juis in die lig van die bostaande dat Slaikeu verwys na krisisterapie oftewel "second-order" intervensie. Dit begin waar psigologiese eerstehulp ophou. Die proses is langer as krisisintervensie en kan gewoonlik weke tot maande duur. In die lig van die meer uitgerekte proses wat oor 'n tydperk van heelwat meer as ses weke strek, sal daar eerder hier verwys word na *gekompliseerde traumaberading*. De Jong van Arkel (2000) verwys na die volgende groepering van die onderskeie pastorale take op die volgende vier vlakke (soos aangehaal deur Hugo (2004:87)):

- Wedersydse Sorg
- Pastorale Sorg
- Pastorale Berading (korttermyn pastorale benaderings)
- Pastorale Terapie (langtermyn rekonstruksie-intervensie)

Volgens hierdie indeling sal die bespreking in die voorafgaande hoofstuk van hierdie studie (die terrein van die krisispastoraat) dus inpas by die vlak van Pastorale Berading (korttermyn pastorale benaderings), en die tema van die

huidige hoofstuk (gekompliseerde trauma) meer inpas by die vlak van Pastorale Terapie (langtermyn rekonstruksie-intervensie).

## 4.2 DOELWITTE

Navorsing toon dat die gemiddelde krisis na ongeveer ses weke opklaar. (Gilliland & James, 1993:3) In die lig hiervan is die terme 'krisis' en '*trauma*' dan ook afwisselend in die vorige hoofstuk gebruik. Die klem val egter in hierdie hoofstuk op 'n meer uitgerekte proses wat oor 'n tydperk van heelwat meer as ses weke strek - daarom word hier eerder verwys na '*ernstige krisis*' of '*gekompliseerde trauma*' (Lindeque, 2006:2). Hierdie tipes krisisse is gewoonlik die gevolg van 'n oorweldigende blootstelling aan 'n stresvolle gebeurtenis of reeks van gebeure, soos byvoorbeeld: Oorlog, verkragting, molestering, huishoudelike geweld, vliegtuigongeluk, ensovoorts. Hicks (1996:157) verwys na hierdie tipe trauma as die "critical incident type". Diė tipe traumatiese gebeure lei gewoonlik tot post-traumatiese stresversteuring en is tipies so buitengewoon of intens dat dit byna enige mens sal ontstel (Coetzer 2005:40). Dié gebeure is skielik en word beskou as lewensbedreigend vir die persoon sowel as die persone wat deel was van die traumatiese gebeurtenis. (Coetzer, 2005:40). Om uiteindelik in staat te wees om praktykteoretiese riglyne te formuleer vir die toerusting van kerklike ampsdraers met betrekking tot krisisberading, sal dit gevolglik belangrik wees om ook deeglik kennis te neem van die terrein van gekompliseerde trauma.

## 4.3 DIE ROL VAN AMPSDRAERS MET BETREKKING TOT GEKOMPLISEERDE TRAUMA

Weaver (1993:388) wys op die feit dat navorsing in die VSA gewys het dat miljoene mense na geestelikes gaan ten tye van 'n krisis. Vier uit tien Amerikaners het aangetoon dat hulle onder sulke omstandighede hulp by 'n leraar of pastoor gaan soek het. Die persentasie van diegene wat gereeld eredienste bywoon het, het gestyg na 53% (Weaver, 1993:389). Vyf en tagtig persent geestelike werkers het aangedui dat hulle al traumaberading met betrekking tot gekompliseerde gevalle behartig het. Waar daar nie die nodige toerusting is nie, vind hierdie tipe berading dan ook heel dikwels plaas met of sonder die hulp van sielkundiges of psigiaters. Wat verder baie insiggewend is uit gemelde navorsing, is dat geblyk het dat persone wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, vyf keer eerder na 'n leraar as na 'n sielkundige of psigiater gegaan het.. Navorsing het verder aangetoon dat die nagevolge van erge trauma 'n ernstige publieke gesondheidsrisiko inhou. In die lig van bostaande sal ampsdraers en leraars veral toegerus moet word om gekompliseerde trauma te kan identifiseer en om persone te kan beraad wat nagevolge hiervan beleef, soos byvoorbeeld post-traumatiese stresversteuring (Waever , 1993:385; Weaver, *et al.,* 2003:19). Geestelike werkers wat genoegsaam opgelei is, is in 'n ideale posisie om mense by te staan wat as gevolg van gekompliseerde trauma ly. Die leraars is dikwels in 'n langtermyn verhouding met slagoffers van trauma en hul naasbestaandes en hulle kan raad en begeleiding gee met betrekking tot die simptome en nagevolge van erge trauma.

## 4.4 KRISISKATEGORIEË WAT PARALLELLE TOON MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

In die benadering tot gekompliseerde trauma is daar heelparty parallelle met betrekking tot krisiskategorieë, soos die volgende::

### 4.4.1 Onverwagte/skielike krisisse

Onverwagte/skielike gebeurtenisse wat onbeplan gebeur. Dit sluit in gebeure soos byvoorbeeld die diagnose van 'n terminale siekte, 'n ernstige ongeluk, ernstige verlies van watter aard ook al, gruweldade en natuurrampe (Stone 1993:13, Meulenbeld 2003:6.3, Wright 2003:136, De Jongh van Arkel,1986:36-38).

### 4.4.2 Eksistensiële krisis

Hierdie krisisse behels konflik en angs wat verband hou met vrae oor die doel van die lewe, verantwoordelikheid, vryheid, en verpligtinge (Weaver, *et al* 2003:36; De Jongh van Arkel, 1986:38).

### 4.4.3 Baldwin se ses krisiskategorieë

Balwin (1978:538-551) verwys na ses krisiskategorieë. Drie van hierdie ses (wat vervolgens aan die orde gestel word) vind in besonder aansluiting by gekompliseerde krisisse:

- **Skielike traumatiese stres.** 'n Onverwagte gebeurtenis veroorsaak 'n skielike reaksie van stres soos byvoorbeeld die skielike dood van 'n geliefde.
- **Psigopatologie.** Dit is die gevolg van die herbelewing van onopgeloste vroeë oorgangskrisisse of skielike traumatiese stres wat nie verwerk is nie.
- **Psigiatriese ongevalle.** Hierdie kategorie verwys na situasies waar persone psigotiese gedrag of selfmoordneigings toon of gewelddadige of ander ekstreme gedrag openbaar. In hierdie gevalle sal dit nodig wees dat mediese hulp verkry word of onmiddellike hospitalisasie.

## 4.5 GEKOMPLISEERDE TRAUMA

### 4.5.1 Aspekte wat trauma kompliseer

Hicks (1996:3) is van mening dat emosionele pyn onverwerk bly omdat die persone wat 'n traumatiese ervaring beleef het heel dikwels nie *gerou (grief)* het nie. Hulle het nie uiting gegee aan hulle gevoelens wat beleef is tydens en na die trauma nie en daarom is hulle emosioneel vasgevang in tyd en gediskonnekteer van die hede. Die noodsaaklikheid om uiting te gee aan gevoelens wat beleef word tydens 'n trauma, hou verband met die

belangrikheid van ontlonting en de-aktivering tydens die eerste 72 uur na die traumatiese gebeurtenis. Hicks (1996:42) maak melding van die uitspraak by geleentheid deur 'n sekere psigiater dat sy nie meer glo in '*mental illness*' nie. Die rede was omdat sy na 'n evaluasie van haar emosionele siek pasiënte oor twintig jaar een algemene faktor by hulle gevind het, naamlik traumatiese gebeure tydens hul kinderjare, adolessensie of vroeë volwasse jare, wat nie hanteer is nie. Hicks (1996:60-75) wys vervolgens op die volgende sewe aspekte wat die algemene verwerking van trauma kompliseer:

#### 4.5.1.1 Ontkenning en stilte

Dit is waar daar nie oor die ervaring/gebeurtenis gepraat word nie, maar dit eerder opgekrop word - maak of dit nie gebeur het nie. Mense kan fisiese gewig dra, maar nie emosionele gewig vir 'n lang tydperk nie. Hicks (1996:70) verwys hier na die metafoor van die stoompot. Dit bou druk op en die deksel sal uiteindelik afskiet indien die druk in die pot nie vrygelaat word nie (Hicks, 1996:60).

#### 4.5.1.2 Blamering

Mense het 'n behoefte om iemand of iets te blameer wanneer 'n slegte ding gebeur. God, Satan, die slagoffer of een of ander omstandigheid word geblameer vir wat gebeur het. Hierdie behoefte van die mens is egter nie heilsaam tydens 'n trauma nie. Dit gebeur ook maklik dat die slagoffers wat oorleef het, hulself kan blameer vir die dood van die mense wat saam in die gebeurtenis was (Hicks, 1996:61/2).

#### 4.5.1.3 Oorbeskerming

Hier gaan dit oor die slagoffer se pogings om te probeer verhoed dat dié gebeurtenis herhaal word - 'n poging om die lewe te beheer, wat natuurlik onmoontlik is (Hicks, 1996:63-66).

#### 4.5.1.4 Vermyding

Wanneer die persone probeer om nie die werklikheid van wat gebeur het te hanteer nie asook die rouproses te probeer vermy, sal hulle byvoorbeeld na die dood van 'n kind geneig wees om lang ure by die werk deur te bring omdat dit te pynlik is om huis toe te gaan. Of hulle sal begin om alkohol of dwelms te gebruik in 'n poging om van die pyn te ontvlug. Die werklikheid sal egter hanteer moet word (Hicks, 1996:66-68).

#### 4.5.1.5 Onaanpasbaarheid

Die persone sien nie kans om die veranderinge wat uit die traumatiese gebeure voortgespruit het te hanteer nie. Omdat die lewe vir die slagoffer nooit weer dieselfde sal wees na 'n ernstige krisis nie, is dit moeilik om die aanpassing te maak. Mense is dan geneig om in die verlede te leef, op te hou lewe en net te bestaan of om in sterk ontkenning in te beweeg (Hicks, 1996:68-70)

#### 4.5.1.6 Weier van hulp

Die persone is geneig om te onttrek en te weier om hulp te aanvaar juis as gevolg van die gruwelikheid van die daad. Die persone beleef woede en dit veroorsaak dat daar nie gepraat wil word oor dit wat gebeur het nie. Verder kan die persoon nie aanvaar wat gebeur het nie en sien nie kans om die verandering te aanvaar wat die trauma veroorsaak het nie - daarom word hulp geweier (Hicks, 1996:70-75).

#### 4.5.1.7 Intense trauma

Die gebeure wat aanleiding gee tot gekompliseerde trauma is tipies so buitengewoon of intens dat dit byna enige mens sal ontstel (Coetzer, 2005:40). Hicks (1996:157) verwys na hierdie tipe trauma as "critical-incident type" – gebeure wat gewoonlik aanleiding gee tot post-traumatiese stresversteuring.

### 4.5.2 Gevolge van gekompliseerde trauma

#### 4.5.2.1 Die onmiddellike impak van erge trauma

Louw (2006:15) wys op die volgende direkte impak van 'n erge traumatiese skokgebeure:

- Die radikaliteit van die verlies
- Die onmiddellikheid van die emosionele skok, verslaenheid en verbystering
- Die skynbare onomkeerbaarheid van die gevolge van dit wat as ongeluk beleef word
- Die faktor van noodlot en magteloosheid
- Die woede oor die gebeure – die faktor van beskadiging
- Die skielikheid van die verlies wat normale ritme en verwagtinge versteur

#### 4.5 2.2 Neuro-biologiese abnormaliteite

Wright (2003:198) verwys na trauma as "the trauma of the brain". Trauma versteur breinfunksionering en veroorsaak diskonneksie en dissosiasie: Dit beïnvloed die wyse waarop inligting in die brein geprosesseer word; dit versteur die chemiese balans in die brein; die kapasiteit om te dink en te praat word afgeskakel; die regterkant

van die brein oorreageer en veroorsaak dat die getraumatiseerde persoon dink daar is gevaar terwyl daar nie is nie (Wright, 2003:198-205) Hugo (2004:91/2) is van mening dat laasgenoemde proses "neurobiological abnormalities" kan veroorsaak wat daartoe lei dat die persoon *onttrek van God; nie kan bid of Bybel lees nie, sukkel om kerk by te woon en gemeenskap met ander gelowiges te hê; bevraagtekening van hul geestelike waardes en geloofsoortuigings.*

### 4.5.2.3 Verlies van menslike veronderstellings

Trauma veroorsaak die verlies van sekere menslike veronderstellings. Hierdie menslike veronderstellings het in hul diepste wese met religieuse aspekte te doen. Hicks (1996:16-30) verduidelik wat traumagebeurtenisse aan die volgende basies menslike veronderstellings doen:

- **Kwesbaarheid**
  Trauma laat die persone kwesbaar voel - hulle kan nie glo dat dit met hulle kon gebeur het nie. Die persoon verloor sy gevoel van *onaantasbaarheid.* Die wêreld is nie meer die *veilige plek* wat dit nog altyd vir hulle was nie, maar is eerder nou 'n bose en gevaarlike omgewing om in te lewe (Coetzer, 2005:24; Herman, 2001:51). Die verlies van onaantasbaarheid lei na twee van die simptome wat by post-traumatiese stresversteuring voorkom, naamlik: Eerstens, 'n gevoel dat ek uitgelewer is aan die noodlot en tweedens 'n intense vrees dat dit weer kan gebeur. Dit veroorsaak dat die persoon geneig is om homself te isoleer, terug te trek, oormatige selfbeskerming toepas en ontken dat die trauma plaasgevind het. Die veronderstelling dat dit nie met my kan gebeur nie, is 'n illusie wat aan skerwe spat wanneer dinge gebeur wat nie beplan is nie (Coetzer 2005:24).

- **Redelikheid**
  Die waarom vraag kom nou baie prominent na vore en omdat die persone op hierdie stadium baie onbeantwoorde vrae in hulle gemoed het, voel hulle die lewe is sinneloos en onverstaanbaar (Matsakis, 1996:86). Dit beroof die persone van alle redelikheid en die lewe maak nou nie meer sin nie. Die lewe wat nog altyd vir die traumaslagoffer logies en voorspelbaar was, is dit nie meer nie.

- **Geregtigheid**
  Die persone se sin vir reg en geregtigheid word as't ware deur die traumatiese belewenis beroof. Hierdie persone kan nie glo wat aan hulle gedoen is nie en dit gee dikwels aanleiding tot woede, aggressie en bitterheid. Belewenisse soos hierdie lei heel dikwels ook tot 'n geloofskrisis, omdat hierdie persoon nie verstaan waarom God die trauma toegelaat het nie (vgl. ook Wright, 2006:75; Weaver, *et al.*, 2003:36).

- **Identiteit**

Trauma is geneig om ook persone se identiteit aan te tas – dit het te doen met hoe hierdie persoon homself sien (Richardson, 2005:35). Die mens sien homself oor die algemeen as 'n verantwoordelike persoon wat sy pligte nakom. Trauma lei egter daartoe dat mense hulself nou skielik sien as slagoffers wat sukkel om net die heel basiese dinge in die lewe gedoen te kry. Hulle beskou hulleself as onwaardig en voel dat niemand hulle liefhet nie – hulle funksioneer ook nie meer op dieselfde vlak as tevore nie (Hicks, 1996:28). Die persone beleef 'n gevoel van skaamte en vernedering - dit is 'n reaksie wat die persone beleef op hulle gevoel van hulpeloosheid in die situasie (Herman, 2001:51). Dit veroorsaak dat die persoon homself onttrek en isoleer van andere en die wêreld om hom. Die persoon ervaar ook 'n vertwyfeling in homself, ander, God en die wêreld waarin hy homself bevind (Herman, 2001:51; Hugo; 2004:92-3). Daar is ook 'n gevoel van skuld en minderwaardigheid - veral wanneer die persoon dink dat hy nie by magte en bekwaam was om die gruweldaad te keer nie (Herman, 2001:51). Die ander vorm van skuld, naamlik "*survivor guilt*", kom voor as daar mense dood is en die persoon wat die krisis oorleef, dan geneig is om die vraag te vra: Waarom was dit nie eerder ek nie? Daar kan selfs blydskap wees dat dit nie hy was nie en dit versterk hierdie *"suvivor guilt"* verder (Herman, 2001:53/4). Hierdie vals en versteurde identiteit sal moet vervang word met die ware identiteit van die gelowige in Christus (Richardson, 2005:97-105).

#### 4.5.2.4 Geestelike verliese

Sinclair (1993:65) kom uiteindelik tot die konklusie dat die sogenaamde post-traumatiese stresversteuring ten diepste 'n geestelike disfunksie is – 'n feit wat dikwels deur algemene gesondheidsorg misgekyk word.

> "Horrific traumata destroys spiritual well-being. The most corrosive impact of horrific emotional trauma is to be found in the spiritual fabric of persons. This is where the prolonged damage is created. This is the facet of the illness so often overlooked by the mental-health systems of our country. This is where medicine and the normally established practises of *insight*, *behaviour* and *cognitive* therapies have less efficacy. The condition of PTSD is spiritual at the deepest levels. This is where *spiritual insight* and *community* and *relational-based* approaches are most efficacious" (Sinclair, 1993:65).

Sinclair bespreek (1993:69-72) vervolgens elk van die volgende geestelike attribute wat heel dikwels in die slag bly as gevolg van die belewenis van post-traumatiese stresversteuring:

- **Verlies van hoop**

Die jagter het in 'n diep put geval en kan nie self uit die put klim nie. Hy voel hulpeloos! Die probleem is verder dat die jagseisoen verby is en die jagter vir niemand gesê het waar hy is nie. Die ander jagters sal eers weer volgende seisoen terug wees. Hy voel nou nie net hulpeloos nie, maar ook hopeloos. Alle hoop om gered te word, het verdwyn. Die jagter se penarie waarin hy is, verteenwoordig die verlies van hoop. So 'n verlies gebeur nooit sonder rede nie. Hoop word verloor as gevolg van *gebeure*, *feite* en *drome wat aan skerwe spat*. As die geloofslewe van 'n gelowige geassesseer word, sal dit belangrik wees om te onderskei tussen hulpeloosheid en

hopeloosheid, juis omdat hopeloosheid verby hulpeloosheid is. Die mate wat 'n persoon hopeloosheid beleef, sal vervolgens geassesseer moet word om sy geestelike toestand te bepaal (Sinclair, 1993:67).

- **Verlies van intimiteit**

  Post-traumatiese stresversteuring verbreek/diskonnekteer gesins-, vriendskaps en liefdesbande (Herman, 2001:51; Weaver, *et al.,* 2003:36). Die persone verloor die vermoë om in 'n naby of intieme verhouding te wees. Seksuele probleme ontwikkel en die persone is vyandig en raak betrokke in argumente met familielede, werkgewers en kollegas (Weaver, *et al.,* 2003:19). Hulle onttrek sosiaal en lewe in isolasie en dit aksentueer die emosionele pyn in hul lewe (vgl. Minirth & Meier, 1994:53-56). Die persone het 'n gevoel van konstante bedreiging. Die slagoffer van post-traumatiese stresversteuring sal andere van hom wegdryf omdat hy bang is dat hy hulle kan seermaak en ook van mening is dat hy die mense wat hy liefhet teen homself moet beskerm. Die emosionele pyn van die persone wat post-traumatiese stresversteuring beleef, veroorsaak dat hulle nie energie of rede het om na andere uit te reik nie. Die verlies aan intimiteit beteken nie dat die persone gevoelloos is nie, maar eerder nie buite hulself kan uitreik na andere nie as gevolg van die innerlike stryd wat hulle beleef (Sinclair, 1993:68).

- **Verlies van die toekoms**

  Die verlies van die gevoel van onaantasbaarheid (waarna reeds verwys is) lei dikwels na nog 'n simptoom wat algemeen by post-traumatiese stresversteuring voorkom, naamlik *'n gevoel dat ek uitgelewer is aan die noodlot.* Die verlies van hoop is dan ook gekoppel aan die verlies aan toekomsverwagting. Persone wat hulle toekomsverwagting verloor het, sê dinge soos die volgende: "Daar is geen rede om af te tree nie omdat ek niks sal hê om te doen nie; daar is geen rede om kinders te hê nie omdat die wêreld baie boos is, ensovoorts". Die toekoms het geen betekenis vir die post-traumatiese stresversteurde persoon nie (Sinclair, 1993:69).

- **Verlies van vrede**

  Die post-traumatiese stresversteurde is op soek na vrede en rus. Vir hulle sal daar geen vrede wees voordat die verlede nie ongedaan gemaak is nie. Die wese van die terugflitse is om die verlede in die hede te bring met die hoop dat die uitkoms anders sal wees. Dit gebeur egter nie en die slagoffer kan nie slaap nie en is rusteloos. Niks wat die persoon nou doen, is vir hom lekker nie en hy worstel om lewensvreugde te vind. Uit radeloosheid kan hierdie persoon ook poog om die teenswoordige werklikheid te verander deur dwelms, alkohol, seks, kos, ensovoorts. Ander probeer besig bly sodat hulle nie hoef te dink en te onthou nie (Sinclair, 1993:69).

- **Verlies van helende herinneringe**

  Post-traumatiese stresversteuring kan positiewe en helende herinneringe erodeer. Alle mense het helende herinneringe nodig om hulle te inspireer, te troos, te verbly en te genees - herinneringe dat iemand jou liefhet, dat jy suksesvol is en ook herinneringe aan plesier en genot. Sonder sulke herinneringe is mense stukkend en

gebroke. Post-traumatiese stresversteurde persone is geneig om te glo dat hulle nog nooit gelukkig was nie - al wat sulke persone kan onthou, is die pyn en seer wat die trauma gebeurtenis gebring het (Sinclair, 1993:70).

- **Verlies van spontaneïteit**

  Die verlies om te kan reageer op 'n gebeurtenis in die hede hou dikwels verband met 'n verlies aan spontaneïteit. Die hede - hier en nou - bestaan nie en die getraumatiseerde persoon kan nie reageer op dit wat nou voorhande is nie (Sinclair, 1993:70).

- **Verlies aan heelheid**

  Hierdie verlies is moeilik om direk na 'n trauma te meet omdat verlies aan heelheid gewoonlik eers na verloop van tyd uitgewys kan word. Die pyn, besering en siekte neem 'n lewe aan van hulself. Met ander woorde, al wat nou bestaan en waarop gefokus word, is die pyn en seer. Die ma word 'n ma en niks anders nie; die pa word 'n werker en verloor sy lewe buite die werk; mense word psigies siek en verloor hul identiteit. Om heelheid te verloor impliseer dat die persoon eintlik net 'n deel van homself word en hy verloor die res (Sinclair, 1993:70).

- **Verlies van onskuld**

  Deur trauma kom persone onder die indruk dat die wêreld 'n wrede plek is wat jou van jou geluk kan beroof - hierdie leerproses impliseer dan gewoonlik ook die verlies van alle vroeëre onskuld naïwiteit.. Ma's gooi hulle kinders weg en pa's verkrag hulle dogters. Die verlies van onskuld word vernietigend wanneer dit mense sinies en negatief oor die lewe maak (Sinclair, 1993:71).

- **Verlies van vertroue**

  Vir 'n post-traumatiese stresversteurde persoon kan die verlies van vertroue 'n reeds slegte situasie nog slegter maak. Om te vertrou, beteken dat 'n persoon vertroue het om na alternatiewe te kyk omdat die huidige pogings nie suksesvol is nie. Om iets prys te gee waaraan lank vasgehou is en na iemand te moet gaan vir hulp, kan 'n groot daad van vertroue vra (Sinclair, 1993:71).

- **Verlies van 'n besef van die grootheid van God**

  Die verlies van die besef van die grootheid van God beteken dat die traumaslagoffer glo dat daar niks groter in die lewe is as dit wat met hom gebeur het nie. Die mag en majesteit van God staan dan vir hierdie persoon klein in die lig van die traumagebeure. Die ewigheid het geen betekenis in die lig van die intensiteit van die pyn op daardie oomblik nie. Gerkin (1989:28-32) is ook van mening dat die moderne mens al minder duidelikheid het oor God se voorsienigheid en gevolglik meer kwesbaar is vir die vakuum wat 'n erge trauma veroorsaak. Talle mense het by voorbaat alreeds hul visie van God verloor en wanneer 'n trauma hulle tref, het hulle geen antwoord daarop nie (Sinclair, 1993:72).

- **Gevolgtrekking**

Dit is duidelik dat die moderne mens homself in 'n geweldige stuk problematiek bevind wanneer erge trauma hom tref: Wanhoop en 'n gebrek aan rigting en sekuriteit tree heel dikwels sterk na vore tydens en na 'n traumatiese gebeurtenis. Daar is geen toekomsblik nie en 'n gevoel van persoonlike onvermoë oorheers die situasie - hierdie persoon word dus 'n mens sonder hoop. Gerkin (1989:28-32) vra tereg of die hedendaagse teologiese beoefening werklik 'n antwoord op hierdie problematiek het. Dit het inderdaad 'n geweldige uitdaging geword om 'n pastorale bediening in die Naam van God deur te voer te midde van 'n wêreld waar 'n visie van God se krag en Sy beheer oor gebeure besig is om te vervaag.

### 4.5.3 Die geestelike aspekte van gekompliseerde trauma

#### 4.5.3.1 'n Bybelse term

Die woordjie *trauma* is afgelei van die Griekse woord wat 'verwonding' beteken (Hicks,1996:15 Wright, 2003:194) en is dus 'n Bybelse term van oorsprong (vgl. 1.2).

#### 4.5.3.2 'n Wesenlike geloofskrisis

Hicks (1996:25) wys daarop dat baie mense wat 'n skielike trauma beleef, heel dikwels tesame daarmee ook 'n tweede krisis beleef, naamlik 'n geloofskrisis. Met ander woorde, 'n traumatiese gebeurtenis het die potensiaal om mense se geloof te ontwrig (Hugo, 2004:88). Dit veroorsaak 'n totale reëvaluasie van die persone se vorige geloofsondervindinge. Herman (2001:51) toon in hierdie verband aan dat trauma 'n geloofskrisis veroorsaak wat mense van aangesig tot aangesig bring met hulle eie *kwesbaarheid* asook die bestaan van *boosheid(evil)* in die wêreld:

> *"[T]raumatic events undermine the belief systems that give meaning to human experience. They violate the victim's faith in a natural or divine order and cast the victim into a state of existential crisis. Traumatic events shatters the sense of connection between individual and community, creating a crisis of faith."*

Waever (1993:385) haal vir Bessel van der Kolk ('n kenner op die gebied van psigologiese trauma) aan wat bevestig dat trauma in talle gevalle uitloop op 'n geloofskrisis:

> *" [T]he essence of psychological trauma is the loss of faith that there is order and continuity in life. Trauma occurs when one lose the sence of having a save place to retreat within or outside oneself to deal with frightening emotions or experiences. The result is a state of helplessness, a feeling that ons's action has no bearing on the outcome of one's life. Since human life seems to be incompatible with a sense of meaninglessness and lack of control, people will attempt to avoid the experience at just any price.... Much of human endeavor, in religion, art and science, is centrally concerned with exactly these grand questions of meaning and control over one's destiny."*

Sinclair (1993:19) is verder van mening dat *'horrific trauma'* te doen het met boosheid. Hy sê, "talking of horrific traumata, we very soon move to talk of evil." Weaver (1995:385) haal in hierdie verband ook vir Judith Lewis Herman aan wat die volgende oor trauma en menslike boosheid sê:

> " *[T]o study psycological trauma is to come face to face both with human vulnerability in the natural world and the capacity for evil in human nature.*"

Bostaande bevestig die uitgangspunt dat erge trauma op een of ander wyse 'n invloed het op slagoffers se geloofslewe enersyds, en andersyds ook gekoppel kan word aan die tema van die bose -"evil". Dit gaan in wese oor die gruwelikheid (dinge wat mense aan mense doen) van sonde asook rampe (gebeure wat deur die natuur veroorsaak is, soos tornado's, aardbewings, ensovoorts) wat daartoe kan bydra dat mense hulle geloof verloor. Om hierdie rede is die traumaslagoffer dikwels nie in staat om te deel met die afgryslike kwaad wat aan hom gedoen is nie. Trauma het in sy diepste wese te doen met teologiese kwessies soos boosheid, kwaad, sonde, geloof, lyding, God, sin, geregtigheid, vergifnis, ensovoorts. 'n Persoon se teologie (met ander woorde wat die persoon oor God glo en hoe hy God sien) sal 'n uitwerking hê op die post-traumatiese genesingsproses. Mense wat in die soewereiniteit en versorging van God glo, het gewoonlik 'n basis waarbinne die traumatiese gebeure verdiskonteer kan word (Wright, 2003:143).

#### 4.5.3.3 'n Lydensvraagstuk

- **Lyding/pyn en geloof**

  Lyding, pyn, verlies, gruweldade en menslike swaarkry veroorsaak *verwarring* in mense se lewens en veroorsaak dat hulle ontnugter raak met God (vgl. Gen 37:12-50:21; Job 1:12-2:13; Matt 11:2,3; Luk 24:13-25; Mark 16:14; Luk 24:37) (Crabb, 2002:29). Dit is juis dié faktor wat geloof aan flarde skeur as mense deur intense verwonding/trauma gaan. Dobson, (1994:18) wys ook daarop dat wanneer die lewe 'n mens 'n harde hou gee soos byvoorbeeld deur dood, verlies, moord, siekte, aanranding, verkragting, werkloosheid, ensovoorts, is verwarring juis een van die algemene uitvloeisels daarna. Wanneer 'n ernstige krisis mense tref, word hulle fondasie geskud, hulle voel teleurgestel, verraai en verwerp (Dobson 1994:18/19). Dit is dikwels dan ook die gelowige se onrealistiese en/of valse verwagting, begeertes, behoeftes en gevoelens van onkwesbaarheid wat hulle as mens so voorberei vir ontnugtering. Die gelowige persoon se drome lê aan skerwe en die pyn wil nie weggaan nie (Crabb, 2002: 26/7). Dit is juis hierdie ontnugtering wat valse verwagtinge vernietig soos byvoorbeeld dat die oorwinnende Christelike lewe sonder stryd en pyn bestaan, die wêreld 'n regverdige plek is en dat Godvresende en biddende mense gevrywaar is van dieselfde swaarkry as ongelowiges (Crabb, 2002:35). Met sy drome aan skerwe kan die gelowige egter begin om ware hoop te vind en 'n honger te kweek na beter drome vir 'n hoër doel, naamlik om God beter te leer ken (Crabb, 2002:35).

Nog 'n groot verwoester van geloof is *tydsberekening* wat nie ooreenstem met gelowiges se vooropgestelde idees nie (Dobson, 1994:43). Mense lewe in 'n wêreld waar hulle geleer het om onmiddellike bevrediging op elke begeerte en behoefte te verwag. Die kitswêreld waarin daar gelewe word, het baie teleurstellings en verwarring gebring (Dobson, 1994:44). Die boer, daarenteen, weet dat die lewe seisoene het - hy plant in die een seisoen, maar die oes kom eers in die volgende seisoen (vgl. Joh 11:5-33). Sonder inagneming van hierdie basiese beginsel kan die gelowige moeilik oorleef te midde van krisisse en beproewings. Crabb (2002:21,29) verwys na die persepsie by sommige van 'n "*unresponsive*" God. Dit lyk en voel asof God *onregverdig is*, *stilbly*, *verborge is* en *onbetrokke staan* teenoor die mens in lyding (Yancey, 2002:30,31; Weaver, *et al* 2003:36; Freeman, 1994:17). Dit veroorsaak dat gelowige mense geneig is om hul geloof in God te verloor en in hul traumatiese situasie die pyn van verraad beleef (Yancey, 2002:22-29). Emosies en denke word nou 'n filter waardeur die persone God beleef en daarom voel Hy vêr en kan hulle nie bid en met Hom praat nie (Louw, 1993:291; Dobson, 1994:40/1).

- **Lyding/pyn en God**
  - ***Die waarom vraag***

"Waarom ek?" "Niks maak meer vir my sin nie". Dit is juis die gebrek aan sin wat 'n erge traumasituasie so ondraaglik maak vir mense. "Waar is God?" "Die lewe behandel my baie onregverdig". "Wie is ek?" Al hierdie is tipiese vrae wat gevra word. Dit is hierdie twyfel en teleurstellings wat tot ontnugtering en wanhoop lei (Dobson,1993:18; Baldwin, 1993:9-20). Louw (1993:292) verwys na bostaande kollektiewe vrae as die *sinfaktor* en toon dat dit in wese te doen het met die mens se soeke na sin in die lewe. Frankl (2004:105) wys op 'n studie wat getoon het dat 89% van persone van mening is dat mense oor die algemeen nodig het om vir iets te lewe - met ander woorde, dat daar *doel* en *sin* in die lewe moet wees. Volgens Frankl se benadering (wat hy *logoterapie* noem) is die regte houding ondanks onvermydelike pyn een van die basiese faktore wat mense nodig het om sin in die lewe te vind. Louw (1993:29) is van mening dat dit sal help as die *waarom-vraag* tydens krisissituasies vervang kan word met die vraag *waartoe* en *waarvoor*? (vgl. ook MacArthur, 1996: 22-32). Louw (2006:18) is verder van mening dat mense gedurende die voorspoedige tye van hul lewe drie paradigmaskuiwe moet maak – skuiwe wat uiteraard moeilik gemaak sou kon word te midde van 'n krisis.. Hierdie drie denkskuiwe impliseer die volgende:

- Die *sinvraag* – Dit gaan nie net oor wat die sin van die lewe vir my is nie, maar watter sin ek aan die lewe gee.
- Die *lewensvraag* – Dit gaan nie net oor wat die lewe my kan bied of wat die lewe my skuld nie, maar oor wat ek die lewe kan bied.
- Die *geborgenheidsvraag* – Dit gaan nie oor hoe ek die lewe beheer en kontroleer nie, maar oor wat die vaste grond van my vertroue is. Wie of wat is my waarborg? Van wie is ek afhanklik?

Indien hierdie denkskuiwe plaasgevind het, kan mense begin praat van hoop. In sy beskrywing van die waarom-vraag stel Coetzer (2007:69-80) dit dat dit dikwels 'n punt is waar gelowiges se verhouding met God baie troebel raak. Hulle begin vrees vir Hom ervaar asook 'n gevoel van opstandigheid en woede. Die angel is dan nie soseer

in die trauma self of die onreg daarvan nie, maar die gevoel dat God Hom van my onttrek het. Pyn kan verwerk word, maar die gevoel dat dit vir God nie saak maak nie, is ondraaglik. Daar is nie altyd 'n antwoord op die "waaroms" nie, maar daar is egter 'n ander vraag waarop gelowiges wel 'n helder en duidelike antwoord het, naamlik die vraag: *"Wie is U, Here?"* Volgens Coetzer (2007: 69) moet die vraag *"Waarom Here?"* dus eerder vervang word met *"Wie is U, Here?"* Hier is die fokus dan op die karakter van God asook die talle verwysings in die Skrif na God se empatie met mense wat stukkend en seer en moedeloos geword het.Dobson (1994:13) wys op die belangrike feit dat die Bybel duidelik uitwys dat God Homself nie verplig om die waarom-vrae van mense te antwoord nie (vgl. Spr 25:2; Jes 45:15; Deut 29:29; Pred 11:5; Jes 55:8-9). Die Bybel leer dus dat mense nie die vermoë het om God se onbegrensde gedagtes of die manier waarop hy in die gelowige se lewe ingryp, kan verstaan nie. Dit is dus duidelik dat indien God verkies om Homself nie aan mense te verduidelik nie, sy beweegrede en doel buite mense se bereik bly (vgl. Marais 1995:19-23). Geloof in God is gevolglik geen waarborg teen 'n tragedie nie - dit is ook nie 'n versekering teen gevoelens van twyfel en verraad nie.

- ***Godsbeskouing***

  Godbeskouing het te doen met hoe mense God sien en verstaan. Coetzer (2007:70) verwys na die volgende twee belangrike vrae betreffende God te midde van trauma, naamlik: *Wie is God* - met ander woorde sy karaktereienskappe, en *Hoe voel God oor mense wat ly?* Louw (2006:17) is ook van mening dat om te hoop, beteken om in God te glo. As dit waar is, is dit van kardinale belang om God nie verkeerd te verstaan nie. 'n Ongesonde siening van God en slegte gedagtes oor God moet vervang word met gesondes (Richardson, 2005:36). Die *'waaroms'* moet vir 'n oomblik eenkant geplaas word en daar moet op hierdie Persoon, wat saam met elke gelowige onderweg is, gefokus word. Louw (2006:17) toon aan dat die kernvraag in trauma/krisis is: *"Wie is jou God?"* (vgl. ook Louw, 1993:306-310; Seamands, 2003:19,26)

### 4.5.4 Gekompliseerde trauma en die gesin

Trauma het nie net 'n impak op die individu wat die trauma beleef het nie, maar op die hele gesin. Dit verbreek/diskonnekteer gesins-en liefdesbande (Herman, 2001:51). Daarom is dit noodsaaklik om na al die netwerke van verhoudings te kyk waarbinne die trauma plaasgevind het. Sinclair (1993:93) is van mening dat as gevolg van erge trauma binne en buite die gesin dit veroorsaak het dat 'die sondes van die vader die tande van die kinders stomp gemaak het' - daarom is vergifnis so belangrik (vgl ook Stoop & Masteller, 1996:166). Daar is geen twyfel nie dat die gevolge van trauma in sekere gevalle van generasie na generasie oorgedra word. Die hele kwessie rondom die impak van trauma op die gesin sal gevolglik beslis deel moet uitmaak van die toerustingsprogram van ampsdraers tot effektiewe krisisberading omdat verskillende vorme van trauma soos egskeiding, molestering, verkragting, fisiese mishandeling, ensovoorts, juis binne gesinne plaasvind (Stoop & Masteller, 1996:33-34, 73-98; Cardner *et al.*, 1995:35-46, 67-88).

### 4.5.5 Pastorale bediening aan die persoon met gekompliseerde trauma

As skielike of herhaaldelike trauma nie verwerk word nie, kan dit aanleiding gee tot psigopatologie, wat weer op sy beurt aanleiding kan gee tot psigiatriese ongevalle. Hierdie kategorie verwys na situasies waar persone psigotiese gedrag of selfmoordneigings toon of gewelddadige of ander ekstreme gedrag openbaar. Hierdie persone het pastorale hulp en begeleiding nodig om die gruweldade en rampe wat hulle lewe getref het, te hanteer en te verwerk. (Weaver, *et al* 2003:36; De Jongh van Arkel, 1986:38; Stone, 1993:13, Meulenbeld 2003:6.3; Balwin, 1978:538-55; Wright 2003:136)

#### 4.5.5.1 Luister en kommunikaie

- **Luister**

Wright (2003) maak 'n belangrike observasie as dit by luister kom, naamlik: Mense weet dikwels nie wanneer om te praat en wanneer om stil te bly nie. Meulenbeld (2003:7) wys daarop dat om te luister, 'n vaardigheid is wat aangeleer moet word as mense andere wil gaan help in 'n kritiese tyd van hul lewe. Hy wys in hierdie verband op die volgende vaardighede wat aangeleer moet word: Regte woorde; regte liggaamstaal; regte liggaamshouding; die stel van liggaamsgrense; gesigsuitdrukking; stemtoon; emosionele warmte; aktief luister na verbale en nie-verbale boodskappe en ook die aanleer van die betoning van respek vir mense.

Meulenbeld (2003:7) gee 'n beskrywing van die volgende vier basiese maniere om te luister:

- *Defensiewe luister* – Hier word die boodskap gefilter deur die berader se eie persepsies - daar word 'n negatiewe waarde op die boodskap geplaas (vgl. ook Wright, 2003:29). Die oorsprong van defensiewe luister is skuld, skande, vrees en 'n gevoel van onbekwaamheid en waardeloosheid. Daarom is dit krities belangrik dat traumaberaders met hulle eie bagasie en probleme deel voordat hulle ander help.
- *Selektiewe luister* - Mense hoor dikwels net dit wat hulle wil hoor, of net 'n gedeelte van die boodskap (vgl. ook Wright, 2003:29). Hierdie selektiewe luister is baie skadelik vir hulpverlening aan mense in nood.
- *Doelbewuste luister* - Mense sê soms: *"Ek het elke woord gehoor wat jy sê"* om te beklemtoon dat die hoorder die boodskap baie duidelik gekry het en dit verstaan. Hier is die aksie van luister nie defensief of waardebeoordelend nie. In berading is doelbewuste luister noodsaaklik.
- *Empatiese luister* - Hier word geluister met die boodskap aan die beradene: *"Ek verstaan en weet hoe jy voel."* (vgl. ook Wright, 2003:29). Objektiwiteit word egter behou. Empatiese luister kan ook beteken om te luister sonder om enige opmerkings te maak, behalwe as dit nodig is. Dit is belangrik om empaties na getraumatiseerde mense te luister.

- **Kommunikasie**

Wright (2003:36/7) wys op die feit dat as mense 'n krisis of erge trauma beleef, sal die inhoud van wat gesê word, die stemtoon asook raad wat gegee word, baie meer impak maak as tydens enige ander fase van hul lewens. Wat gesê word tydens trauma, kan genees of dit kan beskadig; dit kan kalmeer en bloeddruk verlaag of angstigheid verhoog. As mense nie weet wat om te sê nie, is dit beter om stil te bly. Die volgende is belangrik om te onthou as met die emosioneel verwonde persoon gepraat word:

- Daar moet onthou word dat mense nie gedefinieer word deur dit wat hulle gely het nie. Dit is wel deel van hul omstandighede, maar dit is nie wie hulle is nie (Crabb, 2001:27). Hanteer mense wat 'n trauma beleef gevolglik soos normale, gewone mense.
- Rou het nie 'n tydsbeperking nie. - As persone treur en rou, sal mense gou vir hulle sê dat hulle genoeg getreur het en dat hulle daaroor moet kom. In hierdie opsig is dit belangrik om in gedagte te hou dat mense nie *oor* verliese kom nie, maar wel *daardeur* (Crabb, 2001:65).
- Mense is soms huiwerig om die korrekte reëls betreffende die rouproses te volg. - Baie kerkmense steek hulle pyn weg en dra maskers, hulle gee voor omdat hulle dink dat as hulle regtig sê hoe hulle voel of wys hoe hulle voel, ander kerkmense hulle sal verwerp of veroordeel as Christene met 'n swak geloof (Crabb, 2001:65).

Yancey (1990: 16-21; 2002:175) wys op die volgende aspekte wat vermy moet word wanneer met emosioneel verwonde persone gedeel word: "God probeer jou iets leer omdat daar iets in jou lewe is wat Hom mishaag, dit is omdat jy buite die wil van God is"; Hierdie dinge gebeur nie net nie - God gebruik dinge soos hierdie om jou te waarsku en te straf; Mense wat opgewekte en vrolike psalms lees, liedere sing, blomme bring en as die getraumatiseerde persoon oor sy pyn wil praat, die onderwerp verander deur daarop te wys dat die persoon blymoedig moet wees. Swak teologiese uitsprake moet ook vermy word, soos: "Siekte is nooit die wil van God nie; jy is deur God uitgekies om vir Christus te ly en hy sal jou beloon. God het jou juis gekies, omdat Hy geweet het Hy kan jou vertrou.

#### 4.5.5.2 Sekondêre trauma

Hicks (1996:137) wys daarop dat vrywilligers en professionele helpers wat op 'n gereelde basis by die berading van erge trauma slagoffers betrokke raak, geneig is om uiteindelik self die sekondêre slagoffers van erge trauma te word. Weaver, *et al* (2003:19) bevestig dat ampsdraers en geestelike werkers wat betrokke raak by die berading van erge trauma mettertyd die risiko loop om self kwesbaar te wees vir die belewing van sekondêre trauma of uitbranding. Daar sal gevolglik een of ander vorm van supervisie verleen moet word aan sulke geestelike werkers. Sinclair (1993:109) is ook van mening dat die helper wat in die genesingsproses van erge emosionele traumaslagoffers betrokke raak, nie moet nalaat om steeds ook te fokus op hul eie genesing nie (genesing van die pyn wat hulself beleef het, maar ook genesing van die invloed van andere se pyn op hulle).

### 4.5.5.3 Lesse te leer vanuit die betrokkenheid by traumaslagoffers

- **Belangrikheid van fisiese aanraking**

Trauma veroorsaak dat mense hulself isoleer, terugtrek, selfbeskerm en geneig is om te ontken dat die trauma plaasgevind het. Dit veroorsaak verder die verbreking/diskonnektering van gesins, vriendskaps-en liefdesverhoudings (Herman, 2001:51). Hierdie gevolge van trauma veroorsaak dat mense nie kan bind (*bond)* met andere nie. Hicks (1996:80) wys in hierdie verband op die belangrikheid van fisiese aanraking omdat dit 'n noodsaaklike faktor is by die oorlewing van erge trauma.. Of dit fisiese aanraking is of slegs om in aanraking te bly met mense deur kommunikasie, is dit belangrik om te verstaan dat mense nie alleen gelos kan word in hulle pyn nie. Vir slagoffers om uiteindelik oorwinnaars te word, is menslike konneksie en verhoudings so gou as moontlik nodig. Hierdie "connection" of "bonding" kan wees met 'n ondersteunende lewensmaat, vriende, familie of 'n plaaslike gemeente. Hicks (1996:80) verwys in hierdie opsig na die navorsing deur James Pennebaker onder 2000 slagoffers van gekompliseerde trauma waar geblyk het dat diegene onder hulle wat met iemand kon bintd (bond) en die trauma storie vertel, in 'n baie korter tydperk kon genees as die res. 'n Versorgende, ondersteunende, begripvolle, gelowige vriend, lewensmaat, gemeenskap en kerk is van kardinale belang betreffende die menslike aanrakingsfaktor. Hugo (2004:87) verwys in hierdie verband na De Jong van Arkel (2000) wat met betrekking tot pastorale take praat van "mutual care" en "pastoral care" - dit is juis hierdie take wat hier van kardinale belang is. Cloud (1992:82- 91) wys op die volgende psigologiese gevolge wanneer mense hulself emosioneel isoleer en menslike aanraking nie plaasvind nie: Depressie, gevoel van sinneloosheid, gevoel dat die persoon self sleg is, skuldgevoelens, verslawing, paranoia, gevoel van leegheid, eensaamheid, diep hartseergevoel, vrees vir intimiteit, paniekaanvalle, woede en fantasieë.

- **Verkry weer beheer**

As mense wat geskape is na die beeld van God, word daar van hulle 'n sekere mate van rentmeesterskap gevra met betrekking tot hul omgewing (vgl. Gen 1:26). Mense het gevolglik 'n diep behoefte om oor hul omgewing en hulle lewens te regeer (Hicks, 1996:86). Die Goddelike ontwerp om te regeer oor ons lewens moet dan ook geskied in wysheid en regverdigheid en tot voordeel van almal. 'n Obsessiewe-kompulsiewe persoon wil op 'n rigiede wyse regeer, terwyl by die disfunksionele persoon daar weer 'n gebrek aan 'regeringsvaardighede' is (Hicks, 1996:86). Wanneer mense trauma beleef, is hulle disfunksioneel, maar deur die ondersteuning en sorg van andere word hulle gehelp om die beheer wat hulle in die trauma verloor het, weer terug te kry (Hicks, 1996:86). God hou mense verantwoordelik vir hulle lewens, met ander woorde, nie vir wat aan hulle gedoen word nie, maar hoe hulle reageer op dit wat aan hulle gedoen is. Die persoon voel dat hy as gevolg van 'n traumagebeurtenis 'n slagoffer is en dat 'n gruweldaad aan hom gedoen is. Dit is waar, maar die persoon moet ook vir sy eie reaksie verantwoordelikheid neem, soos byvoorbeeld haat, verbittering, moordgedagtes en dade wat uit vergelding gebore is (Seamands, 2004:20-21).

- **Vind doel in die pyn**

  Volgens Hicks (1996:91) het "*doel in die pyn*" eindelik te doen met 'n teologiese vraagstuk. Traumaslagoffers gaan nodig hê om sin te vind in hul pyn indien hulle uiteindelik die groter prentjie wil probeer verstaan van dit wat met hulle gebeur het. Trauma veroorsaak 'n behoefte na 'n dieper soeke na sin en betekenis vir mense se bestaan. Hugo (2004:93) wys ook daarop dat trauma geestelike groei kan veroorsaak. Dit kan byvoorbeeld aspekte impliseer soos 'n geloof wat soos goud gelouter word, om meer om te gee vir die mense wat jy liefhet of om die lewe meer te geniet en te waardeer, ensovoorts.

- **Oorkom skuldgevoelens**

  Hicks (1996:97) verwys na skuld as die draak wat verslaan moet word. Slagoffers van trauma voel dikwels skuldig omdat hulle nie in staat was om meer te gedoen het of nie die regte ding gedoen het, of niks kon doen nie – soms het juis dít daartoe gelei dat ander mense dood is of iets kosbaar verloor het. Verkragtingslagoffers blameer hulleself dikwels omdat hulle nie versigtiger was nie. Selfs familie en huweliksmaats voel skuldig omdat hulle voel hulle het nie hul geliefdes genoegsaam beskerm het nie. Hierdie skuldgevoelens moet oorkom word.

- **Help jouself deur ander te help**

  Hicks (1996:101) wys daarop dat om jouself te help deur andere te help, te doen het met die verskynsel van "grief leadership". Die pad na die gelowige se genesing na 'n traumatiese tyd in hul lewe, is onder andere om andere te vind wat met dieselfde pyn en tragedie worstel. 'n Voorbeeld hiervan is die werk wat gedoen word deur organisasies soos Alkoholiste Anoniem, Mothers-against–drunkdrivers, ensovoorts. Baie traumaslagoffers se genesing het te doen met die feit dat hulle hul storie met andere gedeel het wat reeds self deur dieselfde tipe trauma gegaan het.

- **Die krag van geloof**

  Op een of ander onverklaarbare rede het God behae in sy kinders wanneer hulle glo ten spyte van die pyn en lyding wat hulle in hierdie wêreld beleef (vgl. Heb.11:33-40; Dobson, 1994:124). Yancey (2002:120-126). wys in hierdie verband op talle gevalle van mense wat deur die ergste trauma gegaan het en nie hul *geloof in God verloor* het nie, maar eerder *aan hul geloof in God vasgehou* het. As predikant met meer as veertien jaar ondervinding in gemeentelike bediening het die Navorser self eerstehands beleef hoe mense se onwrikbare geloof in God hulle juis krag gegee het om die slegste dinge in die lewe te hanteer (vgl. ook Weaver,1993:398 en Baldwin, 1993:18-20).

#### 4.5.5.4 Genesing vir gekompliseerde trauma

Psigiese pyn is die pyn wat mense beleef as gevolg van emosionele wonde (Minirth & Meier, 1994:53-56). As gevolg van die groot hoeveelheid adrenalien wat vrygestel is tydens die trauma, is dit wat gesien, gehoor, geruik en selfs moontlik geproe is tydens die trauma, in die brein van die slagoffer vasgebrand (Hicks, 1996:148).

- **Verskillende vorme van gekompliseerde traumagenesing**

  Hicks (1996:153-193) wys op die verskillende opsies waardeur hierdie psigiese pyn en pynlike herinneringe behandel kan word:

  - **Genesing deur ontbloting**. Dit is waar oor die pyn en alles wat gebeur het, gepraat word in die teenwoordigheid van iemand anders. 'n Tipe van " Getting naked before each other".
  - **Genesing deur die *innerlike kind* te vind en met hom te praat.** Kinders het vryheid, liefde aanvaarding en 'n versorgende omgewing nodig om na volwassenheid te groei. As die omgewing nie 'beskikbaar' en vriendelik is nie dan bly die *innerlike kind* steeds 'n kind, al is die persoon self alreeds 'n volwassene. Hier gaan dit dan veral om die 'vriesing' van sekere emosies op die ouderdom waartydens die trauma plaasgevind het. Genesing sal dan op 'n later stadium impliseer die 'ontvriesing' van hierdie gekneusde emosies.
  - **Geestelike genesing van pynlike herinneringe.** In hierdie tipe genesing word daar gebruik gemaak van gebed gemeng met ontspanningstegnieke en visualisering. Na hierdie vorm van genesing word soms ook verwys as 'innerlike genesing'. Volgens Van Zijl (1991:5) is innerlike genesing die genesing van die innerlike mens: Die gedagtes, emosies, pynlike herinneringe en drome. Dit is 'n proses waar mense vryheid van gevoelens van verwerping, selfbejammering, terneergedruktheid, skuld, vrees, hartseer, haat, minderwaardigheid, veroordeling en nutteloosheid ontvang deur middel van gebed.
  - **Genesing deur verandering.** Hier val die klem op die bereidwilligheid van die slagoffer om saam te werk met die oog op verandering – wat dit ook al mag kos.
  - **Genesing deur "exchange."** Matzat (1987:196-7) is van mening dat genesing vir die Christen nie deur "change" kom nie, maar deur "exchange". Hier is waar die gelowige sy stukkende seer lewe verruil vir die lewe in Christus. Dit impliseer dat Christus in die gelowige Sy lewe, lewe deur die gelowige (vgl. ook Solomon, 1982, 1989, 1991).
  - **Genesing deur "teenwoordig" wees.** Hierdie tipe genesing is wanneer die getraumatiseerde persoon weer bewus begin raak van die teenwoordigheid van God. Gelowige mense het 'n diep behoefte en soeke dat God met hulle sal praat, al is dit net 'n innerlike stem in hulle hart (Richardson, 2005:34). Die enigste genesing vir mense se gevoel van leegheid, isolasie, eensaamheid en vervreemding is dan ook heel dikwels 'n bewuswording van God se teenwoordigheid (vgl. Richardson, 2005:34).
  - **Genesing deur die ontvang en gee van vergifnis.** Hier val die klem op die vryspreking van die oortreder asook vergifnis wat die slagoffer teenoor homself uitspreek.
  - **Genesing deur "memorialising."** Simbole en rituele soos byvoorbeeld die nagmaal, doop, kruis, salf met olie, ensovoorts, speel 'n belangrike rol in die genesingproses ná trauma (Richardson, 2005:41). Navorsing het geleer dat herinneringstekens 'n belangrike rol speel in die genesing van getraumatiseerde mense - om enersyds die rou- en treurproses te aktiveer, en andersyds voortgesette heling te fasiliteer. Pyn moet op hierdie wyse in die oë gekyk word en hanteer word (Coetzer, 2005:87).

- **Wat behels/beteken gekompliseerde traumagenesing?**

Volgens Hicks (1996:152) moet daar gewaak word in gekompliseerde traumaberading om te glo dat alle erg getraumatiseerde mense sommer maklik en gou reggemaak/gesondgemaak kan word. Hicks (1996:152) is van mening dat gekompliseerde trauma kan genees, maar dit is nie maklik nie. Volgens Hicks (1996:162) behels gekompliseerde traumagenesing 'n nuwe manier om na dinge te kyk en oor dinge te dink, 'n nuwe manier om oor dinge te voel en om uiteindelik op 'n nuwe manier te kan lewe. Dit beteken om weer 'n *heel persoon* te word, wat beteken dat die persoon *sin* ervaar in sy lewe en *sin* ervaar rondom sy siening van die lewe (van Zijl, 1991:7). Die vraag wat die helper egter moet vra, is watter soort genesing kan aangebied word aan hulle wat ly as gevolg van erge emosionele trauma (Sinclair, 1993:109). Die helper kan nie die wonde en die merke wat erge trauma gelaat het self uitkanselleer nie. Belangrike vrae in hierdie verband is egter die volgende: Kan die helper die slagoffer se verhouding met geliefdes en die gemeenskap herstel? Kan die slagoffer weer werklik begin lewe? Kan die slagoffers geleer word om te lewe ten spyte van wonde wat nooit sal genees nie? Sinclair (1993:109) wys op die feit dat genesing nie noodwendig altyd gesondmaking impliseer nie. Om te genees mag eenvoudig beteken dat die pasiënt gehelp word om sekere aanpassings te maak na aanleiding van moontlike organiese "deficiencies". Binne die konteks van die Nuwe Testament is genesing altyd restourasie tot lewe en tot gemeenskap en tot verhoudings.

- **Genesing impliseer 'n keuse**

Arterburn (2005:xi) is van mening dat God aan slagoffers van trauma die vermoë gee om te kan genees. God voorsien egter nie 'n "quick fix" vir mense se probleme nie omdat dit nie mense se harte sal verander en karakter bou nie. Hierdie vermoë om te genees, sluit egter ook 'n keuse van die mens se kant af in: "Wil jy gesond word?" Die man wat 38 jaar siek was word deur Jesus gevra of hy gesond wil word (Joh.5:6)(Arterburn, 2005:xxi). En aan die blinde man van Jerigo vra Jesus: "Wat verwag jy van my?" (vgl. Mark. 10:51:" *Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?* "). Uit die voorafgaande is dit duidelik dat mense verantwoordelikheid moet neem vir hulle genesing. Die keuse of die persoon deur die proses van genesing wil werk is sy eie (Seamands, 2004:20-21). Dit mag dalk nie maklik wees nie en die pad kan moeisaam en intens emosioneel wees, maar dit bly 'n keuse wat die emosioneelverwonde persoon self sal moet neem. In Jak 5:16 staan: "Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word". Iets van die interaksie tussen medegelowiges as deel van die genesingsproses is hier ter sprake (Seamands, 2004:20-21).

In sy boek "Healing is a Choice" bespreek Arterburn (2005) tien keuse wat nodig is vir traumaslagoffers om te genees asook tien leuens wat kan veroorsaak dat die gelowige nie die keuses tot genesing maak nie. Hiédie tien opsies word vervolgens aan die orde gestel.

- **'n Keuse om te rekonnekteer**

  Trauma veroorsaak die verbreking of diskonnektering en isolering van mense se verhoudings (Herman, 2001:51). Vir mense om die keuse te maak om te rekonnekteer, beteken om dit wat met hulle gebeur het te hanteer en dit in die oë te kyk (Arterburn, 2005:5; Coetzer, 2005:87; Seamands, 2004:20-21). Die trauma moet met iemand gedeel word, soos byvoorbeeld 'n berader. Die beradingsverhouding as sodanig kan alreeds belangrik wees vir die proses van rekonneksie. Dit is ook belangrik om, waar enigsins moontlik, die persone wat die trauma veroorsaak het te konfronteer (Arterburn, 2005:6). Die leuen wat rekonneksie kan verhinder, is dat mense dink dat al wat hulle nodig het om van emosionele wonde te genees God is en niemand anders nie (Arterburn, 2005:7). God is belangrik in hierdie hele proses van rekonneksie, maar Hy wil ook hê dat mense met mekaar moet verbind sodat genesing gefasiliteer kan word. Louw (1993:35) wys op die feit dat die *mekaar-formule* juis in die Nuwe Testament as die mees konkrete formule vir *geloofshulp as lewenshulp* beskou kan word, want dit is binne hierdie vir-mekaar en op-mekaargerigtheid dat die bystand van die Gees tot uitdrukking kom in die liefdes-*koinonia*. Die volgende Skriftuurlike verwysings waar die "mekaar motief" voorkom, bevestig Louw se uitgangspunt:: Rom 12:5; Rom 12:10; Rom 12:16; Rom 14:13; Rom 15:5; Rom 15:7; Rom 16:16; 1Kor 7:5; 1Kor 12:25; 1Kor 16:20; 2Kor 13:12; Gal 5:13; Gal 6:2; Efe 4:2; Efe 4:25; Efe 4:32; Efe 5:21; Kol 3:9; Kol 3:13; 1Tes 3:12; 1Tes 4:18; 1Tes 5:11; 1Tes 5:13; Heb 3:13; Heb 10:24; Jak 5:16; 1Pet 1:22; 1Pet 4:9; 1Pet 4:10; 1Pet 5:14; 1Joh 4:7).

- **'n Keuse om jou emosionele pyn te beleef**

  Pyn is 'n geskenk van God sodat mense 'n aanduiding kan kry indien daar iewers iets nie reg is in hulle lewens nie (Arterburn, 2005:28, Yancey 1990:25-35). Net soos fisiese pyn is emosionele pyn 'n boodskap dat daar iewers iets verkeerd is. Te veel pyn is egter nie goed vir mense nie, want dit kan hulle fisies doodmaak. Die oorspronklike emosionele reaksie van 'n erge trauma kan emosionele gevoelloosheid (numbing) veroorsaak (Weaver, *et al.,* 2003:35). Die skok en gevoelloosheid is 'n geskenk van God wat mens help om 'n intense traumatiese gebeure emosioneel te kan oorleef (Arterburn, 2005:39). Die pynlike emosies kom egter stadig en met verdrag terug sodat dit weer gevoel kan word, beleef kan word en gedeel kan word. As mense weier om hierdie pynlike emosies te 'voel', impliseer dit egter nie dat die emosies nie daar is nie. Die pynlike emosies kan ook verdoof word (emosionele narkose) deur verdowingsmiddels soos: Kos, alkohol, dwelms, seks, dobbel, diefstal, werkolisme, kontrole, 'people pleasing', afhanklikheid, perfeksionisme, ontvlugtings-reaksies, ensovoorts (vgl. ook Seamands, 2004:75; Weaver, *et al* 2003:36; Freeman, 1994:18). So 'n persoon dra die pyn in die onderbewuste en telkens wanneer dit na die oppervlakte kom, word dit verdoof. Wanneer mense pyn in hulle lewe beleef, vra dit vir 'n reaksie wat gerig is op genesing en nie vir ontkenning nie (Arterburn, 2005:28). As daar gevolglik nie gepraat word oor hierdie pyn nie, gaan mense uiteindelik innerlik dood (Arterburn, 2005:6). Mense wat 'n trauma beleef het, moet gevolglik die geleentheid kry om uitdrukking te gee aan die emosionele pyn wat hulle beleef het (Arterburn, 2005:33; Hicks, 1996:3, Coetzer, 2007:8). Die keuse wat gevolglik gemaak moet word is om in jouself te sterf en nie die pyn te verdoof nie, maar dit ten volle te beleef (Arterburn, 2005:41). Die emosies wat beleef word, wil sê daar is iets

fout waaraan aandag gegee moet word. Die leuen wat verhoed dat gelowiges met hulle pyn deel, is gewoonlik dat hulle glo dat hulle in alle omstandighede in die lewe vrede en gemoedsrus moet beleef (Arterburn, 2005:42). Hierdie leuen veroorsaak dat pyn nie beleef kan word as 'n geskenk van God waarmee gedeel moet word nie (Arterburn, 2005:42).

- **'n Keuse om na die waarheid in jou lewe te soek**

  Emosionele genesing loop dikwels hand aan hand met 'n bewustelike keuse vir die soeke na die waarheid. Selfondersoek is belangrik vir gelowiges as hulle wil probeer verstaan waarom hulle somtyds op 'n sekere manier optree (Arterburn, 2005:51). Daar moet egter ook gewaak word teen oordrewe selfondersoek of introspeksie. Belangrik ook dat daar nie net op die simptome van die probleem gefokus word nie, maar dat die dieper oorsake geïdentifiseer word (Richardson, 2005: 40).

- **'n Keuse vir 'n positiewe toekoms**

  As gevolg van gruweldade wat aan mense gedoen is, het hulle dikwels daarna die *gevoel dat hul uitgelewer is aan die noodlot. Dit het verder tot gevolg* 'n *gebrek aan toekomsverwagtinge* en 'n gevoel van hulpeloosheid (Arterburn, 2005:71; Sinclair, 1993:69-72). Daar is gewoonlik ook 'n verlies aan hoop as gevolg van ideale, oortuigings en drome wat aan skerwe spat (Sinclair, 1993:69-72). Om die toekoms as gesonde mense tegemoet te gaan, moet daar dikwels eers gerou word oor die verliese van die verlede (Hicks, 1996:3) Die leuen wat hierdie bewustelike keuse om te treur, verhinder, is dat daar geglo word dat tyd alle wonde genees (Arterburn, 2005:81).

- **'n Keuse om hulp te aanvaar**

  As die emosioneel verwonde persoon introspeksie na binne afgehandel het en daar ook getreur en gerou is oor die verliese van die verlede, dan is hulle gereed om buite hulle self uit te reik na ander vir hulp (Arterburn, 2005:85). Die groot leuen waarom gelowiges en mense in die algemeen nie hulp gaan soek vir emosionele vewonding nie is omdat hulle glo dat hulle hulself kan help – gewoonlik met nadelige gevolge (Arterburn, 2005:100).

- **Die keuse om die lewe te omhels**

  Gelowiges moet 'n keuse maak om dit wat met hulle in die lewe gebeur voluit in die oë te kyk "te face" dit in die oë kyk. Wanneer die gelowige gewillig word om dit wat met hom gebeur het te *omhels* en nie te vermy nie, kan God met dit wat gebeur het, werk (Arterburn, 2005:112/3;). "The pain needs to be owned before they can be disowned...the pain needs to be enbraced before it can be given away" (Seamands, 2003:170). Die leuen wat verhoed dat mense die slegte dinge wat met hulle gebeur het, omhels en dit deel maak van hulle lewensverhaal, is die wanpersepsie dat as die gelowige maak *asof* daar nie 'n probleem is nie, dit sal weggaan (Arterburn, 2005:117). Die probleem is egter dat hierdie leuen uiteindelik 'n lewenswyse word wat 'n lewe van *betekenis, doel* en *konneksie* blokkeer.

- **Die keuse om te vergewe**

  Om diegene te vergewe wat die oorsaak was van trauma, is en bly 'n keuse (Stoop & Masteller, 1996:166). Seamands (2003:170) wys daarop dat die gelowige hulle oortreders moet *liefhê* en nie haat nie. Arterburn (2005:124) haal Dean Ornish aan wat sê : "In a way, the most selfish thing you can do for youself is to forgive other people". Met ander woorde, vergifnis is op 'n lang lys van dinge wat jy vir jouself kan doen, nommer een. Dit is egter nie altyd net ander mense wat vergewe moet word nie, maar die gelowige mens moet homself dikwels ook vergewe, en dit is gewoonlik die moeilikste (Arterburn, 2005:129). Die leuen wat verhinder dat die gelowige ander vergewe is dat vergifnis net vir diegene beskore is wat dit verdien. Die probleem met hierdie leuen is dat niemand vergifnis verdien nie - nee, dit is 'n genadegawe van God (Arterburn, 2005:141; Baldwin, 1993:21-28).

- **Die keuse om jou lewe te waag**

  As gevolg van die pyn en vrees wat trauma meebring, kan mense op 'n plek kom waar hulle nie bereid is om hul eie veilige ruimte te verlaat ten einde dit te waag om weer te begin lewe nie – dit is dus moeilik om agter die muur uit te kom wat hulle ter selfbeskerming om hulself gebou het (Arterburn, 2005:147-162). As mense nie bereid is om hierdie keuse te maak nie dan kan hulle nie waarlik begin lewe en ook gekonnekteer raak met medemense nie. Liefde, versorging en konneksie is noodsaaklike elemente van die lewe aangesien dit betekenis aan die lewe gee (Arterburn, 2005:163). Waagmoed is 'n 'geneesheer' omdat dit enersyds geloof en vertroue vra en andersyds 'n lewenswyse van selfbeskerming en selfbehoud elimineer (Arterburn, 2005:163). Selfbehoud en selfbeskerming ignoreer die krag van God omdat gelowiges nie genees kan word van hulle pyn in hul eie krag nie (Arterburn, 2005:163). Die leuen wat verhoed dat mense 'n keuse maak om weer hulle lewens te waag, is die persepsie dat ek myself ten alle koste moet beskerm teen enige verdere pyn (Arterburn, 2005:165).

- **Die keuse om te dien**

  Die keuse wat die gelowige het, is om God te dien ten spyte van sy eie lewe en die werklikheid waarin die gelowige homself bevind (Arterburn, 2005:171). Die leuen wat die gelowige verhinder om te dien, is heel dikwels die persepsie dat voordat ek nie heeltemal gesond en sterk is nie is is dit nie vir my moontlik om God te dien nie (Arterburn, 2005:187). In hierdie verband stel Seamands (2003: 170) wanneer hy hierdie selfde kwessie soos volg formuleer:

  > *"[H]ealing comes when we offer our wounds to God to be used as instruments in God's service for the redeeming of others."*

  Rondom hierdie selfde aspek sê Richardson (2005:42) dat genesing wat mense bemagtig om weer om te gee vir andere en in diens van God in hierdie wêreld te kan staan, ware en egte genesing is. Emosionele pyn

is dikwels soos tuinafval wat in 'n komposgat gegooi word en na 'n jaar die vrugbaarste kompos word, gereed om in God se tuin gebruik te word.

- **Die keuse om te volhard.**

  Te midde van emosionele pyn (na trauma) vra God van sy kinders om nie op te gee nie, maar om te kies om te volhard. Arterburn (2005: 196) is van mening dat om te volhard, beteken om vas te hou vir net nog een dag. Die leuen wat volharding verhinder, is die persepsie dat daar nie meer hoop is nie (Arterburn, 2005:213).

- **Veranderinge wat tot genesing lei**
  - **Genade, waarheid en tyd**

    Volgens Cloud (1992:19-55) werk genade, waarheid en tyd saam om mense te help om gesonde *selfliefde* en aanvaarding te kweek. *Selfliefde* en *aanvaarding* kweek weer die soort standvastigheid waarvan gelees word in Jak 1:2-4:

    > *"Broeders, as die moeilikheid van alle kante op julle toesak moet julle bly wees daaroor. Julle het al geleer dat dit julle standvastig maak as julle geloof op hierdie manier getoets word en julle die toets slaag. Hierdie standvastigheid moet toegelaat word om ten volle te ontwikkel sodat julle beproefde en afgeronde Christene kan wees sonder gebreke".* (Die lewende Bybel, 1982).

    Deur genade *vergewe* en *aanvaar* God mense, deur waarheid wys God aan mense *wie* of wat *hulle* regtig *is* en deur tyd *verander* God die gelowige.

  - **Binding tussen individue (*bonding*)**

    Cloud (1992:91-108) en Cardner *et al.* (1995:1147-162) wys daarop dat hindernisse soos die volgende gewoonlik geneig is om mense se genesing te blokkeer – Genesing van hul emosionele isolasie: *Pynlike wonde* van die verlede; *versteurde denkpatrone* oor *self*, soos byvoorbeeld: "Ek is sleg, niemand is lief vir my nie, ek verdien nie liefde nie, ek kan niks goed doen nie"; versteurde denkpatrone oor *ander* soos: "Ek kan niemand vertrou nie, mense sal my altyd in die steek laat, mense is gemeen en krities"; versteurde denke oor *God* soos" "Hy is nie lief vir my nie, God is kwaad vir my, Hy antwoord nie my gebede nie, God sal my nie vergewe nie"; *verdedigings-meganismes,* soos: Ontkenning, devaluasie, projeksie, reaksievorming, idealisering, fantasering, plaasvervanging. Cloud (1992:109-114) wys dan ook op die volgende "bonding"-vaardighede wat mense moet aanleer as hulle gesond wil word: Besef jou behoefte aan emosionele aanraking, reik uit na ander, wees kwesbaar deur bereid te wees om agter die muur uit te kom, konfronteer versteurde denkpatrone, neem risiko's, laat 'n gevoel van afhanklikheid toe, herken verdedigingsmeganismes, bid en mediteer, kweek empatie en steun op die Heilige Gees.

- **Grense**

  Cloud (1992:209-218) wys daarop dat dieselfde hindernisse wat binding tussen individue verhinder, naamlik emosionele pyn, versteurde denkpatrone en verdedigingsmeganismes, oor die algemeen ook geneig is om mense te verhinder om gesonde grense in hul lewens neer te lê. Cloud (1992:220-224; vgl. ook Cardner *et al.,* 1995:165-184) gee die volgende riglyne waarvolgens individue en gesinne grense in plek kan bring wat dan ook emosionele genesing kan bevorder: Raak bewus van wie jy is betreffende jou liggaam, gevoelens, gesindheid, gedrag, gedagtes, vermoëns, begeertes en beperkinge; definieer wie jy is; definieer wie jy nie is nie; leer om nee te sê; moenie ander blameer nie; hou op om die rol van slagoffer te speel; leer om te volhard; word aktief en nie reaktief nie; stel beperkinge; besluit wat jou waardes is; beoefen selfbeheersing; aanvaar andere; ontdek jou uniekheid en wees eerlik.

- **Goed en kwaad**

  Cloud (1992: 230) wys op die baie belangrike feit dat in die wêreld waarin mense lewe daar beide goed en kwaad is. In sy bespreking van aspekte wat kan help om voorbereid te wees op trauma, wys Hicks (1996:195-205) op die vermoë wat ontwikkel moet word om goed en kwaad uit God se hand te kan aanvaar (vgl. Job 2:10). Cloud (1992:257–261) toon die volgende aspekte aan as moontlike uitvloeisels van die feit dat mense nie goed en kwaad in die lewe kan aanvaar nie: Perfeksionisme; idealisme; kan nie slegte dinge verdra nie; kan nie swakheid verdra nie; kan nie negatiewe gevoelens verdra nie; selfbeeldprobleme; angstigheid; eetversteurings; oormatige skuld, en alle vorme van verslawing. Cloud (1992:268-279) bied die volgende riglyne ten einde mense te kan help om goed en kwaad te aanvaar in andere asook in die wêreld: Belydenis van sonde teenoor mekaar; vergifnis van mekaar; erkenning en hantering van negatiewe gevoelens soos woede, hartseer en vrees; gebed; monitering van die verhouding tussen die ideale en die werklike; die aanleer van die vermoë om die onvolmaakte in andere te aanvaar; nie die individue te verwerp wat blyk nie volmaak te wees nie; die aanvaarding van die goeie en die slegte van andere asook realisme oor die feit dat nie alles wat jy beplan, noodwendig altyd so sal uitwerk nie.

- **Geestelike genesing van emosionele verwonding**
  - **Gekneusde emosies**

    Soos reeds vermeld (vgl 2.4.5), is dit belangrik dat negatiewe emosies soos woede, verbittering, verlies, vernedering, verwerping, verraad, hulpeloosheid, frustrasie, angs, skuldgevoelens, skaamte en selfblamering by die getraumatiseerde persoon hanteer sal word. Indien dit nie hanteer word nie kan dit volgens Seamands (2004:14-24) aanleiding gee tot onder andere die volgende:

    - 'n Gevoel van onbekwaamheid, minderwaardigheid, onbelangrikheid.
    - Perfeksionisme - Dit is die innerlike gevoel van "niks is ooit goed genoeg nie".
    - Emosionele hipersensitiwiteit – Met min uitsondering gaan dit hier gewoonlik om iemand wat intens emosioneel seer gekry het.
    - Vrees – Mense wat emosioneel verwond is, is gewoonlik bang dat dit wat aan hulle gedoen is, weer sal gebeur en sulke individue se lewens word vervolgens gekenmerk deur vrees.

- **Genesing van emosies en pynlike herinneringe**

Seamands (2004:19) beskryf die Heilige Gees as die gelowige se helper en vennoot en die berader word beskryf as 'n *assistent* van die Heilige Gees in die proses van emosionele genesing. Die Heilige Gees is vir seker die Goddelike berader en geneesheer. Seamands (2004:20-21) beskryf nou die rol van die gelowige as volg in die genesingsproses van beskadigde *emosies* en *herinneringe*: Die persoon moet wat met hom gebeur het in die oë kyk en die pynlike herinneringe hanteer. Mense moet vrede maak met dit wat met hulle gebeur het en by die veranderinge wat dit meegebring het, aanpas, anders veroorsaak dit dat die genesingsproses êrens geblokkeer raak. Ontkenning, swygsaamheid, oorbeskerming, blaamverskuiwing, vermyding, gevoelens van onaantasbaarheid en weiering van hulp is onder andere redes waarom mense nie vordering in die genesingsproses maak nie. Seamands (1985:79-93) wys op 'n paar belangrike simptome wat duidend kan wees op die behoefte aan genesing van pynlike herinneringe: 'n emosioneel verwonde persoon – fisies, geestelik of emosioneel; intense gevoelens van verwerping, vernedering of verlies; diegene aan wie gruweldade gedoen is asook uiters verbitterde persone. Seamands ( 1985:79) stel dit dat die benadering van innerlike genesing wat hy volg slegs maar een van verskeie vorme van geestelike terapie is en dat ander benaderings ook oorweeg moet word by die berading van getraumatiseerde persone.

Volgens Seamands (1985: 24) is die genesing van pynlike geheue 'n vorm van Christelike berading en gebed wat fokus op die genesende krag van die Heilige Gees met betrekking tot sekere emosionele en geestelike probleme. Die noodsaaklikheid van genesing word beklemtoon deur die feit dat pynlike herinneringe psigiese pyn veroorsaak en gewoonlik as sneller dien wat die pynlike verlede oproep. Dit leer mense om op 'n verkeerde manier te lewe. Verdere belangrike aspekte is die volgende:

- Die persoon moet verantwoordelikheid aanvaar vir sy reaksie (vgl. ook 4.5.5.2).
- Is daar 'n gedetermineerdheid om genesing te ontvang? (vgl. ook 4.5.5.3).
- Vergewe diegene wat betrokke was (vgl. ook 2.4.5 en 4.5.5.3 ).
- Genesing beteken die gee en ontvang van vergifnis.
- Die persoon moet homself vergewe. Baie keer aanvaar mense dat God hulle vergewe het, maar vind dit moeilik om hulself te vergewe - dit het heel dikwels te doen met die monster van skuldgevoelens (Hicks, 1996:96).
- Die Heilige Gees moet gevra word om uit te wys wat die werklike probleem is en hoe daaroor gebid moet word (Seamands, 1985:69) wys in hierdie verband op die belangrikheid van gebedsgenesing asook die helende rol van die Heilige Gees (vgl. ook Van Zijl, 1991:5; Coetzer 2005:102, 105-109 en Seamands, 2004:11).

MacArthur (1988:142) is van mening dat vergifnis nie 'n natuurlike reaksie van die mens is nie - dit is inteendeel absoluut die teenoorgestelde van die sondige natuur van die mens. Vergifnis reflekteer egter die karakter van God (Efe 4:32, Kol 3:13). Christene het nodig om te vergewe omdat hulle self vergifnis nodig het. Hicks (1996:176 -181) beskryf vergifnis as die genesing van emosionele verwonding deur die ontvang en die gee van vergifnis. Vergifnis is nie goedkoop nie, maar kos gewoonlik ook 'n prys. Ware vergifnis kan ook vergelyk word met die losmaak van

kettings wat mense aan die verlede vasgeketting het - dit is vryspraak aan 'n veroordeelde mens. God se vergifnis is dan ook die basis van vergifnis van jouself. Volgens Stoop en Masteller (1996:161) beteken vergifnis eenvoudig om die *skuld af te skryf.*

- **Die vergifnisproses**

Stoop en Masteller (1996:166) beklemtoon die feit dat vergifnis 'n proses is wat altyd met 'n keuse begin (vgl. ook Baldwin, 1993:86-92) Dit is 'n handeling van die wil – 'n bewustelike keuse wat gemaak word omdat die persoon weet dit is reg en gesond, al voel hy nie so nie. Vergifnis word dan 'n proses wat die vrymaking van die persoon behels wat die aksie uitvoer. Stoop en Masteller (1996:169 - 179) beskryf die volgende stappe as deel van die vergifnis- en helingsproses:

- Herken die onreg wat aan jou gedoen is.
- Identifiseer die emosies betrokke.
- Gee uitdrukking aan die pyn en woede.
- Stel grense om jouself te beskerm.
- Kanselleer die skuld.
- Oorweeg die moontlikheid van versoening – Dit moet egter in gedagte gehou word dat vergifnis en versoening nie noodwendig dieselfde is nie. Vergifnis kan ook plaasvind sonder dat finale versoening noodwendig realiseer tussen die twee partye (Stoop & Masteller, 1996:261-270).

- **Die belangrikheid van selfvergifnis**

Stoop en Masteller (1996:298) stel dieselfde stappe voor vir selfvergifnis as wat van toepassing is op die vergifnis van andere. Soms is hierdie proses baie moeilik vir sekere persone omdat daar nie rolmodelle in die verlede was wat vergifnis vir hulle gemodelleer het nie (vgl. Baldwin, 1993:21-28). Indien persone weier om hulself te vergewe en dan eintlik voortgaan om hulself te haat, dan kan dit hulle uiteindelik innerlik vernietig (Baldwin, 1993:27). Baie mense pleeg selfmoord omdat hulle nie met hulself vrede kan maak nie - met ander woorde, hulle word uiteindelik hul eie regter en laksman (Baldwin, 1993:27).

- **Onvergewensgesindheid**

Onvergewensgesindheid het 'n element van vergelding – om iemand terug te kry. Daar is die persepsie dat as die boosdoener boet of gevoel het wat die slagoffer voel, daar dalk vergewe sal kan word (Seamands, 2004:31). Onvergewensgesindheid kan volgens Lane (2006:23) beskryf word as 'n samestelling van verskillende emosies, soos afkeer/gegriefdheid, woede, vyandskap, haat, bitterheid, stres en vrees, as onmiddellike respons by die persoon wat leed of emosionele verwonding beleef het. Om nie te vergewe nie, is egter openlike rebellie teen God en blatante ongehoorsaamheid aan die Woord van God (Efe 4:32 en Kol 3:13).

- Negatiewe gevolge van onvergewensgesindheid.

Volgens die Nuwe Testament produseer onvergewensgesindheid die volgende onaangename resultate (vgl.. Seamands, 2004:31):

- Dit hou mense vasgeketting aan die verlede.
- Dit hou die pyn lewendig.
- Dit hou die seer wond oop en verhinder genesing.
- Dit voed en krop woede op en beroof mense van lewensvreugde en veroorsaak kliniese depressie (vgl. Minirth & Meier, 1994:53).
- Dit produseer bitterheid, wat nie slegs 'n sonde is nie, maar ook 'n 'geestelike infeksie'. Bitterheid versper visie wat sodoende negatiewe emosies bewerk (Heb 12:15).
- Dit gee aan *Satan* 'n oop deur na die gelowige se lewe.
- Dit verhinder en verbreek gemeenskap met God (Matt 6:14-15)

## 4.6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Metodes betreffende krisisintervensiemetodes soos bespreek in Hoofstuk 3 het geblyk meer gefokus te wees op die hantering van onmiddellike krisissituasies asook op die hulpverlening tydens die eerste ses weke. Uit die inhoud van hierdie hoofstuk het egter duidelik geblyk dat daar 'n kategorie van krisisse en trauma is wat gewoonlik gepaard gaan met intense emosies en waar die gebeure ook soms meer uitgerek is – simptome en reaksies is dan oor die algemeen ook gewoonlik geneig om langer as ses weke neem om op te klaar. Hier gaan dit byvoorbeeld om herhaaldelike of kroniese traumatiese gebeure soos byvoorbeeld die diagnose van 'n terminale siekte en die aftakelende proses daarna, marteling, herhaalde molestering, ensovoorts. Na hierdie tipe trauma en krisisse word daar dan oor die algemeen verwys as gekompliseerde trauma. In hierdie hoofstuk is daar dan ook gefokus op hulpverlening tydens en na sulke erge traumatiese gebeure. Uit die navorsing het geblyk dat dit veral gedurende hierdie fases van mense se lewens is dat 'n groot persentasie van persone 'n sterk behoefte aan geestelike hulp en ondersteuning openbaar. Dit het verder geblyk dat stres tydens sulke meer ernstiger, krisisse juis onderskei kan word van gewone roetine stres deur enersyds die *onmiddellike skok-effek* wat dit op die persoon het, asook andersyds die *langtermyn gevolge* wat daaruit voortspruit. Die betrokke persone se normale hanteringsmeganismes en vermoëns is geïmmobiliseer en hulle kan nie oor die pyn kom nie. Daar word soms ook na gekompliseerde trauma verwys word as die "critical incident type". Hierdie tipe traumatiese gebeure is tipies so buitengewoon of intens dat dit normaalweg dieselfde aftakelende invloed sal hê op enige gemiddelde persoon wat blootgestel word aan sodanige omstandighede.

Dit het dus duidelik geblyk dat daar onderskei moet word tussen normale krisisse en ergerlike/gekompliseerde (*horrific*) trauma. 'n Trauma van *hierdie omvang* vernietig mense se veilige onskuldige wêreld en hulle lewensiening/wêreldbeskouing word op 'n baie diep vlak geraak. Een van die algemene gevolge na sulke ervarings is dan ook dat die betrokke persoon met 'n totaal ander oog na die wêreld rondom hom kyk. As gevolg van 'n gevoel van magteloosheid, tesame met 'n ernstige oorbelading van normale hanteringsmeganismes, het dit verder duidelik geblyk dat hierdie tipe trauma gewoonlik intense emosionele pyn tot gevolg het en langtermyn ontwrigting veroorsaak in slagoffers se lewens. Een van die algemene gevolge is gewoonlik dan ook 'n reeks van post-traumatiese stresreaksies en indien die

herinneringe aan die traumatiese insidente asook die gepaardgaande onverwerkte emosies nie terapeuties hanteer word nie, is die gevolge gewoonlik vernietigend. Die behandeling van gekompliseerde trauma is dan ook 'n meer uitgerekte proses.

Wat betref die pastorale begeleiding van getraumatiseerde persone binne hierdie kategorie, sal gevolglik ook gefokus moet word op 'n meer langtermyn strategie en benadering – slegs op hierdie wyse sal lidmate weer begelei en in staat gestel kan word tot normale funksionering. Dit is egter belangrik om deurgaans in gedagte te hou dat dit hier gaan om die 'normale' reaksie van mense binne abnormale omstandighede.

Daar is vervolgens ook duidelik uitgewys watter tipe kennis en vaardigheid deur kerklike ampsdraers benodig sal word ten einde in staat te wees om lidmate te begelei wat aan post-traumatiese stresversteuring ly of ander komplikasies beleef as gevolg van gekompliseerde trauma. Indien insigte soos hierdie geïntegreer kan word met ander belangrike basisteoretiese perspektiewe (soos geformuleer vanuit die eksegese en ook die bydrae vanuit die krisispastoraat) asook metateoretiese perspektiewe, sal dit die navorser in staat stel om uiteindelik sinvolle praktykteoretiese riglyne daar te kan stel vir die toerusting van kerklike ampsdraers met betrekking tot krisisberading oor die algemeen.

# AFDELING 3: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

## HOOFSTUK 5 - BYDRAENDE PERSPEKTIEWE VANUIT DIE GRENS-WETENSKAPPE

### 5.1 INLEIDING

In die metateoretiese hoofstuk word daar gefokus op relevante stof vanuit die aangrensende wetenskappe met betrekking tot die toerusting van kerklike ampsdraers rondom krisisberading. Heyns en Pieterse (1990:36) stel dit duidelik dat die Praktiese Teologie ook uit ander wetenskappe put om 'n beeld van die werklikheid te verkry. Louw (1993:211) se stelling dat daar tussen pastoraat en byvoorbeeld psigologie as "buurmanwetenskap" 'n voortdurende wisselwerking bestaan, ondersteun die noodsaaklikheid van so 'n metateoretiese studie. Venter (1993:247) verduidelik soos volg wat onder 'n metateorie verstaan moet word:

> "Onder Metateorie moet daar verstaan word 'n teorie waarin die wetenskaplike vertrekpunt uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde weklikheids veld ondersoek."

### 5.2 DOELSTELLING

Die doelwitte van hierdie hoofstuk is daarop gefokus om vanuit die aangrensende wetenskappe riglyne te formuleer wat kan bydra tot die beantwoording van die basiese navorsingsvraag van hierdie studie, te wete: "Op watter wyse kan die leemte aangespreek word betreffende die toerusting van kerklike ampsdraers met betrekking tot pastorale hulpverlening aan persone wat krisiservarings beleef ?" Daar word *eerstens* gekyk na watter insigte die opvoedkunde kan bied en dan veral met betrekking tot volwassene onderrig en onderrigtoerustingsprogramme; *tweedens,* watter traumatoerustings-programme gebruik word vir die opleiding van sielkundiges; *derdens* word gelet op sekere verhelderende perspektiewe vanuit die "buurwetenskappe" met betrekking tot trauma in die algemeen; *vierdens* word daar gefokus op die regsimplikasies van trauma-intervensie, veral by slagoffers van misdaad.

Die aangrensende wetenskappe wat dus betrek sal word, is die opvoedkunde, die psigologie en die regte. Wat die opvoedkunde betref, sal daar spesifiek gekyk word na onderrig in die algemeen, volwassene onderrig en onderrigprogramme. By die psigologie word daar gefokus op *kliniese aspekte van trauma* en *stres* as 'n belangrike komponent binne krisisberaad asook op traumatoerustingsprogramme binne die psigologie. Wat die regte betref, word die belangrikheid van die inagneming van sekere wetlike implikasies by traumaberading beklemtoon. Insigte wat op hierdie wyse bekom word, sal dan uiteindelik alles geïntegreer word in praktykteoretiese riglyne vir die daarstelling van 'n effektiewe krisisberadingtoerustingsprogram vir kerklike ampsdraers ten einde in staat te wees om sinvolle pastorale hulpverlening te bied aan persone tydens krisisse.

Hierdie studie staan 'n multidissiplinêre benadering voor in die hantering van menslike probleme aangesien die mens 'n eenheidswese is en as sulks benader moet word. Die fisiese, psigiese en geestelike aspekte moet gevolglik in ag geneem word wanneer hulp verleen word rondom trauma en krisisse, wat heel dikwels dan uitloop op emosionele verwonding (Minirth en Byrd, 1994:29). Juis omdat geestelike, fisiese en psigiese aspekte 'n direkte invloed op mekaar gaan hê, mag die mens nie gefragmenteer of gereduseer word tot slegs een van hierdie drie dimensies nie (Minirth en Meier, 1990:13). In die lig hiervan moet die betrokke persoon se geestelike gesondheid en welsyn veral ook nie uit die oog verloor word nie omdat dit juis die basis vorm vir psigologiese en fisiese gesondheid (Minirth *et al.*, 1992:204).

By die formulering van pastorale riglyne in hierdie hoofstuk sal gebruik gemaak word van die insigte vanuit die aangrensende wetenskappe wat nie in stryd is met die geopenbaarde waarheid in die Woord van God nie. Na hierdie benadering word deur MacArthur en Mack (1994:89,90) verwys as die sogenaamde "wetboek"-metode. Verder sal slegs op insigte vanuit die aangrensende wetenskappe gefokus word wat relevant is tot die navorsingsvraag soos reeds hierbo vermeld.

## 5.3 OPVOEDKUNDE

### 5.3.1 Konstruktivisme

Gravett (2005:19) verduidelik dat die konstruktivisme argumenteer dat leerders nie passief op 'n onderrigstimulus reageer nie. Onderrig is ook meer as bloot 'n proses waar dit wat gesien en gehoor word opgeneem word en in die brein gestoor word vir latere gebruik. Inteendeel, dit gaan om 'n aktiewe proses waar betekenis gekonstrueer word en bestaande begrippe getransformeer word deur interaksie met die omgewing. Konstruktivisme het die volgende implikasies vir die volwassene onderrigpraktyke:

#### 5.3.1.1 Onderrig as "*negotiation of meaning*"

Gravett (2005:22) haal Garrison en Archer (2006:6) aan wat van mening is dat onderrig 'n interaktiewe proses is om persoonlike sin te maak van die leerinhoud asook 'n sosiale bevestiging van die betekenis waartoe die leerder gekom het. Die *negotiation of meaning* het twee funksies naamlik die volgende: Eerstens poog dit om norme vir interaksie vas te stel, wat die optrede van groepslede teenoor mekaar bepaal, soos byvoorbeeld dat lede vry is om vrae te vra, idees te eksploreer, idees te bespreek en foute te maak. Tweedens is dit daarop gefokus om die leerders te help om saam te redeneer sodat daar by die realiteitsbeskouing van die ekspert in daardie spesifieke veld uitgekom kan word. *Negotiation of meaning* help ook om die leer-of onderrigstruikelblokke uit die weg te ruim, soos byvoorbeeld misverstande en vooroordele (Gravett, 2005:22).

#### 5.3.1.2 Onderrig as bemiddeling

Die fasiliteerder tree as bemiddelaar op tussen bestaande denkwyse (persoonlike kennis) en die nuwe leerinhoud (publieke kennis) - met sy nuwe wyses van dink en doen (Gravett, 2005:23; Killen, 2007:109). Hier word die leerinhoud ondersoek vanuit die perspektief van die leerder, met ander woorde leerlinggesentreerde onderrig (*discovery learning, inductive learning or inquiry learning*).

#### 5.3.1.3 Onderrig as dialoog

Die gedagte dat onderrig onderhandeling en bemiddeling is, veronderstel dat die fasiliteerder 'n brug moet bou tussen leerinhoud (publieke kennis) en die leerder se bestaande kennis (persoonlike kennis) (Killen, 2007:109). Hierdie brug kan net gebou word as die onderwyser-leerling en leerling-leerling alles deel uitmaak van 'n spanbenadering in hierdie onderrigproses en as die onderriggebeurtenis die leerder ook uitdaag om die leerinhoud aktiewelik te ontdek (Gravett, 2005:24). Hierdie proses word deur Gravett (2005:24) beskryf as *dialogiese onderrig* (*dialogic teaching*).

#### 5.3.1.4 Gee van inligting teenoor konstruksie van inligting

Onderrig beteken dat die leerder persoonlike betekenis heg aan leerinhoud sodat die leerinhoud persoonlike kennis kan word (Gravett, 2005:24). Die leerinhoud (publieke kennis) moet verander word in persoonlike kennis. Inligting is gewoonlik gefragmenteer en betekenisloos en sal alleenlik betekenis en waarde kry as *kennis gebou* word *van die inligting.* Kennis word gebou van die inligting as die leerders op die leerinhoud kan reageer (aktiewe proses) en aan die leerinhoud gestalte en vorm kan gee. Daar moet met ander woorde van intellektuele leeraktiwiteite gebruik gemaak word waardeur die leerder uitgedaag word (Gravett, 2005:25).

#### 5.3.1.5 Informerende onderrig (*informative*)

Die meeste onderrig in volwassene en kinderjare is van die tipe waarna Kegan (2000:49) verwys as "in-form-ative learning". Informatiewe onderrig is wanneer daar 'n verandering kom in wat die leerling weet deur 'n toename in kennis, vaardigheid en kapasiteit (Gravett, 2005:26; Killen, 2007: 107-108). By dié tipe onderrig word veral gebruik gemaak van direkte instruksie in 'n formele konteks (Killen, 2007: 107-108).

#### 5.3.1.6 Transformerende onderrig (*transformative*)

Hierdie tipe onderrig dui nie op 'n verandering van bestaande kennisstrukture nie, maar op onderrig wat die belangrikste aspekte van leerders se wêreldbeskouing (voorveronderstellings, aannames) en beskouing van self in revisie bring (Gravett, 2005:26) (vgl. ook 2.4.1.1).

### 5.3.2 Volwassene onderrig

Dit is baie belangrik in volwassene onderrig dat daar 'n onderskeid gemaak moet word tussen *volwasse* onderrig en *volwassene* onderrig. Iemand mag volwasse wees, maar nie noodwendig 'n volwassene nie. Whitbourne en Weinstock (1979:3-4) wys daarop dat 'n volwassene geïdentifiseer kan word deur die volgende (vgl. ook Gravett,

2005:6-8):

- Kronologiese ouderdom
- Ontwikkelingstake
- Psigologiese volwassenheid

Gravett (2005:1) is verder van mening dat volwassene leerders sekere karaktereienskappe openbaar wat dit moontlik maak dat hulle as 'n groep geïdentifiseer kan word en ook as 'n groep met die oog op onderrig oorweeg kan word. Hierdie kennis is belangrik vir die volwassene onderwyser omdat dit hom inlig betreffende die beste wyse van interaksie met die groep leerders.

### 5.3.2.1 Ontwikkelingsprosesse by volwassenes

- **Intelligensie en kognitiewe funksie in volwassene jare**

Gravett (2005:1) is van mening dat die ou spreekwoord "Jy kan nie 'n ou hond nuwe toertjies leer nie" 'n kragtige mite is omdat die geloof dat volwassenes, hul vermoë om te leer, verloor as hul ouer word, 'n baie negatiewe impak kan hê op volwassene leerders en onderwysers. Baie volwassenes wat weer na baie jare begin leer, ondervind dit somtyds moeilik om weer te leer. Hierdie probleem kan egter dikwels eerder toegeskryf word aan angstigheid en 'n gebrek aan selfvertroue, wat veroorsaak dat hierdie volwassene leerders aan hulle eie vermoë twyfel. Gravett (2005:5) wys daarop dat navorsing gewys het dat die ontwikkeling van volwassene kognisie in direkte verband staan met die betrokke volwassene se lewensondervinding. Die volwassene se kognitiewe vermoë bly konstant in sy dag tot dag lewe of dit ontwikkel verder soos wat hy ouer word.

- **Geheue en veroudering**

Gravett (2005:6) wys dat navorsing getoon het dat veroudering inderwaarheid geheue verdof – maar nie alle tipe geheue nie. As dit wat geleer word waarde en betekenis het vir die volwassene leerder, is dit meer toeganklik en makliker om te herroep vanuit die langtermyn geheue (Gravett, 2005:6). Sy is verder van mening dat wanneer van visuele beelde gebruik gemaak word tydens intensionele onderrig, dit daartoe kan bydra dat die informasie beter gestoor word in die langtermyn geheue en dit later makliker herroep word.

- **Leer-spoed**

Volgens Gravett (2005:6) het navorsing ook getoon dat soos wat mense ouer word, dit hulle leer-spoed negatief beïnvloed - en dan veral ook wanneer die materiaal wat hulle leer nie verwant is aan die volwassene se lewens- en werksondervinding nie, of in konflik staan met bestaande kennis. Wanneer dit egter in verwantskap staan met die volwassene se ondervindingsveld, leer volwassenes oor die algemeen vinnig.

### 5.3.2.2 Algemene eienskappe van volwassene leerder

Gravett (2005:8) wys op die feit dat elke volwassene leerder sy eie unieke karaktereienskappe na die leergebeurtenis/-ondervinding bring. Die leerder se siosiaal-kulturele omgewing speel ook 'n rol in die

onderwyser-leerder transaksie. Gravett (2005:8-10) wys in hierdie verband op die volgende drie algemene eienskappe van die volwassene leerder:

- Die leerder is volwasse per definisie (vgl. ook Whitbourne & Weinstock, 1979:3-4).
- Die volwassene leerder bring al sy lewensondervindinge en persoonlike kennis na die leergebeurtenis.
- Die volwassene se leergereedheid is verbind/gekoppel aan sy lewensrol en take.

Die drie bostaande algemene volwassene onderrigkarakter eienskappe het volgens Gravett (2005:11) die volgende belangrike implikasie vir onderrigpraktyke:

- **Dit spreek die leerders se behoefte aan**

  Daar is veral twee benaderings tot die aanspreek van die volwassene se leerbehoefte: Daar is diegene wat van mening is dat daar aan die volwassenes gevra moet word wat hulle behoeftes van onderrig is en dan moet op daardie behoeftes gefokus word. Die voorstaanders van dié benadering is van mening dat volwassene leerders verantwoordelik is vir die vorming van hulle eie onderrig, juis omdat die status van hulle volwassenheid rus op eienskappe soos outonomie, verantwoordelikheid en onafhanklike oordeel. Hierteenoor is daar egter diegene wat van mening is dat die volwassene leerder nie self die rigting en inhoud van die leerproses moet bepaal nie. Hulle wys dat die behoeftes van die gemeenskap, werkgewer en ekonomie ook in ag geneem behoort te word. Ander is weer van mening dat die individu nie altyd die beste beoordelaar is van sy eie behoeftes nie. Gravett (2005:12) is egter van mening dat dié debat veroorsaak word omdat die woordjie *nood* nie behoorlik gedefinieer word nie. Sy (2005:11) is van mening dat wanneer daar onderskei word tussen die Engelse woorde *need* en *want,* die debat opgeklaar word. Die woord *need* verwys na diskrepansie tussen 'n werklike kondisie/staat en 'n verlangde standaard, terwyl die woord *want* belangstelling en miskien motivering impliseer. Volgens Gravett (2005:12) is al wat verkry word as leerders gevra word wat hulle *need* is, eindelik 'n lys van *wants* is. 'n Behoefte-analise behoort dus eintlik die "wat is" en "wat behoort te wees" te definieer. Gravett (2005:12) gee die volgende lys om *needs* te bepaal:

  - Identifiseer die verlangde staat.
  - Identifiseer die huidige staat.
  - Assesseer die gaping tussen die boonste twee.
  - Prioritiseer die oorbrugging van die gaping.

- **Dit maak gebruik van leerders se bestaande kennis en opgeboude lewensondervinding**

  Die volwassene leerder bring 'n wye verskeidenheid kennis en lewensondervinding in die onderrigkonteks in (Gravett, 2005:14). Hierdie ondervinding kan volgens Gravett (2005:15-16) op verskillende maniere gebruik word, naamlik:

  - Eksploreer die leerder se bestaande kennis – dit kan in klein groepe gedoen word (vgl. Killen, 2007:167-189).
  - Verbind nuwe leerinhoud met leerder se bestaande kennis.
  - Help leerders om na te dink oor hoe bestaande kennis sinvolle onderrig kan blokkeer.

- Gee geleentheid om met mede-leerders interaksie te hê in klein groepe.
- Skep 'n ondervinding wat gebruik kan word om refleksie te stimuleer as 'n basis vir die konstruksie van betekenis – deur byvoorbeeld gelyktydig gebruik te maak van gevallestudie en rolspel om 'n gemeenskaplike basis vir leerders te skep (vgl. ook Killen, 2007:280-307).
- Help leerders om te leer deur ondervinding met die doel tot persoonlike of professionele verandering – leerders praat oor hulle ondervinding, hulle analiseer hulle ondervinding individueel of gesamentlik, hulle identifiseer die toepaslikheid van dit wat relevant is en handel daarop.

- **Dit spreek die behoefte van onmiddellike toepaslikheid aan**

  Baie volwassenes raak betokke by leergeleenthede om hulle kennis te vermeerder, gesindheid te verander en hulle vaardighede rondom die hantering van lewensprobleme en take te verbeter (Gravett, 2005:14). Hulle wil dit wat hulle geleer het, kan toepas en hulle wil die onmiddellike bruikbaarheid en relevansie van die nuwe kennis wat hulle geleer het, kan gebruik. Hierdie behoefte het die volgende implikasie (Gravett, 2005:16):

  - Volwassene leerders sal meer geneig wees om te leer as hulle glo dat dit wat hulle leer relevant en tot voordeel van hulle lewensituasie is.
  - Voorbeelde moet betrekking hê op die wêreld van die volwassene.
  - Daar moet terugvoer gegee word aan die leerders met betrekking tot hulle vordering.
  - Leerders moet 'n kans gebied word om hul mening te gee oor hoe nuwe kennis toegepas kan word.
  - Egte assesseringstake moet gebruik word. Dié take moet gerig wees op die lewenswêreld van die volwassene en dit moet bevestig dat dit wat hulle geleer het, toegepas kan word in die omgewing waarop die onderrig van toepassing is (Gravett, 2005:16).

## 5.4 ONDERRIGPROGRAMME

Hier is die fokus op die ontwerp en implementering van 'n gesprekvoerende/tweegesprek leergeleentheid vir volwassene onderrig.

### 5.4.1. Die sewe stappe ontwerp, soos voorgestel deur Gravett

Daar is sewe vrae wat gevra moet word wanneer 'n leergeleentheid ontwikkel gaan word. Die eerste twee vrae het te doen met behoeftebepalings (Van Dyk *et al.*, 2001:175). Die volgende drie vrae handel oor logistieke aspekte en die laaste twee vrae handel oor die leergeleentheid of gebeurtenis self (Gravett, 2005:56-58). Die sewe vrae is dan die volgende:

- **Wie?**

  Hierdie vraag het te doen met die deelnemers en die getalle. Die leraar (*educator*) het nodig om voor die tyd so veel as moontlik uit te vind aangaande die leerders (Gravett, 2005:56).

- **Waarom?**

  Hierdie vraag handel oor die behoeftes van die leerders ***(pre-situation)*** en kan die beste beantwoord word deur die volgende onvoltooide vraag te vra: Die deelnemer se behoefte is.....? (Gravett, 2005:57).

- **Waarvoor?**

  Die antwoord op hierdie vraag openbaar die verwagte uitkoms van die leergeleentheid ***(post-situation)***. Uitkoms is dit wat die leerder behoort te weet (*competence*) en wat die leerder sal kan doen (*performance*) as gevolg van die leergeleentheid (Gravett, 2005:57).

- **Wanneer?**

  Hierdie vraag hou verband met die tydsraam asook die hoeveelheid wat in 'n sekere tydsgleuf geleer kan word. Dit gaan nie hier oor die hoeveelheid materiaal wat behandel kan word in 'n sekere tyd nie, maar eerder dat die leerinhoud so ontwerp is dat dit toerekenbaarheid in die onderrigpraktyk sal kweek (Gravett, 2005:58).

- **Waar?**

  Die antwoord op hierdie vraag het te doen met waar (plek) die kursus/program aangebied gaan word - met ander woorde, watter fasiliteite beskikbaar is (Gravett, 2005:58).

- **Wat?**

  Die antwoord op hierdie vraag het te doen met die leerinhoud van die kursus – die vaardigheid, kennis en gesindheid wat geleer word. Hier word die leerinhoud 'n naam gegee.

- **Hoe?**

  Die hoe het te doen met die struktuur van die kursus, die leertake, en die materiaal wat gebruik gaan word.

Gravett (2005:72-74) gee ten slotte 'n paar belangrike praktiese wenke (*instruction devices*) wat gebruik kan word in die onderrigproses, naamlik aspekte soos 'n kort 20 minute inleidende uitleg/skema van 'n onderwerp, gevallestudies, rolspele en demonstrasies.

### 5.4.2 Uitkomsgebaseerde onderrig (OBE-*program*: ***outcome based education***)

#### 5.4.2.1 Die gebruik van uitkomsgebaseerde onderrigprogramme

In uitkomsgebaseerde onderrig is daar basies drie baie belangrike stappe wat geneem moet word in die onderrigbeplanningsproses, naamlik:

- Besluit en skryf wat die uitkomste is wat die leerders moet bereik (kort- en langtermyn) (Van Dyk *et al.*, 2001:214-217).
- Besluit hoe die leerder gehelp gaan word om die uitkomste te bereik (besluit op inhoud en leerstrategieë).

- Besluit hoe daar bepaal gaan word of die leerders die uitkomste bereik het (besluit op hoe assessering gedoen gaan word)(Killen, 2007:57; Van Dyk *et al.*, 2001: 218-230).

Daar moet vooraf bepaal word wat die leerders moet leer. Vanaf dié riglyne moet onderwysers/leraars dan skedules en lesplanne ontwikkel wat die dag tot dag of week tot week onderrig sal begelei. Vir uitkomsgebaseerde onderrig om suksesvol te wees, is die volgende aspekte van belang:

- Die leerondervinding moet gestruktureer word.
- Daar moet van 'n verskeidenheid van leermetodes gebruik gemaak word.
- Daar moet veelvoudige verduideliking en voorbeelde wees van die sleutelgedagtes.
- Daar moet geleentheid vir leerders wees om te oefen.
- Daar moet 'veelvoudige paaie' deur die leermateriaal uitgestippel word en 'n positiewe leeromgewing moet geskep word (Killen, 2007:59).

#### 5.4.2.2 Die seleksie van lesmateriaal

In uitkomsgebaseerde onderrig is die onderrigmateriaal belangrik omdat dit die basiese substans is wat die leerders moet bemeester as die uitkomste bereik gaan word (Killen, 2007:76). Die seleksie van leerinhoud gaan dan ook bepaal word deur die uitkomste wat bereik wil word (Killen, 2007:76).

#### 5.4.2.3 Kies die toepaslike leerstrategie

Onderrig is die effektiefste wanneer leerders die geleentheid het om te dink en te redeneer en hulle ook verstaan dat dit wat geleer word, wel gedebatteer mag word (Killen, 2007:77). 'n Leerstrategie moet gekies word in ooreenkoms met dit wat geleer word. Die vraag wat gevra moet word in hierdie verband is watter leerstrategie die leerders die beste gaan help om die uitkomste van die les/se te bereik (Killen, 2007:77). In sodanige onderrigsituasies moet die hele kwessie rondom *teaching and learning* te alle tye in die middelpunt van die leerstrategie staan. Die leerstrategie kan onderwyser-gesentreed wees (*direct instruction; deductive teaching or expository teaching*) of leerling-gesentreerd wees (*discovery learning; inductive learning; or inquiry learning*).

#### 5.4.2.4 Basiese lesbeplanning

Die volgende riglyne kan gebruik word om 'n lesbeplanning te doen (Killen, 2007:87/8):

- Beplan lesuitkomste – Daar moet duidelikheid wees oor wat die leerder moet leer.
- Beplan lesinleiding – Die leerder se aandag moet verkry word en motivering moet opgewek word.
- Beplan die lesinhoud – Daar moet duidelikheid wees oor die belangrike dinge wat die leerder moet leer sodat uitkomste bereik word.
- Beplan die onderrig-of die leerfase – Dit wat hier gebeur, sal van die leerstrategie afhang.
- Beplan die les slot – Die les moet tot 'n logiese konklusie gebring word.

- Assessering van leerder – Daar moet terugvoer verkry word met betrekking tot dit wat die leerder geleer het.
- Lesevaluering – Daar moet gereflekteer word of die onderrigpraktyk suksesvol was.

## 5.5 PSIGOLOGIESE TRAUMA

In hierdie gedeelte word daar gefokus op die kliniese aspekte van emosionele trauma asook op riglyne vir die hantering daarvan, veral dan soos geformuleer vanuit die vakgebied van die psigologie.

### 5.5.1 'n Definisie van psigologiese trauma

'n Traumatiese gebeurtenis word beskryf as 'n onnatuurlike en onverwagte gebeurtenis wat lewensbedreigend is of waar die persoon ernstig beseer is (Retief, 2004:15; Britz: 2004:19; Herman 2001:33). Die persoon reageer in vrees en hulpeloosheid en toon simptome van herbelewenis, vermyding en hipersensitiwiteit (Retief, 2004:16). Jaffe *et al.* (2005) maak egter 'n onderskeid tussen *trauma,* soos gedefinieer deur die sielkundige gemeenskap, en wat sy noem *emosionele/psigologiese trauma.* Sy wys in hierdie verband op die feit dat navorsing aangetoon het dat:

> "... emotional trauma can result from such common occurrences as an auto accident, the breakup of a significant relationship, a humiliating or deeply disappointing experience, the discovery of a life-threatening illness or disabling condition, or other similar situations. Traumatizing events can take a serious emotional toll on those involved, even if the event did not cause physical damage"(2005).

Terr (1990:8) wys op die feit dat ongeag die oorsaak van emosionle trauma het dit die volgende drie elemente, naamlik:

- Dit was onverwags.
- Die persoon was nie voorbereid nie.
- Daar was niks wat die persoon kon doen om dit te verhoed nie ('n gevoel van magteloosheid).

Retief (2004:17) meen dat persone 'n trauma beleef het indien hulle blootgestel was aan gebeure wat verband hou met hul lewensomstandighede of met hul lewensfase en wat tot gevolg het dat daardie persoon se gewone hanteringsmeganisme lam gelê is en ten minste een van die volgende effekte waargeneem kan word:

- 'n Element van vreemde gelatenheid (in sommige gevalle).
- 'n *Diep*, amper *omkeerbare verandering in die persoon se lewensiening.*
- 'n Ernstige oorbelading van dié individu se normale hanteringsmeganisme (vgl. ook Terr, 1990:8).

Terr (1991:10-11) onderskei tussen tipe I trauma en tipe II trauma. Tipe I trauma verwys na die effek van 'n enkele traumatiese gebeure. Tipe II trauma verwys na die effek van langdurige en herhaalde trauma. Hier word daar in die psigologie verwys na gekompliseerde trauma (vgl. ook Herman, 2001:119).

### 5.5.2 Aspekte wat individuele belewenis van trauma beïnvloed

Wright (2003:196) wys op die belangrike feit dat nie alle mense wat 'n trauma ervaring beleef het, noodwendig getraumatiseer sal wees nie – met ander woorde, nie almal se belewenis van trauma is dieselfde nie. Trauma kan van situasie tot situasie verskil in *intensiteit* - verdere bepalende faktore kan ook aspekte soos die volgende insluit:

- Ouderdom
- Persoonlikheidstipe
- Geslag
- Mate van geestelike volwassenheid
- Godsdienstige oortuigings
- Kulturele agtergrond
- Die persepsie wat die betrokke persoon ten opsigte van die spesifieke trauma gebeurtenis het.

Hicks (1993:74-75) wys ook dat geslag en ouderdom van die getraumatiseerde 'n rol kan speel in die wyse waarop trauma uiteindelik verwerk gaan word. Hy is van mening dat mans oor die algemeen moeiliker vir hulp vra en nie maklik oor dinge praat wat met hulle gebeur het nie.

### 5.5.3 Die tipiese fases van 'n traumatiese gebeure

Begrip vir die onderskeie traumatiese fases is baie belangrik, veral vir die huidige studie en met die oog op die uiteindelik daarstelling van 'n toerustingsprogram vir kerklike ampsdraers.

#### 5.5.3.1 Die pre-impakfase

Coetzer (2005:28) wys daarop dat wanneer mense 'n krisis verwag, hulle hulself daarop kan voorberei. In Israel word kinders byvoorbeeld voorberei en toegerus vir aanvalle en terrorisme. Hicks (1993: 195- 205) wys op die volgende aspekte wat kan help om voorbereid te wees op trauma: Die kwaliteit van bestaande verhoudings (gesin, vriende en geloof), hoopvolle lewensingesteldheid, 'n realistiese lewensbeskouing, beroepsatisfaksie en die vermoë om aan beide kante van die straat te lewe. Wat hier bedoel word, is dit wat Job gesê het in 2:10: "Sal ons net die goeie uit die hand van God neem en nie die slegte ook nie."

#### 5.5.3.2 Die impak-of skokfase

Volgens Retief (2004:31) beskryf hierdie fase die persoon se reaksie kort na die gebeurtenis. Die persoon beleef psigiese verlamming en dit is asof alles tot stilstand geruk word (Coetzer, 2005:28). Die persoon is geskok en kan

nie glo wat besig is om met hom te gebeur nie. Dit wil soms voorkom asof dit wat met die persoon gebeur, teen 'n baie stadige spoed afspeel (Coetzer, 2005:28). Hulpeloosheid en hopeloosheid kan tipeer word as die essensie van hierdie fase. As gevolg van 'n traumatiese gebeutenis verklein die hippokampus in die brein en dit veroorsaak dat die geheue van die persoon geaffekteer word (Wright, 2003:204). Retief (2004:31) wys ook daarop dat tydens hierdie fase daar veranderinge in die brein plaasvind in die sin dat die normale aard van breingolwe verander van beta- na theta-golwe. Beta-golwe val tussen die bandwydte van 14 – 30 Htz. Hierbinne is so 'n persoon by sy bewussyn en hy fuksioneer normaal. Theta-golwe val binne die bandwydte van 8-13Htz waarbinne die persoon in sy 'voorbewussyn' is en nie werklik by sy volle bewussyn is nie. 'n Meting onder 4 Htz dui daarop dat die persoon in 'n koma is. In die theta bandwydte is dit asof dinge stadig gebeur en die persoon neem dinge waar asof in *slow motion.* Verder is dit asof die brein se vermoë om ervaring en waarneming logies te kategoriseer, negatief beïnvloed word. Daarom is dit moeilik om traumagebeure kort na die voorval in besonderhede te onthou. Dit is asof alles deurmekaar is. Hierdie is van die redes waarom dit nie raadsaam is om intensiewe traumaberading te doen binne 72 uur na die gebeurtenis nie (Retief, 2004:31).

#### 5.5.3.3 Die reaksiefase

Hierdie fase volg wanneer die byniere 'n groot hoeveelheid *adrenalien* begin uitskei en die persoon 'n sogenaamde veg-, vlug- of vriesreaksie toon (Retief, 2004:33). Matsakis(1996:28) wys op die feit dat die afskeiding van noradrenalien in die brein die oorsaak kan wees van die vriesreaksie by sommige persone - Dit veroorsaak dat dit vir die persoon moeilik is om te beweeg of te reageer. Coetzer (2005:29) wys op 'n verskeidenheid van moontlike verdere reaksies tydens hierdie fases. Dit wissel van snikke tot giggelbuie, woede, vyandigheid en 'n irritasie met die gevoel van totale hulpeloosheid. Die persoon kan dikwels ook as gevolg van die groot hoeveelheid adrenalien dinge doen wat normaalweg nie fisies moontlik is nie.

As gevolg van die trauma gebeur dit somtyds ook dat die persoon agterna nie kan onthou wat gebeur het nie. Volgens Coetzer (2005:29) is dit oor die algemeen nie noodwendig as gevolg van dissosiasie nie (wat wel in situasies van intense trauma die geval kan wees), maar eerder die volgende prosesse wat in die brein plaasvind: Die brein stuur vanaf die amigdala-gedeelte boodskappe betreffende die traumabelewenis na die res van die brein – dit veroorsaak 'n kettingreaksie by die sogenaamde hipofise-pituiêre-driehoek, wat weer onder andere daartoe lei dat groot hoeveelhede streshormone deur die byniere afgeskei word wat dan op hul beurt weer die brein oorspoel (vgl. ook Retief, 2004:33,34).

Die hippokampus-area van die brein speel ook 'n besonder belangrike rol rondom geheue. Dit bevat reseptore vir streshormone wat as gevolg van trauma geaktiveer word en dan die geheuefunksie belemmer.

#### 5.5.3.4 Die terugtrek- of vermydingsfase

Tydens hierdie fase word die streshormoon, *kortisol,* tesame met adrenalien deur die byniere afgeskei. Dit veroorsaak onder andere dat die persoon geneig is om plekke, mense en situasies wat hom aan die insident

herinner, te vermy (Retief, 2004:35). Ongelukkig is sulke pogings tot vermyding gewoonlik nie baie suksesvol nie. Dit is asof die gebeurtenis die vermoë het om homself binne-in die mens se beleweniswêreld in te dring deur waarneming en assosiasie. Wanneer die persoon aan hierdie alledaagse insidente blootgestel word, word die gruwel van die traumadaad in sy volheid herleef. Volgens Coetzer (2005:31) is dit geweldig uitputtend om vir 'n lang tydperk in hierdie fase te verkeer (wat dikwels die geval is wanneer sekere faktore die helingsproses blokkeer). Dit is sleg vir die gees sowel as die liggaam, want die streshormoonvlakke styg en bly as't ware permanent op 'n hoë vlak. Dit is dan ook hier waar *normale fuksionering* in duie stort.

Coetzer (2005:31)wys daarop dat dit belangrik is om daarop te let dat mense se reaksie op trauma normaalweg deur die volgende faktore beïnvloed word:

- Ouderdom
- Die persoon se vorige trauma-ervarings
- Die intensiteit van die traumabelewenis
- Hoe lank die trauma insident geduur het
- Wie almal betrokke was
- Of daar mense dood is
- Watter fisiese, psigologiese, geestelike en materiële skade deur die persoon self of ander naby hom gely is
- Tot watter mate die persoon (werklik of vals) skuldgevoelens beleef
- Hoe die samelewing op sy ervaring reageer

Retief (2004:39) wys op die feit dat wanneer die *proses van emosionele genesing*, *aanpassing* en *aanvaarding* nie plaasvind nie, dan tree post-traumatiese stesversteuring in. Coetzer (2005:31) vgl. die post-taumatiese stresversteuring met 'n klip wat in die water gegooi word. Die aanvanklike stresreaksie op die trauma word dan vergelyk met die eerste reaksie nadat die klip die water tref. Die verdere rimpelings en golfies wat stadig al wyer kringe maak, maar mettertyd in krag afneem, kan vergelyk word met die sogenaamde post-traumatiese stresreaksie – dit is die tipiese rimpeling effek ná die aanvanklike sterk impakfase. Indien die persoon nie die herstelproses voltooi het nie (deurwerk deur al die fases), dan begin die pyn heel dikwels op allerlei verskuilde wyses na vore te tree. Hoe langer die simptome duur, hoe moeiliker word die genesingsproses en daarom is dit belangrik om so gou as moontlik hulp te ontvang. Indien daar iemand is wat onmiddellik beskikbaar is, is die moontlikheid soveel groter dat hierdie persoon uiteindelik nie probleme sal ondervind met langtermyn simptome nie. Aan die ander kant, indien die persoon een nag langer moet wag ná 'n uiters traumatiese ondervinding, kan die trauma opsigself verdubbel (Coetzer 2005:31).

#### 5.5.3.5 Die integrasiefase

Volgens Retief (2004:40) vervaag die oor-aktiewe reaksie en intense betrokkenheid by die traumatiese insident in hierdie fase. Die persoon keer geleidelik terug na *normale funksionering*. Die streshormoonvlakke, liggaams- en

breinfunksies keer ook terug na normaal. Die ervaring vervaag en word deel van die persoon se lewensverhaal - een van baie dinge wat in sy lewe met hom gebeur het. Die persoon kan nou ook gemaklik, en waar van toepassing, oor die ervaring praat en dit oorweldig nie meer sy gedagtewêreld nie en slaan nie meer in onbeheerste reaksie uit nie. Namate integrasie plaasvind, kan die persoon gewoonlik ook uit die ervaring een of ander sin maak of 'n lewensles leer. Mense kan dinge sê soos: "Die gebeurtenis het my laat besef presies hoe belangrik my gesin vir my is". So 'n ervaring wat dan ten volle deurgewerk is, lei heel dikwels ook tot groter lewenswysheid en perspektief.

### 5.5.4 Hulpverlening tydens die eerste 72 uur

Volgens Coetzer (2005:33) sal elkeen van die bostaande fases verskillende tipe hulp en ondersteuning benodig – 'n perspektief wat uiteraard dan ook van besondere belang is betreffende die finale oogmerk van hierdie studie. Wat betref die pre-impakfase kan mense oor die algemeen deur skoling en onderrig bedien word Wat betref die volgende twee fases (dié van impak en reaksie) sal die klem veral wees op ontlonting en de-aktivering (*defusing* en *debriefing*). Wat betref die terugtrekfase sal die fokus op langtermyn berading wees indien dit sou blyk dat die persoon vanweë een of ander blokkasie hier vasgesteek het.

#### 5.5.4.1 Ontlonting en de-akivering (*defusing* en *debriefing*)

- **Ontlonting (*defusing*)**
  - **Definiëring van ontlonting**

    Coetzer (2007: 7) gee die volgende definisie van wat ontlonting is: Ontlonting (d*efusing*) hou verband met die aksie waar daar direk na die trauma (en soms nog tydens die trauma) met getraumatiseerde persone op die toneel van die trauma gewerk word - na hierdie aksie word verwys as 'trauma-ontlonting.' Daar is gevolglik 'n klemverskil tussen '*debriefing*' en '*defusing*' en verskillende vaardighede word benodig (vgl. ook Weaver, 2007; Davis, 2007). Ontlonting (*defusing*) is die benaming wat gegee word aan die proses van *dinge deurpraat "taking the fuse out of an emotional bomb "*. Dit gee aan slagoffers en werkers die geleentheid om te ventileer met betreking tot hul herinneringe, streservarings, verliese en metodes van oorlewing ten opsigte van 'n ramp. Hulle kry hierdie geleentheid in 'n veilige en ondersteunende atmosfeer. In 'n sekere sin is ontlonting (*defusing*) eintlik 'n meer kompakte weergawe van de-aktivering (*debriefing*). Aangesien die tyd hiervoor gewoonlik baie kort is, is hierdie eintlik maar net 'n beginpunt.

  - **Kenmerke van ontlonting**

    Coetzer (2007: 7,8) wys op die volgende belangrike aspekte in hierdie verband:

    - Trauma-ontlonting behels die hantering van trauma op die toneel.
    - Die trauma-ontlonter pas krisisintervensie tegnieke toe wat daarop gerig is om die slagoffers van trauma emosioneel te stabiliseer. Hierdie taak kan vergelyk word met dié van ambulanspersoneel of paramedici op die pad. Hulle taak hou verband met die toepassing van sekere noodprosedures ten einde die pasiënt te stabiliseer totdat hulle hom by 'n hospitaal kan kry waar hy volledig medies versorg kan word.

Net soos wat paramedici nie op 'n pasiënt kan opereer wat langs die straat lê nie, kan die traumaberader ook nie traumaberading op die toneel van die trauma doen nie. Die ontlontingsproses is dus daarop gerig om bloot die persoon te stabiliseer en te voorkom dat hy homself intussen 'emosioneel doodbloei' voordat behoorlike begeleiding kan plaasvind.

- Wat tydsduur betref, sal die proses van ontlonting binne 'n uur (of minder) afgehandel wees. De-aktivering, daarteenoor kan 2-3 ure duur. In 'n sekere sin sal daar oorvleueling wees tussen die fases van ontlonting en de-aktivering.
- Die traumawerker moet plooibaar wees en die situasie kan 'lees' – elke situasie is anders en soms is daar nie baie duidelike riglyne nie.

- **Die oogmerke van ontlonting**

  Coetzer (2007: 7,8) wys op die volgende oogmerke in hierdie verband:

  - Om die veiligheid van slagoffers van die trauma te verseker.
  - Om emosionele ondersteuning te bied.
  - Om praktiese bystand te bied.
  - Om duidelike informasie te gee met betrekking tot die proses wat gaan volg.
  - Om 'n proses te begin wat gevolg gaan word deur trauma de-aktivering.

- **De-aktivering (*debriefing*)**

Volgens Coetzer (2007:15) is dit belangrik om de-aktivering (*debriefing*) nie te beskou as 'n losstaande komponent nie. Dit is eerder deel van 'n breër trauma-intervensie/begeleidingsprogram. So 'n program sou opsies insluit van voortgaande onderrig, ondersteuning en berading. (vgl. ook Weaver, 2007; Davis, 2007). Navorsing toon aan dat in gevalle waar '*debriefing'* binne die periode van 24-72 uur na die trauma plaasvind, daar gedurende die tydperk daarna minder korttermyn asook langtermyn krisisreaksies of psigologiese trauma voorkom. Hoe langer die tyd egter verloop tussen die oorspronklike trauma en die de-aktivering, hoe minder effektief is die de-aktivering. Die ideaal is dat die de-aktivering by die oorspronklike toneel of naby daaraan sal plaasvind. Enige lokaal wat groot genoeg is om die groep te akkommodeer en waar daar privaatheid is, is aanvaarbaar. 'n Tydsblok wat moontlik oor 'n paar ure kan strek, is nodig en indien moontlik moet elkeen wat by die krisis betrokke was die sessies bywoon (Coetzer (2007:15).

- **Kenmerke van trauma de-aktivering**

  Coetzer (2007: 16) wys op die volgende belangrike aspekte:

  - Trauma de-aktivering impliseer nie dat berading of terapie plaasvind nie en dit dien ook nie as substituut vir berading of terapie nie. Alhoewel sommige van dieselfde kommunikasietegnieke van berading gebruik word, is die toepassing hier verskillend.
  - Dit gaan hier om die oordrag van feite betreffende die traumatiese insident, sonder die oorweldigende emosies wat gewoonlik gepaard gaan met 'n traumatiese insident.

- Verder is dit ook belangrik dat die '*debriefer*' nie op hierdie stadium gaan probeer om die onderliggende gedrag, gedagtes en emosies te probeer ontleed of evalueer of 'ontgin' (*explore*) nie. Die klem is meer op die gee van informasie en feite aan die getraumatiseerde persone ten einde hul eie reaksie op die trauma te verstaan.
- Trauma de-aktivering kan geskied met 'n individu of in 'n groep. Aan die individu in die groep bied dit die geleentheid om met andere te kan praat wat dieselfde ervarings gehad het. Die groepservaring sal hopelik ook vir die individu lei tot gevoelens van inklusiwiteit en ook die geleentheid om antwoorde op vrae te verkry.

o **Oogmerke van trauma de-aktivering**

Coetzer (2007: 16/7) wys op die volgende belangrike aspekte:

- *'n Veilige plek*

  'n Veilige plek moet geskep word waar getraumatiseerde persone hul gevoelens kan ventileer.
- *Toetsing van die realiteit*

  Persone kry die geleentheid om tot die besef te kom dat hulle steeds 'normaal' is. Hulle moet verseker word dat hulle emosies en gedrag normaal is binne 'n abnormale situasie.
- *Die herstel van kontrole*

  'n Traumatiese insident sal dikwels tot gevolg hê dat gevoelens van hulpeloosheid en magteloosheid en verlies aan beheer voorkom – in sommige gevalle kan dit uitloop op egskeiding of selfmoord. Trauma de-aktivering gee gevolglik aan persone die geleentheid om weer beheer oor sekere aspekte van hul lewens te verkry asook 'n gevoel van hoop.
- *Kognitiewe herdefiniëring*

  Die persoon begin om meer in 'n positiewe rigting te dink – hy sal bv eerder die term *oorlewende* as *slagoffer* gebruik. Die persoon slaag ook al meer daarin om emosionele afstand te verkry ten opsigte van die trauma.
- *Voorkoming van post-traumatiese stresversteuring*

  Die proses van de-aktivering is pro-aktief daarop gerig om post- traumatiese stresversteuring te voorkom en teë te werk.

### 5.5.5 Nagevolge van 'n traumagebeurtenis

Volgens Jaffe *et al.* 2005 (vgl. ook Matsakis, 1996:34-5; Coetzer, 2005:53-58; Robert, 1996; Joseph, 2006 en Sidran traumatic stress foundation, 2006) sou die volgende algemene simptome kon voorkom:

- *Fisies*: Eetverteurings (kompulsiewe ooreet, bulimie en anorexia); slaapversteurings (meer of minder as gewoonlik); seksuele disfunksie; kroniese moegheid en psigosomatiese simptome.
- *Emosioneel*: Eksogene of endogene depressie; major depressie; 'n gevoel van wanhoop en hopeloosheid; angstigheid; paniekaanvalle; vrees; verloor van beheer oor emosies; geïrriteerdheid; woede; veragting en bitterheid; emosionele doodsheid.

- *Kognitiewe*: Geheuverlies (spesifiek met betrekking tot die trauma); sukkel om besluite te neem; gebrek aan konsentrasie; aandagafleibaarheid.
- *Algemene persoonlike en gedragsgevolge*: Kompulsiewe en obsessiewe gedrag; substansieafhanklikheid (soos alkohol en dwelmmiddels); prostitusie; pornografie en seksuele wangedrag; dobbel; her-viktimisasie; selfvernietigende gedrag/selfmoordneigings; pogings om ongeverbaliseerde emosionele pyn te verplaas na fisiese pyn; impulsiewe en kompulsiewe gedrag; onvermoë om gesonde lewensbesluite te neem; dissosiatiewe simptome; gevoelens van oneffektiwiteit; skaamtegevoelens; moedeloosheid; hopeloosheid; afgetakelde lewens- en wêreldbeskouing; onttrekking van alledaagse roetine en verhoudings.
- *Algemene gevolge op interpersoonlike verhoudings*: Verbreking van gesins-, vriendskaps- en liefdesbande (Herman, 2001:51); onvermoë om in 'n naby of intieme verhouding te wees; seksuele probleme; vyandigheid en argumente met familie, werkgewer of kollegas; sosiale onttrekking/isolasie; gevoel van konstante bedreiging.

#### 5.5.5.1 Post-traumatiese stresversteuring (PTSV)

PTSV is gewoonlik een van die belangrikste langtermyn nagevolge van 'n traumagebeurtenis indien die persoon nie die nodige hulp ontvang nie. Dit is normaalweg die gevolg van 'n oorweldigende blootstelling aan 'n stresvolle gebeurtenis of reeks van gebeure, soos byvoorbeeld oorlog, verkragting, molestering, huishoudelike geweld, ens. Dit is 'n normale reaksie van normale mense op 'n abnormale gebeurtenis (Coetzer 2005:40). Die traumatiese gebeure wat gewoonlik lei tot post-traumatiese stresversteuring is tipies so buitengewoon of intens dat dit byna enige mens sal ontstel. Dié gebeure is skielik en word beskou as lewensbedreigend vir die persoon (Coetzer 2005:40). Post-traumatiese stresversteuring kan ook intree indien daar kompliserende faktore betrokke is tydens die terugtrek- of vermydingsfase, wat dan verhoed dat die persoon kan aanbeweeg na die volgende fase van die helingsproses (Matsakis, 1996:21).

- **Simptome**

  Die volgende simptome met betrekking tot PTSV word algemeen deur navorsers uitgewys (Coetzer, 2005:41; Matsakis, 1996:21-27; Herman, 2001:35-46; Weaver, *et al.*, 2003:35; McNally, *et al.*, 2003:47):

  - **Hipersensitiwiteit *(hyperarousal)***

    Wright (2003:198-205) wys daarop dat 'n traumatiese gebeurtenis die chemiese samestelling sowel as die fisiologie van iemand se brein kan verander. Hipersensitiwiteit word teweeg gebring as die *regterkant van die brein* (alarmgedeelte) abnormaal reageer op die gebeurtenis en die brein aktiveer asof daar 'n gevaar bestaan (terwyl daar geen gevaar is nie). Die *frontale korteks* se vermoë neem ook af en daarom is die brein minder in staat om linkerbreinfunksies – *dink* en *analiseer* - uit te voer (Wright 2003:204). Dit veroorsaak dat die persoon sukkel om werklike gevaar en geen gevaar van mekaar te onderskei en die persoon beleef dan 'n voortdurende vrees en angstigheid.

- **Herbelewing *(intrusion)***

  'n Herbelewing van die gebeurtenis vind plaas deur terugflitse, drome of nagmerries – dit impliseer 'n skielike spontane belewenis of gedagteflits waartydens die traumaslagoffer dan die oorspronklike trauma weer beleef (vgl. Herman, 2001:37-42). Herman (2001:37) gebruik in hierdie opsig die woord *intrusion* en sy verduidelik dat dit plaasvind wanneer 'n ernstige krisisbelewenis die normale ontwikkelingsproses as't ware blokkeer deur herhaaldelike 'inbrake' in die slagoffer se lewe – dit lei dan tot 'n herbelewing van die oorspronlike traumagebeurtenis.

- **Gevoelloosheid *(numbing)***

  Die afname in funksionering van die frontale korteks as gevolg van 'n traumatiese gebeurtenis veroorsaak dat die persoon dit moeilik vind om dit wat hy ervaar, in woorde uit te druk (Terr, 1990:80). Sommige mense is dan geneig om alle emosies te blokkeer in 'n poging om die pyn te onderdruk. Ander leef weer in 'n fantasiewêreld en gee voor dat niks slegs gebeur het nie. Ander probeer deur drank en dwelms die pyn verlig (Coetzer 2005:41). Enige aksie wat daarop gerig is om emosionele pyn te onderdruk/vermy, het eintlik maar net die effek van "emosionele narkose". 'n Persoon met post-traumatiese stresversteuring kan dus probleme ondervind om te lag, huil of liefde te betoon. Dit kan veroorsaak dat die persoon byvoorbeeld glo dat hy nie meer die kapasiteit het om empatie te toon en intiem te wees nie. Die onderdrukking van negatiewe gevoelens veroorsaak ook dat getraumatiseerde persone geneig is om hul lewensvreugde en toekomsverwagtinge/-visie te verloor. Hulle is so gefokus op die *negatiewe van die verlede* dat hulle daarin vasgegevang word. Die probleem is egter dat as mense die verlede probeer uitblokkeer, veroorsaak dit dat jy gelyktydig ook die teenswoordige sowel as die toekoms uitblokkeer (Coetzer 2005:42). Ter oorlewing het hulle hul gevoelens afgesluit en voel onbetrokke by die lewe. Hulle voel *verwyderd* en *vervreemd* van ander mense . Hulle voel dat daar niemand is wat verstaan waardeur hulle gegaan het nie en daar is niemand met wie hulle kan paat nie. Hulle kan ook nie aan iemand vertel wat werklik gebeur het nie omdat hulle dalk skaam is oor dinge wat hulle tydens die trauma gebeure gedoen het uit vrees vir hulle lewens (Coetzer 2005:41). Dit is hierdie geheime en werklike vrees dat hulle moontlik weer verneder en verwerp sal word (*sekondêre verwonding*), wat maak dat hulle verwyder voel van ander. Hierdie hele proses lei dan dikwels daartoe dat sulke persone hulself sosiaal isoleer van andere omdat dit moeilik is om 'n sinvolle verhouding met ander te hê as daar *emosionele bagasie* is wat deurentyd saamgesleep word (Matsakis,1996:90).

- **Post-traumatiese stresversteuringsdiagnose**

Die bostaande traumasimptome moet vir meer as 30 dae voorkom voordat die pasiënt gediagnoseer sal word met post-traumatiese stresversteuring (Matsakis, 1996:29; Coetzer, 2005:42). Die toestand word as akuut gediagnoseer indien die simptome vir 'n periode van drie maande voortduur. Dit word as vertraagde post-traumatiese stresversteuring getipeer wanneer die simptome ses maande en langer na die traumatiese gebeurtenis sou voortduur. Dit kan selfs eers na 'n jaar, twintig jaar of selfs veertig jaar na die traumatiese ervaring na vore kom (Matsakis, 1996:16).

### 5.5.6 Traumageheue en storievertelling

Die brein fuksioneer soos 'n rekenaar - alles wat met die persoon gebeur het van voor geboorte, is soos lêers in die brein gestoor - daarom is niks vergete nie. Alhoewel mense nie altyd die detail op 'n gegewe oomblik kan herroep nie, het die brein slegs 'n sekere stimulus nodig om onmiddellik sekere lêers oop te maak (Coetzer, 2005:48). Mense onthou nie net die goeie dinge nie, maar ook die pynvolle dinge en dit is juis die negatiewe gebeure wat dikwels 'n groot negatiewe uitwerking het. Volgens Coetzer (2005:48) toon navorsing dat persone tot daagliks 50% van hulle verstandelike en emosionele energie gebruik om hierdie pynvolle herinneringe te onderdruk. Alles wat mense dus *beleef* het, is êrens *gestoor* en wag slegs vir die regte *stimulus* om na die oppervlakte te kom (Terr, 1990:38). Wanneer dit gebeur, dan verstaan die betrokke persoon nie noodwendig altyd waarom hy optree soos hy optree nie.

Tydens traumatiese stres word traumaherinneringe (emosionele geheue) vasgelê sonder 'n storie en daarom is persone gewoonlik ook nie in staat om dit op 'n sinvolle en gestruktureerde wyse weer te gee nie – dit is soos 'n verhaal wat nie sin maak nie omdat daar niks is wat die los eenhede aan mekaar bind nie. Alles is *onwerklik, gefragmenteer, gedissosieer* en *deurmekaar* alhoewel die emosionele impak steeds daar is. As die persoon aangemoedig word om die storie te vertel, dan help dit om die los stukke 'aanmekaar gelas te kry' en in 'n sekere sin help dit om weer kontak te herstel tussen die hippokampus en amygdala gedeeltes van die brein (as gevolg van trauma is die kontak verbreek). Dit alles lei uiteindelik tot 'n beter begrip en uiteindelik tot die proses van genesing (Terr, 1990:170).

### 5.5.7 Traumasnellers (*triggers*)

Getraumatiseerde persone beleef soms terugflitse en herbelewing (intrusion) van die oorspronklike traumagebeurtenis. Tydens die terugflits beleef die persone weer die oorspronklike traumagebeure, wat natuurlik baie onstellend is. Coetzer(2005:43) wys na die volgende dertien kategorieë van snellers(triggers) wat terugflitse kan veroorsaak, nl: visueel, klank, reuk, smaak, fisiese en liggaamlike posisie, belangrike datums en seisoene, stresvolle gebeure, sterk emosies, gedagtes, gedrag, spontaan kombinasies van bostaande en drome.

### 5.5.8 Enkele belangrike perspektiewe rondom die genesingsproses

Met betrekking tot die proses van genesing word daar vervolgens op enkele belangrike perspektiewe gelet soos veral uitgelig deur Matsakis (1996:142) en Herman (2001:133).

#### 5.5.8.1 Matsakis

Matsakis (1996:142) veronderstel 'n terapeutiese groei-model vir die behandeling van getraumatiseerde pasiënte. Die model veronderstel dat daar nie iets fout of abnormaal is met die persoon nie, maar dat dit eerder die gebeurtenis is wat abnormaal was. As gevolg van die abnormale gebeurtenis het die getraumatiseerde persoon sekere verdedigings-, denk- en ander oorlewingspatrone ontwikkel wat tydens die gebeurtenis noodsaaklik was, maar wat nou nie meer goed of voordelig vir die persoon is nie. Namate die traumaslagoffer emosioneel groei en genesing plaasvind, sal baie van die negatiewe patrone vanself verdwyn omdat dit nie meer nodig is ter oorlewing nie. Genesing vind plaas namate die persoon sekere onverwerkte aspekte en uitvloeisels van die trauma meer en meer konfronteer en integreer. Matsakis (1996:143) stel vervolgens 'n drie stadium genesingsproses voor, naamlik:

- ***Kognitiewe fase***

  Hier word gefokus op die onthou van die traumagebeurtenis en die rekonstruksie daarvan. As die persoon die storie vertel, help dit om die los stukke van die traumaverhaal aanmekaar gelas te kry (koppeling van die hippokampus en amygdala gedeeltes van die brein). Dit lei tot 'n beter begrip en uiteindelik tot die proses van genesing. Hierdie onthou van die traumagebeure moet bietjie vir bietjie gedoen word, sodat die persoon nie verder getraumatiseer word nie (vgl. Weaver, *et al.*, 2003:39).

- ***Emosionele fase***

  Tydens hierdie fase moet daar deur die gevoelens gewerk word wat geassosieer word met die traumatiese gebeurtenis. Matsakis (1996:168) wys daarop dat die vrees vir gevoelens en emosies gewoonlik geassosieer word met twee ander vrese, nl. om beheer te verloor en om te ly. Om gevoelens te onderdruk en te vermy, verg baie energie en verhoog stresvlakke. Emosionele stres ly ook tot verskillende siektes. Emosies wat hanteer moet word, sluit in: Woede, verlies, hulpeloosheid, angs, skuldgevoelens, skaamte, vernedering en selfblamering.

- ***Bemeesteringsfase***

  Die uiteindelike bemagtiging van die getraumatiseerde persoon begin deurdat hy homself versorg en 'n gevoel van veiligheid herstel word. Die bemagtiging is nodig omdat die slagoffer 'n gevoel van magteloosheid tydens die traumagebeurtenis beleef het. Dit leer die persone om weer beheer te neem oor hul lewens en kognitiewe, emosionele en geestelike groei vind plaas. Dit is egter belangrik om eerstens die persone te help om veilig te voel voordat die genesingsproses kan begin (Masakis 1996:145, Herman 2001:155).

#### 5.5.8.2 Herman

Herman (2001:133) wys daarop dat ontmagtiging (*disempowerment*) basies die kern van psigologiese trauma is Daarom is herstel gebaseer op die bemagtiging van die oorlewende en die skep van nuwe verbintenisse. Herman

(2001:133) wys daarop dat die herstelproses van getraumatiseerde persone slegs kan plaasvind binne verhoudings - dit kan nie in isolasie gebeur nie. Hierdie proses vind in drie stadiums plaas waartydens dit telkens gaan om die bemagtiging van die traumaslagoffer. Die drie stadiums is dan die volgende:

- ***Beveiliging van die slagoffer***

  Die traumaslagoffer moet heel eerstens beveilig word en indien nodig, moet daar 'n plek van veiligheid vir die slagoffer vekry word. Veiligheid kan verkry word as die trauma herken word en ge-evalueer word (vgl. Weaver, *et al.*, 2003:39). Hierdie beveiliging mag ook beteken dat slagoffers groot veranderings in hulle lewens sal moet aanbring.

  Die volgende moontlike uitvloeisels van die trauma moet ook in hierdie stadium behandel word:

  - *Fisio-neurose* – Dit kan behandel word met medikasie of gedragstegnieke soos ontspanningstegnieke en harde oefening.
  - *Diskonneksies betreffende verhoudings* – Dit kan behandel word deur interpersoonlike strategieë soos byvoorbeeld die ontwikkeling van vertrouensverhoudings.
  - *Sosiale afsondering* – Dit kan behandel word deur sosiale strategieë soos bv. die mobilisering van natuurlike ondersteuningsnetwerke naamlik: Familie, lewensmaats, vriende of gemeente. Maatskaplike dienste asook die Regstelsel kan ook betrek word.

- ***Herbelewenis van herinneringe en die proses van rou***

  Die keuse om die gruweldaad in die oë te kyk en dit te konfronteer, is 'n baie belangrike taak wat die traumaslagoffer moet verrig aangesien dit noodsaaklik is in die helings proses. In hierdie verband is die rekonstruksie van die traumaverhaal uiters noodsaaklik vir die heling van die slagoffer.

- ***Die herverbintenis aan die alledaagse lewe***

  Die drie stadiums is nie noodwendig liniêr nie, maar kan eerder met die beeld van 'n spiraal voorgestel word waar vroeë sake herhaaldelik weer na vore kan kom op 'n hoër vlak van integrasie.

## 5.6 STRES EN UITBRANDING

### 5.6.1 Definisie van stres en stressors

Charlesworth en Nathan (1984:34) wys daarop dat meeste mense aan stres dink as die eise (druk) wat die lewe op hulle plaas. Tegnies gesproke is hierdie eise eintlik stressors (*triggers*) of bedreigings en die aftakeling wat dit in die liggaam veroorsaak, is die stres. Sodra die sintuie 'n uitdaging waarneem, stuur dit 'n sein na die brein. Die brein gee aan die liggaam opdrag om die nodige hormone af te skei om die liggaam toe te rus om die uitdaging of bedreiging te hanteer (veg-of-vlug-respons; Retief en Retief, 2006:13). Charlesworth en Nathan (1984:35) definieer stressors as die *eksterne eise* wat die lewe op mense plaas of die *innerlike gesindheid* en *gedagtes* wat die nodige aanpassings vereis (vgl. ook Retief en Retief, 2006:13). Charlesworth en Nathan (1984:36 - 45) wys

op die volgende voorbeelde van stressors wat 'n eis op mense se lewe plaas: Emosionele, sosiale, veranderings-, chemiese, werks-, besluitnemings-, fobiese, fisiese, siekte-, pyn- en omgewingstressors. Leaf (2007:41) is van mening dat toksiese stressors geaktiveer word deur vrees en in hierdie verband wys sy op twee kategorieë wat hier ter sprake is, naamlik die innerlike en die uiterlike.

### 5.6.2 Gesonde stres

Retief en Retief (2006:12) wys daarop dat nie alle stres ongesond is nie. Positiewe stres soos opwinding en uitdaging aktiveer mense om hul beste te lewer. Slegs as stres oormatig is en swak hanteer word, is dit ongesond (Leaf, 2007:40).

### 5.6.3 Ongesonde stres

Hierdie tipe stres manifesteer in die liggaam as duidelike waarneembare fisiese en kliniese tekens. Die gevoel wat as stres beleef word, is eintlik die liggaam se reaksie op 'n stressor. As die liggaam se reaksie op stres fisies' uitgewerk word, is dit gesond. As dit nie as 'n fisiese reaksie en aktiewe proses in die liggaam 'uitgewerk' kan word nie, dan is dit ongesond (Retief & Retief, 2006:14). Die liggaam is toegerus vir alle soorte uitdagings en as daar nie op 'n gereelde basis fisiese ontlading van alle stres plaasvind nie, raak hierdie proses kronies en begin die persoon aan stres ly.

### 5.6.4 Korttermyn stresrespons

Retief en Retief (2006:13) beskryf die korttermyn stresrespons soos volg: Die hele liggaam word oorgehaal tot reaksie: Die hart klop vinniger om genoeg bloed aan die spiere en brein te voorsien vir die veg-of-vlug reaksie; asemhaling versnel sodat daar genoeg suurstofryke bloed kan wees vir die veg-of-vlug reaksie; spiertjies in die wande van slagare trek saam sodat bloed vinniger kan vloei; insulien versnel die liggaam se verbranding van glukose en vet om genoeg energie te verskaf; senuweegeleiding versnel om die brein vinniger te laat werk sodat die boodskap die spiere vinniger bereik; en uiteindelik trek die spiere saam in 'n staat van gereedheid (vgl. ook Leaf, 2007:45/6; Charlesworth & Nathan, 1984:34).

### 5.6.5 Die stres-kringloop

#### 5.6.5.1 Akute stres

Dit vind plaas wanneer die brein 'n stressor waarneem/beleef wat meer is as wat die persoon kan hanteer. Dit is nie meer 'n *uitdaging* nie, maar 'n *bedreiging* (Retief & Retief, 2006:15). Die persoon raak bewus van negatiewe stres as 'n bewuste gevoel van spanning, konsentrasieverlies, malende gedagtes, stadige denke, slapeloosheid en 'n verlies aan produktiwiteit (vgl. ook Charlesworth & Nathan 1984:34/5).

#### 5.6.5.2 Kroniese stres

Wanneer daar nie 'n afplatting van die stresvlakke plaasvind nie verhoog die streshormoon vlakke in die bloed en die liggaam is die hele tyd in 'n toestand van fisiese gereedheid (Retief & Retief, 2006:16). Die resultate is die

volgende: Die hart klop aanmekaar vinnig en ritmestoornisse word beleef; asemhaling bly vinnig; die persoon hiperventileer soms; spiere bly saamgetrek en dit veroorsaak spierspasmas veral in die nek, skouers en rug; vinnige senuweegeleiding veroorsaak malende gedagtes; slapeloosheid en angsaanvalle kom soms voor; bloedvette bly hoog en immuunrespons word afgebreek, wat veroorsaak dat die persoon meer vatbaar is vir virusinfekies; depressie kan intree as mense heeltemal oorweldig voel; denkprosesse word beïnvloed en kreatiewe denke en oplossingsvermoë word verloor (Retief & Retief, 2006:16; Leaf, 2007:47-51).

#### 5.6.5.3 Uitbranding

Dit is 'n gevaarlike toestand van algehele psigiese ineenstorting waarin bekwame en selfs georganiseerde mense hulpeloos raak (Retief en Retief, 2006:16; Leaf, 2007:51). Akute stres lei tot kroniese stres, wat weer lei tot uitbranding, wat weer kan lei tot depressie (Minirth. *et al.*, 1992:11-18). Hierdie proses gaan dikwels gepaard met angsaanvalle. Pasiënte met kroniese uitputtingsindroom ervaar dikwels slaapsteurnisse, spierpyne, gewrigspyne en soms allergiese simptome (Retief en Retief, 2006:16). Maartens (2006:11) wys daarop dat uitbranding (*burnout*) 'n besondere tragiese vorm van trauma is aangesien dit geneig is om mense se geloof, leierskap, kreatiwiteit, lewensvreugde, analitiese denke, verhoudings en gesinslewe aan te tas. Dit kan ook *nalatigheidstrauma* of 'n *trauma van onkunde* genoem word. Hierdie trauma kom voor as mense hulself te ver dryf. Uitbranding kan voorkom word deur daar teen te kies deur stressors te identifiseer en beheer te neem oor die situasie. Die stresrespons op stressors kan ook teëgewerk word deur ontspanningstegnieke of fisiese oefening.

### 5.6.6 Streshantering

Die volgende praktiese aspekte is belangrik in die hantering van stres en uitbranding (Coetzer, 2005:135-137; MacArthur & Mack, 1994:212-215):

- **Fisiese oefening**

  Navorsing het getoon dat persone wat fiks is, baie sterker en gesonder harte het, met dan ook beter bloedsirkulasie. Die daaglikse stressors veroorsaak aftakeling (wear and tear) in die liggaam. Dié stres veroorsaak weer chemiese reaksies wat daartoe lei dat spiere gespanne is. Fisiese oefening is een manier om van die daaglikse spanning in die liggaam ontslae te raak.

- **Gesonde eet- en drinkgewoontes**

  Die ou spreekwoord is waar wat sê: "Jy is wat jy eet" (vgl. Southerland, 2006:98,110). Gesonde mense kan stres en trauma beter hanteer. Dit wat mense eet, kan hulle gedrag affekteer. Stimulante en depressante soos kafeïne, te veel suiker en alkohol het 'n baie nadelige effek op die liggaam en moet vermy word. Die volgende voedingstowwe is die boustene vir die liggaam: Proteïne, koolhidrate, ensieme, vitamiene, minerale en vette . Die volgende voedingstowwe vorm deel van 'n gebalanseerde dieet: Kalium, koper, yster, magnesium, seleen, en sink.

- **Rus, ontspanning en vakansie**

  Mense het gemiddeld 7-8 ure slaap per nag nodig. Serotonien is die belangrikste breinensiem en help dat mense 'n gesonde slaappatroon het (Meier *et al.*, 2005:37). As die serotonienvlakke te laag of uit balans is, veroorsaak dit nie net depressie nie, maar ook slaapsteurnisse. Depressie weer op sy beurt veroorsaak, wat Meier *et al.* (2005:37) noem, "*early-morningawakenings*. Persone wat aan depressie ly, word heel dikwels tussen 2-3 uur vroegoggend wakker en kan nie verder slaap nie. Onderdrukte woede of aggressie kan ook depressie veroorsaak en dit veroorsaak dat mense sleg slaap. Jaffe, *et al.* (2005) beveel aan dat ontspanningstegnieke soos byvoorbeeld *biofeedback* en *breathwork* in hierdie opsig baie effektief kan wees.

## 5.7 REGSASPEKTE

Weaver (1993:387) verwys na die volgende kategorieë van erge traumagebeurtenissse in die lewe van mense, naamlik: *Kriminele viktimisering*: verkragting, moord, kindermishandeling; *natuurrampe*: vloede, brande, aardbewings, orkane; *mensgemaakte rampe*: oorlog, bendegeweld, terrorisme, oorlogsmisdade; *katastrofiese ongelukke*: erge motor-, vliegtuig-, of industriële ongelukke; en laastens *hoë stresvolle werke*: nooddienste, brandweer, gesondheidsorg en polisiewerk. Uit die vermelde voorbeelde is dit baie belangrik om te let dat daar erge traumagebeurtenisse is wat ook 'n krimenele oortreding is en sekere regsimplikasies het. Ampsdraers wat slagoffers van veral misdaad en geweldsmisdaad beraad, sal hulleself gevolglik moet vergewis van wat hulle verantwoordelikheid teenoor die landswette is in elke afsonderlike geval. Kruger (2006:41) gee die volgende basiese wetsaspekte wat belangrik is as dit kom by die reg van die slagoffer:

- Die Grondwet waarborg respek vir en beskerming van elkeen se ingebore menswaardigheid.
- Elke mens het die reg om teen misbruik en vernedering beskerm te word.
- Die Gelykheidshof (elke landdroshof en hooggeregshof is 'n gelykheidshof) hanteer spesifieke eise waarin mense se regte kragtens die Grondwet afgedwing moet word.
- Ons lewe in 'n regstaat. Dit beteken dat die regstelsel en die howe burgers teen verkeerde behandeling deur die owerheid of ander mense beskerm.

## 5.8 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Daar is in hierdie hoofstuk gefokus op relevante sekulêre of nie-religieuse studievelde wat betrekking het op die toerusting van kerklike ampsdraers met betrekking tot krisisberading. Die studieveld van die opvoedkunde het byvoorbeeld gewys dat onderrig 'n aktiewe proses is waar betekenis gekonstrueer word en bestaande begrippe getransformeer word deur interaksie met die omgewing. Tydens onderrig vind daar 'n interaktiewe proses plaas waar leerders *sin* maak van die

leerinhoud en daar ook 'n sosiale bevestiging is van die betekenis waartoe die leerder gekom het. Die leerder heg ook *persoonlike betekenis* aan leerinhoud sodat die leerinhoud (publieke kennis) ook persoonlike kennis kan word. Die fasiliteerder tree dan as bemiddelaar op tussen bestaande denkwyse (persoonlike kennis) en die nuwe leerinhoud (publieke kennis) met sy nuwe wyses van dink en doen. Die fasiliteerder bou as't ware 'n brug tussen die leerinhoud (publieke kennis) en sy bestaande kennis (persoonlike kennis). Die meeste onderrig in volwassene en kinderjare is oor die algemeen gefokus op die sogenaamde *informative learning.* Daarenteen is *transformative* onderrig 'n tipe onderrig wat die belangrikste aspek van leerders se wêreldbeskouing (voorveronderstellings, aannames) en beskouing van self in revisie bring.

'n Volwassene kan gedefinieer word deur 'n kombinasie van die drie terme, naamlik kronologiese ouderdom, ontwikkelingstake en psigologiese volwassenheid. Die volwassene se kognitiewe vermoë bly konstant in sy dag tot dag lewe of dit ontwikkel verder soos wat hy ouer word. Navorsing het getoon dat veroudering inderwaarheid geheue verdof en leerspoed ook negatief afneem, veral wanneer die materiaal wat die volwassene leer nie verwant is aan sy lewens- en werksondervinding nie of in konflik staan met bestaande kennis. Daar is basies drie algemene eienskappe van die volwassene leerder wat in ag geneem moet word by volwassene onderrig, naamlik: Die leerder is volwasse per definisie; die volwassene leerder bring sy hele lewensondervindinge en persoonlike kennis na die leergebeurtenis; die leergereedheid is verbind/gekoppel aan sy lewensrol en take. Hierdie drie karaktereienskappe het belangrike implikasies vir volwassene onderrigpraktyke, naamlik die volgende: Die leerders se behoefte moet aangespreek word. 'n Behoefte-analise moet die "wat is" en "wat behoort te wees" definieer. Daar moet gebruik gemaak word van leerders se bestaande kennis en opgeboude lewensondervinding. Die behoefte van onmiddellike toepaslikheid moet aangespreek word - hulle wil dit wat hulle geleer het, kan toepas en hulle wil die onmiddellike bruikbaarheid en relevansie van die nuwe kennis wat hulle geleer het, kan gebruik.

Vir die ontwerp en implimentering van 'n gesprekvoerende (tweegesprek) leergeleentheid vir volwassene onderrig word 'n sewe-stap ontwerp voorgestel wat sewe vrae impliseer wat gevra moet word wanneer 'n leergeleentheid ontwikkel gaan word. Die eerste twee vrae het te doen met behoeftebepalings, die volgende drie vrae handel oor logistieke aspekte en die laaste twee vrae handel oor die leergeleentheid of gebeurtenis self.

In uitkomsgebaseerde onderrig is daar basies drie baie belangrike stappe wat geneem moet word in die onderrigbeplanningsproses, naamlik: Besluit en skryf wat die uitkomste is wat die leerders moet bereik; besluit hoe die leerder gehelp gaan word om die uitkomste te bereik (besluit op inhoud en leerstrategie); en besluit hoe daar bepaal gaan word of die leerders die uitkomste bereik het (besluit op hoe assessering gedoen gaan word).

Met betrekking tot die veld van kliniese psigologiese trauma is daar veral gefokus op die belangrikheid van die fases binne traumagebeurtenisse. Die volgende fases word onderskei: pre-impakfase; impak- of skokfase; reaksiefase; terugtrek- of vermydingsfase en integrasiefase. Hulpverlening tydens elkeen van die bostaande fases sal verskillende tipe hulp benodig. Met betrekking tot die eerste fase kan persone deur middel van skoling en toerusting voorberei word op moontlike

trauma. Met betrekking tot die impak en reaksiefases kan daar gefokus word op ontlonting en de-aktivering (*defusing* en *debriefing*). Wat betref die terugtrekfase is die fokus meer op langtermyn berading en terapie, veral indien daar sekere blokkasies in die herstelproses ingetree het. Dit is sinvol om eers met indiepte berading of terapie te begin ongeveer 72 uur na die impak van die trauma.

Meeste mense dink aan stres as die eise (druk) wat die lewe op die individu plaas. Tegnies geproke is hierdie eise eintlik die stressors (triggers) of bedreigings terwyl die aftakeling in die liggaam eintlik die werklike stres is. Sodra die sintuie 'n uitdaging waarneem, stuur dit 'n sein na die brein. Die brein gee die liggaam opdrag om die nodige hormone af te skei ten einde toegerus te wees om die uitdaging of bedreiging te hanteer (die sogenaamde veg-of-vlug-respons). Onverwerkte fisiese en emosionele stres het oor die algemeen baie nadelige gevolge met betrekking tot die fisiese, emosionele en geestelike dimensies van die individu.

Ten slotte is daar gefokus op die feit dat sekere traumagebeurtenisse tegelykertyd ook 'n kriminele oortreding is wat dan sekere regsimplikasies het. Ampsdraers wat slagoffers van veral misdaad en geweldsmisdaad beraad, sal hulself dienooreenkomstig moet gewis van wat hul verantwoordelikheid teenoor die landswette is in elke afsonderlike geval.

# HOOFSTUK 6 - RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

## 6.1 INLEIDING

In hierdie studie word teoretiese sowel as empiriese navorsing gedoen. Deur middel van empiriese navorsing word die praktyk ontleed en word die resultate uiteindelik geïnkorporeer in nuwe praktykteoretiese riglyne. Louw (1993:ix) toon aan dat hoe meer die pastoraat in die praktyk betrokke is, des te meer word die pastoraat blootgestel aan die hele veld van empiriese navorsing – veral dan ook met betrekking tot die gebied van hulpverlening.

## 6. 2 DOELWITTE EN METODIEK

Die doel van die empiriese ondersoek binne hierdie studie is om op 'n wetenskaplike, verantwoordbare wyse ondersoek te doen betreffende die opleiding en toerusting van kerklike ampsdraers met die oog op effektiewe krisisintervensie en beraad. In hierdie empiriese studie word daar gebruik gemaak van 'n kombinasie tussen kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe navorsing.

## 6.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 6.3.1 Soort navorsing

Volgens Strydom (1999:73) kan daar onderskei word tussen basiese en toegepaste navorsing.

#### 6.3.1.1 Basiese navorsing

Basiese navorsing kan gesien word as suiwer navorsing wat intellektuele uitdagingsvrae aan die navorser stel. Dit sluit dikwels die toetsing van hipotese in wat abstrakte gespesialiseerde konsepte omvat. Hierdie tipe navorsing moet uitgevoer word binne 'n konseptuele raamwerk sodat dit kan bou op vorige navorsing op die bepaalde terrein. (Strydom, 1999:73)

#### 6.3.1.2 Toegepaste navorsing

Strydom (1999:73) haal Baker (1997:24) aan wat toegepaste navorsing soos volg beskryf:

*"Systematic investigation to acquire facts that can be used to solve or prevent problems, enhance lifestyles, advance technologies, or increase income. This is contrasted to basic research. Most of social work research is considered applied research, because it pertains mostly to the interaction between peaple and their environment, social problems and methods for helping."*

Toegepaste navorsing is dus daarop gefokus om probleme in die praktyk op te spoor en strategieë ter oplossing van die probleem voor te stel (Strydom 1999:73).

### 6.3.2 Benaderingsperspektief

Daar bestaan tans twee hoofstyle in empiriese navorsing, naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Neuman 1997:14; Strydom; 1999:74-77; De Vos *et al.*, 2005:132-3,261-2 ).

#### 6.3.2.1 Kwantitatiewe navorsing

Volgens Srydom (1999:74) fokus hierdie positivistiese benadering op:

- Dit kwalifisering van data.
- Dit meet sogenaamde objektiewe feite.
- Dit fokus of veranderlikes waar betroubaarheid voorop staan.
- Dit poog om waardevry te wees in verband met baie gevalle of proefpersone.
- Die navorser bly op die agtergrond.
- Statistiese analise van data is moontlik.

#### 6.3.2.2 Kwalitatiewe navorsing

- **Paradigma**

  Volgens De Vos *et al.* (2005:261) is die eerste unieke stap in 'n kwalitatiewe navorsingsproses om 'n paradigma te kies wat onderliggend is aan die hele studie. Hierdie paradigma is die navorser se verwysingsraamwerk of lewens- en wêreldbeskouing. Hierdie aannames of aksioom staan in verhouding tot (Strydom, 1999:262):

  - Die wese van realiteit
  - Die verhouding van die navorser tot wat nagevors word
  - Die rol van waardes in die studie
  - Die proses van die ondersoek

- **Eienskappe van kwalitatiewe navorsing**

Neuman (1997:331- 335) wys op die volgende ses belangrike eienskappe van kwalitatiewe navorsing:

- ***Konteks is krities***- Kwalitatiewe navorsing beklemtoon die belangrikheid van sosiale konteks vir die verstaan van die sosiale wêreld. As 'n navorser sosiale gebeurtenis, gesprek en antwoorde verwyder van hul eie konteks, word sosiale betekenis versteur (Neuman, 1997:331)

- ***Die waarde van die gevallestudie*** - Kwalitatiewe studie probeer so veel as moontlik inligting oor 'n spesifieke geval insamel deur dit indiepte te ondersoek (Neuman, 1997:331).

- ***Navorser se integriteit*** - Kwantitatiewe navorsing neem 'n positivistiese benadering, met ander woorde, so feitelik as moontlik - en die navorser het nie enige invloed op die resultate nie. Kwalitatiewe navorsing neem 'n naturalistiese benadering. Die navorser is baie betrokke en die vraag is hoe kan die resultate wat aangebied word as onbevooroordeeld deurgegee word. Die belangrikste wyse waarop die navorser vertroue by die leser inboesem, is deur die manier wat die bewyse aangebied word – daarom is genoegsame inligting altyd belangrik. Kwalitatiewe navorsing is bewus daarvan dat navorsing nie waardevry gedoen kan word nie - daarom moet die navorser bewus wees van sy eie waardes en aannames, sowel as dié van sy medenavorsers (Neuman, 1997:332).

- ***Basisteorie*** - Kwalitatiewe navorsing begin met 'n navorsingsvraag. Teorie ontwikkel gedurende die dataversamelingsproses. Die meer induktiewe benadering beteken dat die teorie in die data gegrond is en dit veroorsaak dat data en teorie in wisselwerking met mekaar tree (Neuman, 1997:334).

- ***Proses en volgorde*** - Wat die proses en opvolg van gebeure betref, is dit so dat die verloop van tyd 'n integrale deel van kwalitatiewe navorsing vorm. Kwalitatiewe navorsing kyk na volgorde van gebeure en gee aandag aan dit wat eerste, tweede en derde gebeur. So kan die evolusie van 'n spesifieke gebeurtenis gevolg word (Neuman, 1997:335).

- ***Interpretasie*** - Kwalitatiewe navorsing maak baie selde van tabelle en diagramme met hoeveelhede gebruik. Die data word deur die navorser geïnterpreteer deurdat daar betekenis aan die data gegee word en dan word die data verstaanbaar aan die leser oorgedra (Neuman, 1997:335).

Hierdie empiriese studie is met inagneming van die bostaande vereiste vir kwalitatiewe navorsing uitgevoer.

#### 6.3.2.3 Onderskeid tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing

Die belangrikste verskille tussen die twee style word as volg deur Neuman (1997:14) beskryf:

| KWANTITATIEWE STYL | KWALITATIEWE STYL |
|---|---|
| Meer objektiewe feite | Konstrueer kulturele betekenis |
| Fokus op veranderlikes | Fokus op interaktiewe gebeure |
| Betroubaarheid is die sleutelfaktor | Getrouheid is die sleutelfaktor |
| Waardevry | Waarde is teenwoordig en eksplisiet |
| Onafhanklik van die konteks | Situasiegebonde |
| Baie gevallestudie | Min gevallestudie |
| Statistiese analise | Tematiese analise |
| Navorser staan los van die situasie | Navorser diep betrokke |

### 6.3.3 Navorsingsontwerp

#### 6.3.3.1 Die verkennende navorsingsontwerp

Wanneer daar min oor 'n onderwerp bekend is en dit moeilik is om 'n hipotese daaroor te formuleer, is die verkennende navorsingontwerp die aangewese pad om te loop.

#### 6.3.3.2 Die beskrywende navorsingsontwerp

Die beskrywende ondersoeke verskil met betrekking tot die eenhede en kompleksiteit van die verskynsels wat bespreek word. In beskrywende navorsingsontwerp moet die steekproeftrekking absoluut op waarskynlikheidseleksie berus (Strydom, 1999:78).

#### 6.3.3.3 Die verklarende navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp beoog die verbetering van insig deur feite met mekaar in verband te bring. Dit behels dus 'n logiese proses waar verskillende stelle feite met mekaar in verband gebring word (Strydom, 1999:78). Die belangrikste feit van die navorsingsontwerp is dat die ondersoeker geregverdigd sekere logiese afleidings ten opsigte van verband tussen stelle feite kan maak.

### 6.3.4 Navorsingsprosedure

#### 6.3.4.1 Enkelstelselontwerp

Dit gaan hier om die integriteit van die navorsing en praktyk (Strydom, 1999:79). Volgens enkelstelselontwerp moet die navorsers sy eie alledaagse praktyk kan evalueer om bewys te kan lewer dat werk wat gedoen is,

effektief was (Strydom, 1999:79). Volgens hierdie ontwerp kan elke terapeut dus sy eie gevallelading as 'n navorsingsprojek beskou. Die enkelstelselontwerp verwys na die bestudering van 'n enkele subjek op 'n herhalende grondslag. Hierdie subjek kan 'n individu, 'n gesin, 'n groep of 'n gemeenskap wees.

#### 6.3.4.2 Eksperimentele navorsing

'n Eksperiment is 'n hoogs gekontroleerde poging om die bestaan van 'n oorsaaklike verband tussen een of meer onafhanklike veranderlikes en een of meer afhanklike veranderlikes te kry (Strydom, 1999:80). Die ideale eksperiment bestaan uit 'n aantal individue wat op 'n ewekansige wyse uit die bevolking saamgestel is. Hierdie proefpersone word in twee afsonderlike en gelyke groepe verdeel naamlik die eksperiment- en kontrolegroep. Beide groepe word so ver moontlik aan dieselfde omstandighede blootgestel en die eerste meting word gedoen (Strydom, 1999:80). By die eksperimente groep word die onafhanklike veranderlikes ingevoer. Na afhandeling van die hulpverleningsprogram by die eksperimentegroep, word beide groepe weer eens aan meting blootgestel. Die verskil tussen die twee groepe sal aan die onafhanklike varanderlikes toegeskryf kan word.

#### 6.3.4.3 Opnameprosedure

Die hoofsaaklike doel van veldopnames is om inligting te bekom ten opsigte van een of ander aspek van die werklikheid, vir die doel van beskrywing, verklaring of beplanning (Strydom, 1999:81). Feitlik enige aspek van menslike gedrag kan by wyse van veldopname bestudeer word en is al by wyse van veldopname bestudeer (Strydom, 1999:81).

#### 6.3.4.4 Deelnemende aksienavorsing

By dié tipe navorsing gaan dit oor sekere sleutelterme soos byvoorbeeld: Gemeenskap, bemagtiging, gemeenskapsdeelname, maatskaplik, netwerk, ondersteuning en mobilisering (Strydom, 1999:82). Die proefpersone neem dus aktief deel aan die proses om hulle eie probleme op te los en benut hul hulpbronne optimaal.

#### 6.3.4.5 Intervensienavorsing

Volgens Strydom (1999:82) word intervensienavorsing gesien as 'n teikensisteem wat op 'n bepaalde stadium 'n probleem in 'n bepaalde gemeenskap is en word as 'n probleem geïdentifiseer in samewerking met die gemeenskap (Strydom, 1999:82). Die doelstellings en werkswyse vir die toetrede word in samewerking met die teikensisteem vasgestel.

#### 6.3.4.6 Gevallestudie

Strydom (1999:83) beskryf gevallestudie as die ondersoek na 'n geselekteerde objek as 'n geheel. Die geval kan 'n individu, groep of 'n gemeenskap wees. Die studie is dus 'n intensiewe, indiepte ondersoek van 'n enkel geval/gevalle in hul lewenswerklike konteks, waarin 'n veelheid veranderlikes in 'n totaliteitsbenadering bestudeer word (Strydom, 1999:83).

#### 6.3.4.7 Deelnemende waarneming

In deelnemende waarneming val die klem sterk op die bestudering van die natuurlike, alledaagse opset in die veld (Strydom, 1999:84). Die navorser moet deel van die gemeenskap wees, sonder om iets aan die natuurlikheid daarvan te verander. Veldnotas moet geneem word van alle waarnemings, wat so gou as moontlik in behoorlike verslae en uiteindelik in die finale verslag weergegee moet word.

### 6.3.5 Wyses van dataversameling

Volgens Strydom (1999:116) is die opnameprosedure normaalweg 'n poging tot kwantitatiewe-beskrywende navorsing, alhoewel die persoonlike onderhoude, en spesifiek die ongestruktureerde onderhoude, toenemend as 'n kwalitatiewe-verklarende ontwerp herken word.

#### 6.3.5.1 Verskillende tipe vraelyste

- **Posvraelys**

  'n Posvraelys is 'n vraelys wat per pos versend word in die hoop dat die deelnemers dit sal voltooi en terugpos (Strydom, 1999:119). 'n Posvraelys gee dieselfde impuls aan alle respondente en beïnvloeding deur die navorser is uitgesluit. Die vraelys moet duidelik georden word, aangesien verduideliking deur die navorser nie ter sprake is nie.

- **Die persoonlike onderhoud**

  Die skedule word deur die navorser voltooi tydens die onderhoud. Daar word onderskei tussen drie tipes onderhoude, naamlik (Strydom, 1999:120-121):

  - **Ongestruktureerde onderhoude**

    Hier is dit belangrik dat die navorser sy eie bydra tot die onderhoud tot die absolute minimum beperk en slegs die tema aan die respondent suggereer.

  - **Die gerigte of gefokusde onderhoude**

  - **Formeel-gestruktureerde onderhoude**

    Hier word van slegs semi–gestruktureerde of ten volle gestruktureerde vrae gebruik gemaak. Hierdie tipe onderhoude kan oppervlakkig voorkom, maar die voordele van standaardisasie van reaksie en die vermindering van navorsersfoute weeg swaarder.

- **Die telefoononderhoude**

  Telefoniese onderhoude het dieselfde voordele as persoonlike onderhoude (Strydom, 1999:122). Die navorser kry geleentheid om te verduidelik, geletterdheid is nie 'n vereiste nie en die responskoers is hoog omdat mense nie maklik 'n onderhoud weier nie.

- **Handafgelewerde vraelyste**

  Dit gebeur dat navorser vraelyste per hand aflewer en dan respondente toelaat om die vraelys op hulle eie tyd en in hulle eie handskrif te voltooi. Die vraelyste sal dan weer later afgehaal word. Dit is belangrik dat 'n afspraak gemaak word waarop die vraelyste afgehaal sal word (Strydom, 1999:122). Om vraelyste op die manier te hanteer, word baie tyd gespaar (Strydom, 1999:122).

**6.3.5.2 Vraagkonstruksie**

- **Oop vrae**

  Hierdie vrae gee aan die respondent die geleentheid om enige antwoord in die oop ruimte neer te skryf. Die inligting wat so bekom word, kan later weer in sekere kategorieë ingedeel word (Strydom, 1999:124).

- **Geslote vrae**

  Hierdie tipe vrae gee aan die respondent die geleentheid om een of meer antwoodkeuse uit te kies uit 'n aantal wat aan hom voorsien word (Strydom, 1999:125).

- **Digotome vrae**

  Die vrae het net twee responsmoontlikhede byvoorbeeld, ja/nee, ensovoorts. Die vrae moet tot die minimum beperk word, aangesien hulle die vraelys baie verleng (Strydom, 1999:126).

- **Meervoudige keusevrae**

  Hierdie tipe vrae word normaalweg benut om inligting wat logies in vaste kategorieë ingedeel kan word, te verkry (Strydom, 1999:126).

- **Rangordevrae**

  Hierdie vrae word gebruik om waarde aan 'n reeks aspekte toe te ken, deur hulle in een of ander orde te plaas, byvoorbeeld in orde van die belangrikste, dringendste en ernstigheid.

## 6.4 EMPIRIESE NAVORSING

### 6.4.1 Algemene benaderingswyse

In hierdie empiriese ondersoek is daar gebruik gemaak van 'n kwantitatiewe benadering, oopvrae asook 'n kwalitatiewe benadering. Dit het plaasgevind enersyds deur middel van vraelyste en andersyds deur middel van persoonlike onderhoude aan die hand van 'n ongestruktureerde vraelys met 'n aantal fokuspersone (vgl. De Vos *et al.*, 2005: 298).

Die ondersoek is gefokus enersyds op kerklike ampsdraers, en andersyds op lidmate wat 'n krisis of erge trauma beleef het. Die data is ingesamel deur twee vraelyste. Albei vraelyste is per hand afgelewer aan die leraars van die gemeentes wat by die studie betrek is. Aan hulle is die versoek gerig om hierdie vraelyste na afloop van 'n Sondagoggenderediens te laat invul deur die ampsdraers en gemeentelede (vgl. Strydom 1999:122). Van die ingevulde vraelyste is weer per hand afgehaal en ander is gepos (Strydom 1999:122). Die vraelyste is eers ingevul en daarna is ongestruktureerde onderhoude gevoer met sewe lidmate wat 'n traumatiese ervaring beleef het (Strydom 1999:120). Die vraelyste wat in die ondersoek gebruik is, is opgestel in oorleg met prof. HF Steyn, Hoof van die Statistieke Konsultasiediens aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus (**Vraelyste word aangeheg as Bylae 2 en 3**). Die insigte wat uit hierdie empiriese navorsing verkry, word sal dan uiteindelik aangewend word om 'n effektiewe krisisberadingstoerustingsprogram vir ampsdraers voor te stel waardeur hulle in staat gestel kan word om sinvolle pastorale hulpverlening te bied aan persone tydens krisisse.

### 6.4.2 Dekbrief

Volgens Strydom (1999:131) moet die volgende aspekte in die dekbrief geïdentifiseer word:

- Die persoon en organisasie moet geïdentifiseer word.
- 'n Kort uiteensetting van die doel van die navorsing moet gegee word ten einde respondente te motiveer om hul samewerking te gee.
- 'n Aanduiding moet gegee word van die belangrikheid van die studie en vir wie dit in besonder van belang is.
- 'n Aanduiding moet gegee word van hoe die betrokke respondent in die ondersoek betrek is.
- 'n Versekering van anonimiteit moet aan die respondent gegee word.
- Naam, adres en telefoonnommer moet op die dekbrief verskyn.

Die riglyne vir die opstel van 'n dekbrief is gevolg in hierdie studie (**vgl. Bylae 2 en 3 en 4**).

### 6.4.3 Versekering van anonimiteit

Die respondent sou onwillig kon wees om inligting oor sensitiewe sake aan 'n onderhoudvoerder bekend te maak (Mouton & Marais, 1992:93). Daarom behoort die anonimiteit van die respondent tydens die invul van die vraelyste

sterk beklemtoon te word. In die onderhawige ondersoek het die respondente dan ook die versekering ontvang dat daar geen identifiserende aanduidings gebruik sal word nie.

### 6.4.4 Struktuur van die ondersoek

Die bevindings van die ondersoek word onder die volgende drie afdelings bespreek:

- Afdeling 1: Vraelyste (6.4.5)
- Afdeling 2: Oop vrae (6.4.6)
- Afdeling 3: Onderhoude (6.4.7)

### 6.4.5 Afdeling 1: vraelyste

#### 6.4.5.1 Samestelling van die vraelyste

Soos reeds vermeld, is daar van twee vraelyste gebruik gemaak: Een vir kerklike lidmate en een vir kerklike ampsdraers. Die vraelyste aan die lidmate bestaan uit drie hoofafdelings, naamlik: Persoonlike besonderhede; besonderhede van kerk en besonderhede van krisis/trauma - hierdie vraelys bestaan uit altesaam 26 vrae. Die vraelys aan die ampsdraers bestaan uit die volgende ses hoofafdelings: Persoonlike besonderhede; ampsdraers se gemeentelike besonderhede; besonderhede van predikant se teologiese opleiding; besonderhede van ampsdraers se trauma beradingsvaardigheid; ampsdraers se opleidingsbehoefte en gemeente se opleidingsbehoefte - hierdie vraelys bestaan uit altesaam 17 vrae.

In die geheel gesproke bied die volgende vier vrae basies samevattend die oogmerke van hierdie studie met betrekking tot die posisie van kerklike ampsdraers:

- Voel kerklike ampsdraers genoegsaam toegerus om lidmate by te staan tydens krisisse?
- Het ampsdraers trauma opleiding ontvang?
- Watter opleidingsbehoeftes tot krisisintervensie en berading is daar by ampsdraers?
- Is ampsdraers van mening dat daar behoefte is aan opleiding wat hulself betref sowel as die gemeente?

Die volgende vyf vrae bied basies samevattend die oogmerke van hierdie studie met betrekking tot die posisie van kerklike lidmate:

- Watter tipe krisisse beleef gemeentelede oor die algemeen?
- Het die gemeentelike ampsdraers lidmate ondersteun tydens hulle trauma, en op watter wyse?
- Is lidmate van mening dat ampsdraers hulle kon help tydens en na die trauma?
- Het lidmate gegaan vir berading en as hulle gegaan het, waar?
- Behoort lidmate toegerus te word om ander gemeentelede by te staan tydens 'n krisis?

Vervolgens word elk van hierdie nege vrae aan die orde gestel, tesame dan met die relevante terugvoering en reaksies wat op die betrokke vraag ontvang is, asook die interpretering en toepassing daarvan met betrekking tot die basiese navorsingsvraag van hierdie studie (**vgl. Bylae 5 en 6**).

- **Voel ampsdraers genoegsaam toegerus om lidmate by te staan tydens krisisse en erge trauma?**
  Wat die toerusting van ampsdraers betref, het 68.97 % aangedui dat hulle nie toegerus voel om in die gemeente krisis- of traumaberading te doen nie. 90% van die ampsdraers was van mening dat hulle nie opgelei is om tydens of na 'n krisis- of traumaberading te doen nie. Die persentasies gee oorweldigend die indruk dat ampsdraers nie van mening is dat hulle toegerus is om krisis- of traumaberading te kan doen nie. Dit bevestig die basiese aanname van hierdie studie dat kerklike ampsdraers oor die algemeen nie toegerus is om lidmate te kan begelei wat deur persoonlike krisisse gegaan het nie.

- **Het ampsdraers enige trauma opleiding ontvang?**
  Slegs 38.46 % van leraars het tydens hulle teologiese opleiding krisis- of traumaberadingsopleiding ontvang, met ander woorde 61.54% het geen opleiding gehad nie. Wat krisis- of trauma-opleiding na afloop van teologiese opleiding betref, het 80% van leraars aangedui dat hulle geen verdere opleiding/toerusting ontvang het nie. Wat die kerkraadslede betref, het 92.31% aangedui dat hulle geen krisis- of trauma-opleiding gehad het nie.

- **Watter opleidingsbehoeftes tot krisisintervensie en berading het die ampsdraers?**
  Wat die opleidingsbehoefte van ampsdraers betref, was 61.54% ampsdraers van mening dat hulle behoefte aan krisis- of trauma-opleiding het. Dit is ook interessant dat 96.55% van ampsdraers gebruik sal maak van krisis- of trauma-opleiding van buite die gemeente as dit aangebied sou word. Wat betref die areas ten opsigte waarvan daar 'n behoefte aan toerusting is, het dit veral gegaan om die dood van 'n geliefde, egskeiding, miskrame, kapings, seksueelgemolesteerde kinders; jeugkrisisse soos dwelmmisbruik, selfmoord, ens. Kort kursusse in algemene berading word voorgestel, sowel as kerkraadslede wat kan spesialiseer in spesifieke areas soos huwelikskrisis- of sterwensbegeleiding; Dagkursusse tesame met praktiese opleiding word ook aanbeveel.

- **Is ampsdraers van mening dat daar behoefte is aan opleiding wat hulself betref, sowel as die gemeente?**
  Wat trauma-opleiding betref, het 59.26% ampsdraers aangedui dat hulle nie in staat is om gemeentelede op te lei om traumaberading te doen nie. Wat die opleiding van lidmate betref, was 86. 67% ampsdraers van mening dat lidmate nie toegerus is om krisis- of traumaberading te doen nie en 100% ampsdraers was van mening dat gemeentelede opgelei behoort te word. Hierdie statistiek bevestig die behoefte aan krisisberadingsopleiding, nie alleen vir ampsdraers nie, maar ook vir lidmate.

- **Watter tipe krisisse beleef gemeentelede?**
  Die empiriese studie het aangedui dat krisis of traumagebeurtenisse nie diskrimineer nie, met ander woorde dit het niks te doen met die betrokke persoon se geslag, ouderdom of kulturele agtergrond nie, maar wel met die

gebroke, sondige wêreld waarin mense hulself bevind. Die verskeidenheid van krisisse waaraan lidmate blootgestel is, bevestig maar net weer die hoë vlakke van misdaad in die gemeenskap asook die feit dat Christene ook daaronder ly.

- **Het die gemeentelike ampsdraers lidmate ondersteun tydens hulle trauma en hoe?**

Gelowiges wat deur 'n krisis/trauma geraak word, sal 77.14% van die tyd daaroor praat, en dan veral met 'n pa 7.34 %, 'n ma 14.68%, 'n huweliksmaat 18.35%, familielid 22.94%, vriend 38.53%, medegelowiges 26.61% en met die polisie 9,17%. Gelowiges het ook 75.51% van die tyd vrymoedigheid om na ampsdraers te gaan ten tye van of na 'n krisis/trauma. In 75% van gevalle ondersteun die ampsdraers wel gelowiges wat 'n krisis/trauma beleef het. Die tipe ondersteuning geskied by wyse van 39.45% huisbesoeke, 17.43% telefoon oproepe, 26.61% gesprekke by die kerk en in slegs 15.60 % van gevalle gaan dit om berading deur ampsdraers. Die data bevestig dus dat ampsdraers lidmate tydens krisis/trauma ondersteun, maar baie min berading van lidmate vind plaas. Dit is te verstane, in die lig van die gebrek aan opleiding en die feit dat die ampsdraers nie bekwaam voel om te beraad nie.

- **Is lidmate van mening dat die ampsdraers hulle kon help tydens en na die trauma?**

In 83.16 % van gevalle het lidmate die ondersteuning deur die ampsdraers as effektief beleef – die ondersteuning was dus wel daar. Wat egter hier in gedagte gehou moet word, is dat slegs 15.60% ampsdraers lidmate wat trauma beleef het, beraad het en dat 47.57% lidmate nog traumanagevolge beleef. Dit bevestig dat die ondersteuning wat gebied is wel tot voordeel van die traumaslagoffers was, maar dat daar nog veel meer gedoen kon gewees het. Dit toon verder daarop dat indiepte berading en selfs voortdurende nasorg-terapie nodig is vir slagoffers van traumatiese gebeurtenisse.

- **Het lidmate gegaan vir berading en as hulle gegaan het, waarheen?**

Dit is interessant dat slegs 33.33 % van lidmate gegaan het vir trauma- of krisisberading. Die lidmate gaan hoofsaaklik vir berading na sielkundiges 13.89%, leraars 12.04% en pastorale beraders 13.89%. Wat tog kommerwekkend is, is dat 47.57% gelowiges wat op 'n vroeër stadium 'n trauma beleef het, nog steeds nagevolge beleef. Dit kan moontlik toegeskryf word daaraan dat slegs 15.60 % berading gedoen word deur die ampsdraers en slegs 33.33% lidmate in elk geval gegaan het vir berading. Die tipiese nagevolge is drome 8.41%, emosionele doodsheid 15.89%, herbelewenes van die gebeure 16.82%, woede 20.56%, verslawing 3.74% en eetprobleme 7.48% (vgl. ook 6.4.6.1 vraag 4). Gegewens soos hierdie toon beslis dat lidmate na 'n leraar wil gaan, vir hulp tydens of na 'n krisis of traumagebeurtenis. Dit toon ook dat lidmate meer aangemoedig sal moet word om vir berading te gaan veral in die lig van die hoë persentasie lidmate wat nog traumanagevolge beleef.

- **Behoort lidmate toegerus te word om ander gemeentelede by te staan tydens 'n krisis?**

Wat belangrik is, is dat 91.67% van gelowiges wat 'n krisis/trauma beleef het van mening is dat hulle ander gelowiges wat 'n krisis/trauma beleef, sal kan ondersteun. Dit maak sin as in gedagte gehou word dat diegene wat

self deur krisiservarings in die lewe gegaan het 'n groot stuk lewenservaring in die proses opgedoen het – kennis wat weer met ander gedeel kan word. Ondanks hierdie feit is dit nogtans insiggewend dat 97.06 % van respondente van mening is dat hulle steeds behoefte het aan krisis- of traumaberadingsopleiding. Enersyds het hulle dus die behoefte om andere te ondersteun, maar andersyds voel hulle nie toegerus om mense tydens of na 'n krisisgebeurtenis te beraad nie.

### 6.4.6 Afdeling 2: oop vrae

#### 6.4.6.1 Oop vrae aan gemeentelede (vgl. Bylaag 7)

- **Vraag 1 (lidmate vraelys: vraag 9)**
  **Het u vrymoedigheid gehad om met 'n leraar of kerkraadslid te praat oor wat met u gebeur het ? Indien nie, gee asb 'n rede ?**

  Oor die algemeen het lidmate vrymoedigheid gehad om na kerkraadslede te gaan tydens en na 'n krisisgebeurtenis. Dit het egter ook geblyk dat daar leemtes en tekortkominge by kerkrade is as dit kom by die hulpverlening aan lidmate tydens en na krisis of traumagebeurtenisse (byvoorbeeld gebrek aan belangstelling, lidmate is ook nie besoek nie, geen beradingshulp is aangebied nie). Dit is egter ook waar dat lidmate somtyds nie oor die gebeure, of nie dadelik daaroor nie kan praat nie. Dit skep 'n dilemma, want sulke persone bêre die gebeure soms diep in hul binneste en uiteindelik begin dit hulle van binne-af aftakel. Die herders sal baie sensitief moet wees as dit by hulle kudde kom - skielike veranderinge by lidmate se optrede of selfs patrone rondom kerkbywoning sal byvoorbeeld opgevolg moet word.

- **Vraag 2 (Lidmate vraelys: vraag 16)**
  **Het die berading wat u ontvang het, gehelp? Indien wel, hoe ?**

  Lidmate was oor die algemeen van mening dat die berading hulle gehelp het om die krisis of traumagebeurtenis te oorkom en te verwerk. Lidmate het veral daarop gewys dat die berading insig en perspektief gebring het tydens en na die traumagebeurtenisse. Die berading was ook effektief in die sin dat dit gehelp het dat traumaslagoffers deur hulle trauma kon werk en met traumaherinneringe en pynlike emosies kon deel.

- **Vraag 3 (lidmate vraelys: vraag 19)**
  **Watter tipe uitwerking het die traumatiese ervaring op u lewe gehad ?**

  Dit was veral opmerklik dat hier baie meer negatiewe nagevolge beleef is (byvoorbeeld: selfverwyt, herbelewenis, verslaenheid, woede, identiteitsversteuring, ens.) as positiewe nagevolge (nader aan God gekom, volwasse Christen geword, bruikbaar geword vir God). Gegewens soos hierdie bevestig die feit dat 'n krisis of

traumagebeurtenis ernstige nagevolge kan hê en dat sulke persone begeleiding nodig gaan hê tydens en na sulke ontwrigtende gebeurtenisse.

- **Vraag 4 (lidmate vraelys: vraag 20)**
  **Het u enige liggaamlike probleme na die trauma ervaar wat u nie voor die trauma beleef het nie?**

Oor die algemeen was daar nie baie respondente wat direkte liggaamlike nagevolge as gevolg van die trauma gehad het nie. Daar was wel 'n beduidende hoeveelheid respondente wat wel een of ander siekte ontwikkel het (kanker, gewigsprobleme, senuweeprobleme, geheueprobleme, vergrote hart, hoë bloeddruk, epileptiese aanvalle, spastiese kolon, hoofpyne, slaaploosheid en depressie).

- **Vraag 5 (lidmate vraelys: vraag 21)**
  **Hoe het u krisis of trauma u geloof beïnvloed? Gee 'n kort beskrywing ?**

Oor die algemeen het krisis- en ernstige traumagebeurtenisse positiewe en negatiewe nagevolge gehad op die geloof van lidmate. Wat die positiewe nagevolge betref, het lidmate se geloof oor die algemeen gegroei en verdiep. Die gebeure het van die gelowiges sterker Christene gemaak en hulle geloof is nou vir hulle 'n anker in die lewe. Wat die negatiewe nagevolge betref, het geblyk dat 'n traumagebeurtenis by geleentheid mense se geloof kan verwoes en sulke mense wegdryf van God af.

- **Vraag 6 (lidmate vraelys: vraag 22)**
  **Het u trauma u siening oor God verander ? Indien wel, hoe ?**

Ook in hierdie geval was lidmate se respons oor die algemeen positief en negatief. Wat die positiewe betref, is lidmate se siening van God verdiep. Vir hierdie lidmate beteken dit dat God 'n groter werklikheid in hulle lewens geword het of dat hulle Godsbeeld sekere positiewe aanpassings en korreksies ondergaan het. Dit was ook opvallend dat sommige gelowiges tydens en net na die traumagebeurtenis God negatief beleef het, maar met verloop van tyd het hierdie siening en gevoel oor God positief verander. Wat die negatiewe betref, het dit in sekere gevalle daartoe gelei dat die betrokke individu God bevraagteken het en selfs hul geloof in Hom verloor het. In die lig hiervan is dit dus uiters belangrik dat hierdie verwronge konsepte oor God weer reggestel sal moet word.

- **Vraag 7 (lidmate vraelys: vraag 24)**
  **Wat het u uit die traumatiese gebeurtenis geleer, indien enigiets ? Gee 'n kort beskrywing ?**

Die respondente se antwoorde op die vraag was oor die algemeen positief. Hulle het veral geleer dat God ten spyte van wat gebeur het nog lief is vir hulle, almagtig is en by hulle in die situasie is. Wat die lewe self betref, het

dit lidmate geleer dat die lewe kort en kosbaar is en dat 'n mens elke dag voluit moet lewe. Gelowiges het ook geleer om hul geliefdes te waardeer en nie toe te laat dat klein dingetjies hul verhoudings vertroebel nie. Wat die negatiewe betref, was daar oor die algemeen nie baie negatiewe reaksies nie. Sommige lidmate het wel aangedui dat hulle niks vanuit hul trauma geleer het nie; dat hulle mense nie kan vertrou nie en dat die lewe onregverdig is.

#### 6.4.6.2 Oop vrae aan ampsdraers

- **Vraag 1 (leraars- en ouderlinge vraelys: vraag 2)**
  **Waar het leraars hulle teologiese opleiding ontvang ?**

  Daar is by die volgende universiteite, kweekskole en kolleges opleiding ontvang: Bethlehem Christelike Gemeente; Nelspruit CLT Bybelskool; Volle Evangelie Kerk Berea Teologiese Kollege; Seminarie van die Evangelies Gereformeerde Kerk; Apostoliese Geloofsending; Randse Afrikaanse Universiteit; Universiteit van Pretoria; Apostoliese Geloofsending Kollege.

- **Vraag 2 (leraars- en ouderlinge vraelys: vraag 5)**
  **Het u enige trauma of krisisberadingsopleiding ontvang as deel van u teologiese opleiding? Indien wel, gee asseblief besonderhede.**

  Geen verdere inligting is hier gegee in verband met die tipe trauma en krisisberadingsopleiding wat leraars moontlik as deel van hulle teologiese opleiding ontvang het nie.

- **Vraag 3 (leraars- en ouderlinge vraelys: vraag 7, 9)**
  **Het u as leraar of ouderling enige trauma of krisis berading kursusse tydens u jare in die bediening bygewoon? Indien ja, gee die naam van die kursus, deur wie dit aangebied is asook 'n kort beskrywing van dit wat u geleer het ?**

  Slegs die volgende kursusse is genoem: Christian Psychology (keuse vakke) Randse Afrikaanse Universiteit; Telefriend; Informele Krisis Kursus; Dr O.C Vermeulen; Helpende Hand Bedienings: Beradingsdiploma; Crisis ministry: ESC. Uit die boostaande inligting is dit duidelik dat daar nie juis grondige toerusting en opleiding plaasgevind het nie.

- **Vraag 4 (leraars- en ouderlinge vraelys: vraag 11)**
  **Is u van mening dat as 'n lidmaat 'n krisis of trauma beleef (soos byvoorbeeld 'n vrou wat verkrag is) u trauma berading sal kan doen? Indien ja, beskryf kortliks wat u meen die trauma beradings prosedure behoort te behels ?**

Slegs drie respondent kon duidelike krisisintervensieprosedures weergee. Wat gekompliseerde trauma aspekte van byvoorbeeld verkragting betref, was slegs twee respondente in staat om na basiese aspekte van gekompliseerde traumaberading te verwys.

- **Vraag 5 (leraars- en lidmate vraelys: vraag 13)**
  **Is u van mening dat u voldoende opgelei is om te ondersteun of te beraad tydens 'n trauma/krisis? Indien nie, wat sou kortliks u behoefte in hierdie verband wees in terme van opleiding en toerusting ?**

Uit reaksies op hierdie vraag het geblyk dat behoeftes oor die algemeen verband hou met sekere toerusting vir die hantering van krisisse wat veral te doen het met die dood van 'n geliefde, egskeiding, miskrame, kapings, molestering, dwelmmisbruik en selfmoord.

### 6.4.7 Afdeling 3: Onderhoude

#### 6.4.7.1 Onderhoude

Daar is ongestruktureerde onderhoude gevoer met sewe respondente (medewerkers) op 18 en 19 September 2007 te Nelspruit in Mpumalanga: 'n Man en vrou wat aangeval is by hulle huis; 'n vrou wat as kind deur haar pa gemolesteer is; 'n man wat sy werk verloor het en op straat beland het; 'n man en vrou wat in 'n motorongeluk was waar die vrou ernstige hoofbeserings opgedoen het; en 'n vrou wat haar pa en ma drie dae uitmekaar aan die dood afgestaan het.

- Die *eerste oogmerk* met die ongestruktureerde onderhoude was om te fokus op die krisis/ trauma- insident in die betrokke respondent se lewe. Wat het gebeur? Hoe het dit gebeur? Watter nagevolge, indien enige, het uit die insident voortgevloei?
- Die *tweede oogmerk* was om uit te vind of die respondente vir hulp gegaan het tydens of na die krisis/ trauma-insident. Indien wel, na wie toe?. Watter tipe hulp of berading is aangebied? Het die berading gehelp?
- Die *derde oogmerk* is om vas te stel watter rol ampsdraers en gemeentelede moontlik gespeel het tydens en na die traumatiese insident, indien enige.

- **Respondent A en B**

  - **Krisis/traumagebeurtenis**

    Respondent A (man) en B (vrou) is 'n afgetrede egpaar wat 'n gastehuis en 'n padstalletjie op hulle plaas bedryf het. Die plaas is beveilig deur 'n elektriese omheining, wat dan ook aangeskakel is wanneer hulle iewers heen gegaan het. Sowat vyf jaar gelede het hulle een aand van 'n gemeentelike omgeegroep teruggekeer huis toe. Gewapende rowers met kouse oor hulle gesigte het hulle in hul huis ingewag. Hulle is

na hul kamer geneem waar die kluis was en is gedwing om dit oop te sluit – binne-in was geld en vuurwapens. Die rowers het die vuurwapens geneem en die geld gelos. Tydens die hele proses is die egpaar aanhoudend met gewere in die gesig en teen die kop geslaan. Een rede waarom hulle aanhoudend geslaan is, is omdat hulle aanhoudend hardop gebid het en die rowers hulle probeer stilmaak het. Terwyl Respondent A en B in die kamer gelê het, het hulle besef dit is baie waarskynlik hulle laaste oomblikke op aarde en het hulle dan ook laaste woorde vir mekaar gesê. Respondent B is na die badkamer geneem waar sy gedink het dat hulle haar onsedelik sou aanrand, maar sy is egter net vasgebind met toue. Terwyl Respondent B in die badkamer gelê het, het sy 'n skoot gehoor en aanvaar dat hulle haar man doodgeskiet het. Dit was egter nie die geval nie. Respondent A is met 'n geweerkolf oor die kop geslaan wat hom bewusteloos gelaat het. Hy is toe na die ander badkamer gesleep. Respondent B het dit reggekry om haarself los te maak en te ontsnap deur die badkamervenster. Sy het tot by die elektriese draad gehardloop waar sy probeer het om onder deur die draad te kruip. Die rowers het haar egter daar betrap en haar van vooraf geslaan en weer in die badkamer vasgebind en toegesluit. Sy het dit egter reggekry om weer los te kom en dit dié keer reggekry om weg te kom. Sy het tot by haar bure gehardloop, van waar die polisie en dominee geskakel is. Respondent A het intussentyd bygekom en gevoel hoe die bloed uit die wond drup waar hy geslaan is. Hy het vir sowat tien minute stil gelê. Hy het 'n geskree gehoor van die buurman wat roep en nie kon inkom nie omdat die elektriese heining nog aan was. Respondent B is vier maande later weer aangeval in 'n gewapende roof, wat daartoe gelei het dat die egpaar hulle padstal en gastehuis verkoop het en in die dorp gaan woon het. Die egpaar het gereeld met vriende en met mekaar gepraat oor wat gebeur het. Hulle huwelik het ook sterk gebly tydens en na die traumagebeurtenis.

- **Nagevolge**

Respondent A en B het agterna veral die simptome van vrees en hipersensitiwiteit beleef asook 'n herhaaldelike herbelewenis van die traumatiese gebeure. Daar is 'n alarmsisteem in die huis geïnstalleer, wat een nag, direk na die traumagebeurtenis afgegaan het. Dit het 'n sterk stresreaksie veroorsaak en die oorspronklike trauma is weer eens herbeleef. Intense woede is ook op daardie stadium beleef en Respondent B het gesê dat sy uit reaksie toe sommer haar skoen deur die venster gegooi het. Hulle het mettertyd depressief geraak en die emosie van woede het periodiek sterk na vore gekom. Hulle het egter nie die aanvallers gehaat nie, maar was wel kwaad – hulle het wel die daad wat aan hulle gedoen is, gehaat. Respondent B het angsaanvalle beleef en het toe hul huisdokter besoek wat medikasie voorgeskryf het. Respondent A het baie min post-traumatiese stressimptome na vyf jaar. Net wanneer Respondent A die koerant lees en lees van mense wat wreed vermoor is, beleef Respondent A woede en bitterheid. Respondent A sal dan egter dadelik vir die Here vra om die negatiewe gevoelens weg te neem. Respondent B voel nog steeds na vyf jaar onseker, beleef vrees in die nag en sukkel om te slaap. Sy doen egter fisiese oefeninge wat haar help om te slaap. Respondent B is bang om saam met swartmense in 'n hysbak te klim. Haar skedel is baie beskadig tydens die aanval en wanneer sy aan haar kop vat, herinner dit haar aan wat gebeur het. Die traumagebeurtenis het Respondent A en B se veilige wêrelde vernietig. Hulle het geglo dat

so iets nie met hulle sou kon gebeur nie. Die wêreld het vir beide Respondent 'n onveilig plek geword. Wat Respondent A en B se gevoel oor God betref, het beide gesê dat hulle Hom nooit verwyt het of kwaad vir Hom was nie. Hulle hou God ook nie verantwoordelik vir wat met hulle gebeur het nie. Beide is van mening dat hulle geloof nie aangetas is nie. Hulle voel hulle geloof is inteendeel sterker. Die 'waarom'-vraag was ook op geen stadium vir hulle 'n groot kwessie nie. Respondent A en B se siening van die lewe het verdiep. Hulle is dankbaar dat die Here daardie nag hul lewens gespaar het en hulle getuig beide dat hulle God se teenwoordigheid t daardie nag tydens die traumagebeurtenis beleef het.

- **Berading**

  Respondent A en B is twee weke na die traumagebeurtenis deur hulle leraar na 'n kliniese sielkundige vir berading verwys. Beide het vir twee gesamentlike sessies gegaan en daarna het Respondent B vir nog 'n sessie op haar eie gegaan. Respondent B het aan die kliniese sielkundige gevra om die verskillende fases wat slagoffers deurgaan na so 'n traumatiesegebeurtenis te verduidelik sodat man en vrou mekaar sou kon verstaan. Daar is deur die trauma gewerk deurdat daaroor gepraat is. Die sielkundige het aan beide respondente verduidelik dat hulle hulself buite die trauma gebeurtenis moet plaas en dan na die trauma kyk soos 'n fliek wat van voor na agter en van agter na voor deurgespeel word. Hulle is van mening dat die berading gehelp het. Na die gewapende roof by die padstal het Respondent B weer na die kliniese sielkundige gegaan vir nog 'n beradingsessie. Respondent B is van mening dat sy langer vir berading moes gegaan het. Sy het ook na 'n AGS-pastoor gegaan vir geestelike hulp. Beide het gesê dat die onmiddellike ondersteuning na die trauma (ontlonting en 'n mate van de-aktivering) baie gehelp het. Respondent B het 'n sterk behoefte aan opvolg-berading, veral met betrekking tot sekere traumanagevolge waarmee sy soms nog sukkel. Beide Respondente sou nie vir berading na 'n kerkraadslid gegaan het nie, maar wel na die leraar, as hy toegerus was om hulle te help. Respondent A en B maak 'n onderskeid tussen gewonekrisis berading (kleiner krisisse) enersyds, en traumaberading andersyds – hulle is ook van mening dat kerklike ampsdraers krisisgevalle soos verlies van werk of kinders wat die huis verlaat, kan hanteer.

- **Die rol van ampsdraers en gemeentelede tydens en na die trauma**

  Nadat Respondent B tydens die oorspronklike trauma uiteindelik kon wegvlug, het sy haar leraar geskakel, wat dadelik 'n gebedsketting in die gemeente begin het. Respondent A en B was baie betrokke in hul gemeente. Beide het op die kerkraad gedien en was betrokke by 'n selgroep. Daarom is dit ook te verstane dat hul selgroep en gemeente hulle sterk ondersteun het deur byvoorbeeld aspekte soos talle telefoonoproepe; saam met hulle saans ná selgroepvergaderings huis toe te ry; as hulle bang was, by hulle te gaan slaap; hulle by die kerk te bemoedig; en dan ook die talle gebede wat vir hulle opgegaan het - selfs maande na die gebeurtenis is daar nog steeds vir hulle gebid. Die leraar was nie self in staat om Respondent A en B te beraad nie, maar het hulle verwys na 'n kliniese sielkundige. Wat geestelike berading betref, moes Respondent B egter na 'n ander leraar gaan omdat hul eie leraar haar nie rondom hierdie spesifieke krisis kon deurhelp nie.

- **Respondent C**

  - **Krisis/traumagebeurtenis**

    Respondent C is 'n 49-jarige vrou wat as kind deur haar pa gemolesteer is. Sy het eers op 'n laat stadium in haar lewe uitgevind dat sy wel gemolesteer was. Sy het egter altyd gevoel dat daar iets verkeerd was, maar net nie geweet wat nie. Ongeveer ses jaar gelede (2002) het haar stiefsuster by haar kom kuier en aan Respondent C vertel dat sy (stiefsussie) deur hulle pa gemolesteer is. Respondent C kon nie glo wat haar stiefsus van hulle pa vertel het nie omdat sy hom nog altyd op 'n troontjie gesit het. Dit het haar twee weke geneem om die skokkende onthulling te verwerk. Vandat die stiefsussie aan Respondent C vertel het wat hulle pa gedoen het, was dit vir haar asof daar 'n klein liggie in 'n donker tonnel aangeskakel is. Die pa het op 'n stadium die stiefsuster gevra om hom te vergewe. Respondent C het drie jaar terug opgehou met die misbruik van alkohol (2005) en sowat twee jaar gelede (2006) het sy met 'n maatskaplike werker by SANKA gaan praat oor haar besige lewe en net in die algemeen raad gevra. Die maatskaplike werker het aan Respondent C gevra wanneer sy vir die eerste keer bewus geraak het van haar seksualiteit. Respondent C kon bitter min onthou van die eerste ses jaar van haar kinderlewe. Sy ervaar ook vir baie jare herhalende drome van 'n huis en donker kamers. Die maatskaplike werker het in die lig van die beskikbare feite 'n sterk vermoede gehad dat Respondent C as kind gemolesteer was, en moontlik deur haar pa. Respondent C wou weet hoe sy hieroor finaliteit sou kon kry. Die maatskaplike werker het vir haar gesê dat sy daaroor moet bid en dat die Heilige Gees vir haar sal wys wat gebeur het. Hierna het Respondent C begin om van tyd tot tyd sekere terugflitse te beleef. Herinneringe het byvoorbeeld begin terugkom van hoe sy gereeld saam met haar pa in 'n trok ry. Sy beleef dan ook die tyd toe sy nog 'n baba was en haar pa haar doek afhaal en haar skaamtedele met sy tong lek. Op 'n stadium onthou sy toe ook vir die eerste keer toe sy en haar man seksuele omgang gehad het en hoe afgryslik dit vir haar was. Sy was 18 jaar oud toe sy buite-egtelik swanger geraak het by haar huidige man, waarmee sy toe later getroud is. Sy het dit op daardie stadium beleef asof haar man die rol van haar pa oorgeneem het toe hulle vir die eerste keer gemeenskap gehad het. Sy het dit nie haar pa gekonfronteer oor die molestering nie omdat sy voel hy 74 jaar oud is en sy bang is dat dit baie sleg kan wees vir haar pa se gesondheid. Sy het wel aan hom genoem dat sy gemolesteer is, maar haar pa het geen erkentenis gemaak dat dit hy was nie. Sy bid steeds dat haar pa dit sal erken, maar tot dusver het dit nog nie gebeur nie. Sy het in 1988 tot bekering gekom en in in 1995 het sy emosioneel totaal geknak as gevolg van alkoholmisbruik.

  - **Nagevolge**

    Die molestering het 'n geweldige effek op Respondent C self gehad, sowel as op haar huwelik. Sy en haar man het ses jaar gelede laas seksuele gemeenskap gehad. Sy wil ook nie hê dat 'n man naby haar moet kom of aan haar raak nie. Die feit dat haar man seksueel gefrustreerd is, maak haar beangs omdat sy vrees dat hy moontlik in 'n buite-egtelike verhouding betrokke kan raak en haar dan los. Daar is deurgaans 'n onverklaarbare hartseer wat sy ervaar. Sy is ook van mening dat mans in die algemeen met hulle geslagsdele gepla is. Sy beleef die seksuele sy van hul huwelik uiters traumaties en sleg en dit is slegs as sy alkohol gebruik dat sy dit regkry om

seksuele omgang met haar man te hê. Sy was op 'n stadium ook seksueel ontrou aan haar man. Op emosionele vlak spreek haar man nie altyd haar behoeftes aan nie. In 'n sekere sin voel sy soms dat sy seksueel nog soos 'n dogtertjie is en dat daar 'n deel is van haar ontwikkeling op hierdie terrein wat agterweë gebly het. Haar verhouding met God en haar siening oor God is veral negatief wanneer sy baie depressief voel: God is 'n man en Jesus is ook 'n man en Hy kan volgens haar nie verstaan nie - Jesus is nooit gemolesteer nie en hy kan nie weet hoe sy moet voel nie. Daarna voel sy egter weer skuldig nadat sy sulke uitsprake gemaak het. Diep in haar binneste is sy lief vir God en weet sy dat sy God se kind is en dat God 'n plan met haar lewe het. Haar geloof is negatief en positief beïnvloed deur die traumagebeurtenis - daar is die goeie en die slegte. Sy het egter 'n daadwerklik keuse gemaak om die Here te dien. Wat Respondent C veral geleer het uit haar trauma is dat 'n mens altyd moet besef dat al is jy vir niemand aanvaarbaar nie dat , God jou aanvaar en, dat Hy lief is vir jou.

- **Berading**

Respondent C was vanaf 18-jarige ouderdom by talle sielkundiges en psigiaters. Dertien jaar gelede het sy emosioneel totaal geknak en in 'n senuweekliniek beland waar sy behandeling gekry het. Sy en haar man het ook oor 'n tydperk van vier jaar huweliksberading ontvang by 'n leraar. Verder was sy ook by 'n sielkundige wat hipnoterapie gedoen het vir 20 sessies waartydens daar onder andere teruggegaan is tot in die stadium waar sy in die baarmoeder was. Hieruit het geblyk dat sy baie verwerping beleef het. Daar is daarna ook deur die geboorteproses gewerk en daar is toe aan haar uitgewys dat God bygestaan het toe sy gebore is en haar in Sy arms vasgehou het. In 2002, nadat die maatskaplike werker aan haar vertel het dat sy glo dat sy (Respondent C) seksueel gemolesteer is, het sy na die maatskaplike werker gegaan vir drie berading sessies - daarna het die maatskaplike werker aangedui dat sy van mening is dat alle emosionele pyn van die verlede op daardie stadium deurgewerk is. Respondent C het egter die belewenis gehad dat alles nie deurgewerk was nie en het die maatskaplike werker geskakel en dit aan haar meegedeel. Die maatskaplike werker het toe aan haar gesê dat sy al by te veel beraders was en dat sy haarself nou moet help en bid dat God haar help. Respondent C het daarna 'n punt bereik waar sy voel dat daar niemand is wat haar kan help nie. Wat haar situasie verder kompliseer, is die feit dat sy nie regtig kan onthou wat gebeur het nie. Meeste beraders het tot dusver vir haar gesê dat dit nie die wil van God is dat sy haar man seks weerhou nie, maar in haar eie binneste maak dit soveel onstuimige emosies wakker dat sy nie die situasie kan hanteer nie. Sulke uitsprake veroorsaak dan net nog meer verwarring in haar binneste.

- **Die rol van ampsdraers en gemeentelede tydens en na die trauma**

Respondent C was vanaf 1988 na haar bekering baie betrokke in die kerk. Sy het Sondagskool gegee en Sondagskool toneelstukke help opgevoer - sy het ook in die koor gesing. Sy voel egter dat die kerkmense haar soms baie gemanipuleer het as sy byvoorbeeld nie in die koor wou sing nie – hulle het haar dan verkwalik en aan haar gesê om nie haar talente te mors nie. In 1994 het sy 'n groot Sondagskool toneelstuk opgevoer. Haar pastoor het haar twaalfuur die nag voor die opvoering geskakel en vir haar gevra of alles in plek is vir die volgende dag - hy het ook aan haar gesê dat hy nie tyd het vir onprofessionele mense het nie en dat die

burgermeester die volgende dag ook in die kerk sou wees. Die gevolg van hierdie geweldige druk op haar was dat sy die volgende dag pille gedrink het en probeer selfmoord pleeg het. Sy is opgeneem in die hospitaal waar die pastoor haar die volgende dag kom besoek het. Tydens hierdie besoek het hy aan haar gesê dat as sy sou gesterf het, hy haar nie sou begrawe het nie en dat hy nie tyd het vir swakkelinge nie. Uitsprake soos hierdie het haar geknak. Sy het in 2007 met haar pastoor gepraat oor haar molestering en al het hy probeer raad gee, was haar belewenis dat dit haar nie veel gehelp nie. Sy is van mening dat die pastoor en kerkraad nie in staat was en is om haar te help nie met betrekking tot hierdie krisis in haar lewe nie.

- **Respondent D**
  - **Krisis/traumagebeurtenis**

    Respondent D is 'n 41-jarige geskeide man. Hy het na twee jaar by 'n firma in Pretoria sy werk verloor as gevolg van 'n afbetaling. Hy het nog geld gehad vir drie maande, maar kon egter nie intussen werk kry nie. Hierna het hy as gevolg van sy finansiële krisis vir sowat vier maande in die straat beland as 'n swerwer. Hy onthou die eerste aand wat hy op straat geslaap het en nie geweet het wat om te doen nie. Hy het elke dag na die Pretoria Gemeenskapsforum gegaan om kos te kry en homself daar te was. Die Respondent vertel dat alhoewel hy op die straat was, hy homself skoon en netjies gehou het. 'n Ou tannie het een dag verby hom in die straat geloop en vir hom gesê, "Remember your Maker." Dit het veroorsaak dat Respondent D weer begin kerk toe gaan het. Deur 'n pastoor van die AGS wat by die forum betrokke was, het Respondent D weer blyplek en werk gekry. Respondent D het later by die AGS-pastoor - wat intussen Nelspruit toe verhuis het en die Nelspruit Gemeenskapsforum begin het – werk gekry. Hy werk tans by die Nelspruit Gemeenskapsforum met straatmense. Respondent D het 'n seun wat hy vir die laaste drie jaar nie gesien nie.

  - **Nagevolge**

    Respondent D is van mening dat as hy langer op straat sou wees, hy ook maar sou begin drink en dwelms gebruik het. Hy vertel dat dit veral drank- en dwelmmisbruik is wat een van die grootste probleme onder straatmense is. Respondent D is van mening dat die straatondervinding vir hom positief was. Meeste blanke mense beland op die straat omdat hulle hul werk verloor, drank misbruik of as gevolg van 'n egskeiding wat nie verwerk kon word nie. Volgens hom beland jong, swart kinders weer op straat as gevolg van 'n gebrek aan dissipline en hulle raak dan betrokke by dwelms, drank, ensovoorts. Wat betref die verhouding tussen hom en sy seun, is daar intussen gepoog om kontak te herstel. Wat Respondent D betref, is sy geloof positief beïnvloed deur die dinge wat met hom gebeur het. Wat sy siening oor God betref, het hy gewonder wat hy aan God gedoen het dat hy op straat moes beland aangesien hy vir baie jare gereeld kerk toe gegaan het. Hy is egter oortuig dat omdat hy op 'n stadium nie meer kerk toe gegaan het en nie meer Bybel gelees of gebid het nie, God hom op straat laat beland het. Hy beleef dit as God se roepstem – Sy "megafoon." Hy is egter bang dat hy weer op straat kan beland.

- **Berading**

  Die AGS-Pastoor het hom baie gehelp, alhoewel die pastoor in die begin vir hom gesê het dat hy nie dink dat hy dit gaan maak nie. Die pastoor het geestelik met hom gewerk en die pastoor en sy vrou het vir hom soos 'n broer en suster geword. Dit was die konkrete hulp wat hy ontvang het wat volgens hom die uiteindelike verskil gemaak het en die deurslag gegee het.

- **Die rol van ampsdraers en gemeentelede tydens en na die trauma**

  Tydens sy tyd in Pretoria het Respondent D dit beleef dat die houding van die kerke daar was dat hulle niks met straatmense te doen wou hê nie en dat elkeen net vir homself leef. Die mense by die Pretoria Gemeenskapforum het net kos gegee as hulle gehad het. Hy het dit ook beleef dat kerke in Pretoria nie saamgewerk het nie. Daarteenoor was sy ervaring dat die kerk in Nelspruit baie betrokke is deurdat hulle kos en klere gee – tog is die kerk nie op 'n een tot een basis betrokke by straatmense nie. Hulle laai straatmense af by die Nelspruit Gemeenskapsforum en dan vergeet hulle van die mense daar. Dit was soms vir hom asof die kerke bloot die probleem na iemand anders skuif omdat hulle nie voel dat hulle tyd het om beskikbaar te wees nie. Hy onthou slegs van een geleentheid dat daar tydens 'n oggend in die week by die Pretoria Gemeenskapsforum 'n kerkdiens gehou is. Respondent D is verder van mening dat gemeentes oor die algemeen liefdeloos en onbetrokke staan teenoor 'n straatmens wat op 'n Sondag 'n kerkdiens sou kom bywoon. Volgens hom behoort kerke meer betrokke te wees by mense in nood sodat sulke persone wel gehelp kan word. Dominees en pastore moet ook toegerus wees om mense te kan help wat 'n krisis beleef. Verder meen Respondent D dat mense se lewens vandag te haastig is en dat hulle by mekaar verby leef. Mense reik nie uit na ander om te vra wie hulle is nie, selfs al is hulle net besoekers by 'n erediens.

- **Respondente E en F**

  - **Krisis/traumagebeurtenis**

    Man (E) en vrou (F) is 'n egpaar in hulle veertigs en hulle het twee kinders, ouderdomme 12 en 15. Hulle was in 'n motorongeluk en negentien maande daarna vertel hulle hul verhaal. Hulle was op pad huis toe na 'n naweek by vriende. Langs die pad het hulle gestop om koeldrank te koop. Respondent F het agter by haar dogtertjie gaan sit en haar seun het voor by die pa gaan sit. Sowat vier kilometer verder het 'n vragmotor van voor af gekom. Die bestuurder van die vragmotor het te vinnig gery en beheer oor die vragmotor verloor en dit het omgeslaan. Alhoewel Respondent E probeer het om die vragmotor te vermy, het dit hulle nog steeds met 'n geweldige slag getref. Respondent F het regs agter gesit en geslaap en met die slag haar kop met 'n geweldige slag teen die middelste pilaar by die deur van die motor getref. Sy het in die proses 'n erge skedel fraktuur opgedoen. Die oog is uit sy kas geruk en die voorste deel van die brein het baie seergekry. Voorste dele van die brein moes later chirurgies verwyder word. Respondent E en die kinders het nie ernstig seergekry nie, maar hulle was in 'n ergeskok toestand. Hulle het geen gedagte gehad dat hulle daardie dag in 'n motorongeluk sou wees nie. Die dokters het nie veel hoop vir Respondent F gehad nie. Haar man was egter oortuig dat die Here sy vrou reeds by

die ongelukstoneel aan hom terug gegee het. Volgens Respondent E, die man, was sy vrou eintlik reeds dood op die ongelukstoneel en het sy, nadat hy na God geroep het, weer begin asemhaal. Veertien dae na die ongeluk het die vrou F weer bygekom. Fisies gesproke het Respondent F volgens die dokters erge breinskade opgedoen– tog was dit onverklaarbaar dat sy uiterlik geen simptome daarvan geopenbaar het nie.

- **Nagevolge**

Intense skok en onsekerheid is deur Respondent E en die kinders beleef, tydens en na die ongeluk. Die dogter was voortdurend bang dat respondent F sou sterf, juis omdat haar ma so 'n groot stuk sekuriteit vir haar was en is. Nadat respondent F uit die hospitaal gekom het, het sy in die begin 'n emosionele doodsheid beleef. Haar gesig was baie geskend en sy kon nie dorp toe gaan sonder dat mense haar aanstaar nie. Respondent F het in die eerste paar maande na die ongeluk die volgende nagevolge beleef: Woede oor die ongeluk; soms vreugde en soms hartseer; verbittering; 'n meer ernstiger benadering tot die lewe; stiller en netjieser; 'n sin vir humor. Ander nagevolge wat beleef was, is dat respondent F nou begin het om te vloek as sy kwaad was. Dit het natuurlik konflik veroorsaak tussen haar en haar man omdat hy nie gewoond was dat sy vrou so lelik praat nie – ook as gelowige was dit vir hom onaanvaarbaar. Die konflik en vloekery het ook begin om oor te spoel na die kinders en het veroorsaak dat hulle ook lelik met mekaar gepraat het. Na negentien maande het hierdie trauma die gesin egter nader aan mekaar gebring. Hulle geloof in God het versterk en hulle het God ook nie geblameer vir wat gebeur het nie. Respondent F voel dat sy voor die ongeluk 'n wêreldse lewe geleef het en dat die ongeluk haar terug na die Here gebring het – sy maak nog steeds foute, maar die Here het haar 'n tweede kans gegee. Sy is van mening dat as sy op die betrokke dag van die ongeluk sou sterf, sy geestelike verlore sou wees. Sy sê dat sy uit hierdie tragedie geleer het dat dit nie die uiterlike is wat die belangrikste is nie, maar die innerlike en dat jou verhouding met God die belangrikste in die lewe is.

- **Berading**

Respondent E en die kinders het direk na die ongeluk na hul predikant gegaan vir berading en ondersteuning - die leraar is 'n opgeleide pastorale krisis- en traumaberader. Respondent F het ook later na die predikant gegaan vir berading. Die traumatiese gebeurtenis is deurgewerk en emosies kon geventileer word. Daar is ook aan haar uitgewys dat veranderinge in haar persoonlikheid sou kon plaasvind en daarom moes sy haar daarop voorberei om hierdie nuwe/ander persoonlikheidsaspekte te aanvaar. Die kinders het later ook na 'n sielkundige gegaan as gevolg van vrees om in 'n motor te ry. Die sielkundige het hulle laat praat oor die vrees en gebruik gemaak van visualiseringstegnieke ten einde die vrees te laat afplat. Gevoelens is ook bespreek en geëvalueer. Respondente E en F het later na 'n sielkundige toe gegaan toe daar konflik in die huwelik ontstaan het. Die sielkundige was van mening dat respondent F brein epilepsie (kortsluiting) beleef, omdat daar tye was waar sy sekere basiese dinge vergeet het.. Die sielkundige wou 'n antidepressant aanbeveel, maar respondent F het eerder gevoel dat sy verwar is deur die raad wat aan haar gegee is. Die sielkundige het ook aan Respondent F voorgestel om vir twee weke alleen weg te gaan, sodat respondent E en F beide tyd kon kry om te besin en breër perspektief te verkry.

Daar is ook aan respondent E die raad gegee om nie net al sy aandag op sy eggenote te fokus nie, maar dat hy homself ook tyd moet gun om alles te verwerk.

- **Die rol van ampsdraers en gemeentelede tydens en na die trauma**

  Die leraar en gemeente was dadelik betrokke tydens en na die traumatiese gebeurtenis. Gemeentelede is per sms laat weet en daar is dadelik begin bid vir respondent E en F en die kinders. Daar is ook gebid in die omgeegroep waarby hulle betrokke was. Daar was van gemeente en kerkraadslede se kant baie ondersteuning op die korttermyn, maar wat die langtermyn betref, het dit ontbreek. Dit was ook slegs sekere kerkraadslede wat ondersteuning gebied het. Volgens Respondente E en F was die dominee wel toegerus en kon hy hulle help tydens en na die traumagebeurtenis.

- **Respondent G**

  - **Krisis/traumagebeurtenis**

    Respondent G se pa is gediagnoseer met dikdermkanker en daar moes toe onmiddellik geopereer word, waartydens hy 'n kolostomie ontvang het en daar ook begin is met chemoterapie. Respondent G het telkens haar pa vergesel as hy gegaan het vir die chemoterapie en bestralingsessies, wat natuurlik vir haar emosioneel en uitputtend was. Sy het ook die kolostomiesakkie skoongemaak - wat 'n vernedering vir haar en haar pa was. Sy het 'n 'n stuk magteloosheid beleef om te sien hoe haar pa so vinnig agteruit gaan, en het besef dat dit net 'n kwessie van tyd sou wees. Respondent G was in 'n baie naby verhouding met beide haar ouers en hulle was haar lewe lank 'n baie hegte gesin gewees. Een oggend vroeg moes sy onverwags haar ma hospitaal toe neem as gevolg van oormatige stres wat haar ma rondom haar pa se siekte beleef het. Haar ma is dan ook in die hospitaal opgeneem vir erge asemhalingsprobleme. Dieselfde aand moes sy ook hospitaal toe jaag met haar pa wat weer baie siek geword het en toe ook opgeneem is. Haar pa is twee dae later oorlede en haar ma het drie dae later ook gesterf. Die skok van haar ma se dood was baie groot omdat dit onverwags en skielik was. Na haar ouers se dood en begrafnis het sy in hulle huis ingestap en 'n groot stuk leë gevoel het haar totaal oorweldig. Aanvanklik het sy haar ouers se dood goed hanteer en kon sy ook die negatiewe emosies goed verwerk. Sy het egter by geleentheid vir 'n vriendin gaan kuier waar daar toe iemand anders ook teenwoordig was wat vir haar gesê het: *"Ruk jouself reg."* Hierdie woorde het haar geruk en sy het besef dat sy nie haar ouers so dood so goed hanteer het soos wat sy gedink het nie. Dit het tot gevolg gehad dat sy van daardie oomblik af begin het om die die dood van haar ouers totaal te ontken en te maak of dit nooit gebeur het nie. Vir die volgende jaar en 'n half het sy vir haarself gesê dat haar ouers net gou weg is – hulle kom nou-nou weer terug.

  - **Gevolge**

    Die gevolglike krisis waarin respondent G beland het, het baie konflik en spanning in die huis veroorsaak. Sy het ook 'n wrok teenoor dokters ontwikkel omdat hulle nie vir haar die volle waarheid rondom haar pa se siekte vertel het nie. Sy het geweet dat haar pa kon doodgaan, maar sy het nie besef dat dit so gou sou wees nie. En toe haar

ma ook sterwe, was alles net vir haar te veel en het sy gaandeweg al meer psigoties geraak. Die grootste rede was natuurlik die feit dat sy geensins voorbereid was op haar ouer se dood nie en dit het haar emosioneel geknak. Sy was ook woedend vir God omdat sy gevoel het dat Hy haar in die steek gelaat het. Sy het, vandat sy kon onthou, vir die Here gelewe en vir hom gewerk, en hoe kon Hy, nee, hoe durf Hy, so iets aan haar doen? Die dood van Respondent G se ouers het gevolglik ernstige geloofsvrae veroorsaak, maar sy het nooit haar rug totaal op die Here gedraai of haar geloof verloën nie. Sy is egter van mening dat die berading gekeer het dat sy uiteindelik in 'n totale geloofskrisis beland het. Sy is ook van mening dat dit die doel van krisisintervensie is om te verhoed dat kinders van die Here in 'n geloofskrisis beland. Wat Respondent G geleer het, was dat God soewerein is en kan maak soos Hy wil. Wanneer God wel maak soos Hy wil, is God nog steeds lief vir ons. Sy het ook 'n vir die eerste keer in haar lewe stuk gebrokenheid beleef, wat haar geleer het dat dit eintlik die wyse is waarop die Here haar wil gebruik omdat gebrokenheid noodsaaklik vir Hom is.

- **Berading**

  Sy het na haar dominee gegaan, 'n pastorale krisis- en traumaberader, en met hom gepraat oor hoe sy voel. Alhoewel die leraar vir haar die pad van rou uitgestippel het, was sy nog nie gereed om daardie pad te begin loop nie. Baie informele beradingsessies het gevolg, waarin die leraar haar ondersteun en gehelp het in haar worstelstryd met die dood van haar ouers. Daar was egter 'n stadium dat die informele berading oorgegaan het in formele berading. Die dominee het haar in die hele proses gehelp om weer perspektief op die gebeurtenis te kry. Op 'n stadium het sy egter weer 'n emosionele insinking beleef en toe vir 'n hele middag by die muur van herinnering - by die kerk - gaan sit waar haar ouers se oorskot was. Daar het sy met haar ouers se dood vrede gemaak en het sy die eerste tree geneem om haar lewe op aarde voort te sit sonder haar ouers vir wie sy baie lief was.

- **Die rol van ampsdraers en gemeentelede tydens en na die trauma**

  Daar was net een persoon in die gemeente wat haar ondersteun het - geen kerkraadslede het haar ondersteun of berading met haar gedoen nie. Die leraar en sy vrou het van die begin af ondersteuning gebied en die leraar het haar ook informeel en formeel beraad. Sy is van mening dat die kerkraad nie bekwaam was of selfs belanggestel het om haar te help tydens die krisisgebeurtenis nie. Die leraar was volgens haar wel in staat om haar te help, veral in die lig van sy opleiding in krisis- en traumaberading. Respondent G het te alle tye vrymoedigheid gehad om na haar leraar te gaan vir ondersteuning en berading.

## 6.5. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die vraelyste aan die ampsdraers het uitgewys dat 'n groot aantal leraars nie tydens of na hul teologiese opleiding, krisis- of traumaberadingsopleiding ontvang het nie. Daar is ook uitgewys dat dieselfde waarheid geld vir kerkraadslede - daarom is dit te verstane dat ampsdraers oor die algemeen nie die vrymoedigheid het om lidmate tydens of selfs na 'n krisis of trauma gebeurtenis te beraad nie. Dit het verder geblyk dat daar slegs 'n klein persentasie ampsdraers is wat wel toegerus is om krisis- of traumaberading te doen. Dit blyk dat die tipe hulp wat ampsdraers aan lidmate gee, meestal deur middel van telefoonoproepe, besoeke tuis en ondersteuning by die kerk geskied. Die ampsdraers het ook oor die algemeen hul behoefte aan toerusting met betrekking tot krisis- en traumaberading uitgespreek. Hulle was ook van mening dat lidmate self ook 'n behoefte het aan dieselfde tipe toerusting.

Wat die strekking van die onderhoude met lidmate betref, het dit duidelik geblyk dat Christene nie gevrywaar word van hartseer en pyn in hierdie wêreld nie. Die nagevolge van krisisse en trauma tref hulle ook en hulle worstel ook om deur die emosionele pyn te werk. Christene het ook hulp nodig tydens hierdie tye van hul lewens. Dit het verder geblyk dat die meeste lidmate wel vrymoedigheid het om na ampsdraers te gaan vir hulp tydens krisis- of trauma gebeurtenisse. Die meeste hulp wat aangebied word, het geblyk ondersteunend van aard te wees. Die meeste lidmate was dan ook van mening dat hulle grootliks gebaat het by hierdie tipe ondersteunende hulp. Dit is egter kommerwekkend dat 'n groot persentasie van persone op 'n later stadium steeds met traumanagevolge geworstel het. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat slegs 'n klein persentasie lidmate wat 'n krisis/trauma beleef het, wel gegaan het vir berading. Verder was lidmate oor die algemeen van mening dat hulle wel ander persone wat 'n krisis/trauma beleef het, sal kan bystaan (in die breë sin van die woord) tydens traumagebeurtenisse, maar dat hulle nie toegerus voel om op 'n dieper vlak (veral rondom berading) betrokke te raak nie - daarom die behoefte om opgelei te word tot effektiewe krisis/trauma beraders..

**Respondente A en B**

Betreffende Respondente A en B, die afgetrede egpaar wat beroof is by hul gastehuis, het geblyk die volgende aspekte van belang te wees. Dit is interessant dat die man en vrou die nagevolge van die trauma op verskillende wyses hanteer het. Die man het slegs ondersteuning, twee sessies berading en 'n mate van de-aktivering nodig gehad om weer daarna redelik normaal te kon funksioneer. Die vrou het die nodige ondersteuning gehad, vir drie beradingsessies gegaan en na 'n pastoor, en steeds beleef sy van tyd tot tyd nagevolge as gevolg van die gebeurtenis. Sy het ook nog behoefte aan nasorg en wil van tyd tot tyd 'n berader sien. Die paartjie het gesê dat hulle na hul leraar sou gegaan het as hy hulle kon help. Wat egter insiggewend is, is dat hulle nie vrymoedigheid gehad het om na 'n kerkraadslid te gaan nie, al sou hy/sy toegerus gewees het om traumaberading te kon doen. Die egpaar voel eerder dat kerkraadslede meer gefokus moet wees op basiese krisisintervensie waar die traumatiese aspekte moontlik nie so intens mag wees nie.

**Respondent C**

Respondent C is die vrou wat gemolesteer is deur haar pa. Uit haar verhaal het duidelik geblyk dat seksuele molestering, en dan veral wanneer die slagoffer nie kan onthou wat gebeur het nie, erge nagevolge het. Dit het 'n groot invloed op hierdie slagoffer se huwelik, veral met betrekking tot die seksuele aspek - seks word deur so 'n persoon in die algemeen dan ook in 'n baie negatiewe lig beskou. Daar is heel dikwels dan ook baie patologiese gedrag by hierdie slagoffers en die pad onderweg na genesing is gewoonlik lank en steil. Met betrekking tot hierdie studie toon 'n geval soos hierdie baie duidelik dat die nodige kennis, insig en ervaring van uiterste belang is vir die begeleiding van getraumatiseerde persone. Binne 'n trauma-opleidingsprogram vir ampsdraers sal daar gevolglik deeglik kennis geneem moet word van hierdie werklikhede.

**Respondent D**

Respondent D is die man wat sy werk verloor het. Hier het geblyk dat die krisis rondom verlies/e van watter aard ook al, baie slegte nagevolge in die lewe kan hê van mense. Vroeë intervensie, algemene ondersteuning en positiewe omgewingsmanipulasie kan baie daartoe bydrae dat erge nagevolge, asook moontlike patologiese gedrag, verhoed kan word. Uit hierdie geval het egter ook die insiggewende feit geblyk dat trauma uiteindelik tog ook ten goede kan meewerk in die lewens van mense, veral ook waar die nodige pastorale begeleiding verskaf word. 'n Geval soos hierdie bevestig die feit dat in die samestelling van 'n krisistoerustingsprogram vir ampsdraers dit belangrik sal wees dat daar ook ruimte sal wees by geleentheid, nie soseer vir berading nie, maar wel vir *omgewingsmanipulasie* - met ander woorde, as mense nie voedsel in die huis het nie, sal daar eers aan hierdie behoefte voorsien moet word. Indien mense sonder werk sit, sal pogings aangewend moet word om in hierdie opsig by antwoorde en oplossings uit te kom. Pogings soos hierdie kan by geleentheid dan verhoed dat 'n *krisissituasie* oorgaan in 'n *krisis toestand.*

**Respondente E en F**

Hier gaan dit om die egpaar wat in 'n motorongeluk was. *Katastrofiese ongelukke* kan die lewens van 'n hele gesin in een oogwink verander, of ten minste vra vir groot aanpassings in so 'n gesin - veral as een van die gesinslede dood is of ernstig seergekry het. Die pad na herstel vir slagoffers vanuit so 'n situasie is moeilik – ook wat die gesin as geheel betref. Dit raak nog meer kompleks waar 'n aspek soos breinbeserings en moontlike persoonlikheidsveranderinge 'n rol speel. Die kort - en langtermyn gevolge van so 'n *katastrofiese ongeluk* vra vir korttermyn en langtermyn beradingsondersteuning vir die hele gesin. Dit is dan ook opmerklik dat daar in hierdie geval baie korttermyn ondersteuning en berading was (krisisberaad), maar wat betref die meer langtermyn terapeutiese implikasies, het dit geblyk dat die begeleiding nie aan die nodige vereistes voldoen het nie. Dit loop dan uiteraard uit op groot frustrasie vir die betrokke slagoffer.

**Respondent G**

Respondent G is die vrou wat haar ouers dae uit mekaar verloor het. Sy het volgens haar die verlies van haar ouers goed hanteer, maar moes insig van buite kry om uiteindelik te besef dat sy eintlik met 'n proses van ontkenning besig was. Hierdie insig het haar laat besef dat sy nie werklik hul dood hanteer het nie, maar eerder voorgegee het dat dit nooit gebeur het nie. Daar was woede teenoor God en mense en haar gedrag het patologies begin raak. Regdeur die 19

maande waartydens sy intens met hierdie probleem geworstel het, was daar informele berading en ondersteuning van haar leraar se kant. Die informele berading het uiteindelik oorgegaan in formele berading toe sy gereed was en besef het sy moet nou gehelp word. Haar leraar, 'n trauma- en krisisberader, het haar gehelp om weer insig te kry. Hierdie hulp het gehelp dat sy uiteindelik nie in 'n geloofskrisis beland het nie.

**Finale gevolgtrekking**

Die onderskeie onderhoude het uitgewys dat waar leraars toegerus is, gemeentelede verkies om na hulle te gaan vir beradingshulp. Al blyk dit dat lidmate ook na sielkundiges gaan vir berading, is dit veral vir geestelike hulp wat lidmate hul wend na hul geestelike leiers. Dit het ook duidelik geblyk dat die pastorale begeleiding van gemeentelede grootliks kan bydra tot die afplatting van post-traumatiese stres

# AFDELING 4: PRAKTYK-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

## HOOFSTUK 7 - DIE FORMULERING VAN PASTORALE RIGLYNE

### 7.1 INLEIDING

Die basiese vertrekpunt van hierdie studie is die feit dat daar 'n tekortkoming by kerklike ampsdraers bestaan met betrekking tot effektiewe pastorale bystand aan lidmate tydens en na krisis of traumavoorvalle. Daarom het die sentrale teoretiese argument soos volg gelui:

> *Met behulp van 'n effektiewe toerustingsprogram kan kerklike ampsdraers in staat gestel word om sinvolle pastorale hulpverlening te bied aan persone tydens krisisse.*

In **1.2** het ongestruktureerde onderhoude en telefoononderhoude voorlopig uitgewys dat daar wel so 'n leemte bestaan. Verder is tot die volgende gevolgtrekking gekom in **3.10**:

> "Alhoewel daar 'n verskeidenheid van krisisse in die literatuur behandel word wat gaan oor krisispastoraat, het dit uit die navorsing geblyk dat bronne wat handel oor die toerusting van ampsdraers tot effektiewe krisisberading eintlik maar skaars is. Daar is wel bronne wat handel oor die opleiding van lekeberaders, maar wanneer dit kom by ampsdraers dan is die gegewens effens yl. Dit blyk ook uit die literatuur dat daar aanvaar word dat ampsdraers opgelei is maar soos wat in hoofstuk 1 aangedui is, is dit nie altyd die geval nie".

Ook vanuit die empiriese studie (**vgl. 6.4.5; 6.4.6; 6.4.7**) is die feite rondom hierdie aangeleentheid redelik oortuigend bevestig.

### 7.2 DOELSTELLING

In die lig van bostaande word daar in hierdie hoofstuk 'n toerustingsprogram vir kerklike ampsdraers voorgestel ten einde in staat te wees om sinvolle pastorale hulpverlening te bied aan persone tydens en na krisis- of traumagebeurtenisse. Op hierdie wyse word insigte vanuit die basis-teoretiese asook meta-teoretiese navorsing geïntegreer ten einde praktyk-teoretiese riglyne te formuleer wat in die praktyk op grondvlak 'n wesenlike verskil kan maak met betrekking tot 'n behoefte binne die kerk, wat baie duidelik geïdentifiseer is.

## 7.3 OMSKRYWING VAN PRAKTYK-TEORIE AS BEGRIP

Volgens Pieterse (1993:52) word 'n praktyk-teorie vir elke mededeelsame handeling ontwerp. Die bevindinge van die empiriese ondersoek word uiteindelik in die praktyk deur middel van interaksie met die bestaande praktyk-teologiese teorieë geïntegreer. Op hierdie wyse is daar dan 'n kritiese interaksie tussen die praktyk en die huidige praktiese teologiese teorieë sodat bestaande konsepte verder uitgebou kan word (Heyns & Pieterse, 1990:86).

## 7.4 VOORGESTELDE RIGLYNE VIR 'N PASTORALE TOERUSTINGSPROGRAM VIR AMPSDRAERS TOT EFFEKTIEWE KRISIS- EN TRAUMA-INTERVENSIE EN -BERADING

### 7.4.1 Basiese oorwegings tot 'n krisistoerustingsprogram (vgl. 2.4.1.1; 2.4.1.2; 3.1.3.2; 5.3.1.2; 5.3.2.2)

#### 7.4.1.1 Volwassene onderrig (vgl. 2.4.1.1; 5.3.1; 5.3.2)

- Die leraars moet 'n voorbeeld wees vir hulle leerlinge en ook betrokke wees by hulle wie onderrig ontvang.
- Die sentrale gedagte in onderrig is *om te veroorsaak dat iemand leer/weet.*
- Om onderrig te gee en te leer is nie skolasties – net die oordra van inligting – nie, maar dinamies. Dit veronderstel 'n *persoonlike verhouding* en bestaan uit leeraktiwiteite om kennis te verwerf.
- Die onderrigproses is gefokus op die hele persoon en dit gaan nie net om teorieë of tegnieke wat uit handboeke aangeleer is nie. In hierdie verband moet die krisisberader groei as persoon ten einde vir andere 'n model of voorbeeld te kan wees van iemand wat 'n doel het in die lewe, wat bevredigende interpersoonlike verhoudings het en iemand wat sy lewensinsigte op 'n gepaste wyse kan toepas.
- Die leerders in dié voorgestelde toerustingsprogram is per definisie volwasse.
- Hierdie voorgestelde toerustingsprogram gaan van die veronderstelling uit dat die volwassene leerder hul totale lewensondervindinge en persoonlike kennis na die leergebeurtenis bring. Daar sal gevolglik dan ook regdeur die onderrigprogram gebruik gemaak word van hierdie insigte.
- Die hooffokus van hierdie onderrigprogram is nie soseer informatief van aard nie, maar eerder transformatief - dit is onderrig wat die belangrikste aspekte van die leerders se wêreldbeskouing (voorveronderstellings, aannames, ens.) en uitgangspunte in revisie wil bring.

#### 7.4.1.2 Die *charismata* asook *diakonia* as die belangrikste kwalifikasies vir toerusting in die gemeente

Die *charismata* is by uitstek daardie gawes wat deur die Heilige Gees gegee word tot toerusting van die gelowiges binne die liggaam van Christus, naamlik die gemeente. Hierdie toerusting stel gevolglik die gelowiges in staat om waarlik diens

(*diakonia*) te kan lewer tot voordeel van die gemeente. Die *charismata* tesame met die *diakonia* kan gevolglik beskou word as die belangrikste kwalifikasies vir almal wat dan ook andere wil opbou of toerus binne die gemeente (**vgl. 2.4.1.2**)

### 7.4.1.3 Opleiding van leke-beraders

Daar is tans baie opleidingsprogramme beskikbaar vir die opleiding van veral lekeberaders, wat wissel van 'n minimum van 24-50 ure opleiding in luistervaardighede en hulpverleningsvaardighede. Hierdie opleiding word oor die algemeen versprei oor 'n periode van etlike weke tot etlike maande. Die aantal persone wat oor die algemeen betrokke is by sulke opleiding sessies wissel van 25-30. Die inhoud van sodanige opleidingsprogramme sluit gewoonlik in aspekte soos basiese Bybelkennis, kennis van luister en beradingsvaardighede, 'n begrip van algemene probleme soos depressie, angs, stres, en seksuele misbruik, ensovoorts (**vgl. 3.1.3.2**).

### 7.4.2 Voorstelle vir 'n onderrigstrategie (vgl. 5.4.1)

- **Wie?** - Die vraag het te doen met die deelnemers en die getalle. Die leraar (educator) het nodig om voor die tyd so veel as moontlik uit te vind betreffende die leerders.
- **Waarom?** - Hierdie vraag handel oor die behoeftes van die leerders ("pre-situation") en kan die beste beantwoord word deur die volgende onvoltooide vraag te vra: "Die deelnemer se behoefte is... ?" 'n Goed gefundeerde behoefteanalise behoort eintlik hierdie proses vooraf te gaan.
- **Waarvoor?** - Die antwoord op hierdie vraag openbaar die verwagte "post-situation" - dit is die uitkoms van die leer geleentheid. Uitkoms is dit wat die leerder behoort te weet ("competence") en wat die leerder dan sal kan doen ("performance") as gevolg van die leergeleentheid.
- **Wanneer?** - Hierdie vraag hou verband met tydsbeplanning en het dan ook te doen met die hoeveelheid wat in 'n sekere tydsgleuf geleer kan word. Die uitdaging is dan ook om die leerinhoud so te ontwerp dat dit toerekenbaarheid in die onderrigpraktyk sal kweek.
- **Waar?** - Die antwoord op hierdie vraag hou verband met die plek waar die kursus/program aangebied gaan word - met ander woorde watter fasiliteite beskikbaar is.
- **Wat?** – Dit hou verband met die leerinhoud van die kursus – die vaardigheid, kennis en gesindheid wat gekweek en oorgedra word. Hier word die leerinhoud 'n naam gegee.
- **Hoe?** – Dit het te doen met die struktuur van die kursus, die leertake en die materiaal wat gebruik gaan word.

### 7.4.3 Belangrike komponente van 'n basiese lesplan (vgl. 5.4.2.4)

- Beplan lesuitkomste – Daar moet duidelikheid wees oor wat die leerder moet weet en wat hy moet kan doen.
- Beplan lesinleiding – Die leerder se aandag moet verkry word en motivering moet opgewek word.
- Beplan die lesinhoud – Daar moet duidelikheid wees oor die belangrike dinge wat die leerder moet leer ten einde die nodige uitkomste te kan bereik.

- Beplan die onderrig- of die leerfase – Dit wat hier gebeur, sal van die leerstrategie afhang (lesings, gevallestudies, rollespel, demonstrasies, ens.).
- Beplan die lesslot – Die les moet tot 'n logiese konklusie gebring word.
- Assessering van leerder – Daar moet terugvoer gekry word betreffende dit wat die leerder geleer het.
- Lesevaluering – Daar moet gereflekteer word of die onderrigpraktyk suksesvol was.


## 7.5 VOORGESTELDE PASTORALE TOERUSTINGSPROGRAM

### 7.5.1 Voorgestelde raamwerk

Soos reeds in die studie uitgewys, is onderrig 'n proses en daarom sal die toerustingsprogram versprei word oor 'n periode van etlike weke tot etlike maande. Die voorgestelde onderrig- en lesplanstrategie sal gevolg word in die aanbieding van die lesse.

#### 7.5.1.1 Die vier modules van die toerustingsprogram

Die voorgestelde program sal op verskillende vlakke aangebied word, afhangende van die bekwaamheid, ervaring en effektiwiteit van diegene wat die betrokke module bywoon. Elke vlak bevat benewens sy unieke kenmerke ook die kenmerke van die laer vlakke – met ander woorde, die persoon wat op vlak 3 opleiding ontvang, sal reeds vlak 1 en 2 opleiding moes ontvang het. Grafies kan die struktuur van die program soos volg voorgestel word:



- **Module 1 – 'n Skriftuurlike basis vir die pastorale ondersteuning van lidmate tydens krisisse en trauma**

  LES 1- Inleidende aspekte tot 'n krisistoerustingsprogram.

  LES 2 - Die pastoraat bied troos, sorg en hulp vir die mens in krisis.

  LES 3 - 'n Lewende besef van wie God werklik is, help om 'n klimaat te skep waarbinne krisis en trauma deurgewerk kan word.

  LES 4 - Insig met betrekking tot die sondige aard van die teenswoordige gebroke wêreld.

  LES 5 - Genesing van traumanagevolge deur vergifnis en die bystand van die Heilige Gees.

- **Module 2 – Basiese krisisversorgings- en krisisintervensie beginsels**

  LES 1 - Wat is 'n krisis?

  LES 2 - Aanleidende oorsake tot 'n krisistoestand

  LES 3 - Verskillende kategorieë van krisiservaringe

  LES 4 - Die onderskeie fases van 'n krisis

  LES 5 - Krisisintervensie

- **Module 3 - Kliniese aspekte van trauma en die terapeutiese behandeling daarvan**

  LES 1 - Die onderskeie fases van 'n traumatiese ervaring en hulpverlening

  LES 2 - Ontlonting *(defusing)*

  LES 3 - De-aktivering (*debriefing*)

  LES 4 - Kliniese aspekte van die nagevolge van trauma

  LES 5 - Kliniese behandeling van trauma

  LES 6 - Uitbranding en stres, asook sekere regsaspekte

- **Module 4 – Gekompliseerde trauma en die pastorale hantering daarvan**

  LES 1 - Aspekte wat trauma-ervaring kompliseer

  LES 2 - Die gevolge van gekompliseerde trauma

  LES 3 - Geestelike aspekte van gekompliseerde trauma-ervaring

  LES 4 - Gekompliseerde trauma binne die gesin

  LES 5 - Riglyne vir pastorale begeleiding

Die uitkomste, lesinleiding, lesinhoud, lesslot, lesassessering en les-evaluasie sal volledig in notavorm aan die kursusgangers beskikbaar gestel word.

## 7.5.1 Module 1: 'n Skriftuurlike basis vir die pastorale ondersteuning van lidmate tydens krisisse en trauma

### 7.5.2.1 Les 1 - Inleidende aspekte tot 'n krisistoerustingsprogram vir kerklike ampsdraers

- **Lesuitkomste**

  - *Dat die ampsdraers sal verstaan waarom hierdie toerustingsprogram nodig is.*
  - *Dat die ampsdraers hulle unieke rol in krisisintervensie en -voorligting sal besef.*
  - *Dat ampsdraers die pastorale beginsels ten grondslag van die program sal verstaan.*
  - *Dat ampsdraers sal verstaan van watter leerstrategieë in die program gebruik gemaak sal word.*
  - *Dat ampsdraers sal besef wat die basiese beradingsbeginsels is waarop die program berus.*

- **Lesinleiding**

  - Die *noodsaaklikheid* aan 'n krisis-/trauma-intervensie/beradingstoerustingsprogram vir kerklike ampsdraers en gemeentelede word hanteer (**vgl. 1.1; 1.2.; 6.4.5 , 6.4.6**).
  - Die huidige leemtes in toerusting en opleiding van ampsdraers tot effektiewe krisis-/traumatoetrede sal ook in die lesinleiding ter sprake kom (**vgl. 6.4.5, 6.4.6.2**).
  - Daar word ook geleentheid gebied vir die bespreking van bostaande behoeftes en leemtes in groepe van vyf – Daarna kan elke groep 'n verteenwoordiger aanwys wat hulle gedagtes kortliks met die groter groep kan deel.

- ***Lesinhoud***

  Die volgende inleidende aspekte word tydens hierdie sessie aan die orde gestel:

  - Die *unieke plek en rol* van die ampsdraers in die terapeutiese hantering van krisis/trauma in die gemeente word duidelik uitgelig (**vgl. 3.1.2; 4.3**).
  - Die *pastorale doelwitte* word verduidelik. In hierdie verband is dit belangrik dat kursusgangers sal verstaan waar pastorale terapie inpas binne die breër studieveld van die praktiese teologie (**vgl. 2.3**).
  - Die leerstrategieë asook norme van interaksie vir hierdie krisistoerustingkursus word vasgestel. Die primêre leerstrategie in hierdie toerustingsprogram is transformatiewe onderrig, alhoewel daar wel ook van informatiewe onderrig gebruik gemaak sal word. Die norme vir interaksie het te doen met groepslede se optrede teenoor mekaar, byvoorbeeld dat lede vry is om vrae te vra, idees te deel en te bespreek en om ook foute te maak (**vgl. 2.4.1.1, 2.4.1.2; 5.3.1, 5.3.1.1, 5.3.1.2, 5.3.2.2**).
  - Die belangrikste terapeutiese beginsels wat gebruik gaan word, word verduidelik. Hier gaan dit byvoorbeeld om beginsels soos die volgende: Tegniek alleen is nie effektief in berading nie; berading is 'n proses; mense kan nie slegs vir 'n uur beraad word en daarna word van hulle vergeet nie; tyd moet met die persone

spandeer word tydens en na krisisse en trauma om *verhoudings te bou*, te *luister* en om dit wat gebeur het *deur te praat* (**vgl. 2.4.4.1; 4.5.5.1**).

- o Ten slotte word sekondêre trauma en ook uitbranding verduidelik asook die belangrikheid van mentorskap, wat sterk aanbeveel word (**vgl. 4.5.5.2; 3.1.3.2**).

- **Lesslot**

  Hier word die hoofpunte en sentrale waarhede van hierdie les herhaal en kernagtig saamgevat.

- **Leerderassessering**

  Die volgende belangrike beginsels moet in gedagte gehou word by die assessering van die leerders: Egte assesseringstake moet gebruik word. Dié take moet gerig wees op die lewenswêreld van die volwassene en dit moet bevestig dat dit wat hulle geleer het, toegepas kan word in die omgewing waarop die onderrig van toepassing is. Hierdie beginsels vir lesassessering sal by elke les toegepas word (**vgl. 5.3.2.2**).

  In notas wat op hierdie stadium aan die leerders uitgedeel word, sal die bostaande hoofpunte en kernwaarhede geskommel word en 'n alfabetletter langs elkeen aangebring word. Die leerders moet vervolgens die hoofpunte en kernwaarhede wat bymekaar pas, met mekaar verbind. Daarna sal die regte antwoorde verskaf word sodat leerders kan sien hoe hulle gevaar het.

- **Lesevaluasie**

  'n *Evaluasievorm* word aan die leerders uitgedeel waarin die lesinhoud en aanbieding op 'n skaal van 1-10 beoordeel word (een is baie swak en tien is uitstekend). Wat betref die lesmateriaal kan aspekte soos les*inhoud*, *relevansie* en die *onmiddellike toepaslikheid* daarvan beoordeel word. Wat betref die lesaanbieding kan aspekte soos *aanbieding styl* en *duidelikheid* beoordeel word. Hierdie evaluasie-vorm word by alle lesse en in al die modules gebruik.

### 7.5.2.2 Les 2 - Die pastoraat bied troos, sorg en hulp vir die mens tydens en na 'n krisis

- **Lesuitkomste**
  - o *Dat die ampsdraer as sieleherder sal besef die pastoraat is 'n ontmoeting en kommunikasie-gebeurtenis waarin die herders bemiddelend moet optree/toetree met behulp van die 'parakletos' (Heilige Gees) in die naam van Jesus die Middelaar tot vertroosting, beskerming, ondersteuning, versorging en bystand vir persone in 'n krisis.*
  - o *Met die voorafgaande in gedagte, impliseer dit dat die pastoraat wesenlik trooshulp beoog.*
  - o *Die ampsdraers sal moet weet dat hul primêre taak is om as opsieners die gemeente van die Here te versorg, waaroor Hy hulle aangestel het.*

- *Hierdie versorging van diegene in nood is die kollektiewe taak van die herders en uiteindelik die taak van die hele gemeente.*

- **Lesinleiding**
  - Die onderhoud met respondent D (die man wat sy werk verloor het en as boemelaar op die straat beland het) word by wyse van 'n gevallestudie bespreek.
  - Na die hantering van hierdie of soortgelyke gevalle word daar in kleiner groepe verdeel sodat kerklike ampsdraers se algemene betrokkenheid tydens en na sulke krisisse bespreek kan word. Daar word veral dan gefokus op aksies vanaf ampsdraers se kant tydens en na krisissituasies wat tot konkrete *troos, beskerming, ondersteuning, versorging en bystand* kan dien vir die betrokke individu in 'n krisis/trauma situasie.
  - Terugvoering van hierdie bespreking deur die kleingroepe word aan die groter groep gedoen deur die groep verteenwoordiger (**vgl. 6.4.7.1**).

- **Lesinhoud**

  Daar word op die volgende aspekte gefokus (**vgl. 2.4.2**) :
  - Trauma en krisisse het die volgende ernstige gevolge op *interpersoonlike verhoudinge*: verbreking en diskonterings van gesins-, vriendskap- en liefdesbande; onvermoë om in 'n naby of intieme verhouding te wees; seksuele probleme; vyandigheid en argumente met familie, werkgewer en kollegas; sosiale onttrekking/isolasie; die gevoel van konstante bedreiging.
  - Die kern van psigologiese trauma is '*disempowerment*' - daarom is herstel gebaseer op die bemagtiging van die oorlewende en die skep van nuwe verbintenisse.
  - 'n Breuk in terme van *verhoudings* kan behandel word deur interpersoonlike strategieë, byvoorbeeld die ontwikkeling van vertrouensverhoudings.
  - S*osiale afsondering* kan behandel word deur sosiale strategieë soos byvoorbeeld die mobilisering van natuurlike ondersteuningsnetwerke soos dié binne 'n familie, lewensmaats, vriende asook die interaksie binne die konteks van die *plaaslike gemeente se lidmate en pastor.*
  - Die eksegese van Hand 20:28 word vervolgens aan die orde gestel omdat 'n Skrifgedeelte soos hierdie belangrik is in die herstel van verbreekte en getermineerde gesins-, vriendskap- en liefdesbande. Dit gaan veral dan ook om die feit dat herstel/genesing na intense krisiservarings normaalweg nie in afsondering kan plaasvind nie, maar eerder binne die wisselwerking van verhoudinge met andere. Binne hierdie proses kan die geestelike leiers binne die plaaslike gemeente dus 'n besondere rol vervul.
  - Ten slotte word belangrike Bybelse terme wat verband hou met die bediening van die pastoraat tot sorg, troos en hulp (*poimen*, *episkopos* en *parakaleo*) bespreek en verduidelik.

- **Lesslot**

  Nog enkele ander Skrifgedeeltes word hanteer wat bostaande lesinhoud verder bevestig en uitbrei (**vgl. 2.4.2.1**).

- **Leerderassessering**

  Die les word deur rolspel geassesseer. Enige twee leerders kan uit vrye wil deelneem of deur die aanbieder gekies word om die beginsels van troos, sorg en hulp asook die ander beginsels wat tydens die les oorgedra is, te demonstreer – hier kan dan van 'n hipotetiese voorbeeld gebruik gemaak word.

**7.5.2.3 Les 3 - 'n Lewende besef van wie God werklik is, help om 'n klimaat te skep waar krisis en trauma deurgewerk kan word**

- **Lesuitkomste**

  *Kursusgangers sal deeglik moet kennis neem van aspekte soos die volgende wat prominent aanwesig is betreffende die denke en emosies van die getraumatiseerde persoon* (**vgl..2.4.3**):

  - *Die vraag na die sin van die lewe.*
  - *Die vraag na geregtigheid (veral waar die trauma gepaard gegaan het met opsetlike onreg) – hiermee saam ook die vraag waarom dit juis met my gebeur het.*
  - *Die vraag na God se betrokkenheid of onbetrokkenheid – dit lyk en voel asof God ver en onbetrokke staan teenoor die mens in lyding.*
  - *Die moontlikheid van opstand en woede teenoor God omdat Hy verantwoordelik gehou word vir dit wat gebeur het – miskonsepsies in hierdie verband sal reggestel moet word.*
  - *Die moontlikheid dat sekere godsdienstige ervaringe en godsdienstige konsepte die konsep van God verwring het – 'n evaluering van die lydensfaktor kan moontlik aandui hoe ver hierdie proses gevorder het.*
  - *Die feit dat 'n lewende besef van wie God werklik is, kan bydra om 'n klimaat te skep wat bevorderlik kan wees ten einde sekere wanpersepsies en gevoelens oor God te korrigeer – dit kan dan ook hierdie persoon help om nou terug te kyk en vanuit 'n nuwe vertroue en perspektief te fokus op die gruweldade/rampe van die verlede.*
  - *Die feit dat hernude vertroue in wie God is, hoop en berusting kan bring wat weer bevorderlik kan wees vir die uiteindelike genesing.*

- **Lesinleiding**

  - Die volwasse persoon bring 'n wye verskeidenheid kennis en lewensondervinding in die onderrig-konteks in.
  - In dié lesinleiding sal die ampsdraers se Godbeskouing - hoe hulle God sien en verstaan - geëksploreer word.

- Dit kan gedoen word deur sekere Godskonsepte aan die leerders voor te hou en waarop hulle dan telkens individueel moet reageer. 'n Uitspraak soos "God is almagtig," kan byvoorbeeld aan die orde gestel word en dan moet daar hierop gereageer word, ensovoorts (**vgl. 4.5.3.3; 5.3.2.2**).

- **Lesinhoud**
  - Die fokus binne hierdie les is besonder sterk op die vraag na wie God werklik is. 'n Realistiese en lewende besef van wie Hy is, kan help om 'n positiewe klimaat te skep vir die suksesvolle deurwerk van krisis en trauma. In hierdie verband sal die klem sterk val op aspekte soos lyding en geloof (die sin-vraag/waarom-vraag), lyding en God (die teodisee-vraagstuk) en verkeerde Godsbeskouinge.
  - Geestelike leiers moet begrip hê vir die feit dat persone wat 'n krisis beleef by geleentheid kwaad mag wees vir God omdat Hy dan verantwoordelik gehou word vir wat gebeur het.
  - Die siening en belewenis rondom die lydensfaktor moet gevolglik deeglik onder die loep kom aangesien dit juis hierdie faktor is wat 'n persoon se *godsdienservaring, godsdienste konsepte en konsepte van God* intens negatief kan beïnvloed. Indien dit dan wel die geval is, sal blokkasies en miskonsepsies oor God reggestel en gekorrigeer moet word.
  - In hierdie verband word daar vervolgens eksegese gedoen van Ps. 73 omdat die teodisee-vraagstuk juis hier baie pertinent ter sprake kom. Die eksegese behels onder andere dat 'n verduideliking gegee word waarom die teks relevant is vir die lydensvraagstuk terwyl die boek en onmiddellike konteks van Ps. 73 verduidelik word en 'n volledige uitleg van die betrokke Skrifgedeelte dan gedoen word (**vgl. 2.4.3.1**).

- **Lesslot**

  Hier word ook aandag gegee aan ander Skrifgedeeltes wat meer lig werp op die teodisee-vraagstuk (**vgl. 2.4.3.1**).

- **Leerderassessering**

  In die assessering van hierdie les is dit belangrik om in gedagte te hou dat mense nie maklik 'n geloofsoortuiging wat vir baie jare gehandhaaf is, verander nie. Daarom sal daar in die lesassessering spesifiek geleentheid gegee word aan leerders om aan te dui tot watter mate hulle hulself kan vereenselwig met die nuwe insigte wat hierdie lesing moontlik vir hulle na vore gebring het met betrekking tot die wese en karakter van God.

### 7.5.2.4 Les 4 - Insig met betrekking tot die sondige aard van die teenswoordige gebroke wêreld

- **Lesuitkomste**
  - *Dat leerders die ware aard en karakter van die teenswoordige wêreld sal besef.*
  - *Die ampsdraer moet weet dat mense nie onaantasbaar in hierdie teenswoordige bose wêreld leef nie.*
  - *Alhoewel Christus die gelowiges verlos uit die greep en houvas van die bose sondige wêreld, lewe*

*gelowige mense steeds binne die konteks van 'n sondige gebrokenheid.*

- *Die teenswoordige wêreld impliseer steeds 'n fase van genade, prediking en bekering vir elke sondaar, asook 'n tyd van troos, sorg en hulp aan elke gelowige.*
- *In die lig van die nood sal ampsdraers in staat moet wees om lidmate wat deur krisis en trauma geraak word, pastoraal te bedien.*

- **Lesinleiding**
  - Van die respondente wat deelgeneem het aan die empiriese navorsing het aangedui dat die krisis /trauma vir hulle onverwags was en dat hulle nie kon glo dat dit met hulle gebeur het nie. Dit gaan dan veral oor twee aspekte: Eerstens was gelowiges nie voorbereid op onverwagse trauma nie en tweedens, het hulle nie gedink dat die krisis of trauma met hulle kon gebeur het nie.
  - Hierdie twee sake word tydens die inleidingsgedeelte in klein groepe bespreek (**vgl. 6.4.7.1**).

- **Lesinhoud**
  - 'n Duidelike insig in die aard en karakter van die teenswoordige wêreld is belangrik vir pastorale ondersteuning van mense in 'n krisis. Dit het te doen met die werklikheidsdimensie waarbinne gelowiges hulself tans bevind. Dit gaan hier as't ware om die oorvleueling van twee tydsfases. Die eerste fase is dié tussen die koms van Jesus as die Messias en die wederkoms, die *parousia* - 'n fase van God se barmhartigheid. Die tweede fase is dié van die toekomstige eeu van verlossing en die ewige lewe vir dié wat in Jesus glo. Enersyds het laasgenoemde fase reeds aangebreek, maar andersyds is eersgenoemde fase nog nie radikaal beëindig nie. Dit is nog die tyd van genade, prediking en bekering aan en vir elke sondaar, asook die tyd van *troos*, *sorg* en *hulp* aan elke gelowige. Die bedeling waarin die kind van God homself tans bevind, is dus die bedeling van 'n spanningsvolle oorvleueling tussen die ou en die nuwe eeu. Hierdie waarheid moet duidelik deur die leerders verstaan word sodat gelowiges voorberei kan word op moontlike krisisse/trauma en nie onder 'n valse indruk verkeer dat hulle immuun is teen die boosheid en gebrokenheid van die teenswoordige wêreld nie.
  - Gal 1:4 word geëksegetiseer omdat die klem hier sterk val op die teenstelling tussen die huidige en toekomstige wêrelde.
  - Verder word daar ook gefokus op belangrike Bybelse terme soos *kosmos, eschatos* en *kairos* waardeur die tweeslagtige eeu waarin die gelowiges hulself tans bevind, verder beklemtoon word (**vgl. 2.4.4.1**).

- **Lesslot**

  Hier word ook aandag gegee aan ander Skrifgedeeltes wat meer lig werp op die spanningsvolle tweeslagtige wêreld waarin die gelowiges hulself tans bevind en wat bostaande lesinhoud verder bevestig en aksentueer (**vgl. 2.4.4.1**).

- **Leerderassessering**

Die onderhoud met respondente A en B word hier hanteer, veral met verwysing na die volgende uittreksel uit die onderhoud:

> *"Die traumagebeurtenis het respondent A en B se veilige wêrelde vernietig. Hulle het geglo dat so iets nie met hulle sou kon gebeur nie. Die wêreld het vir beide respondente 'n onveilige plek geword".*

Die leerders moet nou verduidelik hoe hulle van mening is dat hierdie egpaar beter voorbereid kon gewees het op dit wat met hulle gebeur het en hoe die inhoud van bostaande les gebruik kan word om die egpaar te help met die hantering van hierdie posttraumatiese gevolge (**vgl. 6.4.7.1**).

### 7.5.2.5 Les 5 - Genesing van traumanagevolge deur vergifnis en die bystand van die Heilige Gees

- **Lesuitkomste**
  - *Dat leerders insig sal verkry betreffende die verhoogde psigologiese kwesbaarheid van individue tydens trauma.*
  - *Daar moet duidelike begrip wees betreffende die offer van simpatieke en effektiewe hulp deur die verhewe Christus aan swak mense wat worstel met die druk en probleme van die lewe.*
  - *Insig rondom die feit dat die hulp van die verhewe Christus een van die mees verwaarloosde en onbenutte bronne van hulp is vir gelowiges in tye van menslike krisisse.*
  - *Insig met betrekking tot die belangrike feit dat die onwilligheid om te vergewe dikwels die diep onderliggende rede is vir krisisse binne verhoudings asook persoonlike probleme.*
  - *Begrip vir die kardinale belang van 'n bereidheid by individue om ander van harte te vergewe vir oortredings aangesien God die mens van 'n ontsaglike groot sondeskuld kwytgeskeld het.*
  - *Dat ampsdraers sal besef dat dit hulle taak is om verwonde mense te help om alle negatiewe emosies aan God te gee vir genesing en vrymaking.*

- **Lesinleiding**
  - Inleidend word die vraag gestel: Watter soort genesing kan vanaf die kerk se kant aangebied word aan diegene wat ly as gevolg van erge emosionele trauma?
  - Daar moet begrip wees vir die feit dat mense nie noodwendig die wonde en littekens wat trauma gelaat het, self kan uitkanselleer nie.
  - Belangrike vrae wat in die verband in die klein groepe bespreek kan word, is die volgende: Kan die helper die slagoffer se verhouding met sy geliefdes en die gemeenskap herstel? Kan die slagoffer werklik weer begin

lewe? Kan die slagoffer geleer word om te lewe ten spyte van littekens wat nooit heeltemal sal verdwyn nie? (**vgl. 4.5.5.4** ).

- **Lesinhoud**
  - Onvergewensgesindheid en bitterheid het 'n element van vergelding, om daardie persoon terug te kry. As die oortreder boet of gevoel het wat die slagoffer gevoel het, sal daar dalk vergifnis gegee kan word. Onvergewensgesindheid kan 'n samestelling van verskillende emosies wees soos afkeer, gegriefdheid, woede, vyandskap, haat, bitterheid, stres en vrees – dit is heel dikwels die onmiddellike respons by die persoon wat leed of emosionele verwonding beleef het. Die vermelde emosies sal eers deurgewerk moet word – hiermee saam ook emosies soos woede, aggressie, skuldgevoelens, vrees en depressie - voordat die verontregte persoon sal kan vergewe. Die rede is voor die hand liggend, naamlik dat vergifnis nie werklik gegee kan word voordat negatiewe emosies hanteer is nie.
  - Die pastoraat se taak is vervolgens om die verwonde mens te help om die negatiewe emosies aan die Here te kan gee vir genesing en vrymaking. Indien die emosionele stres nie hanteer word nie, kan dit lei tot verskillende siektes soos byvoorbeeld koronêre hartprobleme, kanker, maagsere, asma, hoë bloeddruk, artritis en tuberkulose.
  - Heb 4:15 en Matt 18:21-35 word vervolgens geëksegetiseer omdat die saak van menslike swakheid en vergifnis hier sterk in fokus is. Die eksegese behels dan ook 'n verduideliking waarom die teks relevant is vir die genesing van trauma. Die perikoop en onmiddellike konteks van Heb 4:15 en Matt 18:21-35 word verduidelik en 'n volledige uitleg van die Skrifgedeelte word gedoen.
  - Ten slotte word daar ook aandag gegee aan twee belangrike terme: menslike swakheid en vergifnis, naamlik *astheneia* en *aphiēmi* (**vgl. 2.4.5.1**).

- **Lesslot**

  Hier word ook aandag gegee aan ander Skrifgedeeltes wat meer lig werp op die temas wat bespreek is, veral dan ook die tema van vergifnis (**vgl. 2.4.5.1**).

- **Leerderassessering**

  Die onderhoud met respondent C word hier hanteer. Daar kan aan die ampsdraers gevra word hoe hulle van mening is dat hierdie vrou wat deur haar pa gemolesteer is, gehelp kan word om by 'n punt van vergifnis te arriveer en uiteindelik dan ook heling te kan ervaar van die nagevolge van die trauma. Die bespreking kan in klein groepe plaasvind. 'n Verteenwoordiger uit elke groep kan dan kortliks die groep se standpunt verwoord (**vgl. 6.4.7.1**).

### 7.5.3 Module 2: Basiese krisisversorgings- en krisisintervensiebeginsels

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat hierdie tweede module deurloop word deur leerders wat reeds module 1 voltooi het en daarom kan daar nie vir hierdie module geregistreer word tensy dat dit die geval is nie.

#### 7.5.3.1 Les 1 - Wat is 'n krisis?

- **Lesuitkomste**
  - *Dat die ampsdraers die noodsaaklikheid sal besef betreffende toerusting rondom krisisberading aangesien 'n verkeerde krisisdiagnose die beplande hulp vir persone kan laat misluk, met destruktiewe gevolge .*
  - *'n Besef van die feit dat vaardigheid betreffende krisisberading nie noodwendig baie jare van opleiding en ontwikkeling vereis nie.*
  - *Dat kerklike ampsdraers op hoogte sal wees met betrekking tot krisisberading oor die algemeen ten einde in staat te wees om van die kerk se kant af die nodige hulp te kan verleen aan diegene wat deur krisisse geraak is.*

- **Lesinleiding**
  - Die leerders kan twee-twee met mekaar in gesprek tree en aan mekaar verduidelik wat 'n krisis is en watter krisisse hulle al persoonlik beleef het.
  - Aan verskeie leerders word dan geleentheid gebied om hul insigte in hierdie verband met die groter groep te deel.

- **Lesinhoud**
  - Die definisies van wat 'n krisis is, soos geformuleer deur leerders: voorafgaande bespreking, word vervolgens bespreek en behandel (**vgl. 3.2.1 - 3.2.11**).
  - Hierdie bespreking word verder aangevul met 'n bespreking van die algemene kenmerke van 'n krisis soos gereflekteer binne die navorsing en literatuur wat hiermee verband hou (**vgl. 3.3**).

- **Lesslot**

  Die kernwaarhede van die lesinhoud word kortliks saamgevat en opgesom op 'n wyse dat die leerders dit maklik sal kan onthou.

- **Leerderassessering**

  In notas wat aan die leerders uitgedeel word, word die volgende woorde gegee: *'n Krisis is ....* Die leerders moet nou in hul eie woorde beskryf wat 'n krisis is soos hulle dit uit die lesing verstaan het. Nadat hulle klaar is met hierdie aktiwiteit word 'n geleentheid gegee dat van hierdie definisies weer eens aan die groter groep gelees word. Hierdie formulerings word dan ook vergelyk met die aanvanklike definisies wat uit die klein groepe na vore gekom

het - sodoende kan dan ook geassesseer word of die leerders tot meerdere insig gekom het betreffende die veld van krisisberading in die breë.

#### 7.5.3.2 Les 2 - Aanleidende oorsake tot 'n krisistoestand

- **Lesuitkomste**
  - *Dat die leerders presies sal verstaan wanneer individue gedisoriënteer raak as gevolg van die ervaring van 'n krisis.*
  - *Dat leerders sal verstaan wat die rol van presipiteerders is wat oor die algemeen aanleiding gee tot 'n aktiewe krisis.*
  - *Dat leerders insig sal hê betreffende die tipiese predisponerende faktore wat sommige persone meer kwesbaar maak vir die negatiewe implikasies van 'n krisiservaring.*

- **Lesinleiding**
  - Die onderhoud met respondent G (wat haar ouers drie dae uitmekaar aan die dood afgestaan het - of soortgelyke gevalle) word bespreek.
  - Die leerders gee hul mening betreffende al die moontlike faktore wat aanleiding kon gee dat die betrokke persoon uiteindelik 'n aktiewe krisis beleef het (**vgl. 6.4.7.1**).

- **Lesinhoud**

  Die aanleidende oorsake wat lei tot 'n aktiewe krisis word in hierdie les behandel – dit sluit die volgende in:
  - Bedreigende omstandighede of presipiteerder (**vgl. 3.5.1**).
  - Persoonlike belewenis (**vgl. 3.5.2**).
  - Hantering van persoonlike bronne (**vgl. 3.5.3**).
  - Predisponerende faktore (**vgl. 3.5.4**).
  - Die beskrywing van 'n tipiese aktiewe krisis (**vgl. 3.5.5**).

- **Lesslot**

  Die kern aspekte wat aanleiding gee tot disoriëntering as gevolg van 'n krisis word bondig saamgevat en daar word 'n geleentheid gegee vir die bespreking van elk van hierdie aspekte in die groot groep.

- **Leerderassessering**

  Die belangrikste aspekte wat lei tot 'n aktiewe krisis word in die leerders se notas vervat. Vervolgens word 'n lys van stellings bygevoeg wat by elkeen van hierdie aspekte pas. Die stellings word egter geskommel en die leerders moet nou die regte stelling met die tersaaklike aanleidende aspek (tot 'n aktiewe krisis) verbind. Die regte antwoorde word uiteindelik gegee sodat die leerders kan evalueer hoe hulle gevaar het.

#### 7.5.3.3 Les 3 - Verskillende kategorieë van krisiservaringe

- **Lesuitkomste**

  *Dat die leerders aan die einde van die les duidelike insig sal hê betreffende die verskillende kategorieë van krisiservaringe.*

- **Lesinleiding**
  - Verskillende kategorieë van krisisse word aan die leerders voorgehou.
  - Vervolgens word 'n lys van krisisse voorgehou en dan word daar van die leerders verwag om elkeen hiervan te kategoriseer volgens die aanvanklike lys van kategorieë.
  - Die doel van hierdie aktiwiteit is om die bestaande kennis van die leerders betreffende krisiskategorieë te verbreed.

- **Lesinhoud**

  Meeste navorsers met betrekking tot krisisberading maak gebruik van veral twee hoofkategorieë van krisisse, naamlik ontwikkelings – en situasie krisisse. Benewens hierdie groot onderskeiding is daar ook kleiner verdelings wat verband hou met aspekte soos eksistensiële krisisse, disposisionele krisisse, verwagte krisisse, onverwagte krisisse, ontwikkelingskrisisse, ensovoorts. Al die onderskeie krisiskategorieë sal volledig in die lesing behandel word (**vgl. 3.6.1 - 3.6.3**).

- **Lesslot**

  Die verskillende krisisindelings word op samevattende wyse herhaal en daar word gewys op die tipe pastorale ingrepe wat by elkeen van hierdie krisisse beoog word.

- **Leerderassessering**

  Soos in die inleiding sal hier verskillende tipe krisisse aan die leerders voorgehou word en hulle moet dan in staat wees om aan elkeen 'n naam te gee en dit dan ook te kategoriseer.

#### 7.5.3.4 Les 4 - Die onderskeie fases van 'n krisis

- **Lesuitkomste**

  *Dat die leerders aan die einde van die les die onderskeie fases van 'n krisis ervaring sal kan onderskei en sal kan verduidelik.*

- **Lesinleiding**
  - 'n Gevallestudie word hier hanteer.
  - Die leerders probeer om die fases te identifiseer wat aanleiding gegee het tot die disorganisasie en disoriëntering by respondente D en G.
  - Die tipe/soort krisis wat respondente D en G beleef het, word ook hier geïdentifiseer (**vgl. 6.4.7.1**).

- **Lesinhoud**
  - Daar is dikwels identifiseerbare fases van ontwikkeling wat uiteindelik lei tot 'n aktiewe krisis oestand en hierop word vervolgens in hierdie les gefokus.
  - Verder word daar ook onderskei tussen krisisfases wat meer te doen het met verwagte of oorgangskrisisse teenoor krisisfases wat meer van toepassing is by skokkende gebeure soos byvoorbeeld verkragtings, skielike dood of die nuus van 'n terminale siekte.
  - Ten slotte word die fases wat verband hou met die draaipunt en wat gewoonlik lei na groei en genesing ook behandel (**vgl. 3.7**).

- **Lesslot**

  In die les slot word die verskillende fases wat binne verskillende soorte krisisse onderskei kan word kortliks herhaal en en daar word ook op sekere ooreenkomste en verskille gelet.

- **Leerderassessering**

  Die leerders moet die verskillende fases wat in 'n krisis voorkom, kan identifiseer – ook met betrekking tot verskillende soorte krisisse. Die spesifieke tipe krisisse kan beskryf word en dan moet die leerder ook die tersaaklike fases kan onderskei.

### 7.5.3.5 Les 5 - Krisisintervensie

- **Lesuitkomste**

  *Dat die ampsdraers sal weet wat krisisintervensie behels en hoe om dit suksesvol toe te pas.*

- **Lesinleiding**
  - Die inhoud van hierdie les sal in meer as een lesing hanteer moet word.
  - Wanneer hulp tydens 'n krisis aangebied word, moet die pastorale hulpverlener besef dat die grond waarop hy staan in 'n sekere sin heilige grond is aangesien mense bereid is om iemand toe te laat om insig te verkry in hul diepste menswees – rondom hierdie aspek sal daar inleidend gesprek gevoer word.
  - Die oogmerk en uitdaging rondom krisisintervensie sal verder verduidelik word aan die hand van 'n stelling soos die volgende:

*"Things and people break down, at least temporarily, all the time; and the whole purpose of crisis counseling, no matter who the counselor is, is to get them going again"* ( Kennedy, 1981:1).

- **Lesinhoud**

  Aspekte wat hier aan die orde gestel sal word, is die volgende:

  - Hoe 'n krisisdiagnose gemaak moet word (**vgl. 3.8.1**).
  - Wat die doelwitte is wat krisisintervensie wil bereik (**vgl. 3.8.2**).
  - Belangrike aspekte betreffende die onderskeid tussen korttermyn en langtermyn krisisintervensie (**vgl. 3.8.3**).
  - Die verskillende vlakke van krisisintervensie (**vgl. 3.8.4**).
  - Die noodsaaklike voorwaardes tot krisisintervensie (**vgl. 3.8.5**).
  - Belangrike benaderings wat van toepassing is in 'n een tot een krisisintervensie (**vgl. 3.9.1.1 – 3.9.1.4**).
  - Die bespreking van enkele ander benaderings tot krisisintervensie (**vgl. 3.9.2**).

- **Lesslot**

  Die kernwaarhede sal opsommenderwys saamgevat word en puntsgewys in die notas weergee word wat aan die leerders uitgedeel word, sodat dit maklik gememoriseer kan word.

- **Leerderassessering**

  Die situasies van respondente D en G (of soortgelyke gevalle) word bespreek. Die leerders moet deur rollespel demonstreer hoe hulle die bostaande krisisintervensietegnieke gaan gebruik om respondente D en G te help ten tye van die betrokke krisisse (**vgl. 6.4.7.1**).

## 7.5.4 Module 3: Kliniese aspekte van trauma en die kliniese hantering van die getraumatiseerde mens

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat hierdie derde module deurloop word deur leerders wat reeds modules 1 en 2 voltooi het - module 3 voorveronderstel dan ook die kennis van modules 1 en 2.

### 7.5.4.1 Les 1 – Die onderskeie fases van 'n traumatiese ervaring en hulpverlening

- **Lesuitkomste**
  - *Dat die leerders sal weet wat die definisie van psigologiese trauma is.*
  - *Dat die leerders sal begryp watter aspekte 'n rol speel betreffende 'n individu se belewenis van 'n spesifieke traumatiese ervaring.*
  - *Dat die leerders die onderskeie fases van psigologiese trauma sal kan beskryf.*
  - *Dat leerders sal weet watter tipe hulp nodig is binne elke onderskeie fase van die prose.s*

- **Lesinleiding**
  - Hier word gefokus op 'n definisie van psigologiese trauma (**vgl. 5.5.1**),
  - Asook op aspekte wat 'n individu se hantering en belewenis van trauma kan beïnvloed (**vgl. 5.5.2**).

- **Lesinhoud**

  Hier word besonder gefokus op die volgende tipiese fases wat tydens en na 'n traumagebeurtenis onderskei kan word (**vgl. 5.5.3.1- 5.5.3.5**):
  - Pre-impakfase
  - Impak of skokfase
  - Reaksiefase
  - Terugtrek of vermydingsfase
  - Integrasiefase

  Verder word daar ook aandag gegee aan die hele kwessie rondom hulpverlening tydens die eerste 72 uur na die traumagebeurtenis (**vgl. 5.5.3.5**).

- **Lesslot**

  Die tipiese fases tydens en na trauma word kernagtig saamgevat met dan ook 'n kort opsomming van die hulp wat by elkeen aangebied kan word.

- **Leerderassessering**

  Op die notas wat die leerders ontvang, word 'n lys gegee van die tipiese fases tydens en na 'n trauma. Dan word daar ook 'n tweede lys gegee van hulpverleningsaksies. Van die leerders word dan verwag om die regte fase met die regte aksie te koppel. Uiteindelik word die korrekte antwoorde gegee en elkeen kan dan hul weergawe hiermee vergelyk.

### 7.5.4.2 Les 2 – Ontlonting (*defusing*)

- **Lesuitkomste**

  *Dat die ampsdraers sal weet hoe om kort na traumagebeure die nodige ontlonting te kan doen.*

- **Lesinleiding**
  - 'n Aantal werklike en/of hipotetiese krisisse/traumas wat sopas plaas gevind het, word as voorbeeld voorgehou en dan moet die leerders beskryf hoe hulle elke situasie op die toneel sal hanteer.
  - Hierdie aktiwiteit kan in die groot groep plaasvind. Deelnemers kan uit vrye wil deelneem of genomineer word deur die aanbieder.

- **Lesinhoud**

  'n Definisie van ontlonting word gegee, kenmerke van die ontlontingsproses word behandel en die oogmerke van ontlonting word bespreek (**vgl. 5.5.4.1**).

- **Lesslot**

  Die kern waarhede in die lesinhoud word nou bondig saamgevat sodat dit gebruik kan word vir die assessering van die leerders.

- **Leerderassessering**

  Die lesinhoud wat bondig saamgevat is, word saam met 'n klompie ander stellings in die ampsdraers se notas gedruk met die opsie van "waar/vals" langs elke stelling. Die leerder moet vervolgens elke stelling evalueer.

**7.5.4.3 Les 3 – De-aktivering** (*debriefing*)

- **Lesuitkomste**

  *Dat die ampsdraers op hoogte sal wees betreffende die proses van de-aktivering.*

- **Lesinleiding**
  - Die onderhoud met respondente A en B word hanteer.
  - Die leerders moet vervolgens verduidelik hoe die proses van de-aktivering met 'n egpaar onder soortgelyke omstandighede hanteer behoort te word (**vgl. 6.4.7.1**).

- **Lesinhoud**

  'n Definisie van de-aktivering word gegee, die kenmerke word bespreek en die oogmerke van die proses van de-aktivering word aan die orde gestel (**vgl. 5.5.4.1**).

- **Lesslot**

  Die lesinhoud word kortliks saamgevat.

- **Leerderassessering**

  Die situasies van respondente E en F (of soortgelyke gevalle) word bespreek. Die leerders moet deur rollespel en die gebruik van die bostaande kennis demonstreer hoe hulle die negatiewe *trauma respons* van die gesin wat is deur 'n motorongeluk geraak is, tydens die eerste 72 uur gaan de-aktiveer (**vgl. 6.4.7.1**).

#### 7.5.4.4 Les 4 - Kliniese aspekte van die nagevolge van trauma

- **Lesuitkomste**

  *Dat die leerders op hoogte sal wees van die tipiese kliniese nagevolge van 'n traumatiese gebeurtenis.*

- **Lesinleiding**

  As deel van die empiriese navorsing was een van die oop vrae wat aan gemeentelede gestel is (vraag 19) die volgende: "Watter tipe uitwerking het die traumatiese ervaring op u lewe gehad ?" Die antwoorde op hierdie vraag word vervolgens hier hanteer (**vgl. 6.4.6.1**).

- **Lesinhoud**

  Die kliniese nagevolge van 'n traumagebeurtenis word hier hanteer en dit sluit onder andere in aspekte soos die volgende:

  - Fisiese, emosionele, kognitiewe en algemene persoonlike en gedragsnagevolge (**vgl. 5.5.5**).
  - Post-traumatiese nagevolge soos hipersensitiwiteit, herbelewing en gevoelloosheid/afstomping (**vgl. 5.5.5.1**)
  - Kenmerke van post-traumatiese stresversteuring (**vgl. 5.5.5.1**).

- **Lesslot**

  Die les word nou kernagtig saamgevat en aan die leerders word die geleentheid gebied om vrae te stel.

- **Leerderassessering**

  By die empiriese navorsing is daar met betrekking tot respondente A, B, C, E, F en G onder andere telkens gefokus op die nagevolge wat die deelnemers na hulle trauma beleef het. Die antwoorde wat die respondente gegee het, word nou hier in die groot groepe bespreek en die leerders moet in staat wees om hierdie gegewens te kan vergelyk met die teoretiese inhoud van die les wat reeds behandel is (**vgl. 6.4.7.1**).

#### 7.5.4.5 Les 5 - Kliniese behandeling van trauma

- **Lesuitkomste**

  *Dat die ampsdraers sal weet wat die kliniese aspekte is wat betrokke is by die terapeutiese behandeling van post-traumatiese nagevolge.*

- **Lesinleiding**

  - Navorsing dui aan dat 13.89% van kerklike lidmate na sielkundiges gaan vir berading, 12.04% na leraars en 13.89% na pastorale beraders (**vgl. 6.4.5.1**).

- Uit verdere navorsing het geblyk dat 40% persone geneig is om heel eerste na 'n geestelike leier te gaan vir hulp tydens 'n krisis (**vgl. 4.3**).
- Om hierdie rede is dit des te meer belangrik dat geestelike leiers deeglik kennis sal dra van die kliniese aspekte verbonde aan die proses van pastorale traumaberading.
- In hierdie studie word 'n multidissiplinêre benadering voorgestaan betreffende die hantering van menslike probleme aangesien die mens 'n eenheidswese is en as sulks op 'n holistiese wyse benader moet word. Dit impliseer dat die fisiese, psigiese en geestelike aspekte in ag geneem moet word wanneer hulp verleen word rondom trauma- en krisisberading.

- **Lesinhoud**

Hier word veral op die volgende aspekte gefokus:

- Die belangrikheid van storievertelling en traumasnellers (**vgl. 5.5.6, 5.5.7**).
- Sekere belangrike kliniese perspektiewe met betrekking tot die helingsproses van post-traumatiese gevolge word uitgelig (**vgl. 5.5.8.1, 5.5.8.2**).

- **Lesslot**

Die les word kortliks saamgevat en aan die leerders 'n geleentheid gegee om vrae te vra.

- **Leerderassessering**

Daar word gebruik gemaak van die onderhoude met respondente A, B, C, E, F en G (of soortgelyke gevalle). Die resultate wat telkens onder die hofie "Berading" aan die orde gestel was, word nou behandel. Die leerders verdeel vervolgens in klein groepe om die ondersteuning wat by elkeen van die gevalle gegee is, te evalueer. Verder moet hulle ook die berading wat aan die respondente gegee is, vergelyk met die kliniese aspekte wat in die les behandel is (**vgl. 6.4.7.1**).

#### 7.5.4.6 Les 6 – Uitbranding en stres asook sekere regsaspekte

- **Lesuitkomste**
  - *Dat die leerders aan die einde van die les die prosesse van stres en uitbranding sal verstaan.*
  - *Dat leerders ook kennis sal neem van die feit dat daar dikwels ook sekere regsimplikasies ter sprake is by traumaberading.*

- **Lesinleiding**
  - Emosionele stres, net soos fisiese stres, kan lei tot verskillende siektes soos byvoorbeeld: koronêre hartprobleme, kanker, maagsere, asma, hoë bloeddruk, artritis, tuberkulose, ensovoorts.
  - Hierdie stelling word nou in die groot groep bespreek en op hierdie wyse word leerders se bestaande kennis betreffende stres dan ook geëvalueer (**vgl. 2.4.5.1**).

- **Lesinhoud**

  Hier word veral op die volgende aspekte gefokus:

  - 'n Definisie van stres word gegee (**vgl. 5.6.1**).
  - Die onderskeid tussen gesonde en ongesonde stres word verduidelik (**vgl. 5.6.2, 5.6.3**).
  - Die streskringloop word behandel (**vgl. 5.6.5**).
  - Effektiewe streshantering word aan die orde gestel (**vgl. 5.6.6**).
  - Regsimplikasies met betrekking tot die veld van trauma (**vgl. 5.7**).

- **Lesslot**

  Die lesinhoud word opgesom en aan die leerders word 'n geleentheid gegee om vrae te vra.

- **Leerderassessering**

  Die volgende aspekte moet kernagtig deur leerders beskryf kan word:

  - 'n Kort definiisie van stres.
  - Die onderskeid tussen gesonde en ongesonde stres.
  - Die streskringloop.
  - Riglyne om iemand wat met ongesonde stres worstel, pastoraal te begelei.
  - Redes waarom regsimplikasies betreffende trauma in gedagte gehou moet word.

  Die vrae kan aan die groot groep gestel word en leerders sal willekeurig gekies word om die vrae te beantwoord.

### 7.5.4 Module 4: Gekompliseerde trauma en die pastorale hantering daarvan

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat hierdie vierde module deurloop word deur ampsdraers wat reeds modules 1, 2 en 3 suksesvol voltooi het aangesien module 4 dan ook die kennis van die voorafgaande drie modules veronderstel.

#### 7.5.5.1 Les 1 - Aspekte wat trauma-ervaring kompliseer

- **Lesuitkomste**

  *Dat die leerders aan die einde van die les insig sal hê met betrekking tot gekompliseerde trauma, asook die aanleidende faktore daartoe.*

- **Lesinleiding**

  Binne die krisispastoraat word onderskeid gemaak tussen eerste orde en tweede orde krisisintervensie (soms word daar in hierdie selfde verband ook verwys na die onderskeid tussen 'psigologiese eerstehulp' enersyds, en '*multimodal*' krisisterapie andersyds) . Daar is 'n aantal krisissituasies waar die mees intense gevoelens en gedrag oor die algemeen langer as ses weke neem om op te klaar en in sulke gevalle gaan dit dan om tweede orde

krisisintervensie. Gebeure wat hier as voorbeeld kan dien, is die dood van 'n geliefde, egskeiding, reaksie op 'n hartaanval of die reaksie op die diagnose van 'n terminale siekte. By hierdie lys kan verder gevoeg word: *kriminele viktimisering*: verkragting, moord, kindermishandeling; *natuurrampe*: vloede, brande, aardbewings, orkane; *mensgemaakte rampe*: oorlog, bendegeweld, terrorisme, oorlogsmisdade; *katastrofiese ongelukke*: erge motor-, vliegtuig-, of industriële ongelukke; en laastens *hoë stresvolle werke*: nooddienste, brandweer, gesondheidsorg en polisiemanne en -vroue. 'Psigologiese eerstehulp' (of eerste orde krisisintervensie) is in sulke gevalle dus nie meer voldoende nie aangesien dit dikwels om 'n uitgerekte proses gaan wat weke en selfs maande kan duur. Teen hierdie agtergrond word daar dan ook verwys na *gekompliseerde traumaberading* (**vgl. 4.1**)

- **Lesinhoud**

  Hier word veral gefokus op die aspekte wat 'n trauma-ervaring kan kompliseer en aan die hele proses dan 'n meer uitgerekte karakter gee wat gewoonlik dan ook uitloop op post-traumatiese stresversteuring (**vgl. 4.5.1.1- 4.5.1.7**).

- **Lesslot**

  Die aspekte wat 'n trauma-ervaring kompliseer, word bondig saamgevat.

- **Leerderassessering**

  Die beskrywing van die situasies van respondente A, B, C, D, E, F en G word in die notas weergegee. Die leerders verdeel in klein groepe en probeer dan met betrekking tot elk van die respondente aspekte identifiseer wat aanleiding sou kon gee tot die komplisering van die spesifieke traumabelewenis (**vgl. 6.4.7.1**).

### 7.5.5.2 Les 2 - Die gevolge van gekompliseerde trauma

- **Lesuitkomste**

  *Dat die leerders aan die einde van die les op hoogte sal wees betreffende die tipiese nagevolge van gekompliseerde trauma.*

- **Lesinleiding**

  Alhoewel daar reeds verwys is na die kliniese gevolge (**vgl. 7.5.4.4**) van psigologiese trauma, word in hierdie les meer gefokus op nagevolge van gekompliseerde trauma.

- **Lesinhoud**

  Hier word veral op die volgende aspekte gefokus:

  - Die onmiddellike impak van 'n afgryslike trauma (**vgl. 4.5.2.1**).
  - Die neuro-biologiese abnormaliteite as gevolge van 'n onstellende trauma (**vgl. 4.5.2.2**).

- Die verlies aan sekere menslike veronderstellinge as gevolg van 'n verpletterende traumatiese ervaring (**vgl. 4.5.2.3**).

- **Lesslot**

  Die moderne mens is nie toegerus om weersinwekkende trauma te hanteer nie. Wanhoop en 'n gebrek aan rigting en sekuriteit tree heel dikwels sterk na vore tydens en na 'n traumatiese gebeurtenis. Daar is geen toekomsblik nie en 'n gevoel van persoonlike onvermoë oorheers die situasie - hierdie persoon word dus 'n mens sonder hoop. Daar kan tereg gevra word of die hedendaagse teologiese beoefening werklik 'n antwoord op hierdie problematiek het. Dit het inderdaad 'n geweldige uitdaging geword om 'n pastorale bediening in die Naam van God deur te voer te midde van 'n wêreld waar 'n visie van God se krag en Sy beheer oor gebeure besig is om te vervaag.

- **Leerderassessering**

  Die bostaande lesslot word nou in klein groepies bespreek en moontlike antwoorde word gegee op die vraag of die hedendaagse teologiese beoefening konkrete antwoorde kan bied op die problematiek rondom onverwagte trauma asook mense se belewenis van God te midde daarvan.

**7.5.5.3 Les 3 - Geestelike aspekte van gekompliseerde trauma-ervaring**

- **Lesuitkomste**

  *Dat die leerders aan die einde van die les insig sal hê met betrekking tot die geestelike implikasies betreffende die geloofslewe van lidmate wat geraak word deur gekompliseerde trauma.*

- **Lesinleiding**

  Die oop vrae wat in die empiriese navorsing aan gemeentelede gestel is en wat handel oor die geestelike aspekte van trauma (**vrae 3, 5, 6 en 7**), word vervolgens bespreek in klein groepe – Daarna dra die verteenwoordiger van elke klein groep hulle bevindinge en gevolgtrekkings voor aan die groot groep (**vgl. 6.4.6.1**).

- **Lesinhoud**

  Die volgende aspekte word beklemtoon:

  - Die woord *trauma* as 'n Bybelse term (**vgl. 4.5.3.1; 1.1**).
  - Die geestelike verliese as gevolg van oorweldigende trauma (**vgl 4.5.2.4**).
  - Trauma skep heel dikwels die milieu tot 'n geloofskrisis – belangrik om hier ook te fokus op die rol van die bose binne die teenswoordige wêreld (**vgl. 4.5.3.2**).
  - Die hantering van die lydensvraagstuk met spesifieke verwysing na lyding en geloof, en lyding en God (**vgl. 4.5.3.3**).

- **Lesslot**

  Die geestelike aspekte wat betrokke is by gekompliseerde trauma word kernagtig opgesom.

- **Leerderassessering**

  Die situasies van respondente A, B, C, F en G word hier bespreek en die leerders moet in staat wees om die geestelike aspekte en implikasies wat betrokke was by elk van die situasies te identifiseer (**vgl. 6.4.7.1**).

**7.5.5.4 Les 4 - Gekompliseerde trauma binne die gesin**

- **Lesuitkomste**

  *Dat die leerders aan die einde van die les sal begryp dat trauma waardeur 'n gesinslid geraak word, uiteindelik die hele gesin raak en dat almal hulp benodig, al was hulle nie noodwendig almal persoonlik betrokke nie.*

- **Lesinleiding**

  Die situasies van respondente E en F (soos bespreek by die empiriese navorsing) word in die klein groepe bespreek om vas te stel tot watter mate die motorongeluk waarin die gesin betrokke was, die gesin as 'n sisteem ontwrig het (**vgl. 6.4.7.1**).

- **Lesinhoud**

  Daar word gefokus op gekompliseerde trauma en die gevolge daarvan op die gesin as 'n sisteem (**vgl. 4.5.4**).

- **Lesslot**

  Die lesinhoud word kernagtig saamgevat en die hoofpunte word in die notas aan leerders deurgegee.

- **Leerderassessering**

  Die situasies van respondente E en F wat in die les inleiding bespreek is, word hier weer bespreek in klein groepe. Die leerders moet verduidelik hoe hulle die gesin wat deur die motorongeluk geraak is tydens en na die trauma sou beraad het. Terugvoering word deur die verteenwoordiger van elke klein groep aan die groot groep gegee (**vgl. 6.4.7.1**).

#### 7.5.5.5 Les 5 - Riglyne vir pastorale begeleiding

- **Lesuitkomste**

  *Dat die leerders aan die einde van die les in staat sal wees om diegene wat deur trauma geraak is, pastoraal te kan begelei.*

- **Lesinleiding**

  Die situasies van respondente A, B, C, E en F (soos bespreek by die empiriese navorsing) word hier hanteer met spesifieke verwysing na die berading wat die respondente ontvang het tydens en na die trauma-ervaring (**vgl. 6.4.7.1**).

- **Lesinhoud**

  Hier word gefokus op die volgende aspekte:

  - Lesse wat geleer word deur betrokkenheid by traumaslagoffers (**vgl. 4.5.5.3**)
  - Genesing van gekompliseerde trauma, met as onderafdelings die volgende aspekte (**vgl. 4.5.5.4**)
    - Verskillende vorme van gekompliseerde traumagenesing
    - Genesing impliseer 'n keuse
    - Verandering wat tot genesing lei
    - Geestelike genesing van emosionele verwonding

- **Lesslot**

  Die hoofpunte van die les word kernagtig saamgevat en in die notas vervat.

- **Leerderassessering**

  Die situasies van respondente A en B, C en E en F wat in die lesinleiding bespreek is, word hier weer behandel in klein groepe. Die leerders moet verduidelik hoe hulle hierdie traumagevalle sou beraad. Terugvoering word deur die verteenwoordiger van elke klein groep aan die groot groep gegee (**vgl. 6.4.7.1**).

## 7.6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die navorsing het van die hipotese uitgegaan dat daar 'n tekortkoming by ampsdraers bestaan met betrekking tot effektiewe pastorale bystand aan lidmate tydens en na krisis- of trauma-ervaringe. Teen hierdie agtergrond is daar vervolgens in hierdie hoofstuk 'n toerustingsprogram voorgestel wat kerklike ampsdraers in staat sal stel om sinvolle pastorale hulpverlening te bied aan persone tydens en na krisis- en gekompliseerde trauma-ervaringe.

Die voorgestelde program sal op verskillende vlakke aangebied word, afhangende van die bekwaamheid, ervaring en effektiwiteit van diegene wat die betrokke module bywoon. Elke vlak bevat benewens sy unieke kenmerke ook die kenmerke van die laer vlakke – dit is dus verkieslik dat leerders die modules in kronologiese volgorde sal deurloop aangesien die inhoud van die modules kronologies voortbou op mekaar en ook telkens sekere vorige basiese vertrekpunte as reeds verworwe kennis veronderstel.

Dit wat uiteindelik hier gekristalliseer het in die vorm van praktyk-teoretiese riglyne is dan ook die uitvloeisel en integrering van die voorafgaande basis-teoretiese asook metateoretiese perspektiewe wat aanvanklik eers nagevors en geformuleer is.

# AFDELING 5: FINALE GEVOLGTREKKINGS

## HOOFSTUK 8 - SAMEVATTING EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

### 8. 1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die essensie van elke voorafgaande hoofstuk weer kortliks aan die orde gestel met die doel om die belangrikste beginsels met betrekking tot die toerusting van kerklike ampsdraers tot effektiewe krisisberaad te aksentueer.

### 8.2 SAMEVATTING VAN BASISTEORIE PERSPEKTIEWE

#### 8.2.1 Eksegetiese perspektiewe

#### 8.2.1.1 Toerusting binne die Nuwe Testament

- **Toerusting deur onderrig in die bediening van Jesus (Matt 4:23; Joh 13:13)**

  Jesus het as leermeester in sy bediening mense hoofsaaklik toegerus deur hulle te leer/onderrig – met ander woorde *toerusting deur onderrig.* Matt 4:23 bevestig dat onderrig een van die belangrikste funksies in die bediening van Jesus was. Lering/onderrig sou dan ook beskou kan word as 'n noodsaaklike deel van 'n krisisberadingtoerustingsprogram vir kerklike ampsdraers tot effektiewe pastorale begeleiding van gelowiges tydens of na krisiservarings. Die sentrale gedagte in onderrig is *om te veroorsaak dat iemand leer/weet.* Om onderrig te gee en te leer, is nie net 'n skolastiese aksie waar dit suiwer gaan om die oordra van inligting nie – dit is egter ook dinamies aangesien dit 'n *persoonlike verhouding* veronderstel en bestaan uit leeraktiwiteite om kennis te verwerf. Die leraar moet 'n voorbeeld/model wees vir hulle wie hy onderrig en ook betrokke wees by die leerders self – in hierdie opsig het die leraar dus 'n baie besondere invloed op die leerling.

  As dit by berading kom, wys Jesus Christus deur sy voorbeeld dat bloot tegniek op sigself nie voldoende is nie. Sy verhouding met die mense wat Hy bedien het, het egter telkens die finale deurslag gegee en dit was dan ook die basis van Sy benadering. Vir Jesus was berading 'n proses - met ander woorde, Hy het nie net mense vir 'n een uur-sessie gesien tydens 'n afspraak en dan van hulle vergeet nie. Hy het egter tyd met hulle spandeer deur hulle in diepte te help deur die moeilike tye van die lewens. Die krisisberadingsonderrigproses is dus gefokus op die hele persoon - met ander woorde, dit gaan nie soseer om teorieë of tegnieke wat uit handboeke aangeleer is nie. In hierdie verband moet die krisisberader self groei as mens wat vir ander 'n model of voorbeeld is van iemand wat 'n doel het in die lewe, wat bevredigende interpersoonlike verhoudings het en iemand wat sy lewensinsigte op 'n gepaste wyse kan toepas en moduleer.

- **Die *charismata* in diens van die gemeente is die basis vir toerusting in die Nuwe Testamentiese gemeentes (Efe 4:12)**

  Die geroepe bedienaars, as gawes van die Heilige Gees aan die gemeente, is primêr verantwoordelik om gelowiges sodanig toe te rus dat hulle bekwaam sal wees om hulle werk te kan doen. Dié toegeruste gemeentelede se gawes kom juis tot verwesenliking wanneer hulle ander gelowiges daarmee bedien. Die doel van die toerusting en diens is dat die gelowiges as 'n geestelike liggaam opgebou sal word. Die opbou van die gelowiges as liggaam is uiteindelik daarop gefokus om hulle te begelei na diensbaarheid en geestelike volwassenheid.

**8.2.1.2 Pastorale versorging binne die Nuwe Testamentiese konteks (Hand 20:28)**

- **Die pastoraat moet dien as *troos, sorg* en *hulp vir die mens in krisis***

  Die pastoraat is 'n ontmoeting- en kommunikasiegebeure waarin die geestelike leiers bemiddelend moet optree met behulp van die '*Parakletos*' in die naam van Jesus die Middelaar, tot troos, sorg en hulp vir persone in 'n krisis. Met die voorafgaande in gedagte, impliseer dit dat die pastoraat wesenlik paraklese of trooshulp beoog. Die ampsdraers se taak as opsieners is dan ook om die gemeente van die Here, waaroor Hy hulle aangestel het te versorg. Die versorging van diegene in nood is die kollektiewe taak van die geestelike leiers en uiteindelik die taak van die hele gemeente. Die belangrikste waardebeginsel vir die toerusting van ampsdraers tot effektiewe krisishantering is juis die versorgende liefde vir mense in nood.

**8.2.1.3 Die lydensvraagstuk (Ps. 73)**

- **'n Lewende besef van wie God werklik is, kan help om 'n klimaat te skep waarbinne krisisse deurgewerk kan word**

  Mense wat getraumatiseer is, vra na die *sin/waarom* van dit wat met hulle gebeur het. Hulle vra ook na *geregtigheid* omdat hulle in sulke situasies van mening is dat hulle nie dit wat met hulle gebeur het verdien het nie. Traumaslagoffers beleef God dikwels as onbetrokke wanneer daar slegte dinge met hulle gebeur – die sogenaamde "unresponsive" God. Dit lyk en voel asof God ver, stil en onbetrokke staan teenoor die mens in lyding. Hierdie belewenis van skynbare onbetrokkenheid kan veroorsaak dat die gelowige se verhouding met God ontwrig word. Juis omdat persone wat 'n krisis beleef het kwaad mag, word vir God en Hom verantwoordelik mag hou vir wat gebeur het, sal dit vervolgens nodig wees om miskonsepsies oor God reg te stel. Die evaluering van so 'n persoon se belewenis met betrekking tot die lydensfaktor sal aantoon tot watter mate sy *godsdienservaring, godsdienste konsepte* en *konsepte van God* verwring geraak het. 'n Lewende besef van wie God werklik is, kan help om 'n klimaat te skep wat bevorderlik kan wees ten einde sekere konsepsies en gevoelens oor God te verander. Dikwels help dit hierdie persoon om later te kan terug kyk en vanuit 'n nuwe vertroue en perspektief te fokus op die gruweldade/rampe van die verlede. Verwerking van die trauma aan die hand van die nodige

begeleiding lei gewoonlik tot hernude vertroue in wie God is – dit skep dan ook hoop en berusting wat veroorsaak dat die gelowige vrede kan maak met wat met hom/haar gebeur het en dit kan lei tot genesing.

#### 8.2.1.4 Die alreeds-maar-nog-nie eskatologiese spanning in die Nuwe Testament (Gal 1:4)

- **'n Duidelike insig in die aard en karakter van die teenswoordige wêreld is belangrik in die pastorale begeleiding van traumaslagoffers**

  Dit is van kardinale belang dat die gelowige die ware aard en karakter van die teenswoordige wêreld sal besef. Gelowiges moet ook tot die besef kom dat hulle nie *onaantasbaar* in hierdie teenswoordige bose wêreld leef nie. Christus verlos gelowiges uit die greep en houvas van die bose sondige wêreld, maar dit beteken nie dat hulle nie meer in gebroke wêreld leef nie. Die teenswoordige eeu impliseer steeds die tyd van genade, prediking en bekering aan elke sondaar, asook 'n tyd van *troos*, *sorg* en *hulp* aan elke gelowige – in besonder dan ook diegene wat intens geraak is deur trauma en krisisse.

#### 8.2.1.5 Heling/genesing binne die Nuwe Testament (Heb 4:15; Matt 18:21-35)

- **Genesing deur vergifnis en die bystand van die Heilige Gees**

  'n Persoon is tydens 'n krisis in 'n toestand van verhoogde psigologiese toeganklikheid. Dit is juis met betrekking tot sulke situasies dat die offer van simpatieke en effektiewe hulp deur die verhewe Christus aan swak mense, wat worstel met die druk en probleme van die lewe gebied word. Die hulp van die verhewe Christus is een van die mees verwaarloosde en onbenutte bronne van hulp vir gelowiges in tye van menslike krisisse. Hierdie hulp aan die gelowiges in 'n krisistyd word gekonkretiseer deur die inwonende werking van die Heilige Gees in die lewens van die gelowiges. Dit dra daartoe by dat die gelowige met die bystand van die Heilige Gees asook die begeleiding van toegeruste persone deur die genesingsproses kan werk. Die onwilligheid om te vergewe (wat uiteindelik verbittering veroorsaak) is egter dikwels die diep onderliggende rede vir krisisse binne verhoudings asook persoonlike probleme – dit alles blokkeer dan ook die genesingsproses. Gelowiges moet gevolglik bereid wees om oortreders van harte te vergewe vir die oortreding aangesien God die gelowige van 'n ontsaglike groot sondeskuld kwytgeskeld het. Die pastoraat se taak is verder dan ook om die verwonde mens te help om alle negatiewe emosies uiteindelik aan die Here te kan gee vir genesing en vrymaking.

### 8.2.2 Basisteoretiese perspektiewe op krisisintervensie

Vanuit die staanspoor is dit belangrik om te besef dat as dit by menslike krisisse kom, kerklike ampsdraers 'n baie unieke posisie en rol in die plaaslike gemeente speel. In hierdie verband het aspekte soos die volgende geblyk besonder belangrik te wees: Hulle verhouding met gemeentelede, vrye toegang tot gesinne en families asook 'n voortbou op die basis van vertroue wat reeds bestaan. In die lig hiervan behoort hulle aanvanklik 'n pertinente rol te vervul tydens krisisintervensie asook traumaberading. In hierdie opsig is ampsdraers van die gemeente gevolglik veronderstel om direk betrokke te wees by die *versorging, ondersteuning en begeleiding* van lidmate wat deur krisisse gaan. Dit is uiters belangrik omdat dit uit die navorsing geblyk het dat dit veral die eerste ses weke

na die krisis is dat mense op hul kwesbaarste is en dan intense behoefte het aan berading en ondersteuning. As dit in gedagte gehou word dat 'n krisis 'n draaipunt is waar die persoon óf kan groei/verryk word, óf kan beweeg na teleurstelling, pyn, en in sommige gevalle na ontnugtering, kan dit nie anders dat die geleentheid tot hulpverlening nie gemis mag word nie.

Dit is ook verder baie belangrik dat ampsdraers toerusting moet ontvang betreffende krisisberading omdat 'n verkeerde krisisdiagnose die beplande hulp aan persone tydens 'n krisissituasie kan laat misluk en dit kan dan weer uitloop op vernietigende gevolge. Vaardigheid betreffende die hantering van krisisse verg nie noodwendig baie jare van opleiding nie. Indien daar van die kerk se kant hulp verleen gaan word aan diegene wat 'n krisis beleef, is dit dus van kardinale belang dat diegene wat betrokke is ten volle op hoogte sal wees met betrekking tot krisisberading oor die algemeen.

Die volgende algemene kenmerke van wat 'n krisis is, is in hierdie studie hanteer:

- 'n Krisis self is 'n kognitiewe en perseptuele versteuring.
- Persone in krisis is gedisoriënteerd en in 'n toestand van kognitiewe verwarring.
- 'n Krisis ontstaan slegs wanneer die persoon nie die bedreiging kan hanteer nie.
- Die onvermoë om aan te pas by veranderende omstandighede speel 'n belangrike rol.
- Hoe ernstiger 'n persoon voel dat die gebeure hom bedreig, hoe meer primitief of regressief sal die hanteringsmeganisme wees.
- 'n Krisistoestand is 'n draaipunt na geestesgesondheid aan die een kant of na geestessiekte aan die ander kant.
- Die persoon is tydens 'n krisis in 'n toestand van verhoogde psigologiese toeganklikheid en die oplossing van 'n krisis kan 'n beter of slegter toestand tot gevolg hê.
- Die krisis kan 'n geleentheid wees waar die gelowige geestelik groei en sy verhouding met God verdiep.
- Indien persone krisisse in die verlede suksesvol hanteer het, is hulle kanse goed om toekomstige krisisse die hoof te bied - as dit egter nie suksesvol hanteer is nie, is die kanse goed dat dit weer sleg hanteer sal word.

Dit het ook duidelik geblyk dat die leraar/ampsdraer nie 'n effektiewe krisisberader kan word deur slegs teorie en tegniek aan te leer vanuit 'n handboek nie.

### 8.2.3 Pastorale hantering van gekompliseerde trauma

Binne die krisispastoraat is daar 'n aantal krisissituasies waar die mees intense gevoelens en gedrag oor die algemeen langer as ses weke neem om op te klaar en na sulke gevalle word daar oor die algemeen dan na verwys as gekompliseerde trauma – simptome en reaksies is dan gewoonlik ook geneig om langer as ses weke te neem om op te klaar. Hier gaan dit byvoorbeeld om skokkende en gruwelike gebeure van herhaalde of kroniese aard en die aftakelende proses daarna – gebeure soos byvoorbeeld marteling, lang tye in konsentrasiekampe,

herhaalde molestering, ensovoorts. Uit die navorsing het geblyk dat dit veral gedurende hierdie fases van mense se lewens is dat 'n groot persentasie van persone 'n sterk behoefte aan geestelike hulp en ondersteuning openbaar.

Dit het verder geblyk dat stres tydens sulke ernstiger krisisse juis onderskei kan word van gewone roetinestres deur enersyds die *onmiddellike skokeffek* wat dit op die persoon het, asook andersyds die *lang termyn gevolge* wat daaruit voortspruit. Die betrokke persone se normale hanteringsmeganismes en vermoëns is geïmmobiliseer en hulle kan nie oor die pyn kom nie. Daar word soms ook na gekompliseerde trauma verwys as die *"critical incident type*". Hierdie tipe traumatiese gebeure is tipies so buitengewoon of intens dat dit normaalweg dieselfde aftakelende invloed sal hê op enige gemiddelde persoon wat blootgestel word aan sodanige omstandighede.

Daar moet dus onderskei word tussen normale krisisse enersyds en ernstige/gekompliseerde (*horrific*) trauma andersyds. 'n Trauma van laasgenoemde omvang vernietig mense se veilige onskuldige wêreld en hul lewensinsig/wêreldbeskouing word op 'n baie diep vlak geraak. Een van die algemene gevolge na sulke ervarings is dan ook dat die betrokke persoon met totaal ander oë na die wêreld rondom hom kyk. As gevolg van 'n gevoel van magteloosheid tesame met 'n ernstige oorbelading van normale hanteringsmeganismes het dit verder duidelik geblyk dat hierdie tipe trauma gewoonlik intense emosionele pyn tot gevolg het en langtermyn ontwrigting in slagoffers se lewens veroorsaak. Een van die algemene gevolge is gewoonlik dan ook 'n reeks van post-traumatiese stresreaksies en indien die herinneringe aan die traumatiese insidente asook die gepaardgaande onverwerkte emosies nie terapeuties hanteer word nie is die gevolge gewoonlik vernietigend. Die behandeling van gekompliseerde trauma is dan ook 'n meer uitgerekte proses.

Wat betref die pastorale begeleiding van getraumatiseerde persone binne hierdie kategorie, sal gevolglik ook gefokus moet word op 'n meer langtermyn strategie en benadering – slegs op hierdie wyse sal lidmate weer begelei en in staat gestel kan word tot normale funksionering. Dit is egter belangrik om deurgaans in gedagte te hou dat dit hier gaan om die 'normale' reaksie van mense binne abnormale omstandighede. Daar is vervolgens ook duidelik uitgewys watter tipe kennis en vaardigheid deur kerklike ampsdraers benodig sal word ten einde in staat te wees om lidmate te begelei wat ly aan post-traumatiese stresversteuring of ander komplikasies as gevolg van gekompliseerde trauma.

## 8.3 SAMEVATTING VAN METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

### 8.3.1 Perspektiewe vanuit die aangrensende wetenskappe

Die studieveld van die opvoedkunde het byvoorbeeld gewys dat onderrig 'n aktiewe proses is waar betekenis gekonstrueer word en bestaande begrippe getransformeer word deur interaksie met die omgewing. Tydens onderrig vind daar 'n interaktiewe proses plaas waar leerders *sin* maak van die leerinhoud en daar ook 'n sosiale bevestiging is van die betekenis waartoe die leerder gekom het. Die leerder heg ook *persoonlike betekenis* aan leerinhoud sodat die leerinhoud (publieke kennis) ook persoonlike kennis kan word. Die fasiliteerder tree dan as

bemiddelaar op tussen bestaande denkwyse (persoonlike kennis) en die nuwe leerinhoud (publieke kennis) met sy nuwe wyses van dink en doen. Die fasiliteerder bou as't ware 'n brug tussen leer-inhoud (publieke kennis) en sy bestaande kennis (persoonlike kennis). Die meeste onderrig in die volwassene en kinderjare was in die verlede oor die algemeen gefokus op die sogenaamde *'informative learning'.* Daarenteen is *transformatiewe* onderrig 'n *tipe onderrig wat die belangrikste aspek van leerders se wêreldbeskouing* (voorveronderstellings, aannames) en beskouing van self in revisie bring.

'n Volwassene kan gedefinieer word deur 'n kombinasie van die drie terme, naamlik: Kronologiese ouderdom, ontwikkelingstake en psigologiese volwassenheid. Die volwassene se kognitiewe vermoë bly konstant in sy dag tot dag lewe of dit ontwikkel verder soos wat hy ouer word. Navorsing het getoon dat veroudering in der waarheid geheue verdof en leerspoed ook negatief laat afneem, veral wanneer die materiaal wat die volwassene leer nie verwant is aan sy lewens- en werksondervinding nie of in konflik staan met bestaande kennis. Daar is basies drie algemene eienskappe van die volwassene leerder wat in ag geneem moet word by volwassene onderrig, naamlik: Die leerder is volwasse per definisie; die volwassene leerder bring sy hele lewensondervinding en persoonlike kennis na die leergebeurtenis; die leergereedheid is verbind/gekoppel aan sy lewensrol en take. Hierdie drie karaktereienskappe het belangrike implikasies vir volwassene onderrigpraktyke, naamlik onder andere die volgende: Die leerders se behoefte moet aangespreek word - 'n behoefteanalise moet die "wat is" en "wat behoort te wees" definieer. Daar moet ook gebruik gemaak word van leerders se bestaande kennis en opgeboude lewensondervinding. Verder moet die behoefte van onmiddellike toepaslikheid aangespreek word – hulle moet dit wat hulle geleer het, kan toepas en hulle moet die onmiddellike bruikbaarheid en relevansie van die nuwe kennis wat hulle geleer het, kan gebruik.

Vir die ontwerp en implementering van 'n gesprekvoering (tweegesprek) leergeleentheid vir volwassene onderrig word vervolgens 'n sewe-stap ontwerp voorgestel wat sewe vrae impliseer wat gevra moet word wanneer 'n leergeleentheid ontwikkel gaan word. Die eerste twee vrae het te doen met behoeftebepalings, die volgende drie vrae handel oor logistieke aspekte en die laaste twee vrae handel oor die leergeleentheid of gebeurtenis self. Verder het geblyk dat in uitkomsgebaseerde onderrig daar basies drie baie belangrike stappe is wat geneem moet word in die onderrigbeplanningsproses, naamlik: Besluit en skryf wat die uitkomste is wat die leerders moet bereik; besluit hoe die leerder gehelp gaan word om die uitkomste te bereik (besluit op inhoud en leerstrategie) en besluit hoe daar bepaal gaan word of die leerders die uitkomste bereik het (besluit op hoe assessering gedoen gaan word).

Met betrekking tot die veld van kliniese psigologiese trauma is daar veral gefokus op die belangrikheid van die onderskeie fases binne traumagebeurtenisse en in hierdie opsig word die volgende fases onderskei: Pre-impakfase; impak- /skokfase; reaksiefase; terugtrek- of vermydingsfase en integrasie fase. Hulpverlening tydens elkeen van die bostaande fases sal verskillende tipes hulp benodig. Met betrekking tot die eerste fase kan persone deur middel van skoling en toerusting voorberei word op moontlike trauma. Met betrekking tot die impak-

en reaksiefases kan daar gefokus word op ontlonting en de-aktivering (*defusing* en *debriefing*). Wat betref die terugtrekfase is die fokus meer op langtermyn berading en -terapie, veral indien daar sekere blokkasies in die herstelproses ingetree het. Dit is sinvol om eers met indiepte berading of terapie te begin ongeveer 72 uur na die impak van die trauma.

Meeste mense dink aan stres as die eise (druk) wat die lewe op die individu plaas. Tegnies gesproke is hierdie eise eintlik die stressors (triggers) of bedreigings terwyl die aftakeling in die liggaam eintlik die werklike stres is. Sodra die sintuie 'n uitdaging waarneem, stuur dit 'n sein na die brein. Die brein gee die liggaam opdrag om die nodige hormone af te skei ten einde toegerus te wees om die uitdaging of bedreiging te hanteer (die sogenaamde veg-of-vlug-respons). Onverwerkte fisiese en emosionele stres het oor die algemeen baie nadelige nagevolge met betrekking tot die fisiese, emosionele en geestelike dimensies van die individu.

Ten slotte het geblyk belangrik te wees die feit dat sekere traumagebeurtenisse tegelykertyd ook 'n kriminele oortreding is wat sekere regsimplikasies het. Ampsdraers wat slagoffers van veral misdaad en gewelds-misdaad beraad, sal hulself dienooreenkomstig moet gewis van wat hul verantwoordelikheid teenoor die landswette is in elke afsonderlike geval.

### 8.3.2 Perspektiewe vanuit die empiriese navorsing

Die vraelyste aan die kerklike ampsdraers het uitgewys dat 'n groot aantal leraars nie tydens of na hul teologiese opleiding, krisis- of traumaberadings opleiding ontvang het nie. Daar is ook uitgewys dat dieselfde waarheid geld vir kerkraadslede – daarom is dit te verstane dat ampsdraers oor die algemeen nie vrymoedigheid het om lidmate tydens of selfs na 'n krisis- of traumagebeurtenis te beraad nie. In die lig hiervan is daar oor die algemeen dus slegs 'n klein persentasie ampsdraers wat wel toegerus is om krisis- of traumaberading te doen. Die ampsdraers het ook oor die algemeen hul behoefte aan toerusting met betrekking tot krisis- en traumaberading uitgespreek. Hulle was van mening dat lidmate self ook 'n behoefte het aan dieselfde tipe toerusting.

Wat die strekking van die onderhoude met lidmate betref, het duidelik geblyk dat Christene nie gevrywaar is van hartseer, pyn en lyding in hierdie wêreld nie. Die nagevolge van krisisse en trauma tref hulle ook en hulle worstel ook om deur die emosionele pyn te werk en het dus ook hulp nodig tydens hierdie tye van hul lewens. Dit het verder geblyk dat die meeste lidmate wel vrymoedigheid het om na kerklike ampsdraers te gaan vir hulp tydens krisis-/ of traumagebeurtenisse. Die oorgrote meerderheid hulp wat aangebied word, het geblyk ondersteunend van aard te wees. Die meeste lidmate was dan ook van mening dat hulle grootliks gebaat het by hierdie tipe ondersteunende hulp. Dit is egter kommerwekkend dat 'n groot persentasie van persone op 'n later stadium steeds met traumanagevolge geworstel het. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat slegs 'n klein persentasie lidmate wat 'n krisis/trauma beleef het, wel gegaan het vir berading. Verder was lidmate oor die algemeen van mening dat hulle wel ander persone wat 'n krisis/trauma beleef het, sal kan bystaan (in die breë sin

van die woord) tydens traumagebeurtenisse, maar dat hulle nie toegerus voel om op 'n dieper vlak (veral rondom berading) betrokke te raak nie – daarom die behoefte om opgelei te word tot effektiewe krisis- of traumaberaders.

#### 8.3.2.1 Finale gevolgtrekking

Die onderskeie onderhoude het die volgende belangrike aspekte uitgewys:

- Daar is traumagebeure wat heel dikwels psigopatologiese gedrag by slagoffers veroorsaak en die pad vir hulle onderweg na heling is gewoonlik lank en steil. Met betrekking tot hierdie tipe trauma toon dit duidelik dat die nodige kennis, insig en ervaring van uiterste belang is vir die begeleiding van hierdie getraumatiseerde persone. Binne 'n trauma-opleidingsprogram vir ampsdraers moet daar gevolglik deeglik kennis geneem word van hierdie werklikhede.
- Krisisse kan uiteindelik ten goede meewerk in die lewens van mense, veral ook waar die nodige pastorale begeleiding verskaf word. In die samestelling van 'n krisistoerustingsprogram vir ampsdraers is dit belangrik dat daar ook ruimte sal wees by geleentheid, nie soseer vir berading nie maar wel vir *omgewingsmanipulasie:* Met ander woorde, as mense nie voedsel in die huis het nie, sal daar eers in hierdie behoefte voorsien moet word. Indien mense sonder werk is, sal pogings aangewend moet word om in hierdie opsig by antwoorde en oplossings uit te kom. Pogings soos hierdie kan by geleentheid dan verhoed dat die *krisissituasie* oorgaan in 'n *krisi toestand of -kondisie.*
- *Katastrofiese ongelukke kan* die lewens van 'n hele gesin in een oogwink verander of ten minste vra vir groot aanpassings binne so 'n gesin– veral as een van die gesinslede dood is of ernstig seergekry het. Die pad na herstel vir slagoffers vanuit so 'n situasie is moeilik – ook wat die gesin as geheel betref. Dit raak nog meer kompleks waar 'n aspek soos breinbeserings en moontlike persoonlikheidsveranderinge 'n rol speel. Die kort - en langtermyn gevolge van so 'n *katastrofiese ongeluk* vra vir korttermyn en langtermyn beradingsondersteuning vir die hele gesin.
- Daar is tye wat getraumatiseerde gelowiges nog nie gereed is om op 'n formele wyse oor dit wat met hulle gebeur het, te praat nie. In die tussentyd kan daar op 'n informele wyse berading gedoen word totdat die persoon gereed is en besef hy/sy moet nou gehelp word - dan kan die informele berading oorgaan in formele berading.
- Waar leraars oor die nodige kennis en toerusting beskik het, het gemeentelede verkies om na hulle te gaan vir beradingshulp. Al blyk dit dat lidmate ook na sielkundiges gaan vir berading, is dit veral vir geestelike hulp wat lidmate hul wend na hul geestelike leiers.
- Dit het ook duidelik geblyk dat die pastorale begeleiding van gemeentelede grootliks kan bydra tot die afplatting van post-traumatiese stres.

## 8.4 SAMEVATTING VAN PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE

Met behulp van 'n effektiewe toerustingsprogram kan kerklike ampsdraers in staat gestel word om sinvolle pastorale hulpverlening te bied aan persone tydens krisisse en gekompliseerde trauma-ervaringe – met dit in gedagte is daar dan

ook so 'n program saamgestel vanuit die perspektiewe wat voortgevloei het uit die basis-teoretiese asook metateoretiese navorsing.

### 8.4.1 Pastorale toerustingsprogram

#### 8.4.1.1 Module 1: 'n Skrifuurlike basis

In hierdie eerste module word daar gefokus op die algemene Bybels-teologiese aspekte van die toerustingsprogram, naamlik:

- Dat die ampsdraers sal verstaan waarom hierdie toerustingsprogram nodig is.
- Dat die ampsdraers hulle unieke rol in krisisintervensie en voorligting sal besef.
- Dat ampsdraers die pastorale beginsels ten grondslag van die program sal verstaan.
- Dat ampsdraers sal verstaan van watter leerstrategieë in die program gebruik gemaak sal word.
- Dat ampsdraers sal besef wat die basiese beradingsbeginsels is waarop die program berus.
- Dat die ampsdraer as geestelike leier sal besef die pastoraat is 'n ontmoeting- en kommunikasiegebeure waarin die herders bemiddelend moet optree/toetree met behulp van die 'parakletos' (Heilige Gees) in die naam van Jesus die Middelaar tot vertroosting, beskerming, ondersteuning, versorging en bystand vir persone in 'n krisis.
- Met die voorafgaande in gedagte, impliseer dit dat die pastoraat wesenlik trooshulp beoog.
- Die ampsdraers sal moet weet dat hul primêre taak is om as opsieners die gemeente van die Here te versorg, waaroor Hy hulle aangestel het.
- Hierdie versorging van diegene in nood is die kollektiewe taak van die geestelike leiers, en uiteindelik dan ook die taak van die hele gemeente.
- Dat ampsdraers deeglik kennis sal neem van aspekte soos die volgende wat prominent aanwesig is betreffende die denke en emosies van die getraumatiseerde persoon:
  - Die vraag na die sin van die lewe.
  - Die vraag na geregtigheid (veral waar die trauma gepaard gegaan het met opsetlike onreg) – hiermee saam ook die vraag waarom dit juis met my gebeur het.
  - Die vraag na God se betrokkenheid of onbetrokkenheid – dit lyk en voel asof God ver en onbetrokke staan teenoor die mens in lyding.
  - Die moontlikheid van opstand en woede teenoor God omdat Hy soms verantwoordelik gehou word vir dit wat gebeur het – miskonsepsies in hierdie verband sal reggestel moet word.
  - Die moontlikheid dat sekere godsdienstige ervaringe en konsepte die konsep van God verwring het: 'n Evaluering van die lydensfaktor kan moontlik aandui hoe ver hierdie proses gevorder het.
  - Die feit dat 'n lewende besef van wie God werklik is, kan bydra om 'n klimaat te skep wat bevorderlik kan wees ten einde sekere wanpersepsies en gevoelens oor God te korrigeer – dit kan dan ook hierdie persoon help om later terug te kyk (nadat genesing gerealiseer het) en vanuit 'n nuwe vertroue en perspektief te fokus op die gruweldade/rampe van die verlede.

- o Die feit dat hernude vertroue in wie God is, hoop en berusting kan bring, wat weer bevorderlik kan wees vir die uiteindelike genesingsproses.

- Dat ampsdraers die ware aard en karakter van die teenswoordige wêreld sal besef.
- Die ampsdraer moet weet dat die gelowige nie onaantasbaar en onkwesbaar in hierdie teenswoordige bose wêreld leef nie.
- Alhoewel Christus die gelowiges verlos uit die greep en houvas van die bose sondige wêreld, lewe gelowige mense steeds binne die konteks van 'n sondige gebrokenheid.
- Die teenswoordige wêreld impliseer steeds 'n fase van genade, prediking en bekering vir elke sondaar, asook 'n tyd van troos, sorg en hulp aan elke gelowige – in besonder dan ook diegene wat geraak is deur krisisse en trauma.
- In die lig van die oorweldigende nood sal ampsdraers in staat moet wees om lidmate wat deur krisis en trauma geraak word, pastoraal te bedien.
- Dat ampsdraers insig sal verkry betreffende die verhoogde psigologiese kwesbaarheid van individue tydens trauma.
- Daar moet duidelike begrip wees betreffende die offer van simpatieke en effektiewe hulp deur die verhewe Christus aan swak mense wat worstel met die druk en probleme van die lewe.
- Insig rondom die feit dat die hulp van die verhewe Christus een van die mees verwaarloosde en onbenutte bronne van hulp is vir gelowiges in tye van menslike krisisse, is van kritiese belang.
- Insig met betrekking tot die belangrike feit dat die onwilligheid om te vergewe dikwels die diep onderliggende rede is vir krisisse binne verhoudings asook persoonlike probleme, kan lei tot sinvolle deurbrake.
- Begrip vir die kardinale belang van 'n bereidheid by individue om ander van harte te vergewe vir oortredings, aangesien God die mens van 'n ontsaglike groot sondeskuld kwytgeskeld het, kan die helingsproses bevorder.
- Dat ampsdraers sal besef dat dit hulle taak is om verwonde mense te help om alle negatiewe emosies aan God te gee vir genesing en vrymaking.

#### 8.4.1.2 Module 2 : Basiese krisisversorgings- en krisisintervensiebeginsels

**Hier word gefokus op die volgende belangrike aspekte:**

- Dat die ampsdraers die noodsaaklikheid sal besef van toerusting met betrekking tot krisisberading aangesien 'n verkeerde krisisdiagnose die beplande hulp vir persone kan laat misluk, met destruktiewe gevolge.
- 'n Besef van die feit dat vaardigheid betreffende krisisberading nie noodwendig baie jare van opleiding en ontwikkeling vereis nie.
- Dat kerklike ampsdraers op hoogte sal wees met betrekking tot krisisberading oor die algemeen ten einde in staat te wees om van die kerk se kant af die nodige hulp te kan verleen aan diegene wat deur krisisse geraak is.

- Dat ampsdraers presies sal verstaan wanneer individue gedisoriënteerd raak as gevolg van die ervaring van 'n krisis.
- Dat ampsdraers sal verstaan wat die rol van presipiteerders is wat oor die algemeen aanleiding gee tot 'n aktiewe krisis.
- Dat alle ampsdraers insig sal hê betreffende die tipiese predisponerende faktore wat sommige persone meer kwesbaar maak vir die negatiewe implikasies van 'n krisiservaring.
- Dat ampsdraers duidelike insig sal hê betreffende die verskillende kategorieë van krisiservaringe.
- Dat ampsdraers die onderskeie fases van 'n krisiservaring sal kan onderskei en sal kan verduidelik.
- Dat ampsdraers sal weet wat krisisintervensie behels en hoe om dit suksesvol toe te pas.

**8.4.1.3 Module 3 : Kliniese aspekte van trauma en die terapeutiese behandeling daarvan**

Hier word gefokus op die volgende belangrike aspekte binne die kliniese hantering van trauma:

- Dat ampsdraers sal weet wat die definisie van psigologiese trauma is.
- Dat ampsdraers sal begryp watter aspekte 'n rol speel betreffende 'n individu se belewenis van 'n spesifieke traumatiese ervaring.
- Dat ampsdraers die onderskeie fases van psigologiese trauma sal kan beskryf.
- Dat ampsdraers sal weet watter tipe hulp nodig is binne elke onderskeie fase van die proses
- Dat ampsdraers sal weet hoe om kort na traumagebeure die nodige ontlonting te kan doen.
- Dat ampsdraers op hoogte sal wees betreffende die proses van de-aktivering.
- Dat ampsdraers op hoogte sal wees betreffende die tipiese kliniese nagevolge van 'n traumatiese gebeurtenis.
- Dat ampsdraers sal weet wat die kliniese aspekte is wat betrokke is by die terapeutiese behandeling van post-traumatiese nagevolge.
- Dat ampsdraers aan die einde van die les die prosesse van stres en uitbranding sal verstaan.
- Dat ampsdraers kennis sal neem van die feit dat daar dikwels ook sekere regsimplikasies ter sprake is by traumaberading.

**8.4.1.4** Module 4 : Gekompliseerde trauma en die pastorale hantering daarvan

Hier word gefokus op die belangrike kwessie van die pastorale hantering van gekompliseerde trauma

- Dat ampsdraers insig sal hê met betrekking tot gekompliseerde trauma asook die aanleidende faktore daartoe.
- Dat ampsdraers insig sal hê met betrekking tot die geestelike implikasies betreffende die geloofslewe van lidmate wat geraak word deur gekompliseerde trauma.
- Dat ampsdraers sal begryp dat trauma waardeur 'n gesinslid geraak word, uiteindelik die hele gesin raak en dat almal hulp benodig, al was hulle nie noodwendig almal persoonlik betrokke nie.
- Dat ampsdraers in staat sal wees om diegene wat deur trauma geraak is, pastoraal te kan begelei.

Die voorgestelde modules sal op verskillende vlakke aangebied word, afhangende van die bekwaamheid, ervaring en effektiwiteit van diegene wat die betrokke module bywoon. Elke vlak/module bevat benewens sy unieke kenmerke ook die kenmerke van die laer vlakke – dit is dus verkieslik dat leerders die modules in kronologiese volgorde sal deurloop aangesien die inhoud van die modules kronologies voortbou op mekaar en ook telkens sekere vorige basiese vertrekpunte as reeds verworwe kennis veronderstel.

## 8.5 FINALE GEVOLGTREKKING

Die basiese vertrekpunt van hierdie studie was die feit dat daar binne die kerklike praktyk 'n leemte bestaan in die pastorale hulp wat deur ampsdraers en geestelike leiers aan gemeentelede gebied word ten tye van en na krisis en erge traumagebeurtenisse. Hierdie veronderstelling is dan ook deur die navorsing bevestig. Veral die empiriese navorsing het deurslaggewend aangetoon dat daar wel so 'n leemte en behoefte bestaan aan toerusting van kerklike ampsdraers tot effektiewe pastorale terapeutiese hulpverlening aan lidmate wat 'n krisis- of trauma-ervaring beleef het.

Vanuit die basis-teoretiese asook metateoretiese navorsing is daar uiteindelik dan 'n toerustingsprogram saamgestel wat sinvol deur gemeentes gebruik kan word en wat ook grootliks kan bydra tot die voorkoming van negatiewe post-*traumatiese gevolge by lidmate.*

## 8.6 VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

- Die rol wat kerklike ampsdraers kan vervul in die toerusting van gemeentelede tot effektiewe krisis- en trauma-intervensie – 'n Pastorale studie.
- 'n Gemeentelike krisis- en traumaprogram vir die pastorale begeleiding van lidmate tydens of na 'n traumatiese belewenis.

## 8.7 SLEUTELTERME

Krisis
Trauma
Berading
Gemeente
Toerusting
Opleiding
Pastoraat

## 8.8 KEYWORDS

Crisis

Trauma

Counseling

Congregation

Equipment

Training

Pastorate

# BYLAAG 1

## DIE HOLMES AND RAHE STRESS SKAAL

| | Ou Punte | Nuwe Punte |
|---|---|---|
| 1. Dood van 'n eggenoot | 100 | 99 |
| 2. Egskeiding | 73 | 91 |
| 3. Huwelikskeiding | 85 | 78 |
| 4. Tronkstraf | 63 | 72 |
| 5. Dood van naby familielid | 63 | 84 |
| 6. Persoonlike besering of siekte | 53 | 68 |
| 7. In die huwelik tree | 50 | 85 |
| 8. Afdanking | 47 | 83 |
| 9. Huweliksversoening | 45 | 57 |
| 10. Aftrede | 45 | 88 |
| 11. Groot verandering in gesondheid of gedra van familielid | 44 | 58 |
| 12. Swangerskap | 40 | 70 |
| 13. Seksuele probleme | 39 | 53 |
| 14. Toevoeging van gesinslid (geboorte, aanneming, ens) | 39 | 51 |
| 15. Besigheidsheraanpassing | 39 | 50 |
| 16. Groot verandering in finansiële posisie | 38 | 61 |
| 17. Dood van intieme vriend | 37 | 68 |
| 18. Verandering van werk | 38 | 48 |
| 19. Verandering in aantal argumente met huweliksmaat | 35 | 48 |
| 20. Groot lening of verband aan te gaan | 31 | 48 |
| 21. Beëindiging van lening of verband | 30 | 55 |
| 22. Groot verandering t.o.v. verantwoordelikheid by werk | 29 | 46 |
| 23. Kind verlaat huis | 29 | 41 |
| 24. Probleme met skoonfamilie | 29 | 43 |
| 25. Uitstaande persoonlike prestasie | 28 | 38 |
| 26. Huweliksmaat begin of beëindig werk | 26 | 58 |
| 27. Begin of beëindig van skoolloopbaan | 28 | 45 |
| 28. Groot verandering in lewens omstandighede | 25 | 42 |
| 29. Hersiening van persoonlike gewoontes(kleredrag, vriendekring) | 24 | 44 |
| 30. Probleme met werk | 23 | 45 |
| 31. Groot verandering in werksure werksomstandighed+e | 20 | 36 |
| 32. Verandering van blyplek | 20 | 47 |
| 33. Verandering van skool | 20 | 38 |
| 34. Groot verandering t.o.v. wyses van ontspanning | 19 | 26 |
| 35. Verandering in kerklike aktiwiteit (heelwat meer of minder) | 19 | 26 |
| 36. Verandering in sosiale aktiwiteite (klubs, dans, films, besoeke) | 18 | 26 |
| 37. Om 'n verband of lening aan te gaan vir 'n kleiner bedrag | 17 | 27 |
| 38. Verandering in slaapgewoontes | 16 | 27 |
| 39. Verandering t.o.v. familie/gesins byeenkomste | 15 | 15 |
| 40. Verandering in eetgewoontes | 15 | 29 |
| 41. Vakansie | 13 | 43 |
| 42. Kersfees | 12 | 56 |
| 43. Klein oortredings van die wet | 11 | 30 |

Verklaring van skaal:

| | |
|---|---|
| 150 - 199 | : Ligte risiko (50% van persone word |
| 200 - 299 | : Medium risiko |
| 300 of meer | : Ernstige risiko (80% van persone word siek) |

# BYLAAG 2

## 'N VRAELYS OM TE BEPAAL IN WATTER MATE AMPSDRAERS VAN DIE PLAASLIKE GEMEENTE VOLDOENDE TOEGERUS IS OM MENSE IN DIE GEMEENTE TYDENS 'N KRISIS/TRAUMA EFFEKTIEF TE KAN ONDERSTEUN EN BERAAD

DIE VRAELYS WORD DEUR LERAARS EN OUDERLINGE NA 'N EREDIENS VOLTOOI

Hierdie navorsing is gefokus op die toerusting van ampsdraers tot effektiewe krisis berading. Dié vraelys wil bepaal in watter mate die ampsdraers in die plaaslike gemeente in staat is om mense te beraad en te begelei tydens 'n krisis of traumatiese gebeurtenis. Die finale oogmerk is dan om 'n krisis beradings toerustings program vir ampsdraers saam te stel.

Die navorsing word in Nelspruit in die Mpumalanga Provinsie gedoen. Lidmate van verskeie van die plaaslike gemeentes in die stad word betrek. 'n Aantal respondente sal vrywilliglik na eredienste die vraelyste invul en enige kerklike ampsdraer kan op hierdie wyse by die ondersoekgroep betrek word.

U bydrae kan op hierdie wyse help om die moontlike leemtes in die opleiding van ampsdraers tot effektiewe krisis en trauma berading uit te wys.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking.

Ds. G. Snyman
Selnr 0795150867

# VRAELYS AAN AMPSDRAERS
# (BAIE VERTROULIK)

| Persoonlike besonderhede |
|---|

Naam en Van: ______________________________

Geslag:

| M | V |
|---|---|
| 1 | 2 |

Ouderdom:

| 20-30 | 30-40 | 40-50 | 50-60 | 60-70 |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

***Ampsdraers se gemeentelike besonderhede*** *(Merk asb met 'n X)*

1.1 Kerkverband: Merk net een opsie

| | |
|---|---|
| Evangelies Gereformeerde Kerk | 1 |
| Volle Evangelie Kerk | 2 |
| Nederduits Gereformeerde Kerk | 3 |
| Apostoliese Geloofsending | 4 |
| Hervormde Kerk | 5 |
| Gereformeerde Kerk | 6 |
| Baptiste Kerk | 7 |
| Metodiste Kerk | 8 |
| Pinkster Protestante Kerk | 9 |

Ander Spesifiseer ____________________ 10

Predikant :

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

Ouderling:

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

1.2 Aantal jare in die bediening of op die kerkraad

| 1- 5 | 5-10 | 10-20 | 20-30 | 40-50 |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

1.3 Aantal jare in die huidige gemeente:

| 1-5 | 5-10 | 10-20 | 20-30 | 40-50 |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

1.4 Hoeveelheid gemeente lede:

| 50-100 | 100-200 | 200-400 | 400-1000 | 1000-10000 |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Besonderhede van Predikant se teologiese opleiding**

2. Waar het u,u teologiese opleiding ontvang?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

3. Hoe lank het u opleiding geduur?

| 1 jaar | 2 jaar | 3 jaar | 4-5 jaar | 6-7 jaar |
|---|---|---|---|---|

1 2 3 4 5

4. Het u enige trauma of krisis beradings opleiding ontvang as deel van u teologiese opleiding?

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

5. Indien wel, gee asb besonderhede?

______________________________

______________________________

______________________________

**Besonderhede van ampsdraers se trauma berading vaardigheid**

6. Het u as leraar enige trauma of krisis berading kursusse tydens u jare in die bediening bygewoon?

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

7. Indien ja, gee die naam van die kursus, deur wie dit aangebied is asook 'n kort beskrywing van dit wat u geleer het?

______________________________

______________________________

______________________________

8. Het u as kerkraadslid enige trauma of krisis opleiding ontvang?

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

9. Indien ja, gee besonderhede?

______________________________________________

______________________________________________

10. Is u van mening dat as 'n lidmaat 'n krisis of trauma beleef (soos byvoorbeeld 'n vrou wat verkrag is) u toegerus is om trauma berading te kan doen ?

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

11. Indien ja, beskryf kortliks wat u meen die trauma beradings prosedure behoort te behels?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Ampsdraers se opleidings behoefte**

12. Is u van mening dat u voldoende opgelei is om te ondersteun of te beraad tydens 'n trauma/krisis

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

13. Indien nie, wat sou kortliks u behoefte in hierdie verband wees in terme van opleiding en toerusting?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## Gemeente se opleidings behoefte

14. Is u van mening dat u gemeentelede voldoende opgelei is om trauma berading te doen?

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

15. Is u van mening dat die gemeentelede opgelei behoort te word?

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

16. Is u van mening dat u in staat is om die gemeente op te lei tot effektiewe trauma berading

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

17. Sal u gebruik maak van opleiding van buite u gemeente as u weet dat dit beskikbaar is?

| J | N |
|---|---|
| 1 | 2 |

# BYLAAG 3

## 'N VRAELYS OM DIE MATE EN EFFEKTIWITEIT VAN KRISIS EN TRAUMA BERADING DEUR AMPSDRAERS AAN GETRAUMATISEERDE GEMEENTELEDE TE BEPAAL

DIE VRAELYS WORD NA 'N EREDIENS DEUR GEMEENTELEDE VOLTOOI

Hierdie navorsing is gefokus op die toerusting van ampsdraers met die oog op effektiewe krisis berading. Dié vraelys wil die mate van trauma begeleiding, deur die ampsdraers aan lidmate wat 'n trauma beleef het in die plaaslike gemeente, ondersoek. Die finale oogmerk is dan om 'n krisis beradings toerustings program vir ampsdraers saam te stel.

Die navorsing word in Nelspruit in die Mpumalanga Provinsie gedoen. Lidmate van verskeie van die plaaslike gemeentes in die stad word betrek. 'n Aantal respondente wat deur verliese, geweldsmisdaad of enige ander trauma ervaring is, sal vrywilliglik na eredienste die vraelyste invul.

U bydrae kan help om die moontlike leemtes uit te wys betreffende ampsdraers se ondersteuning en berading van persone wat deur 'n krisis of trauma gegaan het. Die uitslag kan ook moontlik aandui of daar 'n behoefte bestaan aan toerusting rondom krisis en trauma berading.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking

______________________

Ds. G. Snyman

Sel nr: 0795150867

# VRAELYS AAN LIDMATE

# (BAIE VERTROULIK)

| Persoonlike besonderhede |
|---|

Naam en Van:________________________________________

(U kan anoniem bly as u so verkies

**1.1 Geslag /Gender**

| M | V |
|---|---|
| 1 | 2 |

**1. 2 Ouderdom**:

| 12-16 | 17-21 | 21-31 | 31-41 | 41-80 |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

| Besonderhede van Kerk |
|---|

**2 Kerkverband:**

| | |
|---|---|
| Evangelies Gereformeerde Kerk | 1 |
| Volle Evangelie Kerk | 2 |
| Nederduits Gereformeerde Kerk | 3 |
| Apostoliese Geloofsending | 4 |
| Hervormde Kerk | 5 |
| Gereformeerde Kerk | 6 |
| Baptiste Kerk | 7 |
| Metodiste Kerk | 8 |
| Pinkster Protestante Kerk | 9 |

Ander Spesifiseer ____________________ 10

**3.1 Lidmaat** :

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

### 3.1 Aantal jare Lidmaat:

| 1-5 | 5-10 | 10-20 | 20-30 | 40-50 |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Besonderhede van krisis of trauma** (Merk al die vrae met 'n X asb. )

4. Het u al een van die volgende traumatiese ervaringe beleef ? (meer as een respons is moontlik)

**4.1 Verliese**

| | |
|---|---|
| a) Dood van 'n geliefde | b) Kinders uit die huis |
| c) Werk verloor | d) Ledemaat verloor |
| e) Miskraam | f) Sig of gehoor verloor |
| g) Stilgeboorte van 'n kind | h) Kroniese siekte |
| i) Wiegiedood van 'n kind | j) Vriendskap verloor |
| k) Egskeiding | l) Besittings |

**4.4 Misdaad (U is nie fisies beseer nie)**

| | |
|---|---|
| a) Motor kaping | b)Verkrag |
| c) Inbraak | d) Diefstal |
| e) Roof | f) Gewapende roof |

**4.2 Natuur ramp**

| | |
|---|---|
| a)Aardbewing | b)Oorstroming |
| c) Tornado | |

**4.5 Gebroke huis groot geword/ word waar jou :**

| | |
|---|---|
| a) Pa jou ma slaan/geslaan het | b) Ouers on-gelukkig is/was in hulle huwelik |
| c) Ouers geskei is. | d) Pa of stiefpa het jou gemolesteer |
| e) Waar jou ouers nie vir jou finansieel kon/kan sorg nie. | f) Pa of ma het jou verwerp |

**4.3 Geweldsmisdaad (Dit is misdaad waar u fisies beseer is)**

| | |
|---|---|
| a) Gewone aanranding | b)Huishoudelike geweld |
| c) Gekaap | d)Gemolesteer |
| e) Poging tot moord | f)Mishandel as 'n kind |
| g) Verkrag | h)Gewapende roof |

Indien ander meld asb. ______________________________

5. Kan u onthou hoe lank terug die trauma plaasgevind het?

| 1-5jaar | 5-10jaar | 10-20jaar | 30-40jaar | 40-50jaar |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

6. Het u met iemand gepraat oor dit wat met u gebeur het?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

7. Indien wel met wie? (meer as een, indien nodig)

| a)Pa | b)Ma | c)Man | d)Vrou | e)Familielid | e)Vriend | f)Gemeentelid | g)Polisie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

8. Het u vrymoedigheid gehad om met 'n leraar of kerkraadslid te praat oor wat met 'n gebeur het?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

9. Indien nie, gee asb. 'n rede.

___

___

___

10.Het die leraar of kerkraad u ondersteun tydens die trauma?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

11. Indien wel, op watter wyse? (meer as een moontlik)

| a) Jou besoek by die huis | b) Geskakel | c) By die kerk jou bemoedig | d) Iemand van die gemeente gestuur na jou huis | e) Jou beraad |
|---|---|---|---|---|

12. Is u van mening dat u leraar of kerkraad bekwaam was om u te ondersteun tydens u trauma?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

13 Het u gegaan vir berading na die traumatiese gebeurtenis?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

14 . Indien ja, na wie het u gegaan? (meer as een, indien nodig)

| a) Sielkundige | b) Dominee | c) Psigiater | d) Pastorale berader | e) Ander |
|---|---|---|---|---|

15 . Is u van mening dat die berading u gehelp het?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

16 . Indien wel, op watter wyse het dit u gehelp spesifiseer?

___

___

___

17 . Het u nog enige nagevolge van die trauma wat u beleef het?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

18 Indien ja, watter nagevolge? (meer as een, indien nodig)

| a) Drome | b) Emosionele doodsheid | c) Herbelewing van dit wat gebeur het | d) Woede | e) Verslawing | f)Eetprobleme |
|---|---|---|---|---|---|

19 . Watter tipe uitwerking het u traumatiese ervaring op u lewe gehad? Gee 'n kort beskrywing.

___

___

___

20 . Het u enige liggaamlike probleme na die trauma ervaar wat u nie voor die trauma beleef het nie?

___

___

21 . Hoe het u krisis of trauma u geloof beïnvloed? Gee 'n kort beskrywing.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

22 . Is u van mening dat u trauma u siening oor God verander het?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

23 . Indien wel op watter wyse? Gee 'n kort beskrywing.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

24 . Wat het u uit die traumatiese gebeurtenis geleer, indien enigiets? Gee 'n kort beskrywing.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

25 . Is u van mening dat u iemand anders sal kan ondersteun as hy/sy deur 'n trauma sou gaan?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

26 . Is u van mening dat daar 'n behoefte is dat gemeentelede toegerus moet word om mense te ondersteun en te beraad tydens en na 'n traumatiese gebeurtenis?

| M | V |
|---|---|
| 1 | 2 |

# BYLAAG 4

# DEKBRIEF

## VIR ONDERHOUDSKEDULE OM DIE MATE EN EFFEKTIWITEIT VAN KRISIS EN TRAUMA BERADING DEUR AMPSDRAERS AAN GETRAUMATISEERDE GEMEENTELEDE TE BEPAAL

DIE SKEDULE WORD OP 'N INDIVIDUELE BASIS VOLTOOI MET GEMEENTELEDE WAT DEUR 'N KRISIS OF TRAUMA IS

Die navorser doen navorsing rondom die toerusting van ampsdraers met die oog op effektiewe krisis berading. Die finale *oogmerk hiermee is die samestelling van 'n krisis beradings toerustingsprogram vir ampsdraers*, wat ten doel het om die behoeftes wat uit die skedule na vore kom, aan te spreek.

Die navorsing word in Nelspruit in die Mpumalanga Provinsie gedoen. 'n Aantal leraars van die omgewing word betrek ten einde die kontak gegewens te verkry van lidmate wat 'n krisis of traumatiese ervaring beleef het. Die respondente word dan geselekteer op grond van hulle opspoorbaarheid en bereikbaarheid. Enige kerkganger wat deur 'n krisis of trauma gegaan het, kan by die ondersoek betrek word.

Die respondente se toestemming om die skedule te voltooi, word in elke afsonderlike geval gevra en daar word ook seker gemaak dat elke respondente gemaklik is voordat die onderhoud afgesluit word.

U bydrae kan help om uiteindelik 'n effektiewe krisis beradings toerustings program vir ampsdraers daar te stel.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking.

________________________

Ds. G. Snyman
Sel nr: 0795150867

# BYLAAG 5

## ANALISERING VAN VRAELYS AAN AMPSDRAERS

Die data van die onderhawige vraelyste is geanaliseer en verwerk deur die Departement Statistiese Konsultasie Dienste van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom kampus). (Vergelyk in hierdie verband die inhoud van hoofstuk 6)

Ds.G.Snyman:Amptenare. 08:19 Monday, August 11, 2008 19

The FREQ Procedure

| GESLAG | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 20 | 62.50 | 20 | 62.50 |
| 2 | 12 | 37.50 | 32 | 100.00 |

| OUDERDOM | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 4 | 12.50 | 4 | 12.50 |
| 2 | 5 | 15.63 | 9 | 28.13 |
| 3 | 11 | 34.38 | 20 | 62.50 |
| 4 | 7 | 21.88 | 27 | 84.38 |
| 5 | 5 | 15.63 | 32 | 100.00 |

| KERKVERB | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 6 | 18.75 | 6 | 18.75 |
| 2 | 8 | 25.00 | 14 | 43.75 |
| 3 | 2 | 6.25 | 16 | 50.00 |
| 5 | 9 | 28.13 | 25 | 78.13 |
| 10 | 7 | 21.88 | 32 | 100.00 |

| AMP | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 9 | 47.37 | 9 | 47.37 |
| 2 | 10 | 52.63 | 19 | 100.00 |

Frequency Missing = 13

| AMPTYD | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 9 | 33.33 | 9 | 33.33 |
| 2 | 4 | 14.81 | 13 | 48.15 |
| 3 | 9 | 33.33 | 22 | 81.48 |
| 4 | 4 | 14.81 | 26 | 96.30 |
| 5 | 1 | 3.70 | 27 | 100.00 |

Frequency Missing = 5

The FREQ Procedure

| GEMTYD | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 14 | 43.75 | 14 | 43.75 |
| 2 | 8 | 25.00 | 22 | 68.75 |
| 3 | 3 | 9.38 | 25 | 78.13 |
| 4 | 5 | 15.63 | 30 | 93.75 |
| 5 | 2 | 6.25 | 32 | 100.00 |

| AANTAL | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 6.25 | 2 | 6.25 |
| 2 | 1 | 3.13 | 3 | 9.38 |
| 3 | 13 | 40.63 | 16 | 50.00 |
| 4 | 6 | 18.75 | 22 | 68.75 |
| 5 | 5 | 15.63 | 27 | 84.38 |
| 6 | 5 | 15.63 | 32 | 100.00 |

| V3 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | 10.00 | 1 | 10.00 |
| 3 | 1 | 10.00 | 2 | 20.00 |
| 4 | 3 | 30.00 | 5 | 50.00 |
| 5 | 5 | 50.00 | 10 | 100.00 |

Frequency Missing = 22

| V4 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 5 | 38.46 | 5 | 38.46 |
| 2 | 8 | 61.54 | 13 | 100.00 |

Frequency Missing = 19

| V6 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 4 | 20.00 | 4 | 20.00 |
| 2 | 16 | 80.00 | 20 | 100.00 |

Frequency Missing = 12

The FREQ Procedure

| V8 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 7.69 | 2 | 7.69 |
| 2 | 24 | 92.31 | 26 | 100.00 |

Frequency Missing = 6

| V10 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 9 | 31.03 | 9 | 31.03 |
| 2 | 20 | 68.97 | 29 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V12 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 10.00 | 3 | 10.00 |
| 2 | 27 | 90.00 | 30 | 100.00 |

Frequency Missing = 2

| V14 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 4 | 13.33 | 4 | 13.33 |
| 2 | 26 | 86.67 | 30 | 100.00 |

Frequency Missing = 2

| V15 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 29 | 100.00 | 29 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

The FREQ Procedure

| V16 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 11 | 40.74 | 11 | 40.74 |
| 2 | 16 | 59.26 | 27 | 100.00 |

Frequency Missing = 5

| V17 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 28 | 96.55 | 28 | 96.55 |
| 2 | 1 | 3.45 | 29 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

# BYLAAG 6

# ANALISERING VAN VRAELYS AAN GEMEENTELEDE

Die data van die onderhawige vraelyste is geanaliseer en verwerk deur die Departement Statistiese Konsultasie Dienste van die Noordwes Universiteit (Potchefstroom kampus). (Vergelyk in hierdie verband die inhoud van hoofstuk 6)

Ds. G. Snyman:Lidmate. 08:19 Monday, August 11, 2008 5

The FREQ Procedure

| GESLAG | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 48 | 44.44 | 48 | 44.44 |
| 2 | 60 | 55.56 | 108 | 100.00 |

Frequency Missing = 4

| OUDERDOM | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | 0.90 | 1 | 0.90 |
| 2 | 2 | 1.80 | 3 | 2.70 |
| 3 | 11 | 9.91 | 14 | 12.61 |
| 4 | 16 | 14.41 | 30 | 27.03 |
| 5 | 81 | 72.97 | 111 | 100.00 |

Frequency Missing = 1

| KERKVERB | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 19 | 17.12 | 19 | 17.12 |
| 2 | 16 | 14.41 | 35 | 31.53 |
| 3 | 31 | 27.93 | 66 | 59.46 |
| 4 | 1 | 0.90 | 67 | 60.36 |
| 5 | 25 | 22.52 | 92 | 82.88 |
| 10 | 19 | 17.12 | 111 | 100.00 |

Frequency Missing = 1

| LIDMAAT | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 109 | 97.32 | 109 | 97.32 |
| 2 | 3 | 2.68 | 112 | 100.00 |

| TYD | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 38 | 34.86 | 38 | 34.86 |
| 2 | 10 | 9.17 | 48 | 44.04 |
| 3 | 14 | 12.84 | 62 | 56.88 |
| 4 | 17 | 15.60 | 79 | 72.48 |
| 5 | 30 | 27.52 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V4N1A | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 77 | 68.75 | 77 | 68.75 |
| 2 | 35 | 31.25 | 112 | 100.00 |

| V4N1B | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 25 | 22.32 | 25 | 22.32 |
| 2 | 87 | 77.68 | 112 | 100.00 |

| V4N1C | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 28 | 25.00 | 28 | 25.00 |
| 2 | 84 | 75.00 | 112 | 100.00 |

| V4N1D | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 2 | 112 | 100.00 | 112 | 100.00 |

| V4N1E | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 17 | 15.18 | 17 | 15.18 |
| 2 | 95 | 84.82 | 112 | 100.00 |

| V4N1F | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 5 | 4.46 | 5 | 4.46 |
| 2 | 107 | 95.54 | 112 | 100.00 |

| V4N1G | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 5 | 4.46 | 5 | 4.46 |
| 2 | 107 | 95.54 | 112 | 100.00 |

| V4N1H | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 14 | 12.50 | 14 | 12.50 |
| 2 | 98 | 87.50 | 112 | 100.00 |

| V4N1I | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 2 | 112 | 100.00 | 112 | 100.00 |

| V4N1J | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 27 | 24.11 | 27 | 24.11 |
| 2 | 85 | 75.89 | 112 | 100.00 |

| V4N1K | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 33 | 29.46 | 33 | 29.46 |
| 2 | 79 | 70.54 | 112 | 100.00 |

| V4N1L | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 25 | 22.32 | 25 | 22.32 |
| 2 | 87 | 77.68 | 112 | 100.00 |

| V4N2A | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 1.79 | 2 | 1.79 |
| 2 | 110 | 98.21 | 112 | 100.00 |

| V4N2B | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 10 | 8.93 | 10 | 8.93 |
| 2 | 102 | 91.07 | 112 | 100.00 |

| V4N2C | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 2.68 | 3 | 2.68 |
| 2 | 109 | 97.32 | 112 | 100.00 |

| V4N3A | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 7 | 6.25 | 7 | 6.25 |
| 2 | 105 | 93.75 | 112 | 100.00 |

| V4N3B | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 10 | 8.93 | 10 | 8.93 |
| 2 | 102 | 91.07 | 112 | 100.00 |

| V4N3C | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 2.68 | 3 | 2.68 |
| 2 | 109 | 97.32 | 112 | 100.00 |

| V4N3D | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 10 | 8.93 | 10 | 8.93 |
| 2 | 102 | 91.07 | 112 | 100.00 |

| V4N3E | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 1 | 0.89 | 1 | 0.89 |
| 2 | 111 | 99.11 | 112 | 100.00 |

| V4N3F | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 8 | 7.14 | 8 | 7.14 |
| 2 | 104 | 92.86 | 112 | 100.00 |

| V4N3G | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 5 | 4.46 | 5 | 4.46 |
| 2 | 107 | 95.54 | 112 | 100.00 |

| V4N3H | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 7 | 6.25 | 7 | 6.25 |
| 2 | 105 | 93.75 | 112 | 100.00 |

| V4N4A | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 6 | 5.36 | 6 | 5.36 |
| 2 | 106 | 94.64 | 112 | 100.00 |

| V4N4B | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 2.68 | 3 | 2.68 |
| 2 | 109 | 97.32 | 112 | 100.00 |

| V4N4C | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 33 | 29.46 | 33 | 29.46 |
| 2 | 79 | 70.54 | 112 | 100.00 |

| V4N4D | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 26 | 23.21 | 26 | 23.21 |
| 2 | 86 | 76.79 | 112 | 100.00 |

| V4N4E | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 6 | 5.36 | 6 | 5.36 |
| 2 | 106 | 94.64 | 112 | 100.00 |

| V4N4F | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 11 | 9.82 | 11 | 9.82 |
| 2 | 101 | 90.18 | 112 | 100.00 |

| V4N5A | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 11 | 9.82 | 11 | 9.82 |
| 2 | 101 | 90.18 | 112 | 100.00 |

| V4N5B | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 19 | 16.96 | 19 | 16.96 |
| 2 | 93 | 83.04 | 112 | 100.00 |

| V4N5C | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 18 | 16.07 | 18 | 16.07 |
| 2 | 94 | 83.93 | 112 | 100.00 |

| V4N5D | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 6 | 5.36 | 6 | 5.36 |
| 2 | 106 | 94.64 | 112 | 100.00 |

| V4N5E | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 7 | 6.25 | 7 | 6.25 |
| 2 | 105 | 93.75 | 112 | 100.00 |

| V4N5F | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 13 | 11.61 | 13 | 11.61 |
| 2 | 99 | 88.39 | 112 | 100.00 |

| V5 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 30 | 28.57 | 30 | 28.57 |
| 2 | 19 | 18.10 | 49 | 46.67 |
| 3 | 33 | 31.43 | 82 | 78.10 |
| 4 | 15 | 14.29 | 97 | 92.38 |
| 5 | 8 | 7.62 | 105 | 100.00 |

Frequency Missing = 7

| V6 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 81 | 77.14 | 81 | 77.14 |
| 2 | 24 | 22.86 | 105 | 100.00 |

Frequency Missing = 7

| V7A | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 8 | 7.34 | 8 | 7.34 |
| 2 | 101 | 92.66 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V7B | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 16 | 14.68 | 16 | 14.68 |
| 2 | 93 | 85.32 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V7C | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 15 | 13.76 | 15 | 13.76 |
| 2 | 94 | 86.24 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V7D | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 20 | 18.35 | 20 | 18.35 |
| 2 | 89 | 81.65 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V7E | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 25 | 22.94 | 25 | 22.94 |
| 2 | 84 | 77.06 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V7F | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 42 | 38.53 | 42 | 38.53 |
| 2 | 67 | 61.47 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V7G | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 29 | 26.61 | 29 | 26.61 |
| 2 | 80 | 73.39 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V7H | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 10 | 9.17 | 10 | 9.17 |
| 2 | 99 | 90.83 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V8 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 74 | 75.51 | 74 | 75.51 |
| 2 | 24 | 24.49 | 98 | 100.00 |

Frequency Missing = 14

| V10 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 75 | 75.00 | 75 | 75.00 |
| 2 | 25 | 25.00 | 100 | 100.00 |

Frequency Missing = 12

| V11A | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 43 | 39.45 | 43 | 39.45 |
| 2 | 66 | 60.55 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V11B | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 19 | 17.43 | 19 | 17.43 |
| 2 | 90 | 82.57 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V11C | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 29 | 26.61 | 29 | 26.61 |
| 2 | 80 | 73.39 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V11D | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 9 | 8.26 | 9 | 8.26 |
| 2 | 100 | 91.74 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V11E | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 17 | 15.60 | 17 | 15.60 |
| 2 | 92 | 84.40 | 109 | 100.00 |

Frequency Missing = 3

| V12 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 79 | 83.16 | 79 | 83.16 |
| 2 | 16 | 16.84 | 95 | 100.00 |

Frequency Missing = 17

| V13 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 34 | 33.66 | 34 | 33.66 |
| 2 | 67 | 66.34 | 101 | 100.00 |

Frequency Missing = 11

| V14A | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 15 | 13.89 | 15 | 13.89 |
| 2 | 93 | 86.11 | 108 | 100.00 |

Frequency Missing = 4

| V14B | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 13 | 12.04 | 13 | 12.04 |
| 2 | 95 | 87.96 | 108 | 100.00 |

Frequency Missing = 4

| V14C | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 1.85 | 2 | 1.85 |
| 2 | 106 | 98.15 | 108 | 100.00 |

Frequency Missing = 4

| V14D | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 15 | 13.89 | 15 | 13.89 |
| 2 | 93 | 86.11 | 108 | 100.00 |

Frequency Missing = 4

| V14E | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 5 | 4.63 | 5 | 4.63 |
| 2 | 103 | 95.37 | 108 | 100.00 |

Frequency Missing = 4

| V15 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 38 | 86.36 | 38 | 86.36 |
| 2 | 6 | 13.64 | 44 | 100.00 |

Frequency Missing = 68

| V17 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 54 | 52.43 | 54 | 52.43 |
| 2 | 49 | 47.57 | 103 | 100.00 |

Frequency Missing = 9

| V18A | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 9 | 8.41 | 9 | 8.41 |
| 2 | 98 | 91.59 | 107 | 100.00 |

Frequency Missing = 5

| V18B | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 17 | 15.89 | 17 | 15.89 |
| 2 | 90 | 84.11 | 107 | 100.00 |

Frequency Missing = 5

| V18C | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 18 | 16.82 | 18 | 16.82 |
| 2 | 89 | 83.18 | 107 | 100.00 |

Frequency Missing = 5

| V18D | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 22 | 20.56 | 22 | 20.56 |
| 2 | 85 | 79.44 | 107 | 100.00 |

Frequency Missing = 5

| V18E | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 4 | 3.74 | 4 | 3.74 |
| 2 | 103 | 96.26 | 107 | 100.00 |

Frequency Missing = 5

| V18F | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 8 | 7.48 | 8 | 7.48 |
| 2 | 99 | 92.52 | 107 | 100.00 |

Frequency Missing = 5

| V22 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 60 | 60.61 | 60 | 60.61 |
| 2 | 39 | 39.39 | 99 | 100.00 |

Frequency Missing = 13

| V25 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 88 | 91.67 | 88 | 91.67 |
| 2 | 8 | 8.33 | 96 | 100.00 |

Frequency Missing = 16

| V26 | Frequency | Percent | Cumulative Frequency | Cumulative Percent |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 99 | 97.06 | 99 | 97.06 |
| 2 | 3 | 2.94 | 102 | 100.00 |

Frequency Missing = 10

# BYLAAG 7

# REAKSIE VAN DEELNEMERS BY VRAELYS AAN LIDMATE EN AMPSDRAERS

# OOPVRAE

## 1. Oopvrae aan lidmate

**Vraag 1 (lidmate vraelys : Vraag 9)**
**Het u vrymoedigheid gehad om met 'n leraar of kerkraadslid te praat oor wat met u gebeur het? Indien nie, gee asb 'n rede**

**Deelnemers se antwoorde**: Kerkraadslede was *onkundig* ; Kerkraad het *nie belanggestel* nie, geen besoek ontvang in hartseer tyd nie; was *te emosioneel om* met kerkraad *te praat*; *praat nie maklik* nie; het probeer maar *kon nie praat nie*; was *te jonk* en daarom nie vrymoedigheid gehad nie; *nie goeie verhouding* met Kerkraad gehad nie.

**Vraag 2 (Lidmate vraelys: Vraag 16)**
**Het die berading wat u ontvang het gehelp? Indien wel, hoe?**

**Deelnemers se antwoorde**: *Geleer* dat alles wat met mense gebeur in die lewe nie altyd hulle eie skuld is nie; geleer om te vergewe; geleer dat God jou liefhet al het jy hom blameer; *gehelp* om die dood van 'n geliefde te verwerk/deur te werk; gehelp om geestelik te groei; gehelp om oor die trauma te praat en dit agter my te sit; gehelp om emosies van woede, hartseer te verwerk; gehelp om pyn, seer, verwerping te kon "sien," om dit te "ken," daaroor" te praat," om dit te kon hanteer en nie toe te maak, weg te steek of te ignoreer nie; kon met eie gevoelens soos byvoorbeeld woede deel; *trauma gebeure is herleef* met die fokus waar Jesus was ten tye daarvan; het tot redding en wedergeboorte gekom.

**Vraag 3 (lidmate vraelys : vraag 19)**
**Watter tipe uitwerking het die traumatiese ervaring op u lewe gehad ?**

**Deelnemers se antwoorde: Positief** : *Perspektief* op die lewe *het verander* - die hier en nou is net tydelik; die deelnemer het 'n *ewigheids perspektief* op die lewe gekry; 'n *volwasse Christen geword* wat sy getuienis met ander deel; die trauma het deelnemer *nader aan God gebring* ten spyte van die feit dat die depressie erger geword het; het *veroorsaak* dat deelnemer die *slegte in die lewe* kan *gebruik* om *ander te help*; dat daar 'n *doel* in alles in die lewe *gevind* kan word. **Negatief**: Lewe met *selfverwyt* en *berou*; daar is dinge wat gebeur het wat die deelnemer net *nie* kan *vergeet nie*; kan nie glo dat dit gebeur het nie en probeer wat *gebeur* het *nog steeds wegdink*; 'n *onvervulde leemte* in die persoon se lewe

*veroorsaak*; *bekommernis* en *hartseer* veroorsaak; eie *identiteit verloor*; *opstandig* geword; het 'n begeerte gehad om *vergelding te soek*; *verslaenheid* beleef; het 'n *doodse moegheid* ervaar; wou *nie kerk toe gaan* of Bybel lees nie (dit het verander ná berading); het veroorsaak dat deelnemer *minderwaardig* voel met geen selfvertroue nie; gevoel van *magteloosheid* beleef; verskriklik *eensaam* gevoel; het *geestelik* begin *dood gaan*; begin *teruggetrokke* geraak; *vrees* (bang) begin ontwikkel, *emosioneel onstabiel* as gevolg van die aanvanklik groot emosionele impak op die deelnemer se lewe; veroorsaak dat *na 'n vader figuur gesmag* word; *sinies* oor die lewe begin raak; baie hartseer omdat *na geliefde verlang word* en *geliefde gemis* word; lewe as 'n *mens sonder 'n toekoms* of *drome*; sukkel met *verhoudings*; baie verwarring in die lewe ondervind; kan nou nie mans maklik vertou nie;

**Vraag 4 (lidmate vraelys: vraag 20)**
**Het u enige liggaamlike probleme na die trauma ervaar wat u nie voor die trauma beleef het nie?**

**Deelnemers se antwoorde:** Omdat daar oor die trauma gepraat is, het die persoon nie fisies siek geword nie; *kanker behandeling* ontvang; *gewigsprobleme* ontwikkel - niemand sal dan notisie neem nie; bewerasie - *senuwee probleme* en *geheue probleme* ontwikkel; *vergrote hart* en *hoë bloeddruk* probleme ontwikkel; *epileptiese aanvalle* as gevolg van 'n kinder trauma; *kolon het spasties* geword; het *kopsere, slapeloosheid* en *depressie* ontwikkel.

**Vraag 5 (lidmate vraelys: vraag 21)**
**Hoe het u krisis of trauma u geloof beïnvloed? Gee 'n kort beskrywing.**

**Deelnemers se antwoorde: Positief :** Die mees algemene antwoorde wat die deelnemers gegee het was dat hulle *geloof gegroei het, versterk is en verdiep het.* Hulle het geleer om meer op *God te vertrou* en *nie op mense* nie; het nader aan God beweeg/gegroei; deur geloof geleer dat daar dinge is wat gebeur volgens God se wil en dat mense nie noodwendig altyd die rede sal verstaan nie; God is alsiende en beplan mense se lewens. **Negatief:** Gesoek na antwoorde en veral die *hoekom vraag gevra*; kon nie "*cope*" nie en het baie *gesukkel met geloof*, *weggedryf* van God af; kan *nie verstaan* waarom dit gebeur het nie ; *vrees* en *teleurstelling* in God; kon nie glo dat dit gebeur het nie; *twyfel* in die Here en kan nie bid nie; kry nog terugslae en vaal in geloof; *geloofsverwarring* beleef; *glo nie meer nie* – geloof verloor; *geloof* is 'n *woord* wat *net in 'n woordeboek verduidelik word.*

**Vraag 6 (lidmate vraelys : vraag 22)**
**Het u trauma u siening oor God verander? Indien wel, hoe?**

**Deelnemers se antwoorde**: **Positief** : *God is 'n werklikheid* en gee waarlik om; mense moet maar net na God luister omdat Hy die beste vir sy kinders in gedagte het; *God laat goeie* en *slegte dinge gebeur*, *eers vervreemd* van God, egter *later nader aan God gekom*; *God* is *daar vir jou as 'n swakkeling* wat *sukkel om te glo* dat God bestaan en dat hy 'n werklikheid is; God bly lief vir mense, maak nie saak wat gebeur nie; later het die persoon eers besef God is almagtig en

dat Hy kan doen wat Hy wil; **Negatief**: *God se reg en geregtigheid bevraagteken*; aanvanklik baie vrae gevra oor waarom God onaangename dinge toelaat; *woede teenoor God beleef*, *twyfel dat God se motiewe met die mens goed is*; geleer dat *God nie vertrou kan word* nie; *gemengde gevoelens* oor God – kwaad vir Hom en lief vir Hom; God nie meer gesien as God van liefde wat beskerm nie,maar is nog steeds lief vir God; *God weet nie* wat met mense gebeur nie.

**Vraag 7 (lidmate vraelys :vraag 24)**

**Wat het u uit die traumatiese gebeurtenis geleer, indien enigiets? Gee 'n kort beskrywing.**

Deelnemers se antwoorde: **Positief** : Dat God selfs die slegte mense op aarde aanvaar as hulle net hul sondes voor Jesus Christus bely en Hom aanvaar; dat mense nietig is; dat God almagtig is en Hy sorg onder alle omstandighede; geleer om die lewe te waardeer; God is by sy kinders in die trauma en gee aan hulle vrede; as die Here nie in mense se lewens is as hulle deur trauma gaan nie, is alles tevergeefs; om te vergewe en vergeet; lewe is kort en kosbaar; jou saak moet reg wees met God; 'n "omgee mens" geword; nie op mense te vertrou nie, maar op God; trauma maak mense bruikbaar vir God; dat God trauma kan gebruik om mense se karakter te vorm en van ons beter mense te maak; moenie bly agter toe kyk nie ( sal in 'n soutpilaar verander); die lewe is te kort om te mors; om anders te lewe en jou kinders meer lief te hê; as jy Christus nie ken nie, verwerk jy trauma nie maklik nie; die lewe is kort - lewe daarom volheid en gebruik wat God jou gee; ek is nie die enigste een wat seer het nie. **Negatief :** Niks geleer nie; heelwat deelnemers het gesê dat hulle mense nie meer vertrou nie; dat die lewe onregverdig is.

## 2. Oopvrae aan ampsdraers

**Vraag 1 (leraar en ouderlinge vraelys: vraag 2)**

**Waar het leraars hulle teologiese opleiding ontvang ?**

**Deelnemer se antwoorde**: Bethlehem Christelike Gemeente; Nelspruit CLT Bybelskool; Volle Evangelie Kerk, Berea Teologiese Kollege; Seminarie van die Evangelies Gereformeerde Kerk; Apostoliese Geloofsending – Randse Afrikaanse Universiteit; Universiteit van Pretoria; Apostoliese Geloofsending Kollege.

**Vraag 2 (leraar en ouderlinge vraelys: vraag 5)**

**Het u enige trauma of krisis beradings opleiding ontvang as deel van u teologiese opleiding? Indien wel, gee asb besonderhede ?**

**Deelnemers se antwoorde***:* Geen verdere inligting is hier gegee in verband met die tipe trauma en krisis beradings opleiding wat leraars as deel van hulle teologiese opleiding ontvang het nie.

**Vraag 3 (leraar en ouderlinge vraelys: vraag 7, 9)**

**Het u as leraar of ouderling enige trauma of krisis berading kursusse tydens u jare in die bediening bygewoon? Indien ja, gee die naam van die kursus, deur wie dit aangebied is asook 'n kort beskrywing van dit wat u geleer het?**

**Deelnemers se antwoorde:** Christian Psychology (keuse vakke) Rande Afrikaanse Universiteit; Telefriend; Informele Krisis Kursus; Dr O.C Vermeulen; Helpende Hand Bedienings: Beradingsdiploma; Crisis ministry: ESC.

**Vraag 4 (leraars en ouderlinge vraelys: vraag 11)**

**Is u van mening dat as 'n lidmaat 'n krisis of trauma beleef (soos byvoorbeeld 'n vrou wat verkrag is) u trauma berading sal kan doen ? Indien ja, beskryf kortliks wat u meen die trauma beradings prosedure behoort te behels?**

**Deelnemers se antwoorde:** Slegs drie deelnemers kon duidelike krisisintervensie prosedure weergee. Wat gekompliseerde trauma aspekte van byvoorbeeld verkragting betref, was slegs twee deelnemers in staat om na basiese aspekte van gekompliseerde trauma berading te verwys.

**Vraag 5 (leraars en lidmate vraelys : vraag 13)**

**Is u van mening dat u voldoende opgelei is om te ondersteun of te beraad tydens 'n trauma/krisis? Indien nie, wat sou kortliks u behoefte in hierdie verband wees in terme van opleiding en toerusting ?**

**Deelnemers se antwoorde:** Die behoefte het oor die algemeen te doen met sekere tipe krisisse en trauma situasies soos: dood van 'n geliefde, egskeiding, miskrame, kapings, seksueel gemolesteerde kinders. Krisisse met betrekking tot jongmense, soos veral die kwessies rondom dwelmmisbruik en selfmoord. Verder is daar oor die algemeen behoefte aan in-diepte opleiding wat ook markties sal wees. Kort kursusse in algemene berading word voorgestel sowel as kerkraadslede wat kan spesialiseer met betrekking tot spesifieke krisisse soos huweliksberading of sterwensbegeleiding; Dagkursusse met praktiese opleiding word ook aanbeveel.

# BRONNELYS


ADAMS, J.E. 1970. Competent to Counsel. Grand Rapids: Zondervan.

ADAMS, J.E. 1976. Coping with counseling crisis: first aid for Christian counselors. Grand Rapids: Baker Books.

ARTERBURN, S 2005. Healing is a choice. Nashville: Thomas Nelson Press.

BAKER, R.L. 1997. The social work dictionary. Washington: NASW Press.

BALDWIN, B.A. 1978. A Paradigm for the classification of emotional crisis. *American Journal of Orthopsychiatry* (48) 538-551.

BALDWIN, S.C. 1993. Here waar is U? Springs: VG Uitgewers.

BARCLAY, W. 1975. The Daily Study Bible: The Gospel of Luke. Edinburgh: The Saint Andrew Press.

BLOMBER, C.L. 1992. Matthews. Nashville Tennessee: Broadman & Holman Press. (The New American Commentary, vol 22).

BOCK, D.L. 1994. A Theology of Paul's prison epistles. (In Zuck, R.B., Ed. A Biblical Theology of the New Testament. Chicago: Moody Press. p.299-331).

BORCHERT, G.L. 2002. John 12-21. Nashville Tennessee: Broadman & Holman Press (The New American Commentry, vol 19).

BRITZ, E. 2004. Trauma, die SA "siekte". Die Burger: 19, Des. 18.

BRUCE, F.F. 1982. The Epistle of Paul to the Galatians. (The New International Greek Testament commentary). Exeter: Paternoster Press.

BYBEL. 1953. Die Bybel: Ou Vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

DIE LEWENDE BYBEL. 1982. Roodepoort: CUM.

DIE VERWYSINGSBYBEL. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 1983. Die Bybel: Nuwe Vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CARDNER, D.; HENSLIN, E.; TOWNSEND, J.; CLOUD, H. & BRAWAND, A. 1995. Secrets of your family tree. Chicago: Moody Press.

CARSON, D. 1981. Divine sovereignty and the human responsibility. London: Marshall, Margan & Scott.

CHARLESWORTH, E.A. & NATHAN, R.G. 1984. Stress management. a Copretrehensive guide to your well-being. Singapore: Corgi Books.

CLINBELL, H.J. 1984. Basic types of pastoral care and counseling: Resources for the ministry of healing and growth. Nashville: Abingdon Press.

CLOUD, H. 1992. Changes that heal. Grand Rapids: Zondervan .

COETZEE, J. C.1985. The Pauline pneumatology: (In Guide to the New Testament V: The Pauline letters. Pretoria: N G Kerk Boekhandel. p. 221-223).

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: Hermeneutiese reëls. (In Floor, L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en die wetenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. p.15-30).

COETZER, W.C. 1994. Heling in Christus – Die pastorale roeping van die Kerk aan mense na krisiservarings. Durban: Universiteit van Durban-Westville. (Proefskrif – D.Th).

COETZER, W. 2005. Trauma berading. Ongepubliseerde bundle: Potchefstroom.

COETZER, W. 2007. Ontlonting en *nasorg.* Ongepubliseerde bundle: Potchefstroom.

CREWS, F.V. 2002. The sleeping gaint. *Chrisitian Counseling,* Third semester: p.1-2.

DAVIS, J.A. 2007. Providing critical incident stress debriefing (CSID) to individuals and communities in situational crisis. http://www.aaets.org/article54.htm Datum van gebruik: 09 Sep. 2008.

DE JONG VAN ARKEL, J.T. 1986. Studiegids vir Praktiese Teologie, PTB 301-9. Pretoria: Unisa.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

DE VOS, A.S., SRYDOM, H., FOUCHĖ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2002. Research at grass roots: For the social sciences and human service professions. Paarl: Van Schaik.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHĖ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots: For the social sciences and human service professions. (Third Edition) Paarl: Van Schaik.

DOBSON, J. 1994. Wanneer God nie sin maak nie. Vereeniging: CUM.

FAMER, W.R. 1989. The International Bible commentary (a Catholic and ecumenical commentary for the twenty-first-century). Collegeville, Minnesota: The Liturgical Press.

FEE, G. 1994. God's empowering presence: The Holy Spirit in the letters of Paul. Peabody: Hendrikson.

FOULKES, F. 1989. The Epistle of Paul to the Ephesians (Tyndale New Testament commentaries). Grand Rapids: Eerdmans.

FRANKL, V.E. 2004. Man's search for meaning. London: Rider.

FREEMAN, J.A. 1994. Hoekom ek Here? Spring: VG Uitgewers.

GARRISON, D.R. & ARCHER, W. 2000. A transactional perspective on teaching and learning: a framework for adult and higher education. Oxford: Elsevier Science.

GEORGE, T. 1994. Galatians. Nashville Tennessee: Broadman & Holman Press.(The New American commentary, vol 30).

GERKIN, C.V. 1979. Crisis experience in modern life. Nashville: Abingdon Press.

GERKIN, C.V. 1989. Crisis experience in modern life. (Fifth Printing) Nashville: Abingdon Press.

GILLILAND, B.E. & JAMES, R.K. 1993. Crisis intervention strategies. Pacific Grove, California: Brooks/Cole Publishing Company.

GRABB, L.J. 2002. Shattered dreams. Colorado Springs: Waterbrooks Press.

GRAVETT, S. 2005. Adult Learning: Designing and implementing learning events a dialogic approach. Pretoria: Van Schaik Publishers.

GRUDEM, W. 1994. Systematic theology. Grand Rapids: Zondervan.

GUTHRIE, D. 1989. The letter to the Hebrews (Tyndale New Testament commentaries). Grand Rapids: Eerdmans.

HERMAN, J.L. 2001. Trauma and recovery: From domestic abuse to political terror. London: Basic Books.

HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: N.G. Kerk boekhandel.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste Treë in die Praktiese Teologie. (Vierde druk) Pretoria: Gnosis.

HICKS, M.R. 1996. Trauma: the pain that stays. USA: Baker Book House.

HIGGS, J. 1977. Evil and the God of love. Groot Brittanje: Macmillan Press Limited.

HOLMES, T.H., RAHE, R.H. 1967. The social readjustment rating scale". *Journal of Psychosomtic Ressearch* 11 (2): 213-218.

HOFF, L.A. 1989. People in Crisis: Understanding and helping. Redwood City California: Addision-Wesley Publishing Company.

HUGO, C.J. 2004. Pastoral theology – counseling for post-traumatic stress - a neurological perspective. *Practical Theology in South Africa*, 19(3):55-96.

JAFFE, J., SEAGAL, J. & FLORES, L. 2005 Emotional and psychological trauma: causes, symptoms, effects, and treatment. http://www.helpguide.org/index Datum van gebruik 8 Mei 2007.

JOSEPH, S. 2006 Traumatic stress: an overview. htpp://www.aaets.org Datum van gebruik: 8 Mei 2007.

KEGAN, R. 2000. What "form" transforms? A constructive developmental approach to transformative learning. (In Mezirow J. & Associated (Eds), Learning as transformation: critical perspective on theory in progress. San Francisco: Jossey-Bass, 35-70).

KELLER, M.N. 1998. Jesus the Teacher. *Theology and Missions*, 25(6): 450-460.

KENNEDY, E. 1981. Crisis counseling: An essential guide for nonprofessional counselors.

KIDNER, D. 1975. Psalm 73-150 (Tyndale Old Testament commentaries). London: Inter-Varsity Press.

KILLEN, R. 2007. Training strategies for outcomes-based education. Kaapstad: Juta.

KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.

KREENER, C.S. 1997. Matthew. USA: Inter Varsity Press. (The IVP New Testament commentary vol 1).

KRUGER, A. 2006. Wat sê die reg? (In Maartens, M. 2006. Deur trauma. Boek 1. Pretora: LAPA Uitgewers. p.41).

KRUSE, C.G. 2003. The Letters of John. Grand Rapids, Michigan: Eerdemans.

LANE, Y. 2006. Die Kerkblad: vrygemaak om te vergewe. Des 2006, p.16.

LARKIN, W.J. 1995. Acts. USA: Inter-Varsity Press. (The IVP New Testament commentary vol 5).

LEAF, C. 2007. Who switched of my brain? Toxic toughts, emotions & bodies. Rivonia: The switch on brain organization.

LEIFELD, W.L. 1997. Ephesians. USA: Inter -Varsity Press. (The IVP New Testament commentary vol 10).

LINCOLN, T.C. 2005. The Gospel according to Saint John (Back's New Testament commentaries). New York: Hendrickson.

LINCOLN, T.L. 1990. Ephesians. Dallas Texas: Wordbooks (Word Bible commentary vol 42).

LINDEQUE, R. 2006. Die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – D.Th.).

LINDSTRÖM, F. 2003. Theodicy in the Psalms. (In Laato, A. & De Moor, J.C. Ed. Teodicy of the Bible. Leiden Boston: Brill. p. 257-303).

LONGENECKER, R.N. 1990. Galatians. (Word Biblical Commentary vol 41) Dallas, Texas: Wordbooks.

LOWERY, D.K. 1994. A Theology of Mathew. (In Zuck, R.B., Ed. A Biblical theology of the New Testament. Chicago: Moody Press. p.19-63).

LOWERY,D.K. 1994. A theology of Paul's prison epistels. (In Zuck, R.B., Ed. A Biblical Theology of the New Testament. Chicago: Moody Press. p.243-295).

LOUW, D.J. 1982. Pastoraat en lyding. Kaapstad: N.G. Kerk – Uitgewers.

LOUW, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria: RGN.

LOUW. D.J 2006. Glo dat daar hoop is. (In Maartens, M. 2006. Deur trauma. Boek 4. Pretora: LAPA Uitgewers. p 11-22).

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. New York: United Bible Societies.

MAARTENS, M. (Red) 2006. Deur trauma. Boek 1. Pretoria: LAPA Uitgewers.

MCNALLY, R.J., BRYANT, R.A. & EHLERS, A. 2003. Does early psychological intervention promote recovery from posttraumatic stress? *Psychological Science in the Public Interest*, 4 (2): 45-79.

MACARTHUR, J.F. 1983. Spiritual gifts. Chicago: Moody Press.

MACARTHUR, J.F. 1984. The MacArthur New Testament commentary: 1Corinthians. Chicago: Moody Press.

MACARTHUR, J.F. 1985. The MacArthur New Testament commentary: Matthew 1-7. Chicago: Moody Press.

MACARTHUR, J.F. 1986. The MacArthur New Testament commentary: Ephesians. Chicago: Moody Press.

MACARTHUR, J.F. 1988. The MacArthur New Testament commentary: Matthew 16-23. Chicago: Moody Press.

MACARTHUR, J.F. 1996. Waarom laat God lyding toe? Vereeniging: CUM.

MACARTHUR, J.F. & MACK, W.A. 1994. Introduction to Biblical counseling. A basic guide to the principles and practice of counseling. Dallas: Word Publishing.

MARAIS, W. 1995. Gelouter deur lyding. Goodwood: Aktuapers.

MARE, W.H. 1960. Prophet and teacher in the New Testament period. *Bulletin of the Evangelical Theological Soceity*, (5):146-148.

MARSHALL, H. 1989. The Acts of the Apostles. Leicester: Inter-Varsity Press.

MATSAKIS, A. 1996. I Can't get over it: A handbook for trauma survivors. USA: New Harbinger Publications.

MATZAT. D. 1987: Inner healing. Deliverance or Deception? Euene, Oregon: Harvest House Publishers.

MEYERS, R. 2000-2007. E-Sword: The international standard Bible encyclopedia [CD].

MEIER, P., CLEMENTS, T., BERTRAND, J. & MANDT, D. 2005. Blue genes. Wheaton, Illinois: Tyndale.

MEULENBELD, F. 2002. Training manual crisis mininstry course. Ongepubliseerde bundel. Weltevredepark.

MINIRTH, F.B. & BYRD, W. 1994. Christian psychiatry. Grand Rapids: Fleming H. Revell.

MINIRTH, F.B. & MEIER, P.D. 1990. Counseling and the nature of man. Grand Rapids: Baker Books.

MINIRTH, F., MEIER, P. & RATCLIFF, D. 1992. Bruised and broken. Grand Rapids: Baker Books.

MINIRTH, F., MEIER, P., HAWKINS, D.,THURMAN, C. & FLOURNOY,R. 1992. The stress factor: thriving emotionally and spiritualy in the thurbulent 90's. Chicaco: Nortfield Publiching.

MORLEY, W.E. 1970. Theory of crisis intervention. *Pastoral Psychology*, 21 (39): 14-20.

MOUTON, J., MARAIS, H.C. 1992. Basiese begrippe: metodologie vir die geesteswetenskappe. (derde druk) Pretoria: RGN.

MUDDIMAN, J. 2001. The epistle to the Ephesians (Back's New Testament commentarries). New York: Continuum.

MUMBOWER, R. 2002 Empowering the local Church through a counseling ministry. *Chrisitian Counseling*, Third semester, p.1-2.

NEUMAN, WL 1997. Social research methods 3rd ed. Boston: Allyn and Bacon.

PARAD, H.J. & PARAD,L.G., 1990. Crisis intervention. The practisioners sourcebook for brief therapy. Milwaukee, Wisconsin: Family Service America.

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese teologie as kommunikasie handeling. Pretoria: RGN.

RETIEF, Y. 2004. Genesing vir trauma . Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

RETIEF, E., & RETIEF, F. 2006. Goeie stres, slegte stres, uitbranding en post-traumatiese stresversteuring. (In Maartens, M. (Red) 2006. Deur trauma. Boek 3. Pretora: LAPA Uitgewers. p. 11-22).

RICHARDSON, R. 2005. Experiencing healing prayer: How God turns our hurts into wholeness. Illinois: IVP.

RIDDERBOS, H.N. 1974 The Epistle of Paul to the churches of Galatia (The New International commentary of the New Testament). Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

RIDDERBOS, H.N.1997. Paul: an outline of his theology. UK : Eerdmans.

RIENECKER, F. & ROGERS, C.1976. A Linguistic key to the Greek New Testament. Grand Rapids: Zondervan.

ROBERT, S. 1996 The neuropsychological basis of potential co-occurrence of mild traumatic brain injury with post-traumatic stress disorder. htpp://www.aaets.org Datum van gebruik: 8 Mei 2007.

ROBERTS, A.R. 2000. Crisis Intervention handbook assessment, treatmant, and research. Oxford: University Press.

SAUCY,L.S. 1994. Women's prohabition to teach men: An investigation into it's meaning and contemporary application. *Journal of Evangelical Theological Society*, 37(1):79-97.

SEAMANDS, A.S. 1985. Healing of memories. Wheaton, Illinois: Victor Books.

SEAMANDS, A.S. 2004. Healing for damaged emotions. Colorado, Springs: Life Journey.

SEAMANDS, S. 2003. Wounds that heal: Bringing our hurts to the cross. Illinois: IVP.

SIDRAN TRAUMATIC STRESS FOUNDATION. 2006 Post-traumatic stress disorder (PTSD). htpp://www.aaets.org Datum van gebruik: 8 Mei 2007.

SINCLAIR, N.D. 1993. Horrific traumata. A pastoral response to the post-traumatic stress disorder. New York: The Haworth Pastoral Press.

SOLOMON, C.R.. 1991. The ins and out of rejection. Denver: Charles R. Solomon, Publisher.

SOLOMON, C.R. 1982. Handbook to acceptance. Healing the pain of rejection through experiencing Christ's love. Wheaton, Illinois: Tyndale House.

SOLOMON, C.R . 1989. Handbook to happiness. A guide to victorious living. Wheaton, Illinois: Tyndale House.

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE. Crime information analysis centre–2004/2005 htpp://www.saps.gov.za Datum van gebruik :16 Julie 2006.

SOUTHERLAND, M. 2006. Escaping the stress trap. Eugene, Oregon: Harverst House Publishers.

STANDER,H.F.& LOUW, J.P. 1990. Gebruike en gewoontes in die Bybel. Vereeninging: CUM.

STATISTICS SOUTH AFRICA. Marriages and divorces, 2005. htpp://www.statssa.gov.za Datum van gebruik: 16 Julie 2006.

STEDMAN, R.C. 1991. Hebrews. Illinois: Inter-Varsity Press. (The IVP New Testament commentary vol 15).

STONE, H.W 1993. Crisis counseling creative pastoral care and counseling. Augsburg: Fortress Publishers.

STONE, W.H., CROSS, D.R., PURVIS, K.B. & YOUNG, M.J. 2004. A study of church members during times of chrisis. *Pastoral Psychology*, 52(5):405-420.

STOOP, D. & MASTELLER, J. 1996. Forgiving our parents forgiving our selves. Healing adult children of disfunctional families. Ventura, California: Regal Press.

STRYDOM, H. 1999. Maatskaplikewerk-navorsing. Ongepubliseerde bundel. Potchefstroom.

SWITZER, D.K. 1986. The minister as crisis counselor Nashville: Abingdon Press.

SWITZER, D.K. 1993. Crisis Intervention and problem solving. (In WICKS, R.W. & TAN S.Y. 1993. Lay counseling. equipping Christians for helping ministry. Grand Rapids : Zondervan. p.133-156).

TAN, S.Y. 2002. Building a lay helping ministry in your church. *Chrisitian Counseling*, Third semester, p.1-2.

TERR, L.C. 1991. Childhood traumas. *American Journal of Psychiatry*, 148:10-20.

TERR, L.C. 1990. Too scared to cry . How trauma effects chilren and ultimately as all. New York: Basic Books.

THAYER, J.H. 1983. Greek-English Lexicon of the New Testament. Grand Rapids: Zondervan.

VAN DER WALT, T. 2006. Die Messias het gekom! Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

NEL, P.S., VAN Z LOEDOLFF, P. & HAASBROEK, G.D, VAN DYK , P.S. 2001. Training management. A multi-disciplinary approach to human resourses development in Southern Africa. Oxford: University Press.

VAN NIEKERK, E.A. 1986. Pastorale begeleiding in situasies van geweld. Referaat gelewer tydens kongres oor geweld, Universiteit van die Witwatersrand.

VAN ZIJL, J.J. 1991. Innerlike genesing. Stanger: Geloof en Woord bedizening.

VENTER, C.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die skriflig*, 27(2)247-260.

VINES, W.E., UNGER, M.F. & WHITE, W. 1996. Vine's complete expositary of Old and New Testament words (CD). Nashville: Thomas Nelson.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J. 1993. Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling). Vereeniging: CUM.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J. 1999. Die Bybellennium (Eenvolumekommentaar). Vereeniging: CUM.

WEAVER, J.D. 2007. Defusing and Debriefing. http://www.eyeofthestorminc.com/index_DefuseDebrief.htm_ Datum van gebruik: 09 Sep. 2008.

WEAVER, A.J. 1993. Psychological trauma: What the Clergy needs to know. *Pastoral Psychology*, 41 (6): 385 – 403.

WEAVER, A.J, FLANNELLY, L.T. & PRESTON, J.D 2003. Counseling survivors of traumatic events. A handbook for pastors and other helping professionals. Nashville: Abingdon Press.

WHITACRE, R.A. 1999. John. USA: Inter-Varsity Press. (The IVP New Testament commentary vol 4).

WHITBOURNE, S.K. & WEINSTOCK, C.S. 1979. Adult development. The differentiation of experience. USA: Holt, Rinehart and Winstone.

WICKS, R.W., PARSON, R.D., CAPPS, D. & STEERE, D.A. 2003. Clinical hanbook of pastoral counseling Vol 3. New York and Mahwah New Jersey: Paulist Press.

WILSON, R.McL. 1987. Hebrews (New Century Bible commentary). Grand Rapids: Eerdmans.

WRIGHT, H.N. 1993. Crisis Counseling: What to do and say during the first 72 hours: Ventura, California: Regal Books.

WRIGHT, H.N. 2003. The new guide to crisis and trauma counseling. A practical guide for ministers, counselors and lay counselors. Ventura, California: Regal Books.

WRIGHT, H.N. 2006.Helping those who hurt. Minneapolis, Minnesota: Bethany House Publishers.

YANCEY, P. 1990. Where is God when it hurts. Grand Rapids: Zondervan.

YANCEY, P. 2002. Teleurgesteld in God. Grand Rapids: Zondervan ZA.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (In Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Theologie Heute. München: Kaiser/Grünewald).

ZODHIATES, S. 1991. The complete word study New Testament . USA: AMG Publishers.

ZODHIATES, S. 1992. The comlpete word study dictionary: New Testamnent. USA: AMG Publishers.

ZUCK, R.B. & GETZ, G.A. 1980. Adult education in the church. Chigago: Moody Press.